UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE KANONIESE BENADERING VAN B.S. CHILDS

Deur

GUSTAV FREDRICH CLAASSEN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**DOCTOR DIVINITAS**

aan die Fakulteit Teologie (Afdeling B),
Universiteit Pretoria

Promotor: Prof. W.S. Prinsloo

Augustus 1996

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die finansiële bystand van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing t.o.v hierdie navorsing, word hiermee erken. Die menings wat in hierdie studie gehuldig word asook die gevolgtrekkings wat gemaak word, is die van die outeur en weerspieël nie noodwendig die standpunt van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling of die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

## DANKBETUIGINGS:

*Jy weet nie wat dit is om 'n hele dag lank met jou kop in jou hande te sit en jou ongelukkige brein te druk en te druk om 'n woord te vind nie. By jou kom idees baie maklik onophoudelik, soos 'n stroom. By my is dit 'n smal strepie water. Vir my, wat my skeppende werk betref, is moeisame arbeid noodsaaklik voordat ek 'n waterval tot stand bring.*

Gustav Flaubert

Toe ek hierdie woorde van Flaubert lees het ek gedink dat dit min of meer seker ook die verhaal van my proefskrif is. My flirtasie met die akademie was soms ietwat van 'n worsteling gewees. Uiteindelik het die stroompie 'n dam geword, of dit heeltemal 'n waterval sal word moet die leser van hierdie proefskrif self oordeel.

Die stroompie kon nie 'n dam word sonder die hulp van 'n aantal persone nie. Om hierdie rede wil ek my besondere dank betuig aan die volgende persone wat bydraes gelewer het om hierdie proefskrif tot wasdom te bring: In die eerste plek groot dank aan my promotor professor W.S. Prinsloo wat my aan die teologie van B.S. Childs voorgestel het. Ek het groot waardering vir sy kennis, leiding, tyd en aandag wat hy vir 'n aantal jare aan my geskenk het. Aan Willie van Heerden, Annemarie Vermaak, Edna Schultz, Johan Bosman, Johan Meiring en Jean Joubert wat op een of ander manier gehelp het om die proefskrif 'n werklikheid te maak, is ek baie dank aan verskuldig. 'n Woord van dank aan Thea Heckroodt vir haar belangstelling en onderskraging.

Aan die mense die naaste aan my wat baie moes opoffer ten einde hierdie proefskrif 'n werklikheid te maak, groot dank. Hanneke my maat, dankie vir jou aanmoediging en jou onbaatsugtige bydrae tot hierdie proefskrif. Gustav en Michiel dankie dat julle verstaan het dat daar nie so baie tyd was vir rugby, krieket en ander lekker dinge nie. Ek dra hierdie werk aan julle drie op.

Aan God al die eer vir die gawes wat Hy aan my gegee het, vir die genade wat Hy my gegee het, vir dit wat ek deur die skryf van hierdie proefskrif van Hom ontvang het.


***Sagaria 4:6b: "Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige".***

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk 1** | **Inleidend** | |
| 1.1 | Inleidend | p1 |
| 1.2 | Probleemstelling | p2 |
| 1.3 | Hipotese | p3 |
| 1.4 | Werkswyse | p3 |
| **Hoofstuk 2** | **Die plek wat B.S. Childs inneem in die navorsing oor die kanon** | |
| 2. | Die plek wat B.S. Childs inneem in die navorsing oor die kanon | p5 |
| 2.1 | 'n Kort oorsig oor die belangstelling in die kanon | p5 |
| 2.2 | Die aanloop tot die kanoniese benadering van B.S. Childs | p10 |
| 2.3 | Samevatting | p17 |
| **Hoofstuk 3** | **B.S. Childs en die formulering van die kanoniese benadering** | |
| 3. | B.S. Childs en die formulering van die kanoniese benadering | p18 |
| 3.1 | B.S. Childs: outobiografiese gegewens | p18 |
| 3.2 | Die belangrikste publikasies van B.S. Childs | p19 |
| 3.3 | Die ontwikkeling van die kanoniese benadering | p20 |
| 3.4 | Samevatting | p31 |
| **Hoofstuk 4** | **Spesifieke fasette van die kanoniese benadering van B.S. Childs** | |
| 4. | Spesifieke fasette van die kanoniese benadering van B.S. Childs | p32 |
| 4.1 | Inleidend | p32 |
| 4.2 | Die definisie van kanon | p33 |
| 4.3 | Die kanoniese teks van die Skrif | p37 |
| 4.4 | Die kanoniese vorm van die Skrif | p39 |
| 4.5 | Die teologiese aanspraak van die kanon | p41 |
| 4.6 | Die verhouding tussen kanon en die geloofsgemeenskap | p42 |
| 4.7 | Childs se metodologie | p44 |
| 4.8 | Childs se hantering van Eksodus 3:1-4:17 | p48 |
| 4.8.1 | Die Ou-Testamentiese konteks | p48 |
| 4.8.2 | Die gebruik van Eksodus 3:1-4:17 binne Nuwe-Testamentiese konteks | p52 |
| 4.8.3 | Die eksegetiese geskiedenis van Eksodus 3:1-4:17 | p55 |
| 4.8.4 | 'n Teologiese waardering van Eksodus 3:1-4:17 | p57 |
| 4.9 | Samevatting | p58 |
| **Hoofstuk 5** | **B.S. Childs se verhouding met ander teoloë en nie-teoloë** | |
| 5. | B.S. Childs se verhouding met ander teoloë en nie-teoloë | p61 |
| 5.1 | Inleidend | p61 |
| 5.2 | K. Barth | p62 |
| 5.3 | G. von Rad | p67 |
| 5.4 | J.A. Sanders | p71 |
| 5.5 | H. Gadamer | p77 |
| 5.6 | P. Ricoeur | p82 |
| 5.7 | B.S. Childs en die *New Critics* | p83 |
| 5.8 | H. Jauss en die resepsieteorie | p85 |
| 5.9 | H. Frei en G. Lindbeck die sogenaamde Yale-skool | p87 |
| 5.10 | Childs en ander modelle wat 'n pluralistiese lees van die teks voorstel | p90 |
| 5.11 | Samevatting | p93 |

**Hoofstuk 6 Reaksie op die kanoniese benadering van B.S. Childs**


| | | |
|---|---|---|
| 6. | Reaksie op die kanoniese benadering van B.S. Childs | p95 |
| 6.1 | Inleidend | p95 |
| 6.2 | Negatiewe kritiek teen die kanoniese benadering | p96 |
| 6.2.1 | Kritiek teen Childs se gebruik van die begrip kanon | p96 |
| 6.2.2 | Samevatting | p99 |
| 6.2.3 | Kritiek op die klem wat Childs plaas op die finale vorm van die teks | p100 |
| 6.2.4 | Samevatting | p104 |
| 6.2.5 | Kritiek teen Childs se hantering van die kanon as hermeneutiese konsep om 'n Bybelse teologie te skryf | p104 |
| 6.2.6 | Samevatting | p110 |
| 6.2.7 | Die keuse van die Masoretiese teks as die kanon waarmee gewerk word | p110 |
| 6.2.8 | Samevatting | p115 |
| 6.2.9 | Kritiek teen Childs se harmonisering van verskille binne die kanon | p116 |
| 6.2.10 | Samevatting | p118 |
| 6.2.11 | Childs se datum vir die finalisering van die kanon | p119 |
| 6.2.12 | Samevatting | p120 |
| 6.2.13 | Kritiek teen die rol van die gemeenskap in die kanoniese benadering | p121 |
| 6.2.14 | Samevatting | p124 |
| 6.2.15 | Kritiek op Childs se siening van die kanoniese benadering | p124 |
| 6.2.16 | Samevatting | p128 |
| 6.2.17 | Kritiek teen Childs se standpunt ten opsigte van die historiese kritiek | p129 |
| 6.2.18 | Samevatting | p134 |
| 6.2.19 | Kritiek op Childs se hantering van Jesaja | p135 |
| 6.2.20 | Samevatting | p137 |
| 6.2.21 | Kritiek teen Childs se metodologie | p138 |
| 6.2.22 | Samevatting | p144 |
| 6.2.23 | Kritiek teen Childs se hantering van 'n Ou-Testamentiese inleiding | p145 |
| 6.2.24 | Samevatting | p146 |
| 6.2.25 | Kritiek teen Childs se hantering van 'n Ou-Testamentiese teologie | p147 |
| 6.2.26 | Samevatting | p149 |
| 6.2.27 | Samevatting van die negatiewe kritiek teen Childs | p149 |
| 6.3 | Positiewe kritiek op Childs se kanoniese benadering | p151 |
| 6.3.1 | Inleidend | p151 |
| 6.3.2 | Positiewe kritiek op Childs se hantering van die historiese kritiek | p153 |
| 6.3.3 | Samevatting | p154 |
| 6.3.4 | Childs maak die teologie relevant vir die kerk | p154 |
| 6.3.5 | Samevatting | p157 |
| 6.3.6 | Childs se holistiese aanpak | p158 |
| 6.3.7 | Samevatting | p159 |
| 6.3.8 | Die kanoniese benadering lewer 'n ekumeniese bydrae | p159 |
| 6.3.9 | Die kanoniese benadering wys op die belangrikheid van die finale vorm van die teks | p160 |
| 6.3.10 | Samevatting van die positiewe reaksie op die benadering van Childs | p161 |


**Hoofstuk 7 'n Beoordeling van die reaksie teen Childs**


| | | |
|---|---|---|
| 7. | 'n Beoordeling van die reaksie teen Childs | p164 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Inleidend | p164 |
| 7.2 | Childs en die histories-kritiese metode | p164 |
| 7.3 | 'n Beoordeling van die kritiek teen Childs se gebruik van die kanon | p173 |
| 7.4 | 'n Beoordeling van die kritiek van Barr en Barton | p177 |
| 7.5 | 'n Beoordeling van die kritiek op die metodologie van Childs | p189 |
| 7.6 | 'n Beoordeling van die kritiek ten opsigte van die rol wat die Masoretiese teks in die kanoniese benadering van Childs speel | p194 |
| 7.7 | Samevatting | p195 |
| **Hoofstuk 8** | **Konklusie: 'n Evaluering van die bydrae van B.S. Childs** | |
| 8. | Konklusie: 'n Evaluering van die bydrae van B.S. Childs | p197 |
| 8.1 | Inleidend | p197 |
| 8.2 | Verteenwoordig die benadering van Childs 'n paradigmaskuif? | p198 |
| 8.2.1 | Is die kanoniese benadering pre-krities? | p198 |
| 8.2.2 | Is die kanoniese benadering strukturalisties? | p200 |
| 8.2.3 | Childs se benadering verteenwoordig nie 'n paradigmaskuif nie | p201 |
| 8.3 | Childs se relevansie vir die toekomstige debat | p204 |
| 8.3.1 | Inleidend | p204 |
| 8.3.2 | 'n Teks het meer as een betekenisvlak | p206 |
| 8.3.3 | Die noodsaak van 'n pluralistiese lees van die teks | p208 |
| 8.3.4 | Childs se bydrae tot 'n pluralistiese lees van 'n teks | p212 |
| 8.4 | Samevatting | p216 |
| 8.4.1 | Childs maak die teologie meer kerkvriendelik | p217 |
| 8.4.2 | Childs se klem op die finale vorm van die teks | p218 |
| 8.4.3 | Childs herinner die historiese kritiek aan sy oorspronklike taak | p218 |
| 8.4.4 | Childs se gebruikmaking van die konsep kanon skep nuwe moontlikhede | p219 |
| 8.4.5 | Childs lewer 'n bydrae tot 'n pluralistiese lees van die teks | p220 |
| 8.4.6 | Childs se gebruikmaking van die konsep kanon is nie goed gedefinieerd nie | p220 |
| 8.4.7 | Childs verwaarloos die voorstaduim van die teks | p221 |
| 8.4.8 | Childs se keuse ten gunste van die Masoretiese teks verswak sy benadering | p223 |
| 8.4.9 | Childs se metodologie is vaag omskryf | p223 |
| 8.4.10 | Childs maak nie erns met die kritiek teen hom nie | p224 |
| **9.** | **Opsomming** | p226 |
| **10.** | **Summary** | p228 |
| **11.** | **Bibliografie** | p230 |

## 1.1 Inleidend

Die kanoniese benadering van B.S. Childs het wye reaksie uitgelok. Die rimpelings daarvan is ook binne die Suid-Afrikaanse teologiese milieu ervaar, alhoewel nie so intens as binne die Amerikaanse en Europese konteks nie. Die worsteling rondom die historiese kritiek is nie plaaslik so heftig beleef nie. Binne die Suid-Afrikaanse vakliteratuur[1] is daar slegs enkele artikels waarin aandag gegee word aan die kanoniese benadering. Childs stel 'n nuwe benadering voor in 'n tyd waarin die hermeneutiek nog deur die histories-kritiese metode oorheers word. Die kanoniese benadering van Childs wil nie net 'n alternatief op die histories-kritiese metode wees nie, maar lewer ook fundamenteel kritiek op die metode. Teen hierdie agtergrond moet daar gekyk word na die benadering van Childs.

Binne die Suid Afrikaanse teologiese konteks word daar met 'n verskeidenheid eksegetiese metodes geëksperimenteer[2]. Pogings word aangewend om tekste op alternatiewe wyses te lees. 'n Realisme bestaan ten opsigte van die feit dat die historiese kritiek nie al die antwoorde bied nie. Childs se benadering is 'n alternatief op die histories-kritiese lees van die teks. Om hierdie rede moet daar van Childs binne die Suid-Afrikaanse konteks kennis geneem word. Wat die benadering van Childs ook belangrik maak is die feit dat die persepsie bestaan dat sy benadering 'n paradigmaskuif verteenwoordig. Dit laat die vraag ontstaan watter moontlikhede die kanoniese benadering wel vir die teologiese wetenskap

[1] In die verband het die volgende artikels verskyn van Bosman (1990), Kruger (1994), Janse van Rensburg (1988), Venter (1987) en Voight (1991).

[2] 'n Bewys hiervan is die uiteensetting van die talle benaderings soos dit aangewend word om tekste te lees in *Old Testament Essays* 7(4) 1994.

bied.

Childs ken 'n ondergeskikte rol toe aan die voorgeskiedenis van die teks deur op die finale vorm van die teks te fokus. Dit lei daartoe dat Childs gekritiseer word dat hy a-histories werk en derhalwe 'n paradigmaskuif maak na 'n post-kritiese lees van die teks. Die stelling moet ondersoek word. Slaag Childs daarin om a-histories te werk en is sy poging 'n alternatief weg van die ortodokse hermeneutiek? Indien dit wel die geval is watter nuwe moontlikhede bied die paradigmaskuif wat Childs aandui?

Hierdie studie wil hom juis met hierdie vrae besig hou. Dit wil 'n evaluering maak van die kanoniese benadering van Childs. Die debat rondom die benadering van Childs het nog nie werklik aan die gang gekom binne die Suid-Afrikaanse teologiese konteks nie. Hierdie studie poog om 'n bydrae te maak om 'n perspektief op die benadering van Childs te bied en die debat rondom die kanoniese benadering te aktiveer.

Die studie wil graag die tema hanteer aan die hand van die volgende probleemstelling:

## 1.2 Probleemstelling

Is Childs besig om die resultate van die historiese kritiek te negeer en selfs te verwerp? Is dit waar dat hy a-histories werk? Kan daar op grond van antwoorde op hierdie vrae die afleiding gemaak word dat Childs met sy kanoniese benadering 'n paradigmaskuif teweeggebring het?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.3 Hipotese

Die hipotese waarmee hier gewerk word is dat Childs, ongeag kritiek teen die historiese kritiek, nog steeds in die hoofstroom van die historiese kritiek bly. Hy leun nog swaar op die resultate van hierdie metode en dit maak steeds 'n belangrike komponent van sy eie metode uit. Om hierdie rede is daar nie sprake van 'n paradigmaskuif nie. Die benadering van Childs bied egter sekere opsies vir die Ou-Testamentiese wetenskap.

## 1.4 Werkswyse

Ten aanvang van hierdie studie word die breë raamwerk getrek ten opsigte van die navorsing oor die kanon en die plek wat Childs daarbinne inneem. Vervolgens word daar aandag gegee aan Childs se formulering van die kanoniese benadering. Die hele aanloop en ontwikkeling van die kanoniese benadering word bespreek. Hierna volg 'n uiteensetting van die kanoniese benadering van Childs. Die benadering van Childs word aan die hand van kernkonsepte bespreek. Dit is duidelik dat die benadering van Childs nie in 'n lugleegte ontstaan het nie. Verskeie teoloë het 'n invloed gehad op sy benadering. Hier moet daar gedink word aan Barth en von Rad. Childs staan egter ook nog in 'n interessante verhouding met ander teoloë en nie-teoloë. In die verband gee ek aandag aan Sanders wat ook 'n belangrike eksponent van die kanoniese benadering is. Childs se verhouding met die Yale-skool, Frei en Lindbeck, asook met die eksponente van 'n pluralistiese lees van die teks word ook aan die orde gestel. Raakpunte is ook te bespeur tussen Childs en die taalfilosofiese benadering soos verteenwoordig deur Ricoeur, Gadamer en Jauss. Ooreenkomste en verskille tussen Childs en hierdie strominge bied na my mening die geleentheid om hom

beter te verstaan. Hierna word reaksie op Childs se benadering bespreek. In die eerste plek word die bedenkinge wat teen die benadering geopper is bespreek, daarna die winspunte. In die daaropvolgende gedeelte word die reaksie op Childs se benadering geëvalueer. Die laaste hoofstuk is 'n evaluering van die benadering van Childs. In die lig van die resultate van die navorsing probeer ek die volgende vrae beantwoord: Verteenwoordig die benadering van Childs 'n paradigmaskuif? Indien Childs dan nie 'n paradigmaskuif maak nie wat is dan die bydrae wat hy kan lewer in die toekomstige debat?

# 2. Die plek wat B.S. Childs inneem in die navorsing oor die kanon

## 2.1 'n Kort oorsig oor die belangstelling in die kanon

Die teologiese waarde van die kanon is 'n probleem waarmee die Ou-Testamentiese teologie hom reeds vir 'n geruime tyd besig hou. Die belangstelling in die kanon kan teruggevoer word na die kritiese benadering van die Verligting en die teologiese kontroversies rondom die Hervorming. Semler se vier volumes met die titel *Abhandlung von der freien Untersuchung des Kanons* het 'n groot invloed uitgeoefen op die siening van die kanon van sy tyd. Volgens Semler was nie die hele Bybel geïnspireerd en gesagvol nie. Hy het ook gewaarsku teen 'n gelykstelling tussen "Skrif" en die "Woord van God". Sedert die tyd van Semler het die belangstelling in die kanon toegeneem (Reventlow 1986:134).

In hierdie eerste gedeelte gaan daar gekyk word hoe hierdie vraagstuk oor die afgelope jare hanteer is en watter rol en bydrae Childs in die hele debat gespeel het[1]. Hierdie gedeelte sal net 'n oorsigtelike verkenning wees van die navorsing ten opsigte van die begrip kanon. In breë lyne sal die hoofstrome aangedui word en die grense getrek word waarbinne die debat gevoer is. Die doel van die hoofstuk is dan om die plek aan te dui wat Childs inneem binne die navorsing rondom die kanon.

Die groeiende belangstelling in die herlewing van 'n Bybelse teologie het daartoe gelei dat daar nuwe belangstelling in die kanon gekom het. Die belangstelling het ten eerste 'n historiese aspek gehad. In navolging van Semler se onderskeid tussen

[1] Vir 'n volledige bespreking van die Forschungsgeschichte rondom die kanoniese navorsing kan die werk van Reventlow (1986) geraadpleeg word.

"Skrif" en "Woord van God" is die kanon omskryf langs historiese lyne.

Verteenwoordigers van die historiese belangstelling in die kanon is veral Sundberg (1964), Leiman (1976)[2] en Beckwith (1985).

Die vraag na die oorsprong en die voltooiing van die kanon is opnuut gevra (Eissfeldt 1964:765-773). Dit het veral gegaan om die belangrike teologiese verskille tussen die Rabbynse kanon, wat deur die Hervormers gebruik is, en die kanon van die Rooms-Katolieke kerk. Die Rooms-Katolieke kerk aanvaar die kanon wat met die Konsilie van Trente goedgekeur is en waarby die apokriewe boeke ook bygevoeg is. Die kanonnavorsing het hom dan aanvanklik besig gehou met die bepaling van 'n datum vir die afsluiting van die Masoretiese kanon. Is die Masoretiese kanon afgesluit teen die jaar 100 v.C. by Jamnia, of was dit vroeër om en by 50 v.C. (Sundberg 1968:143-155)?

Met die opbloei van die kritiese en historiese benaderings tot die Skrif, het die navorsing hom weer eens besig gehou met die ontstaan van die kanon. As gevolg van die bevraagtekening van die goddelike inspirasie deur mense soos Semler, het die onderskeid tussen kanonies en nie-kanonies al hoe vaer begin word. Die persepsie dat die kanon die basis van die oorsprong van die tradisies was, is nie meer gehuldig nie. Die kanon is eerder gesien as die produk van die geloof en tradisies van geloofsgemeenskappe. Historiese studies het verder die rol van die kanon gemarginaliseer deurdat daar gefokus is op die oorsprong en die groei van tradisies, eerder as hulle finale vorm in die Skrif. Die fokus van die kanonnavorsing

[2] Childs (1979c:66) sluit by Leiman (1976:127) se siening aan dat daar 'n vroeë vaslegging van die kanon plaasgevind het. Beide meen dat die kanon van die Ou Testament binne die honderd jaar voor Christus gerealiseer het. Hierteenoor gaan Sundberg (1964) van die standpunt uit dat die kanon eers teen die jaar 90 na Christus vasgestel is.

het egter stelselmatig geskuif vanaf historiese kwessies na teologiese en hermeneutiese sake.

Die tweede komponent van navorsing ten opsigte van die kanon het om hierdie rede primêr gegaan om die teologiese belang van die kanon. Dit is veral hierdie fase wat belangrik is vir die bespreking van die kanoniese benadering van Brevard Childs. Die naam van Childs staan uit tussen vele ander wat ook soos hyself die belangrikheid van die kanon as sentrale faktor vir 'n Bybelse teologie wou beklemtoon. Childs stel met sy eerste boek *Biblical theology in crisis* (1970a) 'n nuwe basis vir Bybelse teologie voor, naamlik die kanon. Childs lewer veral in hierdie werk kritiek teen die verabsolutering van die histories-kritiese metode van eksegese. Hy spreek hom uit teen die skool van Wright (1969) se soeke na 'n kanon binne 'n kanon, as sou dit dan die sentrum van die Skrif wees. Die eerste werke van Childs is veral in debat met die standpunte van Wright en die verteenwoordigers van die sogenaamde *Biblical Theology Movement* [3]. Wright (1963:176-199) meen verder dat die vertrekpunt die Ou Testament moet wees[4]. Die antwoord op die vraag of die God van Israel ook die Vader van Jesus Christus is, moet in die Ou Testament gesoek word. Childs se vertrekpunt is egter die Ou Testamentiese gedeeltes wat in die Nuwe Testament aangehaal word. Childs het in sy eerste werke verwoord wat alreeds by verskeie teoloë 'n saak van konsensus was.

Jepsen (1949:65-74) het dit reeds vroeg gestel dat die kanon 'n belangrike verwysingsraamwerk is waarbinne Ou Testamentiese teologie gedoen moet word, ook in sy verhouding met die Nuwe Testament. Ackroyd (1977) spreek hom uit teen

[3] Die idee van 'n *Biblical Theology Movement* soos dit deur Childs beskryf word het heelwat kritiek uitgelok van Smart (1979). Hy bevraagteken die bestaan van so 'n beweging in Amerika.

[4] Wright het Childs beskuldig dat hy 'n posisie inneem anteteties tot die Christelike eksegese (Wright 1969:180).

die feit dat eksegese hom net besig hou met die vasstelling van die bedoeling van die oorspronklike outeur. Daar was verder 'n groeiende belangstelling in die rol wat die Skrif gespeel het in die sinagoge en die vroeë kerk. Die verhouding tussen 'n geloofsgemeenskap en die Skrif het 'n groter prominensie begin kry. Dit was belangrik, gesien in die lig van die stryd tussen die histories-kritiese metode en die tradisionele dogma rondom die gesag van die Skrif en die leer oor die inspirasie. Werke van Rahner en Lohfink (Rahner 1956:137-168) het aangedui dat daar nie meer aan die inspirasie van 'n enkele skrywer of 'n boek gedink word nie, maar aan die Skrif in sy geheel.

Die voorstel van Childs (1970a) dat die kanon moet dien as verwysingsraamwerk vir 'n Bybelse teologie is ook deur Sanders (1972) aanvaar. Sanders het saam met Childs die twee hoofrolspelers in die hele debat rondom die kanon geword. Sanders het egter 'n nuwe vorm van kanonkritiek voorgestel. Sy siening is dat die Torah die sentrum is waaromheen die ander dele van die kanon soos die profete en die wysheid gerangskik is (Sanders 1972). In hierdie studie sal daar onder andere aandag gegee word aan die verskil in benadering tussen Childs en Sanders.

Clements (1978:15) se benadering verskil van dié van Sanders in die sin dat hy die idee verwerp dat die Torah die nukleus van die Pentateug vorm. Hy beklemtoon verder die belang van die hele Ou Testament in sy finale vorm, ongeag die verskillende dele waaruit die Ou Testament bestaan. Dunn (1982:13-60) stel vier vlakke van kanoniese gesag voor. Hy sluit ook by Sanders aan in die sin dat kanonkritiek die rol speel van 'n verlengstuk van die tradisiekritiek. Een van Childs se leerlinge, Sheppard (1982:21-33), vind die hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die kanon in die evangelie van Jesus Christus.

Alhoewel die debat rondom die kanon veral binne die Amerikaanse teologiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



konteks gevoer word, is daar ook Europese deelnemers. In Duitsland lê Kraus (1970:365) ook klem op die finale vorm van die teks as die objek van interpretasie. Blenkinsopp (1977:139) dui aan dat 'n teologie van die Bybel die finale vorm van die teks ernstig moet opneem. Die Nederlander, Miskotte (1976:89-101) sien die kanon in sy finale vorm as die vertrekpunt van die eksegese en die teologie. Die historiese ondersoek na die ontstaan van 'n teks word nie deur hom verwerp nie, maar speel 'n sekondêre rol. Ridderbos (1958:201) sien die kanon vanuit 'n *Heilsgeschichtliche* hoek. Die kanon kan net gesien word in die lig van die verlossing van Jesus Christus. Die kerk is dus nie verantwoordelik vir die totstandkoming van die kanon nie. Christus alleen was verantwoordelik vir die konstituering van die kanon.

Childs verskil met bogenoemde teoloë in die sin dat hy die hele kanon as konteks beskou, waarbinne 'n Bybelse teologie moet funksioneer. Dit is die siening van Laurin (1967:314-330) dat enige fase van kanonisering as gesaghebbend beskou moet word. Een fase, al sou dit die finale fase wees, kan nie meer gesaghebbend as 'n ander een wees nie. Dit gaan vir sowel Laurin as West (1976:22-32) daaroor dat voorkeur gegee moet word aan die deel van die kanon wat die teologiese behoefte van die tyd die beste aanspreek. As die Jahwis die *Sitz im Leben* van 'n spesifieke gemeenskap aanspreek is dit net so gesaghebbend as die Nuwe Testament (Laurin 1976:261-274). Gese (1974:11-30) stel twee sentrums vir die kanon voor, naamlik die openbaringsgebeure by Sinai en Sion.

Childs beklemtoon in teenstelling met Gese die feit dat slegs die kanoniese vorm van die teks normatief is vir Bybelse teologie. Hy deel ook nie die sentimente van Sanders, Laurin en McEvenue dat die kanonisering maar net 'n fase in die opbou van tradisies is nie. Barr (1983:49), wie se naam telkens in hierdie studie sal opduik, lê klem op die menslike aandeel in die kanon. Die Bybelse tradisie is die menslike weergawe van God se ingrype. Die totstandkoming van die kanon het daarom ook

'n menslike komponent en is om dié rede feilbaar. Aan dié standpunt van Barr word later in hierdie studie meer aandag geskenk. 'n Persoon wat baie nou by Barr aansluit, is Porteous (1967) wat ook die menslike aandeel aan die kanon beklemtoon. Westermann (1978) gebruik die kanoniese struktuur van die Ou Testament as basis vir sy teologie van die Ou Testament. In dieselfde rigting word ook gewerk deur Brueggemann (1982) wat die Torah, Profete en die Geskrifte sien as 'n geskikte model vir die struktuur van 'n teologie.

Die navorsing ten opsigte van die kanon is egter die afgelope dekades oorheers deur Childs. Verskillende teoloë het met Childs in gesprek getree. Childs was deurentyd die spil waarom die gesprek gevoer is. Dit het tot gevolg gehad dat die naam Brevard Childs 'n huishoudelike naam geword het in die teologiese wêreld. Die besondere bydrae wat Childs gemaak het, sal uit hierdie studie duidelik word.

Die ontwikkeling van die kanoniese benadering deur Childs het 'n sekere aanloop gehad. Verskeie faktore het 'n rol gespeel. In 'n mate is die formulering van die kanoniese benadering reaksionêr. Die feit sal duidelik word in die volgende gedeelte wat aandag gee aan die faktore wat aanleiding gegee het tot Childs se formulering van sy kanoniese benadering.

## 2.2 Die aanloop tot die kanoniese benadering van Childs

In die jare ná 1950 het die kanon al hoe meer belangstelling in die teologiese wêreld begin kry. HØgenhaven (1988:68) meen die rede hiervoor is dat die dialektiese teologie van Barth die vraag na die gesag van die Skrif weer in die brandpunt geplaas het. Die ontdekkings by Qumran en Nag Hammadi is ook faktore wat die debat rondom die kanon beïnvloed het. Käsemann publiseer in 1970 'n boek met die titel *Das Neue Testament als Kanon: Dokumentation und kritische Analyse zur*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*gegenwärtigen Diskussion* waarin hy die tradisionele vrae rondom die kanon weer vra. Hierdie boek sou 'n diskussie aan die gang sit wat veral gevoer is tussen die Katolieke en die Lutherane. Die Lutherane sou die standpunt van Käsemann verdedig, wat 'n kanon binne 'n kanon voorgestel het, teenoor Küng (1974) en andere.

Dit is egter die werk *Biblical theology in crisis* (1970a) wat gelei het tot van die hewigste debatte op die terrein van die Ou Testament. Ook in 1970 publiseer Kraus 'n werk met die titel: *Die Biblische Theologie, ihre Geschichte und Problematik*. In hierdie werk kom Kraus, met 'n paar klemverskille, tot byna dieselfde insigte as Childs, alhoewel hulle onafhanklik gewerk het. Kraus, soos Childs, is ontevrede met die dissekterende aard van die histories-kritiese metode asook met die irrelevante resultate. Beide wys ook die oplossing van biblisisme af wat deur die voorstanders van *Heilsgeschichte* en die sogenaamde nuwe hermeneutiek voorgestel word. Hierdie onvergenoegdheid met die histories-kritiese benadering lei tot 'n nuwe belangstelling in die kanon.

In die jare wat volg sou Childs se naam sinoniem wees met die begrip kanon en is die diskussie rondom die kanon hoofsaaklik deur die Ou-Testamentici gevoer (Dunn 1982:60). In die hele debat is dit egter die naam van Childs en sy navolgers wat uitstaan.

Vir generasies was die kritiese ortodoksie daarop ingestel om 'n antieke geskiedenis te rekonstrueer, met daarmee saam vroeë en meer betroubare oorspronklike literêre vlakke van 'n teks. Hierdie kritiese benadering het goddelike handelinge ondergeskik gestel aan kosmiese prosesse en die Bybel is gesien as bloot 'n godsdienstige soeke na 'n Hebreeuse selfidentiteit. Die Bybel se posisie is gereduseer tot op die vlak van bloot behorende tot die universele religieuse literatuur. Daarmee saam het die Bybel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy status as outentieke Woord van God verloor. As gevolg van die invloed van die Verligting het die eksegese hom besig gehou met die soeke na die oorspronklike bronne wat meer gesaghebbend as die Skrif self sou wees. So het von Harnack (1928) daarop aangedring dat Christus in die Pauliniese geskrifte 'n spekulatiewe rekonstruksie van 'n primitiewe Christus was. *Die Bybel se historiese betroubaarheid is voortdurend deur geleerdes bevraagteken, totdat Albright 'n wending meegebring het met sy argeologiese ontdekkings.*

Die kanoniese benadering van Childs kan beskryf word as 'n reaksie teen bogenoemde benadering. Hy is veral gekant teen 'n kritiese postulasie van normatiewe pre-kanoniese bronne met 'n gepaardgaande devaluering van kanoniese materiaal. Die histories-kritiese benadering gee volgens Childs te min aandag aan die kanon, en om dié rede word die teks 'n gevangene van die historiese konteks. Met sy kanoniese benadering wil hy dan die digotomie verbreek tussen wat Stendahl klassifiseer as "what it meant" en "what it means"[5] (Hasel 1972b:136-139). Daarmee sou die hermeneutiese wiel 'n volle omwenteling maak.

Ollenburger (Brett 1991:79-80) toon aan dat Gabler in 1787 die eerste voorstelle gemaak het om van hierdie digotomie weg te kom. Hy wys daarop dat daar heelwat parallelle te trek is tussen Childs en Gabler. Gabler het geargumenteer dat nie alle Bybelse tekste as gesaghebbend gereken moet word nie, dat baie Bybelse idees slegs relevant was vir die eerste geslagte wat hulle bewaar het. Tekste met sekere historiese kenmerke is primêr die belangstelling van Bybelse historici en nie vir teoloë nie. Die taak van teoloë is volgens Gabler om die teks te sif en die gedeeltes met universele waarde te identifiseer. Ollenburger meen dat hy 'n soortgelyke benadering by Childs ook vind. In sy studie van Deutero-Jesaja maak Childs die

---

[5] Ollenburger (1986:86-88) is krities teenoor die onderskeid wat gemaak word tussen 'what it meant' en 'what it means'. Hy vra die vraag of die betekenis wat 'n teks in die verlede gehad het in die hede verval.

gedeelte los van sy sesde-eeuse konteks ten einde die teks relevant te maak vir toekomstige geslagte. Volgens Childs moet daar nie gevra word "what it meant" nie, maar "what it means". Daar behoort volgens Childs geen onderskeid te wees tussen die betekenis van die teks toe en nou nie.

Die finale stadium van die teks is net so belangrik as die gebeure wat in die teks beskryf word. Childs handhaaf deurentyd 'n onderskeid tussen die historiese ontwikkeling van die kanon en die Ou Testament as gefinaliseerde kanon binne die geloofsgemeenskap. Childs argumenteer dat die enigste toegang tot historiese feite deur middel van die Bybelse tradisies is. Die pogings om te rekonstrueer wat werklik gebeur het in die geskiedenis van Israel, is nie net onmoontlik nie, maar teologies irrelevant (Childs 1970a :105).

In die veranderde *Zeitgeist* van die jare na die Eerste Wêreldoorlog het die belangstelling in die histories-kritiese beweging herleef. Groot invloed is in hierdie tyd veral deur die werke van von Rad, Eichrodt, Bultmann en Cullmann uitgeoefen. Dit was veral in die sogenaamde *Biblical Theology Movement* in Amerika te sien. Die beweging was aktief vanaf die veertiger tot die sestiger jare. G.E. Wright, B.W. Anderson, P. Minear en F.V. Filson is gesien as verteenwoordigers daarvan. Alhoewel hierdie beweging sy eie karakter gehad het, is dit ook deur Britse teoloë soos H.H. Rowley, A. Richardson en M. Hunter beïnvloed. In die kontroverse tussen die fundamentaliste en liberale teoloë het laasgenoemde as die wenners uit die stryd getree met hulle beoefening van die historiese kritiek. Die beoefening van dié benadering het van krag tot krag gegaan. Dit gaan van die standpunt uit dat aangesien die Bybelse geskrifte 'n versameling uit die antieke wêreld is, die interpretasie daarvan historiese begrip vereis. Die betekenis van hierdie geskrifte is dieselfde as wat hulle in hulle oorspronklike historiese konteks gehad het.

Die vraag "what it meant" is nie bloot die betekenis van die Bybelse teks in sy eie kanoniese konteks nie, dit gaan om 'n historiese rekonstruksie van die teks. Die Bybel word verstaan teen die agtergrond van sy sosio-kulturele omgewing. Dit is op dieselfde vlak hanteer as bloot maar net nog 'n korpus godsdienstige literatuur. Daar is na outentieke bronne gesoek wat selfs nog meer normatief as die Skrif is. Aan die hand van hierdie buite-Bybelse bronne is die geloofwaardigheid van die Bybelse geskrifte dan getoets (Henry 1990:76-77). Die metode het verder daarna gestreef om die Bybel los te maak van sy ekklesiologiese en dogmatiese konteks waarin dit geïnterpreteer is. "The Bible's time and place, the Bible's socio-cultural environment, its social setting, and its cultural environment among other nations and religions became the virtually exclusive key to its meaning" (Hasel 1985b:37). Geskiedenis is beskou as die enigste medium van openbaring (Childs 1970a :41). Die eksegeet is primêr 'n historikus.

'n Belangrike persepsie by dié benadering is dat die besonderhede van die Bybel wetenskaplik bewys kan word, 'n geloofs-apriori het nou oorbodig geword. Die oorspronklike gebeure word as normatief gesien en word beskou as enigste terrein vir legitieme objektiewe eksegese. Volgens Moberly (1988:106) gaan dit basies om: "The cake has been history, the icing theology". Teologiese waarde is aan die resultate van die histories-kritiese metode gegee (Barton 1984b:208). Studie van die Hebreeuse taal en die Israelitiese geskiedenis was van deurslaggewende belang. Die *Biblical Theology Movement* was verder 'n poging om die teologiese dimensie van die Bybel te ontdek. Die Bybel moes relevant gemaak word vir die moderne mens. Onder die invloed van Barth se dogmatiek moes daar 'n brug geslaan word tussen die resultate van die historiese kritiek en dit wat kontemporêr aan die kerk gegee moes word.

Nog 'n kenmerk van die beweging was dat dit gepoog het om die skerp onderskeid

tussen die Ou-Testamentiese en die Nuwe-Testamentiese teologie te oorbrug. Die beweging het hom ook besig gehou met die bestudering van 'n Hebreeuse mentaliteit. Die werk van Kittel (1933) *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament* is gesien as 'n monument vir hierdie benadering. Selfs die Nuwe Testament is gesien as 'n geskrif wat dieselfde Hebreeuse gees geadem het as die Ou Testament. Daarvolgens moes die moderne mens teruggaan na 'n Bybelse manier van doen en dink (Childs 1970a:32).

Die probleem wat Childs met hierdie beweging het, is dat dit nie al die probleme konkreet aanspreek nie. Teenoor die benadering van Karl Barth was eksegese nie meer 'n teologiese onderneming nie, maar 'n historiese een. In teenstelling met Barth is daar nie aandag gegee aan die teks nie, maar aan die gebeure agter die teks. Geen eenstemmigheid kon bereik word oor die aard, rol en plek wat geskiedenis moet speel nie. Klem is gelê op die feit dat die God van die Bybel in die geskiedenis handel en om die rede was die histories-kritiese metode die enigste legitieme benadering. Feitlik elke teoloog van hierdie beweging het 'n ander sentrum vir die Bybel geïdentifiseer. Die kerk in die algemeen het gesukkel om met hierdie histories-positivistiese benadering die Bybel relevant te maak vir die samelewing. Volgens Childs is die hoofoorsaak van al hierdie probleme die feit dat daar nie genoeg aandag gegee is aan die kanon van die Bybel nie.

Childs (1970a:82-86) noem dan verskeie faktore wat 'n interne erosie binne die beweging veroorsaak het. Die belangrike boek van Robinson *Honest to God* (1963), die lesing van Barr (1963) waarin hy aantoon dat die skepping van 'n Hebreeuse mentaliteit op 'n foutiewe leksikografiese en semantiese benadering berus, asook die werk van Gilkey (1961:194) waarin hy grondige kritiek teen 'n *Heilsgeschichtliche* benadering uitspreek, was die begin van die einde van hierdie beweging. In die werk *The semantics of Biblical language* het Barr (1961) gedemonstreer dat die relevansie

van etimologie kontroversieel is.

Gilkey (1961:194-205) het op sy beurt aangetoon dat verskeie sleutelwoorde wat deur die *Biblical Theological Movement* gebruik is sterk beïnvloed is deur die moderne filosofie, terwyl daar geargumenteer is dat daar net binne die Hebreeuse denkklimaatstrukture geopereer is. Barr (1966) gaan nog verder deur die idee te verwerp dat openbaring deur die geskiedenis sentraal in die Ou Testament staan. Dit het alles bygedra tot 'n onvergenoegdheid met die histories-kritiese benadering. Of die sentimente wat deur die *Biblical Theology Movement* verteenwoordig is werklik dood is, word ontkennend deur McKim (1986:179) beantwoord.

Die histories-kritiese metode soos hanteer deur die *Biblical Theological Movement*, het volgens Childs 'n te groot klem gelê op die oorsprong en ontwikkeling van Bybelse tradisies voor hulle in hulle finale vorm tot stand gekom het. Dit alles het die situasie onhoudbaar en ryp gemaak vir 'n nuwe benadering, wat die Bybelse teologie uit sy krisis moes help. Die benadering noem Childs dan die kanoniese benadering.

Volgens Childs is die kanoniese benadering 'n benadering wat aan die Bybel as geheel aandag gee. Childs (1970a:95) maak erns met die kanon en die geloofsgemeenskap waarbinne dit funksioneer. Dit is deskriptief van aard en maak die Skrif relevant vir die konteks waarbinne dit funksioneer. Vir Childs (1964:97) is dit dan belangrik om die Skrif binne 'n Protestantse tradisie te interpreteer, omdat hy deel is van so 'n gemeenskap.

In die gedeelte wat volg word daar aandag gegee aan Brevard Childs die mens en sy werk asook 'n uiteensetting van die ontwikkeling wat die kanoniese benadering deurloop het.

## 2.3 Samevatting

Dit is duidelik dat Childs gesien moet word teen die agtergrond van die teologiese woelinge van sy tyd. Hy tree as reaksiefiguur op teenoor en binne 'n bepaalde denkklimaat. Dit is belangrik om dit te verstaan, veral ten opsigte van die aanvanklike houding wat Childs ingeneem het teenoor die histories-kritiese metode. In sy pogings om 'n antwoord te bied op die tekortkominge van die histories-kritiese metode, negeer Childs hierdie metode. Hy probeer om 'n alternatief te bied wat juis die tekortkominge van die histories-kritiese metode ondervang. Om 'n identiteit aan sy eie metode te gee kontrasteer hy die kanoniese benadering met die historiese kritiek. In die proses reageer Childs skerp teen die histories-kritiese metode. Dit is egter 'n vraag of Childs in die uitwerking van sy kanoniese benadering onaangeraak sou bly deur die histories-kritiese metode. Hierdie studie wil juis 'n antwoord bied op hierdie belangrike vraag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 3. B.S. Childs en die formulering van die kanoniese benadering

## 3.1 B.S. Childs: outobiografiese gegewens

Brevard Springs Childs is op 2 September 1923 in Columbië gebore. Hy begin sy opleiding aan die Universiteit van Michigan, waar hy in 1946 'n B A-graad en in 1948 'n M A-graad in geskiedenis verwerf. Tydens die Tweede Wêreldoorlog doen hy in Europa diens in die Amerikaanse leër. Daarna verwerf hy die B D-graad in 1950 aan die *Princeton Theological Seminary.* Hy studeer verder in Duitsland en Switserland en behaal sy doktorsgraad in 1955 aan die Universiteit van Basel met 'n proefskrif getiteld *Der Mythos als theologisches Problem im Alten Testament* onder leiding van Professor Walter Baumgartner. Tydens sy verblyf in Basel studeer hy ook onder Walter Eichrodt. In 1954 trou hy met Ann Taylor en uit die huwelik is twee kinders gebore. Behalwe vir vier jaar as Professor in Ou Testament aan die *Mission House Seminary* in Plymouth Wisconsin (1954-1958) was Childs aan die Yale Universiteit verbonde. Tydens Childs se loopbaan was hy ook die houer van verskeie beurse en toekennings[1]. Childs was 'n aktiewe lid van die *Society of Biblical Literature* en ook vir vyf jaar die resensie redakteur van die vereniging se tydskrif *Journal of Biblical Literature.* Hy is 'n erelid van die *British Society for Old Testament Study* en vir baie jare deel van die redaksie van die tydskrif *Interpretation.* Brevard Childs is 'n lidmaat van die Presbiteriaanse Kerk.

---

[1]Childs was die ontvanger van die volgende beurse en toekennings; die Guggenheimbeurs (1963-64) die American Council of Learned Societies Research-beurs (1970-71) die National Endowment for the Humanities Research Grant (1977-78) en die Fulbright Hays toekenning (1981). Hy ontvang ook in 1981 'n ere doktorsgraad van die Universiteit van Aberdeen.

## 3.2 Die belangrikste publikasies van Brevard Childs

Die publikasies van Childs is met groot belangstelling deur sowel Ou- as Nuwe-Testamentici ontvang. Al nege boeke wat deur Childs gepubliseer is het belangrike bydraes gelewer binne die tydgleuf waarbinne hulle verskyn het. Die eerste van sy boeke *Myth and reality in the Old Testament* (1960) is basies 'n verwerking van sy proefskrif. Dit handel oor sekere godsdienstig-historiese aspekte binne die breë konteks van die Ou Nabye Ooste. Hoe sekere mitologiese idees deel geword het van die Ou Testament, kom hier ter sprake. Sy tweede boek *Memory and tradition* (1962) is 'n teologiese woordstudie oor die begrip *zkr*, sy derde boek *Isaiah and the Assyrian crisis* (1967b) konsentreer op sekere tradisies in Jesaja.

In *Biblical theology in crisis* (1970a) gee Childs 'n oorsig oor die sogenaamde *Biblical Theology Movement* in Amerika. Hierdie werk sou 'n belangrike wending in die wêreld van Ou-Testamentiese navorsing bring. Hierin stel Childs 'n nuwe benadering voor wat meer direk die kanoniese vorm en die inhoud van die Bybelse teks aanspreek. Hierdie werk word gevolg deur wat sommige as een van die belangrikste Ou-Testamentiese kommentare beskou.

Childs se kommentaar *The book of Exodus: a commentary* verskyn in 1974. In hierdie kommentaar stel hy dit duidelik dat sy doel teologies van aard is en hyself "does not share the hermeneutical position of those who suggest that biblical exegesis is an objective, descriptive enterprise, controlled solely by scientific criticism" (1974a:xiii). Childs poog dan om in hierdie kommentaar die brug te slaan tussen die deskriptiewe arbeid en die teologiese. "It blends form-critical expertise with theological sensitivity" (Gammie 1975:562).

Childs se inleiding *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c) is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die eerste werk waarin hy konsekwent sy nuwe benadering toepas. As 'n logiese uitvloeisel van sy kanoniese benadering volg *The New Testament as canon: an Introduction* (1984b). In 1985 verskyn 'n teologie van Childs met die titel *Old Testament theology in a canonical context.*

Die laaste groot werk van Childs verskyn in 1992 met die titel *Biblical theology of the Old and the New Testament.* 'n Hele reeks artikels het uit die hand van Childs verskyn. In die artikels brei hy uit oor sy benadering, of lewer hy repliek op kritiek.

### 3.3 Die ontwikkeling van die kanoniese benadering

Daar is ongetwyfeld sprake van progressiewe ontwikkeling by Childs deur die jare. Dit is 'n belangrike aspek wat in die lig van die kritiek teen Childs in gedagte gehou moet word. Childs se kritici hou nie rekening met hierdie feit nie. Kritiek wat geldig sou wees ten opsigte van sy vroeë werke word sonder meer ook op van sy ander werke van toepassing gemaak, sonder dat die ontwikkeling in sy werk in ag geneem word. 'n Feit wat duidelik sal word in hierdie bespreking is dat daar veral ten opsigte van die histories-kritiese metode 'n ontwikkeling in die werk van Childs teenwoordig is.

Deur die bespreking van die ontwikkeling[2] van die werk van Childs sal dit duidelik word dat sekere konsepte en gedagtes wat later die boustene van die kanoniese benadering sou vorm alreeds in embrionale vorm in sy vroegste werke aanwesig is. Reeds in sy studie *The enemy from the north* kritiseer Childs (1959:187) diegene wat die probleem hanteer asof dit net 'n historiese probleem is, terwyl die tradisies van Israel nie ter sprake gebring word nie. In 'n artikel wat handel oor profesie en

[2] In die werke van Brett (1991), Oeming (1985) en Sheppard (1974) word daar aandag gegee aan die ontwikkeling wat daar in die benadering van Childs plaasgevind het.

vervulling skryf Childs (1958b:259-271) dat die basiese probleem rondom die Bybelse realiteit christologies van aard is. Hy skryf in 'n artikel in dieselfde jaar oor Jona die volgende: "The person of Jesus Christ himself as the fullness of the world is selfauthenticating." (Childs 1958a:58).

In die eerste groot werk van Childs (1960:104) *Myth and reality* lê hy klem op die groot rol wat die kanon speel in die eksegese: "It is an important task of the exegete on the basis of the whole Old Testament canon to see where the chief emphases of the Old Testament Faith lie." In hierdie werk reeds stel hy 'n konsep van goddelike of teologiese realiteit voor wat nie, geïdentifiseer moet word met die historiese realiteit wat deur die kritiese apparaat gerekonstrueer word nie. 'n Argument wat Childs deurgaans verdedig, is dat die teologiese realiteit van 'n teks nooit wetenskaplik gedemonstreer kan word nie. Reeds in hierdie werk is Childs oortuig dat historisiteit nooit 'n kriterium van logiese realiteit kan wees nie. Israel se tradisies is die eksklusiewe getuienis van die teologiese realiteit (Childs 1960:97-98).

Alhoewel Childs se klem op die finale vorm van die teks eers later deur hom geformuleer is, kry ons al in hierdie eerste werk aanduidings van 'n progressiewe verfyning van die Bybelse tradisies. Om hierdie rede hoef daar nie agter die teks gekyk te word nie, omdat die Bybelse tradisie as produk van 'n lang teologiese suiweringsproses die suiwerste is. Childs (1960:42) en Wellhausen verskil van Gunkel dat die rekonstruksie van 'n lang voorgeskiedenis van die skeppingsmite irrelevant is. Bron P staan aan die einde van 'n lang proses van assimilasie wat nie net die Babiloniese mite vernietig het nie, maar dit binne 'n nuwe teologiese raamwerk geplaas het.

Konsepte wat later 'n *Leitmotiv* in sy benadering sou word, is alreeds in 'n werk soos *Memory and tradition* in Israel (1962) aanwesig. In dié werk toon Childs aan hoe 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begrip soos *zkr* kanonies gevorm (canonical shaping) is in die boek Deuteronomium. Childs se vroeë werke oor die tradisiegeskiedenis lei tot 'n beklemtoning van die rol wat die mondelinge tradisies gespeel het in die aktualisering van die verlede. Scalise (1987:13) toon ook aan hoe Childs alreeds in hierdie vroeë werk argumenteer dat die latere redaksionele lae van die teks net soveel gesag het as die van die vroegste vlakke. In hierdie stadium is daar nog geen verwysing deur Childs na die finale vorm van die teks nie.

Reeds in 1964 argumenteer Childs dat 'n historiese en deskriptiewe metode 'n beperkende invloed op die teks uitoefen. Daar kan nie 'n neutrale fase wees wat lei tot 'n ware teologiese interpretasie nie. Dit is 'n ongereformeerde benadering omdat die Reformasie leer dat die Ou Testament as woord van God gehoor moet word. Childs (1964:433) vra dan ook die belangrike vraag in hierdie artikel: "Christian theology confesses the unity of the Old and New Testaments, the witness to the one purpose of God. How is it possible for a Christian to speak of the theological task without attempting in some way to relate the witness of the Old Testament and the New?" In hierdie artikel het Childs (1964:437) reeds probleme met die feit dat die eksegese 'n bloot histories-positivistiese deskriptiewe onderneming is en dat die teologiese dimensie van eksegese agterweë bly: "The descriptive task which demands a certain disciplined use of historical tools must be done, but no real clarity has emerged on how one goes beyond this to enter into the full theological dimension.... The possibility of genuine theological exegesis has been destroyed from the outset". Alhoewel daar in hierdie artikel nie klem gelê word op die kanon nie, maak Childs die voorstel dat 'n teks bestudeer moet word binne die konteks van die hele kanon. Hierdie artikel van Childs klink byna soos 'n voorwoord tot die werk waarmee hy in 1970 'n nuwe holistiese benadering sou aankondig.

Childs (1964:438-443) stel drie belangrike grondlyne voor wat die hoekstene sou

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word vir sy kanoniese benadering: (1) "The exegete interprets the single text in the light of the whole Old Testament witness and, vice versa, he understands the whole of the Old Testament in the light of the single text". Op hierdie stadium evalueer Childs die historiese benadering redelik positief en is hy ten gunste van 'n vormkritiese benadering ten einde die deskriptiewe taak geslaagd te kan maak.

'n Tweede belangrike voorstel wat Childs in die artikel maak, handel oor die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. (2) "The exegete interprets the Old Testament in the light of the New Testament and, vice versa, he understands the New Testament in the light of the Old". Dit gaan vir Childs daarom dat beide Testamente onafhanklik en gesamentlik getuig van God se bedoeling. Daar is 'n analogiese verhouding wat die werking van God betref in beide Testamente. Die analogiese verhouding moet op 'n ontologiese vlak gesoek word. So vroeg reeds as 1958 maak Childs (1958b:259-271) 'n sterk saak uit vir 'n christologiese basis vir die Ou Testament.

'n Derde been van die hermeneutiese sirkel wat Childs voorstel is: (3) "The exegete interprets the witness of the Old Testament in the light of the theological reality itself and, vice versa, he understands the theological reality in the light of the witness of the Old Testament". Die feit dat eksegese altyd binne die raamwerk van die geloof moet plaasvind, sou later nog sterker deur Childs uitgewerk word.

In sy werk *Isaiah and the Assyrian crisis* (1967b) gee Childs sy onvergenoegdheid met 'n historiese benadering te kenne, omdat sekere aspekte van die teks nie deur hierdie metode aan die orde gebring word nie. Childs se pogings om deur tradisiegeskiedenis tot 'n teologiese lees van 'n teks te kom, lei hom tot die gebruik van die kanon as die teologiese norm van die Skrif. Om hierdie rede stel Childs (1967b:127) dan die volgende in die werk voor: "The problem of developing

theological norms with which to evaluate the diversity within the Old Testament finally forces the interpreter outside the context of the Old Testament and raises the broader question of scripture and canon". In hierdie werk reeds word daar 'n spanning deur Childs geskep tussen die tradisies van Israel en historiese verwysings. Hy toon in hierdie werk hoe teenstrydige resultate van Bybelse en buite-Bybelse bronne gelei het tot 'n dooie punt in die historiese ondersoek. Reeds in dié werk is Childs (1967b:120) nie oortuig dat 'n historiese rekonstruksie teologiese waarde het nie, selfs waar so 'n rekonstruksie gebaseer is op ander Bybeltekste. Brett (1991:28) toon aan dat sekere belangrike motiewe wat later fundamenteel vir die kanoniese benadering sou wees alreeds in sy werke voor 1970 aanwesig is. Hulle is:

a) die progressiewe verfyning van Bybelse tradisies,
b) die teologiese aanduiding van 'n teks,
c) die behoefte aan sowel teologiese as deskriptiewe eksegese,
d) die afwysing van spekulatiewe historiese verwysings.

Drie jaar later sou Brevard Childs (1970a:99) met die epogmakende *Biblical theology in crisis* 'n benadering voorstel wat juis die klem op die kanon sou plaas: "As a fresh alternative, we would like to defend the thesis that the canon of the Christian Church is the most appropriate context from which to do Biblical Theology". Oor die inhoud van sy nuwe benadering sê Childs egter nie veel in hierdie belangrike werk nie. Dit gaan in hierdie stadium hoofsaaklik oor sy siening van Bybelse teologie. Hy reageer op die benadering van die *Biblical Theological Movement* in Amerika en stel 'n nuwe Bybelse teologie voor met die kanon as konteks. In hierdie werk word nog nie so sterk klem gelê op die finale vorm van die teks nie, alhoewel 'n groot belangstelling in 'n sinkroniese interpretasie te bespeur is (Childs 1970a:46,98,109). Brevard Childs het egter op hierdie stadium gegroei vanaf 'n voorstander van die tradisie-historiese benadering tot 'n voorstander van 'n kanoniese benadering. Die klem wat hy sou lê

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die kanon sou hierdie werk onderskei van sy werke voor 1970. Sheppard (1974:9) dui egter aan dat die hartsverandering nie volkome was nie. Childs is op hierdie stadium nog besig om 'n Bybelse teologie te bedryf op 'n nie-kanoniese pre-historiese wyse. In hierdie werk sien Childs nog nie die kanoniese vorm van die teks as 'n integrale deel van eksegese nie. Childs se eksegese in hierdie werk maak ook nie gebruik van die histories-kritiese analise van die finale vorm van die teks nie. In hierdie werk van Childs saam met die van Frei (1974) *Eclipse of Biblical narrative* en die werk van Maier (1974) *Das Ende der historisch-kritischen Methode* kort daarna, word daar begin om die legitimiteit van die histories-kritiese metode sterk te bevraagteken. In 1972 lewer Childs die sogenaamde *Sprunt lectures* aan die *Union Theological Seminary*. Die lesings is nooit gepubliseer nie. Dit is egter in hierdie lesings waar Childs vir die eerste keer die term kanoniese vorming gebruik (Sheppard 1974:7).

Die kanoniese benadering van Childs sou egter eers in sy kommentaar op Eksodus (1974a) ten volle uitgewerk word. In hierdie werk het Childs die ongepubliseerde *Sprunt lectures* van 1972 verwerk. Dit is in hierdie reeks lesings wat Childs vir die eerste keer eksplisiet klem laas op die finale vorm van die teks. Dit is die een faktor wat die Eksoduskommentaar onderskei van sy vorige werke.

Die Eksoduskommentaar van Childs (1974a) is sonder twyfel een van sy grootste bydraes. Die idee van 'n "confessional" Bybelse teologie waar beide Testamente betrek word, word hier vir die eerste keer deur Childs geformuleer. Die kanon is veel meer as maar net die som van die Ou- en die Nuwe-Testamentiese kanon. Die twee vorm saam 'n nuwe entiteit. Die Ou en die Nuwe Testament het geen kanoniese bestaan los van die Christelike gemeenskap nie. Die een word in die lig van die ander geïnterpreteer. Alhoewel Childs te kenne gee dat hy sinkronies werk, is dit interessant om daarop te let dat hy deurentyd die resultate van 'n diakroniese

rekonstruksie in gedagte hou in hierdie kommentaar. Dit is 'n belangrike ontwikkeling in die verhouding tussen Childs en die histories-kritiese metode. Daar is in die werk nog duidelik 'n spanning aanwesig in Childs se poging om die resultate van die twee benaderings te versoen. Childs se eksegetiese stappe sluit in sy kommentaar die gebruik van die histories-kritiese metode in. Dit was in sy vorige werke afwesig. 'n Term wat in hierdie stadium vir die eerste keer, en later dikwels in die werke van Childs voorkom is "canonical shaping". Die term sou egter eers ten volle uitgewerk word in sy volgende groot werk.

In 1979 verskyn die werk waarvoor almal gewag het, naamlik *Introduction to the Old Testament as scripture.* Childs het in sy vorige werke te kenne gegee dat die Nuwe Testament uit die aard van die kanoniese benadering 'n belangrike rol speel. In sy inleiding van die Ou Testament speel die Nuwe Testament 'n taamlik afgeskaalde rol. Tussen sy Eksoduskommentaar en sy inleiding was daar nie veel nuwe ontwikkeling nie. Die groot verskil is miskien die feit dat die kommentaar meer maak van die Nuwe Testament in sy beslissing oor die teologiese implikasies van 'n teks, as sy inleiding. Die inleiding beperk hom in 'n mate tot die Ou Testament. Om hierdie rede leen die teologie soos ons dit in sy kommentaar vind baie meer tot die skryf van 'n Bybelse teologie, as die benadering wat hy in sy inleiding volg. Teologiese refleksies word gebaseer op die deskriptiewe interpretasie van die Hebreeuse kanon. Childs se inleiding tot die Ou Testament is nie in dieselfde vorm as kontemporêre inleidings soos dié van Eissfeldt, Fohrer en ander nie. In plaas daarvan om aandag te gee aan sake soos outeurskap, datering, historiese agtergrond en die ontwikkeling van die literatuur, lê hy klem op die mate waartoe die gebruik van die materiaal 'n effek het op die finale vorm van die tradisie. Die finale vorm van elke boek word aan die orde gestel asook die finale vorm van die kanon in sy geheel. Die dialektiese verhouding tussen elke boek en die kanon in sy geheel word ondersoek. Die hermeneutiese sirkel word in hierdie werk voltrek van die geheel wat in die lig van die dele

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bestudeer word en die dele in terme van die geheel. In hierdie werk het Childs (1979c:77) die begrip kanoniese vorm ten volle uitgewerk. Die kanoniese vorm van die teks word die "*platform from which exegesis is launched rather than become a barrier by which creative activity is restrained.*" In hierdie werk poog Childs om moontlikhede te ondersoek hoe die resultate van die kritiese metodes aangewend kan word om 'n teologiese lees van die teks te bevorder.

Childs dui dan ook hier vir die eerste keer die plek van die kritiese metode aan. Die oorspronklike konteks word ondergeskik gemaak aan die kanoniese konteks. Om hierdie rede bied die histories-kritiese metode net 'n ondersteunende rol tot die finale vorm van die teks. Hy probeer om die spanning in die publikasie *Biblical theology in crisis* (1970a) tussen die oorspronklike konteks en die kanoniese konteks opgehef te kry. Dit doen hy deur die histories-kritiese metode te gebruik om op die finale vorm van die teks te fokus.

Die logiese gevolg van Childs se kanoniese benadering sou 'n inleiding tot die Nuwe Testament wees. Hierdie werk van hom verskyn in 1984 met die titel *Introduction to the New Testament as scripture*. Dit betrek nie net die Nuwe Testament nie, maar hierin gee Childs ook blyke van sy metodologie, 'n aspek wat ontbreek het in sy inleiding tot die Ou Testament. Childs (1984:79) se gebruik van die term kanoniese intensionaliteit lei tot 'n verdere ontwikkeling van sy begrip rondom die kanoniese vorm van 'n teks. Die kanoniese intensionaliteit hou verband met die proses wat sou lei tot die finale vorm van die teks wat plaasgevind het binne die geloofsgemeenskap. Childs definieer nie wat hy bedoel met die kanoniese intensionaliteit nie. In hierdie publikasie gee hy ook vir die eerste keer aandag aan die feit dat die betekenis van 'n teks die resultaat is van hoe dit gelees word. In hierdie opsig toon Childs (1984:37) raakpunte met die sogenaamde lesersgeoriënteerde teorie vir die lees van die teks.

In 1985 verskyn die volgende groot werk van Childs naamlik *Old Testament theology in a canonical context*. Die verwysing in die titel na die Ou Testament is belangrik. Childs (1985:9) onderskei tussen 'n Bybelse teologie en 'n Ou Testamentiese teologie. 'n Bybelse teologie reflekteer op beide Testamente. 'n Ou Testament teologie fokus egter slegs op die Ou Testament hoewel dit as Christelike geskrif bestudeer word. As gevolg van die groot reaksie en aandag wat Childs van oral gekry het, is daar groot verwagtings gekoester van die teologie van Childs. Daar is egter niks wesenlik nuut in sy teologie nie. Aan die hand van twintig hoofstukke werk Childs sy kanoniese benadering uit. Daar is geen groei, of enige afwykings van die benadering wat hy grootliks met sy Eksoduskommentaar vasgelê het nie. Brett (1991:65) toon wel aan dat daar 'n verskuiwing is van 'n deskriptiewe lees van die teks na 'n preskriptiewe benadering. In sy teologie werp sy klem op die preskriptiewe lees van die teks 'n skaduwee oor sy deskriptiewe historiese vrae van hoe die Bybel deur Bybelse gemeenskappe gebruik is, wat hy elf jaar vantevore in sy inleiding hanteer het. Childs se teologie kan gesien word as 'n reeks teologiese sketse, waar sekere onderwerpe aan die orde kom. Die werk is egter nie met dawerende applous deur resensente ontvang nie. Die logiese sou wees dat hierdie werk 'n verdere uitbouing sou wees van sy Eksoduskommentaar. In die geheel gesien het die werk van Childs, tot op daardie stadium, sy hoogtepunt bereik met die publisering van sy Eksoduskommentaar en sy inleiding op die Ou Testament. Die feit dat die teologie van Childs nie die reaksie gekry het waarop hy gehoop het nie, het daartoe aanleiding gegee dat Childs nog 'n werk die lig laat sien het.

In 1992 verskyn sy omvangrykste werk *Biblical theology of the Old and the New Testament*. In 'n sekere sin is dit die werk waarop diegene gewag het wat die bydraes van Childs vir soveel jare gevolg het. In hierdie werk van Childs word die kanoniese benadering tot sy volle konsekwensies gevoer. Die werk dra dan ook die kenmerk van Childs se hele manier van doen. Elke tema wat aan die orde gestel

word, word ondersteun deur deeglike navorsing wat oor die tema handel. Hy voorsien by elke tema 'n bibliografie van tersaaklike bydraes. Telkens is daar die verrassing van hoe goed Childs nie net ten opsigte van sy vakgebied onderlê is nie, maar ook op ander terreine, te wete die Nuwe Testament en die Dogmatiek. Die grootste bydrae van die werk is die wyse waarop Childs die holistiese aanslag van sy benadering demonstreer.

Die bydrae oor die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament is 'n welkome verheldering van die benadering van Childs (1992:76). Hy dui ook in hierdie werk aan dat sy gebruik van Nuwe-Testamentiese aanhalings van die Ou Testament vir die skryf van 'n Bybelse teologie nie meer water hou nie. Dit was die basis waarop hy dit in *Biblical theology in crisis* gedoen het (Childs 1970a:114).

Die benadering wat Childs in sy *Biblical theology of the Old and the New Testament* (1992) volg verskil van dit wat ons in *Old Testament theology in canonical context* (1985) vind. Childs het in laasgenoemde werk gepoog om die materiaal te orden. Die kontoere van sekere temas is hanteer soos dit binne die kanon na vore kom. Childs het na aanleiding van die benadering kritiek uitgelok. In *Biblical theology of the Old and the New Testament* gaan Childs (1992:101) baie meer deskriptief te werk om die verhouding tussen die getuies van die Ou Testament en die geskiedenis van Israel te beskryf. Dit word gedoen binne die verwysingsraamwerk van die kanoniese vorm.

In hierdie werk van Childs gee hy ook aanduidings dat hy multi-dissiplinêr wil werk. Na elke hoofstuk word daar gekyk na die moontlikheid van raakpunte tussen die Dogmatiek en Bybelse teologie[3]. 'n Belangrike punt wat in hierdie werk na vore kom is die feit dat daar sprake is van 'n verandering by Childs ten opsigte van die

[3]Alreeds in 1970 het Childs (1970a:93) hom ten doel gestel om 'n Bybelse teologie te skryf wat nie net deskriptief sou wees nie, maar ook met die dogmatiek in gesprek sou tree.

histories-kritiese metode. Childs gee op 'n meer pertinente basis aan die histories-kritiese metode erkenning vir sy bydrae en resultate. Aan hierdie aspek word in 'n latere gedeelte van die studie meer aandag gegee. In hierdie werk is die verwysing na die eksterne samebindende faktor van die kanon, naamlik Jesus Christus, baie sterker as in sy vorige werke. In dié verband volg Childs (1992:551) vir Barth na. Die eenheid van die kanon is vir hom geleë in Christus. Sowel die Ou as die Nuwe Testament is volgens Childs elkeen op sy eie manier getuies van Christus.

Dit is opvallend dat Childs (1985;1992) in sy teologieë nie meer soveel aandag gee aan die kanoniese intensionaliteit as in sy vorige werke nie.

'n Teleurstellende aspek van hierdie boek van Childs is die feit dat hy in 'n groot mate sy kritici ignoreer. Dit is dus nie 'n apologetiese poging van Childs se kant af nie. Daar word glad nie met Barr, Barton of enige van die ander kritici in gesprek getree nie. Die gevolg hiervan is dat pertinente vrae rondom die kanoniese benadering onbeantwoord bly. Die werk moet egter gesien word as die verwesenliking van Childs se droom om 'n Bybelse teologie te skryf met die kanon as konteks. In baie opsigte breek Childs dan ook nuwe grond met hierdie werk.

Vervolgens word die kanoniese benadering van Childs aan die orde gestel. Ten eerste sal kernbegrippe in die kanoniese benadering bespreek word. Die begrip kanon soos dit funksioneer in die kanoniese benadering van Childs is geweldig wyd. Om hierdie rede word dit bespreek onder die volgende opskrifte:

- Die definisie van die kanon
- Die kanoniese teks van die Skrif
- Die kanoniese vorm van die Skrif
- Die teologiese aanspraak van die kanon

Die verhouding tussen die kanon en die geloofsgemeenskap.

## 3.4 Samevatting

In die voorafgaande gedeelte het dit duidelik geword dat daar 'n definitiewe ontwikkeling by Childs plaasgevind het. Childs se benadering ontwikkel van 'n metode wat teenoor die histories-kritiese benadering staan, tot een wat vrylik van die resultate van die metode gebruik maak. In Childs se laaste werk (1992) kom hierdie feit duidelik na vore. Dit is 'n belangrike feit wat vir die doel van hierdie studie in gedagte gehou moet word. Childs moet in perspektief gesien word binne die spesifieke tyd en ontwikkelingsfase van sy werk. 'n Evaluering van Childs wat nie hiermee tred hou nie kan nie 'n getroue weerspieëling van sy benadering wees nie. Dit is egter 'n feit wat nie deurentyd deur die kritici van Childs ingedagte gehou word nie.

# 4. Spesifieke fasette van die kanoniese benadering van B.S. Childs

## 4.1 Inleidend

Die kanoniese benadering van Childs gaan van die standpunt uit dat die kanon van die Christelike kerk die mees geskikte konteks is waarbinne 'n Bybelse teologie kan funksioneer. Dit gaan nie vir Childs om die groei en ontwikkeling van die kanon tot met sy totstandkoming nie. Die kanoniese benadering plaas eerder die fokus op die wyse waarop tekste gelees moet word binne die konteks van die hele kanon. Om hierdie rede is die kanoniese benadering veral geïnteresseerd in die wyse waarop die finale vorm van die teks deur die geloofsgemeenskap gelees word.

Childs tref dus 'n onderskeid tussen die historiese vraagstuk van die ontwikkeling van die kanon en die teologiese vraagstuk van die Ou Testament as gefinaliseerde kanon binne die geloofsgemeenskap. Die histories-kritiese studie van die Bybel word nie deur Childs nagelaat nie. Hierdie feit sal in die studie duidelik gemaak word. Die kanoniese benadering wil egter verder as dit gaan. Daar was ook in die ontwikkeling van die teks 'n dialektiese proses aanwesig waarin die histories-bepaalde oorlewering in verband gebring is met die godsdienstige oortuiging van die groep waarbinne die teks gefunksioneer het. Die histories-kritiese metode is volgens Childs nie geskik om hierdie proses te bestudeer nie. Hierdie benadering kan ook nie 'n bydrae lewer om die Bybel as Skrif van die kerk te begryp nie. Dit is eers wanneer die Bybel binne die konteks van die breë kanon gelees word dat teologies gesê kan word wat die teks in die verlede beteken het en wat die teologiese relevansie daarvan vir die hede is.

In die eerste plek word sy definisie van die begrip kanon aan die orde gestel.

## 4.2 Die definisie van kanon

Die begrip kanon soos wat dit in die kanoniese benadering van Childs funksioneer is 'n geweldig breë konsep. Childs (1980:52c) gee self toe dat die wyse waarop hy die begrip hanteer geweldig breed is: "...broading the term canon to encompass the complex process involved in the religious usage of tradition which extended far back in Israel's history and exerted an increasing force in the post-exilic period".

Die begrip het soveel fasette dat herhaling soms sal voorkom ten einde tot 'n volledige omskrywing te kan kom. Dit is onmoontlik om die begrip onder een opskrif te hanteer. Om hierdie rede word daar onder meer as een opskrif aandag gegee aan die begrip soos Childs dit hanteer.

Die vraag na wat Childs bedoel met kanon is 'n redelik komplekse een. Dit is sy verstaan van die kanon wat tot die felste kritiek teen hom lei. Die term kanon word deur Childs gebruik as 'n aanduiding vir 'n literêre korpus soos die Ou Testament of die Nuwe Testament. Die teks wat dan deur Childs as normatief beskou word is die Masoretiese teks van die Hebreeuse Bybel. Soms word dit deur hom gebruik bloot om die finale vorm van 'n tradisie aan te dui in kontras met vroeë bronne wat geherinterpreteer en gerekonstrueer is. Die belang van die finale vorm is dat dit alleen getuie kan wees van *die hele geskiedenis van openbaring*. "*...in Childs's works 'canon' comes to mean a certain interpretive perspective, namely the so-called 'holistic' approach to the Biblical texts*"(HØgenhaven 1988:71).

Ander kere gebruik hy dit as 'n term om gesag aan te dui: "Rather, it is crucial to see

that the issue of canon turns on the authoritative role played by particular traditions for a community of faith and practice". (Childs 1984b:81). Childs weier om 'n term soos kanonkritiek te gebruik omdat hy daarmee nie die indruk wil wek dat dit maar net nog 'n ander vorm van die historiese kritiek is nie. Die term kanoniese kritiek word met die werk van Sanders geassosieer en ook om die rede is Childs nie geneë om van die term gebruik te maak nie. Die definisie wat Childs (1970a:105) dan gee vir sy begrip van kanon is streng teologies[1] georiënteerd: "The concept of canon as it developed was a testimony to the belief that Jesus Christ was grounded upon the witness of both prophets and apostles. God had revealed his will, not in timeless universal truths, but in concrete manifestations of himself, restricted in time and space, and testified to by particular witnesses. Scripture served not as interesting 'sources' of historical information about Jesus of Nazareth, but as a testimony that the salvation and faith of the old covenant was with that revealed in Jesus Christ".

Die konsep is verder teologies georiënteerd omdat dit verwys na die verhouding tussen die Ou Testament en die godsdienstige gemeenskap wat dit as 'n belangrike riglyn sien vir hulle verhouding met God. Die teologiese aard van die kanon bepaal ook die gesag van die Skrif teenoor allerhande ketterse sienings (Childs 1979c:60). Childs tref 'n onderskeid tussen die historiese vraagstuk van die ontwikkeling van die kanon en die teologiese vraagstuk van die Ou Testament as gefinaliseerde kanon. Daar was volgens Childs van die begin van die Christelike kerk 'n kanon bewustheid, wat diep ingebed is in die Nuwe Testamentiese literatuur self. Sekere tradisies het 'n gesagsrol gespeel in die gemeenskap van gelowiges. Childs dig 'n groter rol aan die vroeë kerk toe, met betrekking tot die vorming van die kanon, as wat die Hervormers bereid was om te doen. In 'n sekere sin word kanon dan ook deur Childs

[1] 'n Definisie van die kanon wat teenoor dié van Childs net op die historiese ontwikkeling klem lê is die van Priest (1980:265), asook die benadering van Ringgren (1979:11).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(1974a:100) gebruik as 'n teologiese belydenis wat gebaseer is op die getuienis van die apostels en profete. Hy stel 'n post-apostoliese datering om en by 100 n.C., van die finale vorm van die Hebreeuse teks voor.

Die vorming van die kanon was nie maar net bloot 'n historiese gebeure of 'n ekklesiologiese ontwikkeling nie, maar "...the canon was shaped, rather, by an interaction of divine and human factors that constituted the regulative context and content for doing biblical theology" (Henry 1990:80). Die kanon het deur die kerk gekom en nie van die kerk nie. Wanneer Childs (1977a:66-80) van kanon praat as 'n historiese proses, dan praat hy van die proses wat reeds binne Israel bestaan het. Dit was 'n proses van versameling, seleksie en ordening van tekste om as 'n normatiewe korpus Heilige Skrif binne 'n geloofsgemeenskap te funksioneer: "I am using the term 'canon' to refer to that historical process within ancient Israel...particular in the post-exilic period...which entailed a collecting, selecting and ordening of texts to serve a normative function as Sacred Scripture within the continuing religious community".

Vir Childs is die kanon 'n dinamiese konsep. Die kanon het oor 'n lang tyd sy beslag gekry. Dit begin alreeds vir Childs in die pre-eksiliese tyd en ontwikkel verder in die eksiliese en na-eksiliese tyd. Dit is nie altyd seker watter kragte agter hierdie vormingsproses van die kanon aan die werk was nie. Wat egter in die proses belangrik was, is dat stof van die verlede so bewaar en deurgegee is dat dit as gesaghebbend vir die destydse lewensituasie ervaar is (Knight 1980:138). Die ordening van die teks was 'n hermeneutiese onderneming waarvan die teologiese effek ingebou is deur die gemeenskap in die struktuur van die teks, daarom kan die interpretasie van 'n teks net sinvol wees as die kanoniese vorm van die teks ernstig opgeneem word. Wanneer Skrif en kanon van mekaar geskei word, gaan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waardering vir hierdie lang proses verlore[2]. Die geloofsgemeenskap gee aan die kanon die konteks van sy bestaan: "To speak of the Bible as canon is to emphasize its function as the Word of God in the context of the worshipping community of faith" (Childs 1977d:53). Vir Childs is die interaksie tussen die gemeenskap en die geskrifte wat hulle as gesaghebbend ervaar baie belangrik.

Childs en Sheppard (1974) beskou die kanon as gesaghebbend omdat die kerk dit vir eeue as gesaghebbend aanvaar het. Die Woord het die gemeenskap sy vorm gegee en omgekeerd het die aanvaarding van hierdie gesaghebbende tradisie deur die kerk en die Sinagoge weer vorm gegee aan die geskrifte. Die volk definieer hom en vind sy identiteit in die geskrifte: "Israel defined itself in terms of a book!" (Childs 1979c:78). Die oorspronklike historiese en sosiologiese aspekte van die volk Israel, die Suidryk, die Noordryk, pre-monargiale en die monargie het verdwyn en 'n nuwe gemeenskap het na vore gekom wat sy identiteit gevind het in terme van die Heilige Skrifte. Die kanon het nou die *Sitz im Leben* van die Joodse gemeenskap gevorm wat alle sosiologiese ondernemings van die teks irrelevant maak (Childs 1979c:78).

Die finale vorm van die teks reflekteer 'n geskiedenis van ontmoeting tussen God en Israel. Die doel van die kanon is om die spesifieke verhouding te beskryf. Dit skryf 'n sekere gesag aan die segment van menslike geskiedenis toe wat dit normatief maak vir geslagte wat volg. Hierin lê die teologiese waarde van die kanon, dat dit die vermoë het om geloofsgemeenskappe in elke eeu aan te spreek. Om met die finale vorm van die teks te werk is nie om die historiese dimensie te negeer nie, maar eerder word 'n teologiese oordeel gemaak ten opsigte van die proses (Childs 1979c:76). Die kanon vorm dan die raamwerk waarbinne die eksegese volvoer moet

[2] Dit is veral 'n teoloog soos Sundberg (1964) wat 'n skerp onderskeid maak tussen kanon en Skrif. Tate (1981:183) sluit in sy kritiek teen Childs by Sundberg se historiese rekonstruksie van die kanon aan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word en die geloofsgemeenskap die konteks waarbinne interpretasie moet plaasvind. Die kanon beïnvloed nie self die betekenis nie, maar gee slegs die raamwerk. Die kanon bied die instrumente, maar nie die komposisie nie.

Die Masoretiese teks is die voertuig van die kanoniese teks in die Ou Testament. Alhoewel die Masorete daarteen gewaak het, het daar tog foute ingesluip. Daarom is die Masoretiese teks en die kanoniese teks nie sonder meer gelyk aan mekaar nie.

Die eerste taak van die Ou-Testamentikus is daarom die ontdekking van die teks wat die naaste is aan die oorspronklike teks van die eerste eeu (Childs 1979c:101). Vir Childs is dit 'n belangrike hermeneutiese vertrekpunt wat voortdurend die metode van die studie van die Ou Testament vorm en die resultate daarvan bepaal (Wharton 1976:268). Die finale vorm van die teks is dus nie die eindproduk van 'n literêre proses nie. Die kanonisering van die teks het die gevolg dat die literêre genre van elke boek irrelevant raak. Dit is ook nie 'n laat dogmatiese besluit of 'n geskiedenis van voortgaande ervaring met God nie (Childs 1979c:59). Elke onderdeel van die teks moet gesien word as Goddelik geïnspireerd en daarom kan elke teks teologies ontgin word ongeag sy literêre konteks (HØgenhaven 1988:71). Die inspirasieleer kry by Childs (1970a:103) dan nuwe aktualiteit, 'n aspek waarin die *Biblical Theology Movement* gefaal het.

## 4.3 Die kanoniese teks van die Skrif

Soos reeds duidelik is, is die finale vorm van die teks vir Childs 'n belangrike komponent van die kanoniese teks. Childs verabsoluteer hierdie finale stadium van die teks. Wat hom betref, mag daar niks kom tussen die finale vorm van die teks en die leser nie (Kittel 1980:5). Alleenlik in die finale vorm van die teks het die normatiewe geskiedenis 'n einde bereik en daarom kan die volle omvang van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



openbaringsgeskiedenis slegs in dié vorm begryp word (Childs 1978b:47-48). Die finale vorm van die teks vervul nie net 'n kritiese funksie ten opsigte van die vorige stadia van die oorlewering nie, maar verskaf ook die hermeneutiese raamwerk waarbinne alle vorige tradisies gelees en finaal kanoniek gevorm is.

Hoe doelbewus hierdie vorming was, is nie altyd duidelik nie. Die tradisie is egter so oorgelewer dat die betekenis daarvan nie in die verlede veranker gebly het nie. Aktualisering was altyd teenwoordig in die verskillende fases van die teks se kanonisering. Om hierdie rede sukkel 'n metode wat nie erns maak met die finale vorm van die teks, om 'n brug te slaan tussen die verlede en die nou (Childs 1979c:79). Dit gaan dus vir Childs om die kollektiewe ervaring van al die Bybelse geslagte. Die kollektiewe ervaring van die geslagte word omvat in die finale vorm van die teks, wat alleen getuie is van die geskiedenis van openbaring.

Die kanoniese konteks is egter vir Childs baie meer as net die finale vorm van die teks, of die kanoniese vorm van die teks in die Ou en die Nuwe Testament. Alhoewel die proses van kanoniese vorming ook deel is van die kanoniese konteks, is die spesifieke geloofstradisie waarin die leser van die teks staan integraal deel van die kanoniese konteks. Die geskiedenis van eksegese soos dit by Childs funksioneer, word ook deur hom deel gemaak van die kanoniese konteks waarbinne eksegese moet plaasvind. Ook die teologiese refleksie is deel van die kanoniese konteks. Hieroor word later gehandel onder die opskrif metodologie.

Die feit dat Childs so 'n groot premie op die finale vorm van die teks plaas lei tot sy waardering van die rol wat die Midras speel in die geskiedenis van eksegese. Hiermee word nie bedoel dat Childs die kanoniese benadering van die teks as 'n vorm van die Midras sien nie. Die Midras demonstreer egter die dialektiese verhouding tussen die kanoniese teks en die geloofsgemeenskap waar die teks as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kanon funksioneer: "The heart of the midrashic method is that the interpretation moves from the biblical text to seek a connection with a new situation. But then again, the reverse direction is equally important; namely, the interpretation comes from the situation and moves back to the text. In the first instance, the text interprets the new situation; in the second, the new situation illuminates the text" (Childs 1972a:52). Die Midras illustreer die dinamiek van interpretasie wat daar plaasvind tussen 'n vaste teks en die veranderende situasie van 'n gemeenskap vir wie die teks as kanon funksioneer.

## 4.4 Die kanoniese vorm van die Skrif

Volgens Childs is die kanoniese vorm van die Skrif 'n teologiese *Gestalt*. Die kanon van die Skrif funksioneer as 'n geskrewe getuie van die woord en werk van God. Dit is juis hierdie kanoniese vorm van die Skrif wat deur die histories-kritiese metode genegeer is. Dit het gelei tot 'n verwatering van die kanoniese teks en 'n dekanonisering van die Skrif (Childs 1978a:49). Die historiese kritiek is daarop uit om die kanoniese vorm te ignoreer, en die gevolg is dat daar nie tot 'n teologiese lees van die teks gekom word nie.

Die konsep kanon impliseer dat die Skrif normatief funksioneer deur die vorm wat die kerk aan die tradisies gegee het in hulle geskrewe vorm. In *Myth and reality in the Old Testament* (1960) wys Childs daarop dat die nuwe Israel teologies die nuwe realiteit is wat sy vervulling vind in die Nuwe Testament (Childs 1960:71). Hierdie standpunt word ook deur Childs (1970a:151) in *Biblical theology in crisis* gestel. Psalm 8 moet, as dit teologies geïnterpreteer word, christologies gelees word. Childs (1969b:20-31) weier om dit te sien as 'n christomonistiese lees van die teks, en tipeer dit eerder as christologies. In dié verband beroep hy hom op die geskiedenis van eksegese vanaf Augustinus tot Calvyn.

In *Biblical theology of the Old and New Testament* (1992) hanteer Childs byvoorbeeld die begrip versoening op dieselfde wyse. Die Pauliniese begrip van versoening word deur Childs gebruik om versoening in 'n kanoniese konteks te bespreek. Dit word die bril waarmee Childs na versoening kyk soos dit binne die Ou en die Nuwe Testament funksioneer. Die Nuwe Testament word dan die finale vorm van die teks.

Die kanoniese benadering gaan dus verder as om maar net die kanoniese vorming van 'n gedeelte te bestudeer. Dit bring die perspektief dat 'n latere gedeelte van die kanon die lees van 'n vroeëre gedeelte beïnvloed na vore. Uit die aard van die saak sou Childs wat hierdie siening van die kanoniese vorming betref, heelwat kritiek uitlok. In dié verband word hy beskuldig van 'n christologiese lees van die teks[3].

Childs is nie van mening dat die kanoniese vorm van die teks een definitiewe interpretasie van 'n spesifieke gedeelte bied nie. Die kanoniese benadering bied die ruimte vir wat deur die literêre kritiek as *reader competence*, en *reader response* genoem word asook wat onder teksresepsie verstaan word. In sy respons op kritiek deur Barr teen hom, onderstreep hy juis hierdie perspektief op die kanoniese vorming van 'n teks: "I do not wish to suggest that the canonical shaping provides a full-blown hermeneutic as if there were only one correct interpretation built into every text which a proper canonical reading could always recover. The canonical shaping provided larger contexts for interpretation, established the semantic level, and left important structural and material keys for understanding... There is an important dimension of 'reader competence' which reacts to the coercion exercised by the text itself" (Childs 1984b:69). Dit is hierdie opmerking wat aanleiding daartoe gee dat daar verder in hierdie studie gekyk sal word na die verhouding tussen Childs, Ricoeur en Jauss.

[3] In dié verband vra Osswald (1977a:876) die volgende vraag: "Besteht bei seinem vorkritischen hermeneutischen Ansatz nicht die gefahr zu einem vorkritischen Kanonsbegriff zurückzukehren?"

Childs, soos ook die strukturalisme en die lesersgeoriënteerde kritiek, erken die belang van die rol wat die leser in die interpretasie van die teks speel.

## 4.5 Die teologiese aanspraak van die kanon

Vir baie lank is kanon as 'n konsep gesien wat eerder tot die Sistematiese teologie behoort, eerder[4] as tot die eksegese. Childs dui in sy werke aan dat die kanon 'n teologiese aanspraak op die kerk het. Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament is die teologiese skarnier waarom die kanon draai. Die twee Testamente word aanmekaar verbind as gevolg van die feit dat altwee getuies is van die Goddelike openbaring. Hierdie teologiese verhouding tussen die twee Testamente is die sentrum van die Christelike kanon. Soos reeds genoem, sien Childs die kanon as 'n teologiese belydenis gebaseer op die getuienis van apostels en profete. Die kanon het volgens hom sowel historiese as teologiese momente. Dit is egter veral op die teologiese moment van die kanon waarop Childs klem lê.

Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament is kompleks omdat in die woorde van Childs (1964:448): "The Old Testament does not 'naturally' unfold with the faith of the New Testament". Die Ou Testament is 'n voor-Christelike geskrif wat deur die vroeë kerk verenig is met die Nuwe Testament op grond van hulle geloof in Jesus Christus. Die twee Testamente word dus saamgesnoer deur die geloof in Jesus Christus.

Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament bly 'n probleem in Bybelse teologie. Childs se oplossing is 'n ontologiese verstaan van die dialektiese verhouding tussen die twee Testamente. Die Ou Testament is die geskiedenis van

[4] Dit is onder andere die siening van Hesse (1961: 315-327).

God se openbaring aan Israel en Israel se reaksie op die openbaring. Die Nuwe Testament is die geskrewe getuie van die vervulling van daardie openbaring. Om hierdie rede staan die twee Testamente in 'n dialektiese verhouding as gevolg van Jesus Christus. "Two passages may be identical in their witness, or complement one another, or stand in sharp tension" (Childs 1970a:111).

Die teologiese aard van die kanon is vir Childs onherroeplik verbonde aan die vraag rondom die gesag van die Skrif. In hierdie verband sê Klein (1980:60) die volgende oor die teologiese aanspraak van die kanon soos dit deur Childs gebruik word: "The Old Testament is not a message about divine acts in history as such, but about the power of the word of God".

Dit is by hierdie teologiese aspek van die kanon waarby iemand soos Hasel (1985b:44) aansluit. Wanneer daar deur Hasel 'n nuwe multipleks-benadering vir die teologie voorgestel word, word dit deur hom 'n kanoniese teologie genoem in aansluiting by Childs. Oor die teologiese aanspraak van die kanon sou Childs baie kritiek verduur. Hieraan word later aandag gegee. Ten slotte kan net genoem word wat Mays (1976:155) in aansluiting by Childs sê, naamlik "the term (canon) is thoroughly theological. It refers to the relation between the Old Testament and the religious community which formed it and received it as a decisive guide to their relationship to God". Dit stel die volgende opskrif aan die orde, naamlik die kanon en die geloofsgemeenskap waarbinne dit funksioneer.

## 4.6 Die verhouding tussen kanon en die geloofsgemeenskap

Die bespreking van die verhouding tussen die kanoniese teks en die gemeenskap waarbinne dit as gesaghebbend funksioneer, is 'n komplekse saak. Hierdie taak word verder bemoeilik deur die verskeidenheid van definisies wat daar bestaan vir die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kanon.

Die verhouding tussen die kanon en die gemeenskap soos dit by Childs funksioneer, word kortliks deur Piper (1976:88) soos volg saamgevat: "As I understand them, both Childs and Sheppard are saying simply, 'We accept the canon as authoritative because the Church has done so for centuries with profit". Die kerk erken die gesag van die Skrif en keur dit as kanon goed, maar is nie verantwoordelik vir die kanoniese gesag nie.

Die term kanoniese vorming, of kanoniese intensionaliteit, word meermale deur Childs in verband met die geloofsgemeenskap gebring. Volgens Childs het die proses van kanoniese vorming gepaard gegaan met die versameling, seleksie en ordening van tradisies tot hulle finale vorm. Hierdie proses het 'n waarneembare invloed op Bybelse tekste gehad. Spore van die kanoniese vorming van tekste is doelbewus uitgevee sodat daar min bewyse van hierdie proses oorgebly het. Die doel van hierdie kanoniese vorming was om die teks toeganklik te maak vir opeenvolgende geslagte. Tekste is opnuut vir elke generasie geaktualiseer. Childs probeer om die effek wat hierdie proses gehad het op die interpretasie van tekste te ondersoek. Hierdie proses was 'n hermeneutiese proses. Die kanoniese intensionaliteit was aanwesig van die vroegste ontstaan van die tekste tot die einde toe. Die geloofsgemeenskap het dus 'n kardinale rol gespeel om die die teks so teologies te vorm dat dit ook vir komende geslagte kon spreek.

Childs (1992:70-71) wil dit dus beklemtoon dat die konsep kanon nie verstaan moet word as 'n laat kerklike ordening nie, maar dat daar deurentyd 'n kanonbewustheid teenwoordig was, wat deel van die vorming van die literatuur was. In hierdie proses was daar teologiese kragte aan die werk en nie soseer sosio-politieke faktore nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Childs moet die hele Skrif verstaan word as 'n belydenisdokument wat homself grond in die teologie van die geloofsgemeenskap.

## 4.7 Childs se metodologie

In sy publikasies gee Childs nêrens formeel aandag aan 'n uiteensetting van sy metodologie nie. Dit is veral waar van sy eerste publikasies. Hy het eers in *Introduction to the New Testament as scripture* (1979c) aanduidings gegee van die metodologie wat hy volg. Ook hier vind ons nie 'n sistematiese analisering van sy metodologiese stappe nie. Die bespreking wat nou volg, poog om hierdie leemte te vul.

Childs se eksegetiese arbeid begin met die analise van 'n teks in sy Ou-Testamentiese konteks. Hierdie Ou-Testamentiese konteks, is die konteks van die finale vorm van die teks. Die teks moet in relasie gesien word met die boek waarin dit voorkom, maar ook in verhouding met die res van die Ou Testament. Die eksegetiese model van Childs het die volgende basiese stappe: Daar word gekyk na die grense van die konteks van die betrokke teks wat aan die orde is.

Wanneer 'n Ou-Testamentiese teks ter sprake is, sal die Ou Testament volgens die Masoretiese teks die voor-die-handliggende grense wees. Indien die teks in een of ander vorm ook in die Nuwe Testament funksioneer, speel dit ook 'n rol in die interpretasie van die teks. Die Nuwe Testament is belangrik omdat dit saam met die Ou Testament deur die Christelike gemeenskap as een Heilige Skrif aanvaar word. Vir Childs is daar 'n dialektiese verband tussen die twee Testamente. Daarom beweeg eksegese van die een Testament na die ander.

Wanneer 'n teks in beide Testamente voorkom, word dit eers binne sy onmiddellike

konteks ondersoek en dan in sy verhouding tot die teks in die ander Testament. Indien dit gebeur het, is daar volgens Childs 'n teologiese waardering van die teks moontlik. Elke teks se eie integriteit en identiteit word erken in die sin dat die getuienis van 'n ander teks nie daarop afgeforseer word nie. Dit is die teologiese taak van die eksegese om die dialektiese verhouding wat daar tussen die twee Testamente bestaan, na te speur. Childs sien die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament as een van kontinuïteit en diskontinuïteit. Die kontinuïteit van die twee Testamente is veral daarin geleë dat die God van die Ou Testament dieselfde is as die God van die Nuwe Testament, die eenheid wat daar tussen Jesus Christus en die God van die Ou Testament bestaan. Childs gee toe dat daar ook 'n mate van diskontinuïteit tussen die Testamente is. Die fundamentele kontinuïteit ten opsigte van Goddelikheid, skepping en verbond is egter oorheersend (Baker 1976:357).

Die kanoniese benadering van Childs gaan verder as maar net die bestudering van 'n teks in sy konteks binne die Ou en Nuwe Testament. Die wyse waarop 'n teks in die geskiedenis geïnterpreteer is, is ook vir hom belangrik. Die woorde van Augustinus, Calvyn, Luther en andere word nie deur Childs gelyk gestel aan die gesag wat die Skrif dra nie, maar dit is deel van 'n tradisie wat die Skrif as gesaghebbend aanvaar. Om hierdie rede meen Childs (1970a:118-122; 1974a:XV-XVI) dat dit 'n bydrae lewer om 'n teks beter te verstaan. Childs (1974a:207-209) gaan nog verder en bring ook die resultate van Joodse eksegete ter sprake wanneer 'n Ou-Testamentiese teks ondersoek word. Die moontlikheid word ook deur hom genoem om ander kanons, byvoorbeeld die Katolieke kanon te inkorporeer (Childs 1979c:666).

Deur die gebruik van die historiese kritiek wil Childs aantoon watter teologiese raamwerk aan die teks gegee is deur die gemeenskap van gelowiges wat dit help vorm het. Childs beperk nie deur die gebruik van sy kanoniese benadering die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik van ander metodes nie. Die historiese kritiek word deur hom gebruik om die finale vorm van die teks beter te belig (Childs 1979c:112; 1984b:15). So byvoorbeeld ondersoek redaksiekritiek die teologiese raamwerk wat deur die redakteur van 'n teks verskaf is. Dit help volgens Childs om die teologiese betekenis te verstaan wat aan die teks gegee is, toe aan sy finale vorm beslag gegee is deur die gemeenskap van geloof. Childs (1979c:78) skram nie weg van die feit dat hy van die historiese kritiek gebruik maak nie, soos duidelik blyk uit sy antwoord op die kritiek van Gottwald. Dit is belangrik vir Childs (1970a:112) dat aan die begin van die eksegetiese proses die teks gesien moet word in sy spesifieke periode van geskiedenis. Historiese kritiek word dus deur Childs gebruik, maar dan in 'n vroeë fase van sy eksegetiese proses. Childs gebruik dié metode om die teologiese lees van die teks moontlik te maak.

Childs konsentreer op die kanoniese vorming wat die teks ondergaan het. Die kanoniese vorm van die teks gaan saam met die bedoeling van die gemeenskap van geloof met die spesifieke teks. Soos reeds genoem, was daar 'n sekere kanoniese intensionaliteit by die gemeenskap teenwoordig (Childs 1979c:78-79). Dit het veroorsaak dat daar 'n doelbewuste proses van versameling, seleksie en ordening van 'n finale vorm van die teks teenwoordig was (Childs 1984b:136-142). Dit is belangrik om die vraag te vra wat die betekenis van 'n spesifieke boek of teks is in die lig van die plek wat dit in die kanon inneem. Die feit dat dit op 'n spesifieke plek in die kanon staan, het 'n invloed op die betekenis van so 'n teks. So byvoorbeeld is die betekenis van Psalm 1 of Psalm 150 afhanklik van die feit dat hulle die eerste en die laaste psalm is.

Die konsep kanoniese vorming toon 'n sekere ontwikkeling in die werk van Childs. In *Biblical theology in crisis* bespreek hy (Childs 1970a:XIV) al die proses, maar die begrip kanoniese vorming is nog hier afwesig. Childs gebruik die eerste keer hierdie konsep in sy Eksoduskommentaar. Dit is eers in *Introduction to the Old Testament*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*as scripture* dat hy (1979c:77-79) vir die eerste keer die konsep ten volle uitwerk. In *The New Testament as canon: an introduction* (1985) toon hy aan dat die analisering van die kanoniese intensionaliteit essensieel is om te sien hoe die teks aanmekaar gesit is. Dit is nodig om by die teks se ware betekenis uit te kom, 'n betekenis onafhanklik van sy historiese konteks. Childs gebruik die voorbeeld van Proto-Jesaja en Deutero-Jesaja wat uit hulle oorspronklike historiese konteks geneem is en geplaas is binne die konteks van Jesaja die profeet van die agste eeu. Binne hierdie konteks kry die spesifieke dele 'n eskatologiese betekenis (Childs 1979c:325-336). Die kanoniese vorming was nie oorspronklik deel van Childs se kanoniese benadering nie, maar het ontwikkel saam met sy gebruik van die histories-kritiese analise van die teks.

Die chronologie van Childs se kanoniese benadering is soos volg: In die eerste plek maak hy gebruik van die histories-kritiese metode om die proses van die kanoniese vorming te ondersoek. Tweedens word daar gekyk na die boodskap van die perikoop in sy finale vorm en laastens ondersoek hy die boodskap van die perikoop in relasie tot die res van die Ou Testament en, indien toepaslik, met die Nuwe Testament, die Joodse tradisie en die geskiedenis van eksegese wat 'n betrokke teks het. Die heel laaste stap is vir Childs om 'n teologiese oordenking te gee van die betrokke teks. In dié stap oorweeg Childs alle getuies van die teks om tot die betekenis van die teks te kom binne die kanon en die geloofsgemeenskap. Hierdie stap maak die teks toeganklik vir die leser deurdat die teologiese vrae van die hede en verlede beantwoord word wanneer dit binne 'n kanoniese konteks gelees word.

Die metodologie van Childs kan aan die hand van Eksodus 3:1-4:17 geïllustreer word. Wat opvallend is wanneer die metodologie van Childs gesistematiseer word, is in hoe 'n groot mate die histories-kritiese metode 'n rol speel. Dit is 'n feit wat veral waar is van sy Eksoduskommentaar.

## 4.8 Childs se hantering van Eksodus 3:1-4:17

Die gedeelte is in die eerste plek gekies omdat daar breedvoerig aandag gegee is deur Childs in sy kommentaar van Eksodus. In die tweede plek is die gedeelte meer geskik as ander gedeeltes omdat dit in die Nuwe Testament en ook op ander plekke in die Ou Testament verwysings het. Dit word dus op meer as een plek binne die kanon herhaal. Die gedeelte verkry ook heelwat aandag in ander kommentare as gevolg van die rykdom van tradisies wat daarin voorkom. 'n Ander faktor wat bydra tot die keuse van die teks is die feit dat die Hervormers en Augustinus ook bepaalde bydraes gelewer het om die teks beter te verstaan, 'n faktor wat ook 'n rol speel in die metodologie van Childs. Dit is redelik ingewikkeld om die metodologie van Childs abstrak te verstaan, daarom dien hierdie praktiese gedeelte die doel om sy benadering beter te begryp. Die eksegetiese onderneming van Childs begin met die analisering van die teks binne sy Ou-Testamentiese konteks.

### 4.8.1 Die Ou-Testamentiese konteks

Die Ou-Testamentiese konteks is die finale vorm van die teks volgens die Masoretiese teks. Dit is die parameters waarbinne die teks bestudeer moet word (Childs 1984b:48). Dit is belangrik om die teks in hierdie konteks te lees, sodat die teks in die breë verband van die boek gesien kan word, maar ook in die wyer verband van die ander Ou-Testamentiese boeke.

Childs se eksegese van Eksodus 3:1-4:17 begin met die ondersoek van die teks binne die konteks van die Ou Testament. Drie fases word deur Childs onderskei. In die eerste plek word die grense bepaal van die konteks waarbinne eksegese gedoen sal word. In die volgende stap maak Childs van die historiese kritiek gebruik. Die doel van hierdie stap is om aan te toon wat die invloed van die geloofsgemeenskap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die teks was. Die histories-kritiese[5] metode word gebruik om die verskillende historiese tradisies te identifiseer. Dit maak dit moontlik om die kanoniese vormingsproses van die geloofsgemeenskap vas te stel. In die laaste instansie kyk Childs na die proses van kanoniese vorming.

Die onmiddellike grense van die konteks waarbinne Eksodus 3:1-4:17 funksioneer, is die Masoretiese teks van die Ou Testament soos dit deur Joodse en Christelike geloofsgemeenskappe aanvaar word.

Die roeping van Moses in Eksodus 3:1-4:17 is 'n goeie bewys van hoe Childs gebruik maak van die historiese kritiek. In sy histories-kritiese ondersoek van Eksodus 3:1-4:17 maak Childs gebruik van literêre- tradisie- en bronnekritiek. Deur die gebruik van bronnekritiek toon Childs aan dat die gedeelte Eksodus 3:1-4:17 'n geheel vorm[6]. Die rede hiervoor is, volgens Childs, omdat die menslike perspektief in hoofstuk twee teenoor die goddelike perspektief in Eksodus 3:1-4:17 staan. Deur gebruikmaking van bronnekritiek toon Childs verder aan dat daar materiaal van twee bronne in hierdie gedeelte teenwoordig is, naamlik bronne J en E.

'n Volgende stap deur Childs is om deur vorm- en tradisiekritiek aan te toon dat die gedeelte Eksodus 3:1-4:17 basies 'n roepingsformule is. Volgens Childs is dit 'n belangrike ontwikkeling omdat die roeping van Moses hom onderskei van die aartsvaders. Hy sou 'n ander boodskap as hulle verkondig. Childs meen dat hierdie roepingsformule nie teruggelees is in die Mosaïese tradisie nie, maar dat Moses self

---

[5] Childs word deur veral Barr (1980:13) en Barton (1984b:86-87) daarvan beskuldig dat hy die histories-kritiese metode ignoreer. Hierdie beskuldiging word veral in die Eksoduskommentaar weerlê deur die wyse waarop Childs van die historiese kritiek gebruik maak.

[6] In dié verband verskil Childs van Noth (1962:27-47) wat aanvoer dat die gedeelte Eksodus 2:11-4:23 'n eenheid vorm.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die oorsprong van hierdie formule is. Vervolgens gebruik Childs tradisiekritiek om die teken wat aan Moses gegee is te ondersoek. Hy kom tot die konklusie dat die teken nie verwys na dit wat gaan volg nie, maar eerder terugverwys na die brandende bos. Deur van vormkritiek gebruik te maak wil Childs aantoon dat die gebruik van die naam die beste verstaan kan word binne die konteks van die roepingsformule. Moses word aangedui as 'n profeet van God. Dit gaan dan in hierdie gedeelte om die onderskeid tussen ware en valse profete. Die naam YHWH word deur die E-bron gebruik sodat die volk die ware profeet kan onderskei deur sy gebruik van die spesifieke naam vir God. Childs dui aan dat die gedeelte Eksodus 3:13-15 die produk is van kanoniese vorming. Volgens Childs het hier assimilasie van verskeie tradisies plaasgevind met die finale vorm van die teks as produk.

In die laaste fase gee Childs veral aandag aan sekere stilistiese en tematiese aspekte. Sekere temas word aangedui soos om te stuur, te glo, te praat. Die lang toesprake word aan God toegeskryf en die korter toesprake aan Moses.

Dit is dus baie duidelik dat Childs in sy Eksoduskommentaar gebruik maak van die metode waarteen hy heelwat kritiek lewer. Hy ignoreer nie die gebruik of die resultate daarvan nie, maar gebruik dit op 'n alternatiewe wyse. Vir Childs dien die historiese kritiek die doel om vas te stel hoe die teks ontwikkel het tot sy kanoniese vorm. Childs gee toe dat die teks die produk is van 'n historiese ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling word deur die historiese kritiek ondersoek.

Die volgende eksegetiese stap van Childs is om die kanoniese vorming van die teks te ondersoek. Hierdie fase van die proses het ten doel om die kanoniese vorm van die teks te ondersoek wat die resultaat is van 'n historiese proses. Die kanoniese vorming van 'n teks dui, soos reeds aangetoon, op die kanoniese bedoeling van die geloofsgemeenskap. Die bestudering van die kanoniese vorm van die teks help om

die histories-kritiese probleme van 'n teks te probeer oplos. By Childs funksioneer die kanoniese vorming van 'n teks as brug tussen die historiese kritiek en Bybelse teologie.

Die gedeelte Eksodus 3:1-4:17 kan volgens Childs die beste gesien word as 'n verhaal van interaksie tussen die menslike en die goddelike. Die teenwoordigheid van die teken in 3:12 en die goddelike naam in 3:14 is sleutelelemente in die kanoniese vorming van die perikoop. Dit lei daartoe dat dit geklassifiseer kan word as 'n roepingsformule. Alhoewel die verhaal materiaal van twee bronne verteenwoordig, is die verhaal kunstig tot 'n eenheid verweef. Die gedeelte 3:1-12 is waarskynlik die oorspronklike verhaal waarby 3:13-15, 3:16-4:16 en 4:17 die teks 'n uitgebreide weergawe van die roepingsformule geword het. Die besware in 3:16-4:16 dui op Moses se pogings om sy roeping te ontduik. Hierdie besware dui moontlik op 'n latere invloed. Latere roepingsformules het almal 'n element van stryd tot aanvaarding van die roeping tot profeet gehad. Deur die toevoeging van 4:17 word die kanoniese vorming van die gedeelte voltooi deurdat Moses daaraan herinner word dat God vir altyd by hom sal wees, soos gesimboliseer deur die staf.

Sekere eksegetiese konklusies word deur Childs (1974a:51-79) getrek. Eksodus 3:1-4:17 verteenwoordig die roeping van Moses. Die oorspronklike verhaal is Eksodus 3:1-12. Ander tradisies is bygevoeg om die verhaal uit te brei. Deur sy histories-kritiese ondersoek toon Childs aan dat die verhaal uit verskeie tradisielae bestaan. Die betekenis van elke tradisie is verander wanneer hulle gesien word in hul finale kanoniese vorm. Saam met die oorspronklike roepingsverhaal is die ander tradisies geselekteer en georden in die kanoniese proses. Die finale produk verteenwoordig die bedoeling en bydraes van die outeurs en redakteurs. Deur die invoeging van 3:13-15 en 3:16-4:17 het die outeurs of samestellers aan die verhaal 'n nuwe betekenis gegee: die roeping van Moses is geaktualiseer in sy finale vorm. In 3:13-

15 word die naam van God aan Moses bekendgemaak om daarmee legitimiteit aan Moses te verleen as 'n ware profeet van God. Die invoeging van die besware in 3:16-4:17 dien as die vestiging van die profetiese tradisie wat vanaf Moses sou deurloop na die latere profete toe.

Die funksie van die tekens is om God se soewereiniteit bo die mens en natuur aan te dui. Die invoeging van die Äärontradisie mag oorspronklik gewees het om Ääron voor te stel, maar in die kanoniese vorm van die verhaal word Ääron die segsman teenoor Moses as die profeet gestel.

Childs se eksegese van 'n perikoop binne sy Ou-Testamentiese konteks het drie stappe. In die eerste plek gebruik hy die historiese kritiek as 'n hulpmiddel om die proses van kanoniese vorming aan die orde te bring. Tweedens gee hy aandag aan die boodskap van die perikoop in sy finale vorm. Derdens gee hy aandag aan die perikoop binne die verwysingsraamwerk van die hele Ou Testament[7]. Deur die stappe te volg, bestudeer Childs die perikoop binne die teologiese konteks van die kanon. In sommige gevalle sal die eksegese ten einde loop na die ondersoek van die Ou-Testamentiese konteks, soos in die geval van Eksodus 1:1-7. Ander kere word die teks soos dit aangehaal word in die Nuwe Testament ondersoek, of soos dit deur die geskiedenis van eksegete hanteer is.

Met die volgende stap verskuif Childs die grense van sy eksegetiese onderneming van Eksodus 3:1-4:17 na die spesifieke verwysings daarvan in die Nuwe Testament.

### 4.8.2 Die gebruik van Eksodus 3:1-4:17 binne Nuwe-Testamentiese konteks

[7] In dié verband is dit egter interessant om daarop te let dat Childs nie veel maak van 'n gedeelte soos byvoorbeeld Eksodus 6:2-7:7, waar die hernuwing van die roeping van Moses ter sprake is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Childs (1964:433) behoort ons aan 'n Ou-Testamentiese teks se Nuwe-Testamentiese konteks aandag te gee, want die Christendom beskou die twee Testamente as deel van een Heilige Skrif. In Childs se benadering is die verhouding tussen die twee Testamente 'n dialektiese een en nie net 'n suiwer historiese een waar eksegese beweeg van die Ou Testament na die Nuwe Testament nie. Eksegese beweeg van die een na die ander Testament sonder enige beperkings. Die geloof in Jesus Christus bind die twee Testamente saam tot 'n eenheid. Om dié rede volg Childs (1970a:109) 'n christologiese interpretasie van die Skrif. Die Ou Testament is 'n voor-Christelike geskrif wat verbind is met die Nuwe Testament deur die vroeë kerk se geloof in Christus. Wanneer 'n perikoop in beide Testamente voorkom, word dit eers binne sy onmiddellike konteks ondersoek en dan in verhouding met die ander verwysings binne die konteks van die kanon. Eers as een perikoop gehoor is in verhouding tot die ander is 'n teologiese waardering moontlik (Childs 1970a:159).

'n Ou-Testamentiese teks kan implisiet of eksplisiet teenwoordig wees in die Nuwe Testament. Die ondersoek van 'n Ou-Testamentiese gedeelte binne 'n Nuwe-Testamentiese konteks bestaan ook uit drie stappe. In die eerste plek word daar weer eens gekyk na die parameters van eksegese binne die nuwe konteks. Die rede hiervoor is nie om te kyk hoe die konteks verskuif het nie, maar hoe die konteks uitgebrei is om beide Testamente in te sluit. In die tweede plek word die kanoniese vorm van die Ou-Testamentiese teks in die Nuwe Testament bekyk. Laastens word dan sekere konklusies gemaak. Die doel van hierdie fase is om die Nuwe-Testamentiese gedeeltes te beskryf waarin daar verwysings is van Eksodus 3:1-4:17. Dit gaan nie hier om die kanoniese vorm van die Nuwe Testament in sy wydste sin nie. Volgens Childs is daar drie verwysings van die roeping van Moses in die Nuwe Testament. Die gedeeltes is: Matteus 22:32 (met sy sinoptiese parallelle in Markus

12:26 en Lukas 20:37), Handelinge 7:30-34 en Openbaring 1:8[8]. Die eerste gedeelte Matteus 22:32 en sy parallelle, bevind hom binne die konteks van die Sadduseërs wat Jesus 'n vraag vra rondom die opstanding.

Deur gebruikmaking van die roeping van Moses as 'n gesaghebbende teks uit die Torah repudieer Jesus die Sadduseërs op twee maniere: hulle ignoreer die krag van God en die Woord van God. Childs bespreek die gebruik van die roeping van Moses slegs binne die konteks van Matteus 22:32. Die vorm van die materiaal is volgens Childs die sleutel tot die betekenis van die materiaal. Die basiese vorm van die Eksodus gedeelte in die Evangelies word gesien as 'n legitimasie van die opstanding as 'n waarheid waarvan die Skrif getuig. Die roeping van Moses word deur die Evangelieskrywers gebruik om hulle materiaal in so 'n vorm te plaas dat dit die krag van God in die opstanding demonstreer.

Die tweede Nuwe-Testamentiese gedeelte wat Eksodus 3:1-4:17 gebruik is Handelinge 7:30-34. In dié gedeelte spreek Stefanus hom uit teen sy arrestasie deur na Moses en die aartsvaders te verwys. Stefanus word daarvan beskuldig dat hy teen Moses praat. Hy gebruik dan die verhaal van Moses om homself te verdedig. Die gedeelte Eksodus 3:4-4:17 is deel van die toespraak van Stefanus waarin hy demonstreer hoe God se boodskappers deur Israel verwerp is. Die derde gebruik van die roeping van Moses is 'n verwysing in Openbaring 1:8 na die naamformule in Eksodus 3:14. Die Septuaginta se weergawe van Eksodus 3:14 word in Openbaring gebruik. Alhoewel dit die vraag na vore bring watter Ou-Testamentiese teks deur die Evangelies gebruik is, skenk Childs nie aandag aan die probleem nie. Hy lewer nie uitspraak oor die Evangelies se keuse van die Masoretiese teks bo die Septuaginta

[8] Openbaring 1:8 word deur Childs gesien as 'n implisiete verwysing na Eksodus 3:1-4:17. Die gebruik van Childs om 'n kanoniese gedeelte te soek wat in skerp kontras is met die teks funksioneer nie hier nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie[9].

Die Evangelies gebruik die roeping van Moses om die Sadduseërs se ongeloof in die opstanding te verwerp asook om hulle ongeloof ten opsigte van die krag van God aan die kaak te stel. Die Evangelies word daarvan beskuldig dat hulle Eksodus 3:1-4:17 in die midrasvorm gebruik. Childs sien die gebruik van die roeping van Moses as 'n eksegetiese tradisie wat herinner aan die eerste Judaïsme. Die vraag wat ter sprake kom is nie of die skrywer van Matteus die Eksodusteks in Matteus 22:32 korrek gebruik nie. Childs se beskouing is dat die saak tussen Jesus en die Sadduseërs te doen het met die realiteit rondom God, soos die openbaring van God aan Moses in die doringbos.

In Handelinge 7:30-34 word Eksodus 3:1-4:7 gebruik om aan te toon dat die boodskappers van God deur die volk verwerp is. Childs sien 'n Hellenistiese invloed in Handelinge 7. Die feit dat Handelinge nie Moses se teenstand noem nie, stem ooreen met Josefus en Filo wat 'n Hellenistiese invloed aandui.

Vir Childs is die eksegetiese taak eers voltooid wanneer beide Testamente ter sprake gekom het. Childs se eksegese gaan egter nog verder as bloot net die ondersoek van 'n perikoop binne die konteks van die Ou en die Nuwe Testament. Vir Childs speel die wyse waarop die teks deur die geskiedenis geïnterpreteer is ook 'n rol.

### 4.8.3 Die eksegetiese geskiedenis van Eksodus 3:1-4:17

By hierdie fase van Childs se eksegetiese onderneming is daar ook drie stappe ter

[9] Childs (1979c:84-106) gee egter in sy *Introduction to the Old Testament as scripture* aandag daaraan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sprake. In die eerste plek gaan dit weer eens daarom om die grense van die konteks vas te stel. Die konteks word uitgebrei om die geskiedenis van eksegese te akkommodeer. Tweedens word die doel van die ondersoek gegee, asook die bydrae wat daardeur gemaak word ten opsigte van die verstaan van die teks. Derdens word 'n teologiese waardering gegee. Alhoewel die kanon die konteks is waarbinne eksegese gedoen word, praat Childs (1964:438) van 'n "explicit framework of faith". Daarmee maak hy dit heel duidelik dat hy groot waarde heg aan die geskiedenis van eksegese as 'n onderdeel van sy eksegetiese onderneming.

Die geskiedenis van eksegese is deel van die kanoniese konteks omdat dit 'n integrale deel is van dit wat geïnterpreteer word (Childs 1964:97). Daarby het Childs groot waardering vir die kanonbewustheid wat by die ou kerkvaders geheers het (Barton 1986:96). Die roeping van Moses het nie 'n groot rol gespeel in vroeë Joodse interpretasies nie. Die kerkvaders het die engel in die bos verklaar as Jesus. Augustinus het die engel beskou as 'n verteenwoordiger van Jesus en het daarmee 'n trinitariese interpretasie geheg aan die gedeelte. Die Hervormers het 'n meer filosofiese aanslag gehad. Luther het die roeping van Moses allegories verankerd in Christus verstaan. Zwingli het verstaan dat dit spreek van God as die Skepper van lewe en dat Jesaja 40 'n kommentaar is op Eksodus 3:14 (Childs 1974a:85-86).

Die geskiedenis van eksegese is nie 'n noodsaaklikheid vir eksegese nie. Sekere gedeeltes het byvoorbeeld nie so 'n geskiedenis nie. Childs vind dit nuttig in die sin dat dit 'n perspektief gee van hoe 'n gedeelte deur die eeue heen verstaan is en watter vrae aan die teks gestel is. Deur die gebruik van die geskiedenis van eksegese probeer Childs om die pre-kritiese teologiese eksegese van die Christelike kerk en die Joodse tradisie aan die orde stel. Drie redes kan genoem word waarom Childs dit doen.

In die eerste plek word daar aandag gegee aan teologiese kwessies wat eksegete deur die geskiedenis as belangrik beskou het. Tweedens lei die tradisie van interpretasie die moderne eksegeet in die interpretasie van 'n teks. Die eksegeet word in die derde plek blootgestel aan die verskeidenheid van interpretasies deur beide Christene en Jode.

Childs wil deur die gebruik van die resultate van vroeë eksegete nie sê dat hulle aanwending van die teks korrek is nie. In hierdie stadium is dit duidelik dat die aanwending van die kanoniese benadering alles behalwe 'n oppervlakkige lees van die teks is. Die gebruik van die histories-kritiese metode en die geskiedenis van die eksegese onderstreep hierdie feit. Childs gaan veel verder as maar net die historiese lees van 'n teks. Hy gaan soek ook na die teologiese dieptedimensie van 'n teks[10]. Soos na al die ander fases maak Childs na hierdie stap 'n teologiese waardering.

### 4.8.4 'n Teologiese waardering van Eksodus 3:1-4:17

Die Ou-Testamentiese betekenis van Moses se roeping is die openbaring van God aan Moses en die Israeliete as dieselfde God van die aartsvaders wat aan sy volk verlossing belowe. Die Nuwe Testament aanvaar dit nie net as dieselfde openbaring nie, maar plaas ook die openbaring binne die eskatologiese gebeure van Jesus Christus. Beide Testamente se gebruik van Eksodus 3:1-4:17 wys heen na dieselfde openbaring van God se verlossingswerk. God word gesien as die God van die verlede (die aartsvaders), die hede (Moses en Jesus) en die toekoms.

In die geskiedenis van die eksegese word Eksodus 3:1-4:17 ontologies gesien in die

[10] In dié verband word Childs deur Barton (1984b) daarvan beskuldig dat hy 'n "flat" lees van die teks voorstel. Om hierdie rede gebruik Barton strukturalistiese argumente om die benadering van Childs te beoordeel. In 'n latere hoofstuk word hieraan weer aandag gegee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lig van die goddelike realiteit. God openbaar hom in die geskiedenis met die primêre doel om sy verbondsvolk te verlos. Alhoewel God hom bekend maak deur die geskiedenis, word die geskiedenis bepaal deur wat God doen. Die selfopenbaring van God is 'n oproep tot geloof in Hom. Met die teologiese waardering wil Childs die resultate van die eksegese assimileer om so 'n teologiese verstaan van die teks te bied.

Die teologiese interpretasie van die teksgedeelte is die werk van die eksegeet. Die kanoniese vorm van die teks en die tradisie waarbinne die eksegeet staan, is belangrike faktore in die proses. Childs gee egter ook aandag aan die eksegetiese resultate van die Joodse tradisies[11].

## 4.9 Samevatting

In die voorafgaande gedeelte is daar gepoog om die kernkonsepte van die kanoniese benadering aan die orde te stel. Daar is aandag gegee aan die wyse waarop Childs begrippe soos kanon, kanoniese vorming, kanoniese teks, en die rol wat die geloofsgemeenskap speel aan die orde stel. Daar is ook gepoog om die metodologie van Childs te sistematiseer aan die hand van Eksodus.

Belangrik vir hierdie studie is in hoe 'n mate Childs in sy kommentaar gebruik gemaak het van die resultate van die histories-kritiese metode. Dit is duidelik dat Childs weet hoe om hierdie metode te gebruik. Dit kom deurentyd ook na vore dat Childs heelwat maak van die benadering van Barth. Childs se weiering om woord en

[11] 'n Joodse eksegeet lewer soos volg 'n positiewe opmerking na aanleiding van Childs se gebruikmaking ook van die Joodse tradisie van eksegese: "Jewish readers will not find themselves strangers in this discussion, for the theological meanings emerge from the facts of human existence, though the idiom, as one must expect, is Christian" (Neusner 1976:91).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebeure van mekaar te skei, is veral opvallend. Dit word veral duidelik as Childs (1974a: 301) die volgende sê: "He (the Biblical writer) does not see Exodus as 'act' of God distinct from the 'word of God' which explains it. In theological terms the relation between act and interpretation or event and word, is one which cannot be separated". Dit wil dus voorkom asof Childs nie werklik daarin kon slaag om die histories-kritiese metode die rug te keer nie. Die resultate van die histories-kritiese metode is van kardinale belang vir die kanoniese benadering. Die Eksoduskommentaar is 'n waterskeiding in dié verband. Die werke van Childs na 1974 vertoon 'n al hoe groter gemaklikheid met die histories-kritiese metode. In dié verband sluit Childs direk aan by von Rad en Barth.

Childs (1970a:106; 1985:15) het dit van die begin af duidelik gemaak dat hy nie 'n voorstander is van die gebruik van slegs een metode nie. Hy spreek hom egter uit teen die gebruik van allegorie en tipologie in hul patristiese en middeleeuse vorms. By Childs (1979c:71) is daar geen onsekerheid dat die histories-kritiese analise van 'n teks 'n belangrike bydrae lewer nie. Vir 'n teks om verstaan te word, is dit vir Childs (1970a:112) baie belangrik dat die teks aan die begin van die eksegetiese proses gesien word in sy spesifieke periode. Childs stel dit baie duidelik dat die oorspronklike historiese konteks nie die konteks is waarbinne eksegese gedoen moet word nie. Die historiese ontwikkeling van 'n teks is volgens Childs primêr die resultaat van teologiese besluite wat deur die geloofsgemeenskap geneem is en nie die gevolg van politieke en sosiologiese oorwegings deur die gemeenskap nie. Hier gaan Childs teen die benadering van Gottwald in. Vir die wyse waarop die historiese kritiek deur Childs gebruik word, ontvang hy lof uit verskeie oorde[12]. Daar moet egter bygesê word dat Childs die historiese kritiek op 'n eiesoortige wyse hanteer.

[12] In hierdie verband maak Kittel (1980:2) baie positiewe opmerkings oor Childs se gebruik van die historiese kritiek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die gedeelte wat volg word die verhouding tussen Childs en ander teoloë, veral dan met onder andere Barth, aan die orde gestel.

# 5. B.S. Childs se verhouding met ander teoloë en nie-teoloë

## 5.1 Inleidend

In die vormingsjare van Childs was daar teoloë wat 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak het en invloed op hom uitgeoefen het. In die uitwerking van sy kanoniese benadering kan die stemme van hierdie teoloë deurentyd gehoor word. Hier moet daar in die eerste plek gedink word aan Karl Barth. Geen ander teoloog het so 'n groot indruk op Childs gemaak nie. Geen ander naam kom so dikwels voor in die bibliografie van Childs as juis dié van Barth nie. Childs word ook heel dikwels daarvan beskuldig dat hy 'n teologiese kloon van Barth is. Childs verduur vir dieselfde aspekte kritiek as dié waarvoor Barth gekritiseer is.

Om Childs na waarde te beoordeel en te verstaan moet daar na Barth gekyk word en die invloed wat hy op Childs het. Dit is veral ten opsigte van Childs se verhouding met die historiese kritiek wat die invloed van Barth baie duidelik is. Daar is egter ook 'n ander Ou-Testamentikus wat 'n groot invloed op die denkklimaat van Childs uitoefen. Spore van von Rad is orals te sien in die kanoniese benadering van Childs. Die finesse waarmee Childs veral die tradisiekritiek hanteer, is te danke aan die invloed van von Rad. Die verhouding tussen von Rad en Childs word ook onder die loep geneem.

'n Naam wat sinoniem geword het met dié van Childs binne die kanoniese beweging is dié van Sanders. Daar sal gekyk word na die punte van ooreenkoms tussen Sanders en Childs, maar veral ook hulle verskille.

Laastens gaan daar aandag gegee word aan 'n aantal teoloë wat in 'n interessante verhouding met Childs staan. Soos reeds genoem, is daar punte van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ooreenstemming tussen Childs en die literêre kritiek. Alhoewel Childs geen waardering vir hierdie benadering gehad het nie, is daar tog heelwat punte van ooreenstemming. In sommige gevalle bied hierdie benaderings perspektiewe om Childs beter te verstaan. Hier word daar spesifiek gedink aan die name van Ricoeur, Gadamer en Jauss. Die sogenaamde Yale-skool, kollegas van Childs by Yale sal ook aan die orde kom. In dié geval sal daar veral gekyk word na die verhouding van Frei en Lindbeck met Childs. In 'n volgende hoofstuk sal daar geargumenteer word dat Childs se metodologie in sekere opsigte inkonsekwent is. Childs se raakpunte met ander bied die moontlikheid dat hy swak punte in sy eie metodologie kan versterk deur van ander teoloë en nie-teoloë oor te neem.

Ten slotte sal die moontlike ooreenkomste tussen Childs en die navolgers van 'n pluralistiese lees van die teks onder die loep geneem word.

## 5.2 Karl Barth

Gedurende sy doktorale studies (1950-1954) aan die Universiteit van Basel het Childs in aanraking gekom met die teologiese hermeneutiek van Karl Barth. Childs (1969a:30) gee die volgende persoonlike indrukke van sy kontak met Barth: "I suppose I have been exposed to Barth longer than most people: four years in Basel listening to Barth. And yet I didn't go to hear Barth. I learned later that, of course, he was there. I went to Basel to learn Hebrew grammar from Walter Baumgartel. And yet Barth was there and we all listened to him". Die ontmoeting lei tot 'n blywende indruk op die kanoniese benadering van Childs. "His indebtedness to Karl Barth and the Reformers is greater than his explicit references suggest" (Miller 1971:210). Dit word geïllustreer deur die volgende opmerking: "The Bible is not concerned with transmitting general truths about God, but is the Word of God calling forth a response" (Childs 1985:60). Hierdie aanhaling klink asof dit uit een van die bande

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van *Kirchliche Dogmatik* geneem is, maar dit kom in der waarheid uit een van Childs se werke.

Beide Childs en Barth se teologie is pogings gebore uit die dialektiese spanning tussen die teologiese en historiese aspekte van die Bybel. Dit is veral ten opsigte van die hoeksteen van Childs se benadering, naamlik die kanon, duidelik.

Barth (1942:109-110) sien die kanon nie as 'n dogmatiese skepping deur die kerk nie, maar eerder as die kerk se erkenning van God se openbaring. Die kanon kan nie los van die kerk gesien word nie. Die kanon gaan volgens Barth (1942:103) hand aan hand met die teologiese inhoud van die teks, asook met sy historiese vorming.

Vir Childs gaan dit soos reeds aangetoon ook om 'n teologiese waardering van die kanon. By sowel Childs as Barth (1942:104) is die hele kanon die geskrewe woord van God en daarom is die kanon vir Barth en Childs die konteks van eksegese. Childs het soos Barth ook heelwat kritiek verduur vir die prominensie wat aan die kanon gegee word. Childs (1969a:32) het self die volgende geskryf oor die belang wat die kanon vir Barth gehad het: "Barth always complained that one could not get behind the text, that one could not come at Scripture from a context other than the Canonical context as it had been received by the church, that their was no neutral position from which one could start and then somehow make a bridge from neutrality to commitment".

Alhoewel die historiese ondersoek 'n belangrike komponent in die benadering van Barth is, fokus die proses van interpretasie op die presiese woorde soos dit in die teks staan, Childs het Barth hierin gevolg. Barth en Childs (1964:437) gebruik die kanon as vertrekpunt van hulle eksegetiese arbeid. Die Skrif is die enigste bron van objektiewe studie.

Tussen die eksegetiese arbeid van Barth en Childs is daar groot ooreenkomste. Dit is veral in *Myth and reality* (1960) waarin daar ooreenkomste is. In dié werk is daar instemming met Barth oor die Christelike aard van Ou-Testamentiese eksegese (Childs 1960:104). Barth lê ook 'n belangrike klem op die finale vorm van die teks. Barth word genoem as een van die oorspronklike formuleerders van hierdie siening. Hy stel dit duidelik dat die teks vir homself moet spreek soos dit geskryf staan. Die teks moet aan die orde kom soos dit staan, alhoewel die pre-historiese ondersoek van die teks ook vir Barth belangrik is. Die historisiteit van 'n teks moet in eenheid met die teks gesien word, maar dit kan nooit op die voorgrond wees tydens die interpretasie van die teks nie. Dit is steeds belangrik dat die teks gehoor moet word binne die konteks van die kanon.

Childs meen dat een van die redes waarom die eksegese van Barth vandag nog 'n groot invloed uitoefen, te danke is aan die feit dat hy nie eksklusief op die historiese kritiek staatgemaak het nie. Dit is 'n punt van kritiek teen Barth dat hy nie die historiese kritiek meer ernstig opgeneem het nie. Die historiese kritiek speel 'n ondergeskikte rol by Barth. Dit is wel deel van sy hermeneutiese mondering, maar word nie deur Barth verabsoluteer nie. Uit die aard van die saak is dit vir Childs (1969a:33) nie negatiewe kritiek teen Barth nie, maar 'n winspunt[1]. Die verhouding wat Childs met die historiese kritiek het herinner aan Barth se siening. Childs verabsoluteer ook nie die historiese kritiek nie. Dit word egter deur hom op 'n eiesoortige wyse gebruik om op die finale vorm van die teks te fokus. Barth het homself nooit gedistansieer van die historiese kritiek nie. In die praktyk het hy volgens Childs (1960:81-82) egter nie op die historiese kritiek gesteun nie.

[1] As gevolg van Barth en Childs se sentimente ten opsigte van die histories-kritiese metode word hulle altwee as post-krities getipeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ander aspek wat Childs met Barth deel, is Childs se aandrang op die geskiedenis van eksegese. Barth gee ook heelwat aandag hieraan in sy teologiese arbeid. Smend (1966:236) beskryf dit in 'n artikel oor die post-kritiese eksegese van Karl Barth as sy "second naivete".

Barth, soos Childs, fokus op die eksakte woorde van die teks self. Barth se belangstelling is 'n teologiese een en om dit te verseker moet 'n teks gelees word binne die konteks van die Ou en die Nuwe Testament. Childs, soos Barth (1939:492-494), meen dat enige wetenskaplike poging om agter die teks in te kom tot 'n teologiese negering van die teks lei. Die bewondering wat Childs vir Barth het, kom duidelik na vore as Childs (1969a:31) sê dat Barth byna onaangeraak is deur die kritiek teen die Neo-ortodoksie. Childs (1984a:66-70) sou ook meermale as apologeet van Barth optree en veral iemand soos Barr daarvan beskuldig dat hy Barth nie reg verstaan nie.

Childs en Barth lê klem op die hegte verhouding wat daar bestaan tussen die Skrif en die geloofsgemeenskap. Teologie is die wetenskap wat hom besig hou met die verkondiging van die kerk. Die hooftaak van die teologie is daarom volgens Barth om hom altyd besig te hou met die voorbereiding van die prediking. Childs beklemtoon dit dat die taak van die teologie altyd is om die Skrif weer relevant te maak vir die kerk. In 'n resensie van Schmitt (1978:235) toon hy aan dat die invloed van Barth in die meeste van Childs se werke gevind kan word. Markus Barth (1971:353) toon in 'n artikel dat daar 'n groot affiniteit vir die eksegese van sy vader by Childs teenwoordig is. Sowel Childs as Kraus toon 'n groot bewondering vir die werk van Barth. Dit was een van die groot punte van kritiek wat Childs (1970a:110) teen die *Biblical Theology Movement* gehad het dat die eksegese van Barth deur hulle misverstaan is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is moontlik dat Childs ook via die werk van von Rad deur Barth beïnvloed is. Dit is ook duidelik dat Childs nie net in 'n bepaalde fase deur Barth beïnvloed is nie, maar ook in sy resente werke kan die invloed van Barth waargeneem word. 'n Voorbeeld hiervan is in sy teologie as hy 'n tema soos *Male and female as a theological problem* hanteer. Dit is veral die *analogia fidei* van Barth wat hier na vore kom (Childs 1985:188). In die resente werk van Childs (1992) verwys hy meer kere na Barth as na al die ander teoloë wat ook 'n invloed op hom uitgeoefen het soos von Rad, Eichrodt en Zimmerli.

Scalise (1980:103) maak die opmerking dat die benadering van Childs in 'n groot mate 'n verlenging is van die teologie van Barth. Hy toon aan dat daar in die kritiek teen Childs 'n aantal Barthiaanse temas is wat telkens na vore kom. Dit is veral die volgende: (1) Die Bybel as bron van die openbaring. (2) Kritiek teen die eksistensiële hermeneutiek. (3) Die verwerping van antroposentriese teologie. Die Barthiaanse temas by Childs kom veral na vore in die kritiek van Barr, Sanders en Brueggemann. Hierdie kritiek word later hanteer.

Daar is egter ook verskille tussen Barth en Childs. Dit is veral oor die komplekse onderwerp van die rol wat geskiedenis binne die eksegese speel dat hulle van mekaar verskil. Reeds in *Myth and reality* lewer Childs (1960:101) in dié verband kritiek op Barth: "Although he (Barth) attempts to do justice theologically to history, in practice his history tends to lose its earth-bound qualities. One can seriously question whether Barth has resolved the problem of history or merely avoided it". Dit word deur Sanders (1976c:286) genoem dat die spanning wat daar bestaan tussen die historiese kritiek en die teologiese aspekte in die benadering van Childs, te wyte is aan die invloed van Noth en Barth respektiewelik op sy benadering. Barth laat ruimte vir 'n historiese lees van die teks, maar as eerste stap van sy eksegese. Childs soos reeds aangetoon, maak gebruik van die resultate van die historiese

kritiek in 'n vroeë stadium van sy eksegese. Anderson (1981:14-15) maak ook melding van die spanning tussen Barth en die histories-kritiese aspekte van Childs se benadering. Childs maak meer van die resultate van die histories-kritiese metode as wat dit met Barth die geval is.

Sowel Barth as Childs se benaderings is gebore uit die smeltkroes van die spanning wat daar tussen historiese en teologiese aspekte van die Bybel bestaan. Dit moet gesien word as die raamwerk vir die groot ooreenkomste tussen die twee. Barth het 'n onuitwisbare invloed op die benadering van Childs gehad.

## 5.3 G. von Rad

Die Ou-Testamentikus von Rad het ook 'n invloed op die benadering van Childs gehad. Dit is veral die wyse waarop Childs die tradisiekritiek hanteer wat sterk aan von Rad herinner. Daar is egter ook ander raakvlakke wat aangedui kan word.

Die term kanoniese vorming wat deur Childs gebruik word kan beter verstaan word as dit gesien word teen die agtergrond van die invloed wat von Rad op hom uitgeoefen het. Van die drie groot Ou-Testamentici waarmee Childs te doen gekry het, Eichrodt, Zimmerli en von Rad, het laasgenoemde sekerlik die grootste invloed op hom uitgeoefen. Dit is net die naam van Barth wat meer kere as dié van von Rad in die bibliografieë van die werke van Childs voorkom. Die benadering van von Rad is deur die dialektiese benadering van Barth beïnvloed.

Childs waardeer die pogings van von Rad om meer holisties te werk. In sy artikel oor die tipologie poog von Rad (1952:6-33) om die Nuwe Testament ter sprake te bring. Hy kyk na die verstaan van die Ou Testament deur die vroeë Christelike gemeenskappe. In die derde deel van sy tweede band hanteer von Rad (1961:329)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kulminering van die Ou-Testamentiese geskiedenis in die verlossende werk van Jesus Christus (Childs 1986:78). Von Rad se eksegetiese benadering is veral op die pilare van die tradisiegeskiedenis en die vormkritiek gebou. Childs is by meer as een geleentheid lof toegeswaai vir die wyse waarop hy hierdie apparaat gebruik, of kritiek is teen hom gelewer vir die manier waarop hy op dié apparaat steun (Gottwald 1985:310).

Von Rad lê klem op die teks self. Alhoewel hy agter die teks gaan soek, is die klem nooit op die gegewens as sodanig nie: "Der Gegenstand, um den sich der Theologe bemüht, ist ja nicht die geistig-religiöse Welt Israels und seine seelische Verfassung, auch nicht seine Glaubenswelt, welches alles nur auf dem Weg von Rückschlüssen aus seinen Dokumenten erhoben werden kann, sondern nur das, was Israel selbst von Jahwe direkt ausgesagt hat" (von Rad 1958:111).

Die begrip *Nacherzählung* wat deur von Rad (1961:45) gebruik word, het 'n invloed gehad op die konsep kanoniese vorming. Deur redaksiekritiek het von Rad aangetoon hoe elke laag teologies geïnterpreteer is vir 'n nuwe situasie. Vir Childs is dit belangrik om te kyk watter rol die verskillende redaksies en tradisies in die ontwikkeling van die finale vorm van die teks speel. Om die Skrif vir die kerk te aktualiseer is een van Childs se groot doelwitte in die implementering van die kanoniese benadering.

Alhoewel von Rad (1961:329) klem lê op die deskriptiewe taak deurdat elke laag van die tradisie ondersoek word, erken hy die homiletiese belang van die proses vir latere Christelike gemeenskappe. Dit is veral in die eerste band (1958) van sy teologie dat die aktualisering van die teks sterk na vore kom. Die kulminering van von Rad se werk ten opsigte van die aktualisering van 'n teks, kry beslag in sy poging om die Ou en die Nuwe Testament in verband met mekaar te bring (Childs

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1986:78-79).

Die klem wat von Rad (1961:6) op die *Vergegenwärtigung* van die ou tradisies deur 'n nuwe geslag plaas, het 'n invloed op Childs uitgeoefen. Vir Childs is die aktualisering van die teks een van die belangrikste doelwitte van die kanoniese vorming. Dit is nie deel van die proses van kanoniese vorming nie, maar die doel van die proses. Daar was 'n kanoniese intensionaliteit teenwoordig tydens elke vlak van kanonisering om die teks toeganklik te maak vir opeenvolgende geslagte. Childs (1984b:78) dui aktualisering aan as die proses waardeur antieke tekste toeganklik gemaak is vir 'n moderne gehoor. Von Rad (1961:122) gebruik *Vergegenwärtigung* in die sin van die oorvertel van die tradisies. Childs gebruik dit om 'n brug te skep tussen die verlede en die hede. Childs en von Rad identifiseer dieselfde probleem met die aktualisering van 'n teks. Die probleem is om 'n verband te lê tussen die tipe aktualisering wat in die Ou Testament plaasvind en kultiese aktualisering. Beide sien egter die aktualisering van die Ou Testament as 'n transformering van kultiese aktualisering. Die basiese verskil tussen Childs en von Rad is hulle vertrekpunt ten opsigte van aktualisering. Von Rad se vertrekpunt is teologies van aard, ekstern en fokus weg van die mens op God. Childs se konsep, gebaseer op sy vroeë etimologiese werk oor die woord *zkr*, fokus op die rol wat die mens se geheue speel (Grove 1983:88-91).

Die ontwikkeling van Childs se verstaan van die kanoniese vorming kan die beste verstaan word teen die agtergrond van die invloed van von Rad. Childs se uitgangspunt om die teks te kies as basis van sy teologie en nie die wêreld van oud-Israel nie, kan gesien word as invloed wat deur von Rad (1961:105) uitgeoefen is. Die opmerking deur von Rad (1958:126): "Die legitimste Form theologischen Redens vom Alten Testament ist deshalb immer noch Nacherzählung" werp lig op die proses van kanoniese vorming. Dit wil voorkom asof Childs slegs hierdie proses wat von

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Rad *Nacherzählung* noem, verfyn het tot die proses van kanoniese vorming. Die redaksionele arbeid van die verskillende lae van tekste gaan gepaard met teologiese interpretasie van daardie tekste. Wanneer Childs aandag gee aan die finale vorm van die teks, gee hy aandag aan die wyse waarop daardie tradisies op 'n sekere wyse georden is. Die primêre verskil tussen von Rad en Childs is dat vir Childs die eksegese van elke fase van hierdie tradisies nie teologie is nie, maar slegs op pad wees na teologie.

In die dispuut tussen von Rad (1961) en Wright (1960) kom daar interessante raakvlakke tussen von Rad en die kanoniese benadering van Childs na vore. Wright is daarvan oortuig dat die teologiese taak toegespits moet wees op die ware gebeure. Von Rad argumenteer dat die verhale rondom die aartsvaders teologies sekondêr is. Hierdie tradisies het volgens von Rad werklik gesag gekry binne die raamwerk van die Jahwistiese geloof. In die argumentasie negeer von Rad nie net die waarde wat aan die oorspronklike historiese gebeurtenis geheg word nie, maar is daar ook by hom sprake van 'n progressiewe suiwering van tradisies. 'n Saak wat sterk by Childs sowel as by Gadamer funksioneer (Brett 1991:78). Hierdie feit word ook deur Oeming (1985:42) uitgewys. Dit is egter, soos in die geval met Barth, weer eens as gevolg van die rol wat die geskiedenis moet speel in die eksegetiese onderneming, dat Childs en von Rad se paaie uitmekaar loop.

Von Rad gee teologiese waarde aan elke laag van die teks. Childs aan die ander kant sien net die finale vorm van die teks as normatief. Die werk van von Rad op die gebied van die tradisiekritiek het die proses aan die gang gesit om die klem te plaas op 'n kanoniese konteksanalise.

Childs het ten slotte 'n probleem met die mindere rol wat von Rad aan die kanon toeken binne die hermeneutiese proses. Sy miskenning van die christologiese rol wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Christelike kanon gespeel het, is volgens Childs 'n probleem. Dit het aanleiding gegee tot die feit dat von Rad volgens Childs (1986:80) veral in Amerika verkeerd gelees is deur Knight, Sanders, Brueggemann en Hanson. Von Rad hanteer dit asof die geskrifte bestaan het uit 'n klomp los tradisies, terwyl Childs aandui dat die Hellenistiese gemeenskappe die Ou Testament gelees het as 'n versameling geïnspireerde geskrifte (Childs 1986:85).

Die bydrae wat von Rad gemaak het tot die kanoniese benadering van Childs is nie gering nie. Dit word gesien in die feit dat die historiese kritiek en meer spesifiek die tradisiekritiek 'n belangrike komponent uitmaak van die kanoniese benadering. Sanders is egter iemand wat nog meer as Childs gebruik maak van die tradisiekritiek. In die gedeelte wat volg word daar aandag gegee aan die benadering van Sanders en sy verhouding met Childs.

## 5.4 J. A. Sanders

Die kanoniese benadering het meer as een belangrike navolger. Alhoewel almal die belang van die kanon in die interpretasieproses benadruk, is daar heelwat klemverskille tussen die eksponente van die kanoniese beweging. Onder die bekende teoloë tel die name van Blenkinsopp, Brueggemann, Jacob en Sheppard[2].

Sanders is die persoon wat saam met Childs die meeste prominensie verleen aan die kanoniese benadering. Wanneer daar oor die kanoniese benadering gepraat word, is dit die naam van Sanders wat meer as enige ander naam saam met dié van Childs opduik. Daar is heelwat gemeenskaplikhede tussen die benaderings van

[2] In Hoofstuk 1 onder die opskrif: "'n Kort oorsig oor die belangstelling in die kanon" is daar aandag gegee aan die klemverskille van dié teoloë ten opsigte van die kanon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sanders (1980:183) en Childs. Hulle toon groot waardering vir mekaar se werk (Childs 1980b:201). Die ooreenkomste tussen Childs en Sanders is veral duidelik in hul vroeë werke. Namate daar 'n ontwikkeling in hulle benaderings was, het hulle verder weg van mekaar beweeg. Beide wil egter hê dat die Bybel sy regmatige plek in die kerk moet inneem. Albei lê klem op die kanoniese konteks as gesaghebbend. In wese is dit altwee se doel om Bybelse teologie uit 'n doodloopstraat te verlos. Die historiese kritiek het die gemeenskappe wat die geskrifte geproduseer en gevorm het, geïgnoreer. Dit het net op die individuele skrywers gefokus. Die teks is gefragmenteer. Die Bybel is herskryf in die lig van wat gemeen is die oerteks behoort te wees. Dit het daartoe gelei dat die Bybel sy gesag verloor het. Oor die foute van die historiese kritiek, in dié verband, is Childs en Sanders (1980:183) dit eens. Childs en Sanders (1980:185) fokus albei op die funksie van die kanon eerder as op die struktuur of vorm daarvan. Alhoewel Childs en Sanders 'n verenigde front vorm teen sekere misbruike van die kritiese metode, is daar ook ernstige verskille tussen hulle.

Die verskille tussen Childs en Sanders is van so 'n aard dat hulle nie onder dieselfde skool geklassifiseer kan word nie. Selfs ten opsigte van hulle siening van die kanon is daar groot verskille. Vir Childs is die kanon die voertuig van God se Woord. Elke afsonderlike gedeelte moet as deel van 'n eenheid gesien word. Sanders meen egter dat die teks pluralisties van aard is. 'n Gedeelte kan net verstaan word as gekyk word hoe tradisies van mekaar verskil. Dit is die taak van die eksegeet om te besluit watter een van die tradisies die gemeenskap moet hoor.

Childs sien die kanon in navolging van Barth as voertuig van openbaring. Sonder die kanon kan daar geen openbaring wees nie. Sanders sien dit as 'n voertuig vir verlossing. Die belangrikste funksie van die kanon is om die vraag na die identiteit van die wat glo hulle is God se volgelinge na vore te bring. Sanders noem sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



benadering kanonkritiek[3]. Vir Sanders is kanonisering 'n historiese proses wat binne die historiese konteks waarin dit plaasvind, bestudeer moet word. Dit is die groot verskil tussen die benaderings van Childs en Sanders. Met konteks bedoel Sanders (1972) die historiese konteks, Childs daarenteen bedoel die literêre konteks. Wanneer Childs praat van 'n kanoniese proses bedoel hy daarmee die periode tussen die finale redaksie en die gestabiliseerde Masoretiese teks. Sanders stem daarmee saam, maar sien die geskiedenis van die kanon vóór kanonisering as deel van die proses. Dit is juis om dié rede dat Sanders die term kanonkritiek gebruik. Dieselfde proses herhaal hom nou in die geloofsgemeenskappe soos vroeër. Met dié siening verskil Childs radikaal. Die teologiese rol van die kanon kom volgens Childs nie met so 'n siening tot sy reg nie. So 'n benadering strook nie met die siening van die kanon in die Middeleeue en die Reformasie nie (Childs 1980b:202). Kanonkritiek word deur Sanders (1980:195) gesien as 'n onderafdeling van Bybelse kritiek. Om hierdie rede gee Sanders heelwat aandag aan die verloop van die kanonvorming.

Twee aspekte kom by Sanders na vore: die kanonproses en kanonhermeneutiek. Die kanonproses word as 'n historiese proses gesien wat in vier fases verloop het: die fases van die oerteks, die aanvaarde teks, die oorgelewerde teks en dié van die Masoretiese teks. Binne die konteks van die geskiedenis is daar 'n kanonhermeneutiek aanwesig waarvolgens die kanon gevorm word rondom 'n vaste kern wat voortdurend aangepas word. Die vroeë kanonproses was die seleksie van tradisionele materiaal en die faktor wat hier 'n rol gespeel het was nie teologies nie, maar eksistensialisties. Dit is die taak van die kanonhermeneutiek om vas te stel wat die beginsels en reëls was wat gegeld het in die vorming van die kanon. Die

---

[3] Dit is interessant om daarop te let dat veral binne die Noord-Amerikaanse milieu daar verwys word na kanonkritiek as die kanoniese beweging ter sprake is. Dit is opvallend dat daar binne hierdie milieu veel meer aansluiting gevind word by die benadering van Sanders as by dié van Childs. 'n Moontlike rede hiervoor is die sterk Europese wortels wat Childs het.

beginsels en reëls kan aan die huidige geloofsgemeenskap deurgegee word, om die Bybel as kanon te definieer. Die kanon vorm dus 'n brug tussen die hede en die verlede. Die kanon konsep by Sanders is ten eerste histories van aard en laastens teologies. By Barth sowel as Childs is dit eerstens 'n teologiese konsep. Dit is Sanders (1980:186) se grootste probleem wat hy met Childs het: die feit dat Childs nie aandag gee aan die historiese ontwikkeling en groei van die kanoniese literatuur nie.

By Childs is die kanon 'n produk van die geloofsgemeenskap, by Sanders is die kanon meer 'n proses wat gelei het tot die bepaalde vorm van die kanon. Childs meen dat dit nie korrek is om uit die proses 'n hermeneutiek te formuleer wat geldig is vir kontemporêre godsdienstige tradisies nie. Die produk moet die objek van eksegese wees. Die produk is 'n literêre fenomeen, die proses 'n historiese een. Dit beteken dat vir Childs die gesag in die gemeenskap se literatuur lê. Sanders meen egter dat dit te vinde is in die gemeenskap se gebruik van die literatuur (Spina 1982:185).

Om die totale konteks van elke fase van kanonvorming te bestudeer, maak Sanders van 'n verskeidenheid van kritiese dissiplines gebruik. Sanders maak veral gebruik van tradisiekritiek en redaksiekritiek. Childs argumenteer dat dit veroorsaak dat 'n kanoniese benadering maar net een van verskeie metodes van die historiese kritiek word. Om hierdie rede weier Childs om die term kanonkritiek te gebruik. Hy word hierin gesteun deur Rendtorff (1991:27).

Uit die aard van die saak is daar 'n groot breuk tussen Childs en Sanders wat die gebruik van die kritiese metodes betref. Childs (1973:90) het dit nie teen die gebruik van die historiese kritiek nie, maar hoe dit gebruik word. Alles moontlik word gebruik om te probeer verstaan hoe daar gelees en verstaan is aan die vormende

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kanontradisie. Kanonkritiek lei tot die ontstaan van nuwe dissiplines en die herdefiniëring van bestaande dissiplines. Childs meen dat die benadering van Sanders uiteindelik lei tot die identifisering van 'n kanon binne 'n kanon. Die probleem wat dan volgens Childs (1973:90) opduik is dat die gegewe teks nie as normatief aanvaar word nie. Childs meen ook dat geen deel van die kanon meer aandag moet kry as 'n ander deel nie. Individuele gedeeltes moet gesien word binne die groter konteks. Sanders meen egter dat sekere gedeeltes van die kanon 'n groter status moet hê as ander dele, byvoorbeeld die Torah en die Evangelies. Enige ander deel in die kanon is relatief ten opsigte van hierdie sentrale tradisies (Spina 1982:185).

Volgens Scalise (1987:108) bestaan dieselfde verskille tussen Childs en Sanders as wat daar tussen Barth en Bultmann bestaan het. Die kontrovers tussen Barth en Bultmann word voortgesit tussen Childs en Sanders. Childs het die verskil tussen hom en Sanders in die volgende twee punte saamgevat: In die eerste plek dat Sanders sy goeie definisie van kanon ongedaan maak deur gebruik te maak van konsepte wat eerder onder vorm- en tradisiekritiek hoort. In die tweede plek lewer Childs kritiek op die rol wat die geskiedenis in Sanders se benadering speel. Die benadering van Childs lê klem op die historiese vorm wat die gemeenskap aan die Skrif gegee het. Sanders lê weer klem op die historiese proses wat aanleiding gegee het tot die vorming van die teks[4]. In kontras met Childs se hermeneutiek wat teologies van aard is, is dié van Sanders meer eksistensialisties. Wat die gesag van die kanon betref, is Childs meer geïnteresseerd in die gesag van die kanon soos dit in die teks self na vore kom. So bevat die oorkoepelende struktuur van 'n boek 'n teologiese struktuur wat vir die gemeenskap normatief is. Sanders bring die gesag van die Skrif in verband met die behoeftes en krisisse van 'n spesifieke gemeenskap.

[4] In dié verband word daar deur Landes (1980:37) by Sanders aangesluit.

Die vorm van die kanon is 'n antwoord op hoe die gemeenskappe hierdie behoeftes en krisisse hanteer. Childs lê dus klem op die tekstuele sy van die normatiewe dialoog tussen teks en gemeenskap. Sanders verskuif die klem meer na die rol wat die gemeenskap speel (Morgan 1990:14).

Ten slotte het Childs 'n probleem met Sanders se siening dat dit Israel se soeke na 'n identiteit is wat die stukrag was agter die vorming van die kanon. Dit het die effek dat die Bybel se teosentriese perspektief vertaal word in 'n antroposentriese een (Spina 1982:173). Beide benaderings stem egter saam oor die belangrike plek wat die finale vorm van die teks inneem. Dit bring hulle na aan 'n literêre kritiek wat die Bybel in sy huidige vorm waardeer (Morgan 1988:214).

Benewens die kanoniese benadering van Sanders is daar ander teoloë, soos reeds genoem, wat sekere raakpunte met die benadering van Childs het. Alhoewel daar onder hulle nie konsensus is oor al die fasette van die eksegese nie, is daar eenstemmigheid oor veral die volgende punte: Die histories-kritiese metode het die vormkritiek te ver gevoer. Dit het veroorsaak dat 'n te groot klem geplaas is op die voorgeskiedenis van die teks. Belangrike teologiese perspektiewe het in die proses verlore geraak. Die belangrikste hiervan is die kanon self. Dit het die gevolg gehad dat die Skrif net toeganklik was vir geleerdes en nie vir die gewone gelowige nie. Om hierdie rede is die volgende uitgangspunte vir die teoloë belangrik: Ten eerste moet die teks gesien word in sy finale vorm. Ten tweede moet die Skrif gesien word as deel van 'n gemeenskap van gelowiges. Die oplossings wat deur die onderskeie teoloë aangebied word verskil egter van mekaar.

In die volgende gedeelte gaan daar gekyk word na Childs se verhouding met veral 'n taalfilosoof soos Gadamer en ander taalwetenskaplikes soos byvoorbeeld Jauss. Hierdie benaderings het op die oog af geen verbintenisse met die kanoniese

benadering nie. Daar was ook nie enige direkte kontak tussen Childs en hierdie twee nie. 'n Vergelyking van Gadamer en Jauss met Childs bring egter verrassende perspektiewe na vore.

Modelle wat ter sprake sal kom is nie noodwendig teologies van aard nie. Alhoewel die verskillende strome en modelle nie klinkklaar die benadering van Childs ondersteun nie, is daar elemente wat dit makliker maak om die kanoniese benadering beter te verstaan.

## 5.5 H. Gadamer

Alhoewel die bydrae van Gadamer nie heeltemal dieselfde invloed uitgeoefen het as dié van Heidegger, Bultmann en Wittgenstein nie, is hy 'n sleutelfiguur. Dit is nie net Fowl (1985) wat die ooreenkomste tussen Childs en Gadamer aandui nie, maar ook sy leermeester Zimmerli (1981). Fowl (1985:173) toon aan dat Gadamer net so ongemaklik met die histories-kritiese metode is as Childs. Childs toon aan dat daar as gevolg van die histories-kritiese metode 'n digotomie ontwikkel het tussen die histories gerekonstrueerde teks en die gesaghebbende Skrif. Gadamer wys uit dat dieselfde proses plaasgevind het in die algemene wetenskap. Oeming (1985:202) is van mening dat die raakpunte tussen Childs en Gadamer heel waarskynlik te wyte is aan die invloed wat von Rad op beide van hulle uitgeoefen het.

In 'n briefwisseling met Jolley (1987:80) skryf Childs dat hy nooit die werke van Gadamer formeel bestudeer het nie. Hy is egter bewus daarvan dat die ooreenkomste tussen hom en Gadamer deur Fowl (1985) aangetoon word. Childs skryf verder dat Gadamer redelike invloed uitgeoefen het op onder andere von Rad.

Dit is veral ten opsigte van dit wat Gadamer (1965:289) *Wirkungsgeschichte* noem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waar daar ooreenkomste tussen hom en Childs is. "Über sie hinaus geht das jeweils dem Schluss eines Abschnittes noch zugefügte Literaturverzeichnis, das in die Auslegungsgeschichte im Sinne einer 'Wirkungsgeschichte' hineinführt". (Zimmerli 1981:237). Met *Wirkungsgeschichte* word bedoel die impak wat 'n teks het deur die geskiedenis. Die verstaan van die effek van verskillende normatiewe tradisies op die finale vorm van die teks is 'n aanduiding van die *Wirkungsgeschichte* van die teks (Gadamer 1965:289). Groot dele van Childs se werk wy hy aan die geskiedenis van die interpretasie wat 'n teks ondergaan het. Dit is 'n aanduiding van wat die *Wirkungsgeschichte* van 'n teks kan wees (Fowl 1985:173-175).

Wat die betekenis van 'n teks betref, konstateer Gadamer (1965:273) dat dit nie dieselfde is as dit wat die outeur daaraan heg nie. Die ware betekenis van 'n teks kom tot stand wanneer daar 'n *Horizontverschmelzung* tussen die perspektiewe van die leser en die outeur is. Daar is volgens Gadamer nie so iets soos 'n vaste betekenis van die teks nie (Chang 1985:145-147). Om hierdie rede word die verhouding tussen 'n teks en die gemeenskap waarbinne dit funksioneer deur Gadamer beklemtoon. Hierdie interafhanklikheid tussen die teks en die gemeenskap waarbinne dit funksioneer, speel 'n sleutelrol by Childs soos reeds aangedui.

Sowel Childs as Gadamer (1965:361-382) plaas 'n hoë prioriteit op die rol wat tradisie speel. Albei beklemtoon die feit dat verstaan net moontlik is wanneer daar van binne 'n tradisie uit geïnterpreteer word. Tradisie verskaf aan die interpreteerder 'n raamwerk van verstaan. Die teks is 'n lewende tradisie wat die ervaring van die interpreteerder positief en negatief aanspreek: "Understanding is not to be thought of so much as an action of one's subjectivity, but as the placing of oneself within a process of tradition" (Gadamer 1977:258). Childs se analise van die wese en funksie van die tradisieproses kom ooreen met dié van Gadamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By Gadamer en Childs is daar 'n fokus op die teks alleen, soos dit ook die geval is by Barth. Op hierdie punt kom 'n tema van Barth, naamlik om aanhoudend na die teks te luister, ook na vore. Objektiewe eksegese blyk in dié geval onmoontlik te wees. Gadamer, soos Barth en Childs, beskou die gebeure agter die teks as irrelevant. Die teks moet vir homself spreek. Om hierdie rede fokus Gadamer op die teks self en veral op die geskiedenis van interpretasie van 'n teks deur opeenvolgende geslagte.

Volgens Scalise (1987) kan 'n mens duidelik die ooreenkoms tussen Gadamer en Childs sien wanneer Childs (1962:86) in *Memory and tradition* die volgende skryf: "The interpretation is not something added to the event, but constitutes the real event". Scalise toon aan dat daar 'n ooreenkoms is tussen wat Gadamer (1965:269-275) 'die klassieke' noem en Childs se begrip van kanon. Gadamer heg aan die begrip die onbeperkte vermoë van 'n werk om kragtig en direk te spreek, en om homself te interpreteer (*siu ipsuis interpres*). Die self-interpreterende kenmerke van die klassieke oorvleuel heelwat met wat Gadamer die 'eminente' tekste noem waaronder hy die Bybel en poësie verstaan. Die 'klassieke werke' is die werke wat hulle normatiewe outoriteit oor die eeue heen bewys het (Gadamer 1965:274). Dit is die mees ekstreme voorbeeld van die bewaring van 'n tradisie. Gadamer se beskrywing van die klassieke en die 'eminente' teks kom grootliks ooreen met die inhoud wat Childs aan die Bybelse tradisie gee. Aan die klassieke is daar vir Gadamer (1965:272) 'n normatiewe element verbonde, soos die kanon vir Childs ook 'n normatiewe karakter het.

Dit is ooglopend dat daar tussen Gadamer se konsep van die klassieke en Childs se teologiese vorming van die kanon duidelike parallelle is. Gadamer (1965:272) gebruik die term 'kanon' in sy beskrywing van die klassieke. Ten slotte konkludeer Scalise (1987:162-178) dat Gadamer baat daarby sou vind indien hy op sy beurt

meer sou maak van die wyse waarop Childs die konsep kanon gebruik[5].

Dit is veral Gadamer se interpretasie van die begrip 'klassieke' en Childs se gebruik van die term 'kanon' wat hier belangrik is. Gadamer (1965:274) dui met die begrip 'klassieke' aan dat die mens eksistensieel geraak word deur allerhande historiese invloede. Volgens Gadamer (1965:272-273) is daar 'n effektiewe substratum van historiese invloede wat ons lewens raak. So het die klassieke werke van die oudheid die ontwikkeling van die Westerse kultuur op 'n merkwaardige wyse bewustelik en onbewustelik beïnvloed. Die klassieke werke is dan juis literatuur wat deurentyd 'n normatiewe outoriteit gehad het. Die klassieke moet verstaan word as 'n gesaghebbende tradisie, die mees ekstreme voorbeeld van die bewaring van 'n tradisie. Gadamer (1965:273) voer aan dat klassieke werke hulself interpreteer. Die normatiewe elemente van die klassieke verdien egter prioriteit bo die historiese dimensie. Historiese rekonstruksie is net een fase in die hele proses van verstaan en moet nie lei tot net 'n bloot historiese verstaan van 'n teks nie. Die bedoeling van die oorspronklike outeurs kan nie beperk word tot een spesifieke konteks nie.

In hierdie opsig sluit Childs by Gadamer aan. Childs plaas 'n hoër premie op die teologiese aspek van die kanon as op die historiese dimensie daarvan. Daar is 'n merkwaardige parallel tussen die normatiewe vorming van die klassieke volgens Gadamer en Childs se siening van die teologiese vorming van die kanon. Childs soek nie agter die teks vir een of ander oorspronklike spreuk of een of ander godsdienstige ervaring nie. Daar is nie sprake van 'n relevante verlede soos by Gadamer wat nog geïnterpreteer moet word nie. Elke teks spreek vir homself tot die gemeenskap wat hom as kanon beskou. Gadamer gebruik die term 'kanon' om die

[5] Die opmerking dat Childs sou kon baat vind deur van die aksente wat Gadamer plaas, gebruik te maak word ook deur Oeming (1985:207) en Brett (1991:149) gemaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



klassieke aan te dui.

Volgens Gadamer (1965:351-360) gaan die interpretasie-aksie 'n lang historiese filtreerproses deur. In hierdie sin sluit Childs nie net by Gadamer aan nie, maar ook by Popper (1972:183-190). Childs (1979c:78) dui aan dat daar in die proses van kanoniese vorming ook so 'n filtreerproses plaasgevind het. Sosiologiese en historiese verskille tussen byvoorbeeld die Noordelike en die Suidelike koninkryke word uitgefiltreer. Dit gee aanleiding tot outonome tekste wat 'n bestaan op hulle eie het. Die hermeneutiese benadering van Gadamer is dus 'n hulp om die kanoniese benadering van Childs beter te verstaan. As die kanoniese benadering verstaan kan word as die filtrering van tradisies, kan interpretasie gefokus word op die klassieke verstaan van die Hebreeuse Bybel, eerder as op vroeë lae van tradisiemateriaal wat die vooroordele van die spesifieke tyd weerspieël.

Daar is egter pertinente verskille tussen Gadamer en Childs. Gadamer (1965:272) gebruik die begrip 'kanon' as aanduiding van 'n stolling van tradisies. Die gebruik van die begrip 'kanon' in die algemeen, het ook nie vir hom dieselfde normatiewe krag as die begrip 'klassieke' nie. Interpretasie word deur Gadamer (1965:162) veel meer gesien as 'n historiese aksie. 'n Interpretasie-aksie is net soveel 'n historiese gebeure as wat enige belangwekkende gebeure 'n historiese feit is. Dit gaan egter in hierdie bespreking om die raakpunte tussen Childs en Gadamer en nie soseer om die verskille tussen die twee benaderings nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar ooreenkomste is tussen die benadering van Childs en Gadamer. Die gedeelte onderstreep ook die feit dat die kanoniese benadering ooreenkomste en fokuspunte met ander uiteenlopende benaderings deel.

## 5.6 P. Ricoeur

Ricoeur se benadering toon ooreenkomste met dié van Childs. In die volgende gedeelte word daar sekere ooreenkomste tussen Ricoeur en Childs aangedui, alhoewel daar geen sprake is van direkte beïnvloeding tussen die twee nie.

In Childs (1979c:77;1984b:532;1985:91) se verwysings na Ricoeur lewer hy deurgaans kritiek op sy benadering. Ricoeur word veral gekritiseer vir die feit dat hy geen belangstelling toon in die historiese ontwikkeling van die teks nie (Childs 1979c:77).

Ricoeur (1969:351) stel 'n fenomenologiese hermeneutiek voor wat uit drie stappe bestaan. Die eerste moment is die een van naïewe verstaan, waar die teks as outonoom beskou word. Die tweede moment is 'n kritiese een terwyl die derde moment 'n post-kritiese een is. Dit wil voorkom asof Childs by hierdie laaste moment van Ricoeur aansluit (Brueggemann 1989:312).

Afgesien van die verskille is daar heelwat raakpunte tussen Childs en Ricoeur in die sin dat beide van hulle 'n post-kritiese benadering volg. Dit is juis op die punt van Ricoeur en Childs se raakvlakke met Barth se post-kritiese benadering waar hulle hul eie gemeenskaplikheid vind.

Childs en Ricoeur se hermeneutiek verteenwoordig 'n skuif weg van die kontemporêre hermeneutiek, 'n skuif wat deur die invloed van Barth moontlik gemaak is. Ricoeur (1981:145-164) se "intratextual concept of interpretation" verteenwoordig heelwat ooreenkomste met Childs se kanoniese eksegese. Childs se konsep van kanoniese intensionaliteit word meer verstaanbaar as dit gesien word in die lig van Ricoeur (1981:161) se "reading as the recovery of meaning". Vir Ricoeur gaan dit om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die betekenis van die teks in plaas van die bedoeling van die outeur. Hierdie sentiment word deur Childs (1985:22-23) gedeel. Kanoniese intensionaliteit gaan vir Childs om die teologiese vorm van die teks losstaande van die historiese agtergrond of die intensies van die outeur. Nog 'n belangrike punt van ooreenkoms tussen Ricoeur en Childs is die klem wat gelê word op die finale vorm van die teks.

Vir Childs (1979c:75-76;137-160) is die finale vorm van die teks die enigste normatiewe vorm van die teks. Die betekenis van die finale teks, onafhanklik van enige outeur of redakteur of stadium van die teks se ontwikkeling, is al wat relevant is. Ricoeur (1975:29) lê klem op die finale teks wat gelees word as die normatiewe teks vir interpretasie. Beide beskou die finale vorm van die teks as die enigste normatiewe getuienis van die openbaring (Scalise 1987:178-196).

Soos in die geval met Gadamer is daar raakpunte tussen die filosofiese hermeneutiek van Ricoeur en Childs se kanoniese benadering. Ricoeur se benadering bied die moontlikheid om veral Childs se gebruik van kanoniese intensionaliteit beter te verstaan. Beide Childs en Ricoeur kan by mekaar leen om tekortkominge in hul eie benaderings te versterk.

## 5.7 B.S. Childs en die *New Critics*

Die *New Critics* is 'n beweging wat in die jare 1940-1950 in Noord-Amerika en Engeland op die gebied van die literêre kritiek heelwat invloed uitgeoefen het. Die beweging was 'n polemiese beweging gemik teen veral die siening dat 'n teks 'n artefak is en dat daar 'n intensionaliteit by die skrywer teenwoordig is. Die aandag verskuif van die digter of skrywer na die teks. Klem word nie meer gelê op die skrywer en sy agtergrond nie, maar op die teks soos dit vir die leser aangebied word. Betekenis is nie geleë in die emosionele of geestelike ervaring wat die skrywer wil

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kommunikeer nie, maar betekenis is in die teks self geleë. Vervolgens stel hulle voor dat 'n teks binne die breë kanon van geskrifte gesien moet word. Dit gaan dus nie meer oor die intensie van die skrywer nie, maar oor die betekenis van die teks. 'n Werk van Shakespeare moet byvoorbeeld ook bestudeer word binne die kanon van sy ander werke (Barton 1984b:142). Dit is dié ooreenkoms wat die *New Critics* deel met die werk van Popper (1972) en Gadamer (1965), die feit dat tekste vir hulleself spreek.

Op die oog af is daar duidelike ooreenkomste tussen die siening van die *New Critics* en die benadering van Childs (Barton 1984b:140-156). Childs (1979c:74) ontken egter dat sy kanoniese benadering enigsins beïnvloed is deur die *New Critics*. Barton (1984b:158) vra egter die vraag of die benadering van Childs dieselfde formaat sou gehad het as daar nie 'n beweging soos die *New Critics* was nie. Op al die kernaspekte waarop die beweging klem lê, is daar groot ooreenkomste met die benadering van Childs. Die benadering van Childs sou heelwat anders daar uitgesien het as hy nie ook klem gelê het op die teks as die finale produk nie. Alhoewel Childs enige verband met die *New Critics* ontken, is Barton dit eens dat die kanoniese benadering van Childs tot dieselfde tradisie en kultuur as die *New Critics* beweging behoort. Die slotsom waartoe Barton (1984b:154) kom is dat die benadering van Childs 'n natuurlike ontwikkeling is uit die redaksiekritiek en die *New Critics* -beweging. Om hierdie rede geld dieselfde kritiek wat teen die *New Critics* ingebring word in 'n groot mate vir die kanoniese benadering. Dit is die mening van Loader (1986:139) dat Childs met sy benadering homself in die vaarwater van die *New Critics* bevind. Childs ignoreer die bydrae van outeurs, hy gaan uit van die teks self as 'n afgeronde geheel en beide eis dat afsonderlike tekste as deel van 'n groter geheel gelees moet word. Vir Childs is die groter geheel die kanon, vir die *New Critics* die literêre tradisie waarvan die werk deel is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel dit 'n vraag is of die kanoniese benadering van Childs ongekwalifiseerd getipeer moet word as sou dit tuis hoort in die vaarwater van die *New Critics* -beweging, is daar tog ooreenkomste[6]. Hierdie vraag word in 'n latere gedeelte weer hanteer. Soos in die geval met Gadamer en Ricoeur kan die bydraes van eksponente van hierdie stroom behulpsaam wees om die benadering van Childs in perspektief te plaas. Die veelsydigheid van die kanoniese benadering word ook deur die ooreenkomste met die *New Critics* onderstreep. Op hierdie stadium van die studie is dit duidelik dat die kanoniese benadering raakpunte het met uiteenlopende benaderings.

## 5.8 H. Jauss en die resepsieteorie

Dit is veral die werk van Hans-Robert Jauss (1967) wat met die resepsieteorie in verband gebring word. Die werk van Jauss, wat ook 'n leerling van Gadamer was, het raakpunte met sekere aspekte van Childs se benadering. Die ooreenkomste tussen hulle benaderings is bloot toevallig, daar is geen bewyse dat daar enigsins wedersydse invloed op mekaar uitgeoefen is nie.

Die resepsieteorie het sedert die laat sestigerjare al hoe meer op die voorgrond getree. Die teorie hou hom veral besig met die verhouding tussen die teks en die leser van die teks. Volgens dié teorie is dit 'n dinamiese verhouding waar die outonomiteit van die teks of die leser nie uitgesluit word nie. Die betekenis van die teks is juis 'n produk van die verbintenis tussen die twee. Die resepsieteorie negeer enige empiriese epistemologie wat kennis beskou as 'n aantal universeel-geldige stellings. Vir die doel van hierdie studie is die mees ingrypende bydrae van die resepsieteorie die een dat dieselfde teks op verskillende geldige maniere gelees en

[6] In Hoofstuk 6 word die persepsie Barton ten opsigte van Childs se verhouding met die *New Critics* beoordeel.

verstaan kan word.

Geen enkele metode het die alleenreg op interpretasie nie. Daar kan hoogstens gepraat word van 'n minder of meer geslaagde voltrekking van die kommunikasieproses en nie van die korrekte verstaan of die betekenis van 'n teks nie. Die lees van 'n teks deur 'n gewone lidmaat lewer 'n geldige verstaan van die teks op, alhoewel daar nie 'n optimale voltrekking van die kommunikasieproses is nie. Die kanoniese benadering het raakvlakke met sekere elemente van die resepsieteorie en nie met die teorie in sy geheel nie. Childs se benadering fokus op die finale vorm van die teks, ongeag die bydraes wat outeurs, redakteurs en lesers gemaak het.

Jauss (1982a:28) argumenteer dat daar gekyk moet word na die historiese konteks waarbinne die teks ontstaan het, asook dié van die ontvanger. Die klem lê egter nie soseer op die ontstaanskonteks as op die konteks van die ontvanger nie. Jauss ignoreer nie die rol wat die ontstaanskonteks speel nie. Hy vergelyk die aanvanklike betekenis van 'n teks met die huidige betekenis. Dit is die eerste stap in die geskiedenis van die resepsie van 'n teks. In dié verband vind Childs aansluiting by Jauss.

Jauss (1982a:146) gaan egter verder om te sê dat die literêre geskiedenis van die teks gaan oor die progressiewe meditasie van die teks, oor sy waarheidselemente, sy outentisiteit en dit word gedurig geëvalueer en hervorm. In dié sin word daar deur Jauss (1982b:32) gepraat van 'n "progressive understanding". Dit is 'n proses wat gepaardgaan met die verfyning van 'n tradisie. Tradisies word getoets aan die vrae van die dag. As dit nie relevant is nie, word van die tradisie vergeet. Dit sluit aan by Childs se siening rondom die kanoniese vorming van 'n teks, voor die finalisering van die Hebreeuse kanon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By sowel Childs as Jauss (1982b:32) is daar 'n proses van progressiewe verfyning van tradisies teenwoordig. Childs wil juis die indruk skep dat daar 'n progressiewe proses van verfyning van tradisies plaasgevind het. Om hierdie rede sou die finale vorm van die teks normatief wees.

Die bydrae van Jauss bied die moontlikheid om die kanoniese benadering beter te verstaan. Die aansluiting wat Childs met die resepsieteorie vind, maak dit moontlik dat dié benaderings deel kan wees van 'n pluralistiese lees van 'n teks. Hieraan word later aandag gegee.

## 5.9 H. Frei en G. Lindbeck die sogenaamde Yale-skool

In die gesprek tussen Childs en ander teoloë word daar in die volgende gedeelte aandag gegee aan die sogenaamde Yale-skool. Childs, wat self professor in Ou Testament aan Yale is, het uit die aard van die saak direkte kontak met Frei en Lindbeck. In die volgende gedeelte gaan daar juis gekyk word na moontlike raakpunte en verskille tussen die kanoniese benadering van Childs en die sogenaamde intertekstualiste.

Alhoewel Childs (1984b:541-546) krities staan teenoor die intertekstualiste, is daar tog elemente van ooreenkoms. In hierdie bespreking word die benaderings van Frei (1974) en Lindbeck (1984) vergelyk met dié van Childs. Die benadering wat deur hulle gevolg word, is om die intertekstualiteit van die Skrif te ondersoek. Kortliks gaan die teorie rondom intertekstualiteit om die volgende aanname: 'n Gemeenskap se persepsie van realiteit word gevorm deur sy kulturele tradisies, sy simboliese raamwerk en in 'n sekere mate sy taal. Daar is geen ander weg na realiteit as deur 'n sosiaal gekonstrueerde interpretatiewe raamwerk nie. Hierdie raamwerk word geskep deur 'n verweefdheid van kultuur, simbole en taal. Op grond van dié

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanname konstrueer Lindbeck (1984) 'n kultureel-linguistiese godsdienstige model.

Lindbeck redeneer dat veral in die Christendom die kanon die basiese materiaal vir hierdie kultureel-linguistiese raamwerk bied. Frei (1986:65) dui aan dat 'n tipologiese lees van die Skrif analoë tussen diverse gedeeltes van die Skrif bied. Hierdie skool beskou Bybelse tekste as 'n raamwerk, 'n simboliese raamwerk wat deur die tradisie gegee word, waardeur die Christen die wêreld kan interpreteer (Lindbeck 1984:118). Om hierdie rede stel die benadering ook belang in die finale vorm van die teks. Geen individu of gebeure in die Skrif kan geïnterpreteer word los van hierdie raamwerk nie. Volgens hierdie benadering skep 'n rekonstruksie van Israel se geskiedenis probleme deur agter die teks te gaan kyk. Alles moet geïnterpreteer word binne die kultureel-linguistiese Christelike raamwerk wat die Bybel bied. Hierdie skool stel nie belang in die rekonstruksie van die gebeure agter die teks nie.

Dit is juis die Bybelse tekste wat die interpretatiewe raamwerk van die Christen vorm. Lindbeck (1984:118) skryf die volgende: "Intratextual theology redescribes reality within the scriptural framework rather than translating Scripture into extra-scriptural categories". Childs sluit hierby aan. Volgens Childs lees godsdienstige gemeenskappe nie die Bybel as bron van 'n antieke religieuse sisteem nie, maar as die Woord van God. Die volgende word deur Childs (1979c:76) opgemerk: "The final form of the text is the 'objective' repository of the best theological reflection of the Biblical period". By Frei (1974) is daar meer van 'n christosentrisme sprake as wat die geval is met die kanoniese benadering van Childs. In dié geval is daar 'n groter lojaliteit van Frei aan Barth as wat dit met Childs die geval is.

Die Yale-skool beskou hulleself as post-modernisties, in die sin dat hulle die ideaal van die Verligting, dat daar een finale korrekte interpretasie is, negeer. Frei (1974:21) voer verder aan dat die Bybelse verhaal meer "history-like" is as wat dit

self geskiedenis is. Die betekenis van die teks lê om dié rede in die teks self en nie in die historiese gebeure waarna die teks verwys nie. Uiteraard is daar met sulke sentimente raakvlakke met die benadering van Childs.

Childs (1984b:543) vind veral Lindbeck se benadering van nut om die verskil tussen die kanoniese benadering en Sanders se kanoniese kritiek, asook die Bybelse teologie van Barr uit te wys.

Die benadering van Childs verskil egter hoofsaaklik van Lindbeck in die volgende opsigte: In die eerste plek bevraagteken Childs die aanwending van Lindbeck se benadering tot die lees van die Bybel. Childs (1984b:544) argumenteer in dié verband dat die kanon funksioneer op 'n wyse wat nie heeltemal kongruent is met Lindbeck se benadering nie. In die tweede plek het Childs 'n probleem met die klem wat Lindbeck (1984:26) plaas op die *intratextuality of meaning*. Childs (1984b:545) argumenteer dat die Skrif eintlik 'n getuie is van 'n realiteit buite die teks, van God se handeling met die wêreld. Laastens het Childs (1984b:545-546) 'n probleem met die teologiese metode van Lindbeck wat met die Bybel werk as een of ander literêre of simboliese struktuur.

Die kritiek wat Childs veral in sy nuutste werk (1992) teen Lindbeck opper, is dat die Bybelse teologie geen filosofiese onderbou van geskiedenis of taal hoef te hê nie. Lindbeck word ook verder deur Childs gekritiseer dat hy nie genoeg maak van die benadering van Barth nie. Veral ten opsigte van die feit dat die Bybel verwys na 'n realiteit buite die teks, na Jesus Christus. Childs (1992:591) kom egter baie naby aan die siening van Lindbeck wanneer hy sê die teologiese realiteit is "encountered through the witness".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.10 Childs en ander modelle wat 'n pluralistiese lees van die teks voorstel

Die afgelope jare is daar heelwat voorstelle gemaak in die rigting van 'n pluralistiese lees van die teks. Alhoewel Childs nêrens in sy werke voorbrand maak vir so 'n lees van die teks nie, skep die kanoniese benadering juis allerhande moontlikhede daarvoor.

Werke wat aandag gee aan 'n pluralistiese benadering van eksegese is dié van Morgan en Barton met die titel *Biblical interpretation* (1988). In hierdie werk word daar geargumenteer teen die gebruik van 'n uitsluitlik historiese paradigma. Die historiese lees van 'n teks word gekontrasteer met 'n literêre lees van die teks. Morgan argumenteer dat 'n uitsluitlik historiese lees van die teks nie kan lei tot konstruktiewe teologiese interpretasies nie. 'n Historiese evaluering van 'n teks word egter nie genegeer nie. 'n Historiese lees is nog een van die belangrikste instrumente in die kritiese lees van 'n teks. Childs sou nie met hierdie benadering van Morgan probleme hê nie. Die voorstel word deur Morgan gemaak dat daar positiewe interaksie gesoek moet word met ander dissiplines, sowel teologies as nie-teologies. In die voorgaande gedeelte is daar aangetoon dat Childs in dié verband raakvlakke met ander benaderings het.

Daar is areas van oorvleueling tussen metodes. Spesifiek word die paradigma van literêre studie deur Morgan (1988:27) genoem as 'n deurbraak in terme van die leser se waardering van die teks. Veral die literêre benadering is 'n bate ten opsigte van die teologiese interpretasie van die teks. Die boek het in die woorde van Morgan (1988:25) ten doel "...to make explicit a model for bridging the gulf between critical scholarship and religious faith". Dit is 'n doelwit waarmee Childs hom ten volle sou kon identifiseer. Dit is juis die doelwit wat hy wil bereik met sy eie kanoniese benadering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Childs word egter deur Morgan (1988:213) gekritiseer vir die feit dat hy probeer om die historiese aspekte van 'n teks te negeer. In plaas daarvan kon hy volgens Morgan die historiese aspekte gerelativeer het deur klem te lê op die literêre aspekte van die teks. Childs kan egter die positiewe bydrae maak dat hy die ondersteuners van die histories-kritiese metode bewus kan maak van die wyse waarop die Skrif deur godsdienstige gemeenskappe gebruik word. Alhoewel dit nie die bedoeling van Childs is nie, bevestig hy die teologiese noodsaaklikheid van 'n meer literêre benadering tot die teks. Morgan maak eweneens baie van die belange of die "interests" van die lesers van 'n teks. Dit gaan nie vir hom om 'n sekere pre-okkupasie van een of ander metode nie. Elke eksegeet moet homself die vraag afvra of die metode wat hy wil gebruik geskik is vir die doel waarvoor hy dit wil gebruik. Elke hermeneutiese oefening het 'n sekere doel wat met die teks bereik wil word.

Dit is legitiem vir 'n teks om meer as een doel te kan hê. Een metode leen hom meer daartoe om 'n sekere doel met 'n teks te bereik as 'n ander metode, afhangende van die spesifieke invalshoek. Dié feit en nie die bestaan van verskillende metodes nie, is belangrik in die huidige hermeneutiese diskussie. Vir Morgan (1988:271) moet die klem dus nie soseer op die metodes val nie, maar op die doel wat met die teks bereik wil word, die bedoeling van die leser is dus baie belangrik. Die leser se kreatiewe vermoëns word ook deur die kanoniese benadering van Childs beklemtoon (Voight 1991:567). Morgan gaan van die standpunt uit dat 'n verskeidenheid van metodes 'n noodsaaklikheid is en nie as sodanig negatief gesien moet word nie. Die keuse van die gewenste metode sal egter nie net afhang van die teks wat gelees word nie, maar ook die doel wat die leser met die teks wil bereik. Die spesifieke doel wat met 'n teks bereik wil word, sal die belangrikste riglyn moet wees om die metode te kies waarmee die teks gelees gaan word. Childs (1970a:104; 1985:15) spreek hom ook uit ten gunste van die aanwending van meer as een metode.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die naam wat by uitstek gekoppel word aan 'n pluralistiese benadering is dié van Hasel (1972b). Die benadering wat Hasel voorstaan, noem hy 'n multipleks benadering. Die voorstelle van Hasel is gebore uit die konklusie wat hy trek dat alle metodes een of ander achilleshiel het. Hasel (1982:92) doen die volgende aan die hand in sy voorstel van 'n multipleks benadering vir die Ou-Testamentiese teologie, wat hy in aansluiting by Childs 'n kanoniese benadering noem.

Bybelse teologie kan nie anders as om gesien te word as 'n histories-kritiese dissipline nie. Daarom moet die hermeneut hom besig hou, nie net met die vraag wat die teks beteken nie - "means", maar ook wat dit beteken het - "meant". Die taak van die Bybelse teologie is dus nie net histories nie, maar ook teologies. Om hierdie rede moet daar 'n hoë premie geplaas word op die finale vorm van die teks. Daar is groot ooreenkomste tussen hierdie stellings van Hasel en Childs. Daar is reeds in hierdie studie aangedui dat die benadering van Childs klem lê op die teologiese lees van die teks. Hy kry dit egter nie reg sonder om ook aan die historiese momente van die teks aandag te gee nie.

Die multipleks benadering van Hasel (1972b:92-95) stel hom ten doel om op die sterk punte van verskillende metodes en benaderings te fokus. Die verskeidenheid van Ou-Testamentiese boeke in die volle rykdom van hulle verskillende temas staan langs mekaar sonder enige poging van verabsolutering. Sommige metodes leen hulle beter daartoe as ander om spesifieke vlakke van die teks te ondersoek. Die voorstel wat dan spesifiek gemaak word deur Hasel is 'n multipleks benadering. Sy voorstel word geskoei op die kanoniese benadering van Childs. In 'n vorige gedeelte is daar reeds aandag gegee aan die feit dat Hasel 'n ondersteuner is van Childs se kanoniese benadering.

## 5.11 Samevatting

In die voorafgaande hoofstuk is daar sekere ooreenkomste tussen Childs en ander individue aangedui. Dit het die funksie om Childs in perspektief te sien. Die benadering van Childs is vergelyk met 'n verskeidenheid teoloë, met uiteenlopende benaderings. Uit die hoofstuk het dit duidelik geword dat Childs 'n kind van sy tyd is.

Sekere fasette van die kanoniese benadering behoort nie eksklusief tot Childs se *metode nie*. Dit het veral geblyk uit die gedeelte wat aandag gegee het aan Childs se verhouding met Barth en von Rad. Die wyse waarop dié twee groot geleerdes die histories-kritiese metode hanteer het, het 'n blywende invloed gehad op Childs se hantering van hierdie metode. In die hantering van die kanoniese benadering slaag Childs nie daarin om aan die invloed van sy mentors te ontkom nie. Die kanoniese benadering bevind homself in dieselfde hermeneutiese tradisie as die historiese kritiek van sy mentors. Childs is ook in gesprek gebring met Sanders ten einde aan te dui wat die verskil tussen Childs en ander teoloë van die kanoniese benadering is.

Die feit dat daar raakpunte is tussen Childs en uiteenlopende benaderings soos dié van Gadamer, Ricoeur, *New Critics*, Jauss en die Yale-skool toon die veelsydigheid van die kanoniese benadering. Dit skep die moontlikheid dat die kanoniese benadering 'n belangrike komponent van 'n pluralistiese lees van die teks kan wees. Dit het veral duidelik geword in die bespreking van Childs teenoor Morgan en Hasel. Dit is juis op hierdie gebied waar die benadering van Childs 'n sleutelfaktor kan wees. Hieraan word daar in 'n later hoofstuk aandag gegee.

Die vraag of Childs die grense van die hermeneutiek verskuif het en of hy steeds *binne die vaarwater* van sy mentors beweeg is uiters aktueel. Dit is 'n vraag wat deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie studie beantwoord wil word. Die kritici van Childs lewer 'n bydrae om lig op hierdie vraag te werp. Om hierdie rede gaan daar in die gedeelte wat volg aandag gegee word aan die kritiek wat teen en vir die kanoniese benadering uitgespreek word.

# 6. Reaksie op die kanoniese benadering van B.S. Childs

## 6.1 Inleidend

Eerstens gaan daar in hierdie gedeelte aandag gegee word aan die negatiewe kritiek wat teen die kanoniese benadering gelewer word. Die positiewe kritiek teenoor Childs sal in die laaste gedeelte van die hoofstuk bespreek word.

Die kanoniese benadering van Childs is uiters kontroversieel in die tydgleuf waarbinne dit funksioneer. Dit is verstaanbaar gesien in die lig daarvan dat Childs 'n paradigmaskuif, weg van die konvensionele hermeneutiese benadering van sy tyd, voorstel. Die alternatief wat Childs voorstel is 'n korreksie op die histories-kritiese metode. Om hierdie rede het die kanoniese benadering van Childs reaksie uit alle oorde gelok. Die eksponente van die historiese kritiek is om verstaanbare redes onder diegene wat die felste kritiek uitspreek.

Barr (1983) wei feitlik 'n hele boek *Holy scripture: canon, authority, criticism* aan die kanoniese benadering, waarin hy skerp kritiek uitspreek. In *Reading the Old Testament* (1984b) voer Barton byna deurgaans 'n gesprek met Childs. So is daar ook vele tydskrifartikels en resensies, wat die negatiewe aspekte van die kanoniese benadering debatteer. 'n Goeie voorbeeld is die *Journal for the Study of the Old Testament*, uitgawe 16 (1980), wat 'n hele uitgawe aan die kanoniese benadering wy.

Uit die kritici se reaksie op die kanoniese benadering, is daar 'n paar punte van kritiek wat gereeld opduik. In die volgende gedeelte word die negatiewe kritiek teen die kanoniese benadering bespreek. Omdat die begrip kanon deur Childs betreklik wyd geformuleer word, is dit moontlik dat sekere punte van kritiek onder meer as een

opskrif genoem sal word.

## 6.2 Negatiewe kritiek teen die kanoniese benadering

### 6.2.1 Kritiek teen Childs se gebruik van die begrip kanon

Die een aspek in die benadering van Childs wat die meeste reaksie uitgelok het is sy hantering van die begrip kanon.

Die benadering van Childs ten opsigte van die kanon is streng teologies van aard. Dit word egter deur verskeie teoloë betwyfel. Barr (1983:102) meen dat hy geen rede vind vir hierdie aanname van Childs nie. Die enigste aspek van die kanoniese benadering wat hy teologies vind, is dat die vertrekpunt van die benadering die Bybel is. Volgens hom is die kanoniese benadering alles behalwe teologies, dit kan eerder getipeer word as 'n literêr-historiese onderneming. Barton (1984b:96-97) sluit hom in dié verband by Barr aan. Hy meen dat die kanoniese benadering op teologiese vlak nie oortuig nie. Dit kan hoogstens 'n funksie hê as dit gebruik word as 'n tegniek vir 'n literêre lees van die teks. Barton voer die volgende redes hiervoor aan: Childs beveel aan dat elke Ou-Testamentiese boek gelees moet word uit die perspektief van sy plek in die kanon, omdat die kerk of sinagoge besluit het op die lesing. Aan die ander kant ontken Childs egter die legitimiteit van eksegetiese tradisies wat deur die kerk in daaropvolgende jare ontwikkel is. Net so maak Childs daarop aanspraak dat die kanoniese lees van die Bybel 'n teologiese een is, terwyl die kerk en die sinagoge dit vir eeue reeds so gelees het.

Ook Sandmel (1966:205) sou in dié verband die volgende opmerk: "I cannot share in those theories which attribute to the generations that formed the canon an insight which was truly divine...canon is an incident, and no more than that". Die vraag word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook deur Priest (1980:265) gevra of daar 'n ontologiese status aan die kanon verleen moet word terwyl dit in feite 'n historiese insident was. In dié verband word kritiek gelewer in navolging van Sundberg (1968)[1] en von Campenhaus (1963) vir wie die fokus van die kanon histories van aard is. Daar is kritiek teen Childs vir die wyse waarop hy 'n breë semantiese veld onder een opskrif, naamlik 'kanon' wil hanteer.

Barr (1980:13) meen dat Childs se definisie van die kanon te vaag en nie analities van aard is nie. Volgens Barr gebruik Childs die konsep 'kanon' vir drie verskillende sake: In die eerste plek word kanon deur Childs gebruik vir die lys van boeke wat die Heilige Skrif uitmaak. Tweedens word dit deur hom gebruik om die sogenaamde kanoniese vorm of finale vorm aan te dui. Derdens word dit volgens Barr deur Childs gebruik in die sin van 'n holistiese siening van die teks. Barr voer aan dat hier verskillende sake ter sprake is wat nie met mekaar versoenbaar is nie. Die kanoniese benadering van Childs voeg die botsende konsepte onder een sambreel saam (Barr 1983:78).

Oeming (1985:202) dui ook aan dat Childs met 'n oorlaaide kanonbegrip werk. Soms word dit deur hom gebruik as 'n proses, ander kere as 'n produk en laastens as 'n tydlose geldende norm. Knight (1980:138) toon aan dat Childs met 'n geweldig breë begrip van kanon werk. Verder meen Knight dat dit verkeerd van Childs is om die term kanonies te gebruik vir die proses wat deur die eeue aan die gang was. Dit skep verwarring tussen die periode waartydens die vorming nog aan die gang was en die periode van stabilisering. Dit is breed in terme van skopus, die aard van die literêre aktiwiteit en teologiese interpretasie. Die probleem is dat Childs in sy definisie van kanon semanties soveel wil akkommodeer dat die term sy betekenis verloor (Knight

[1] Volgens Sundberg (1968:203) het die kerk nie 'n kanon van geskrifte van die Judaïsme oorgeërf nie. Hy vra die volgende vraag: "What claim does a doctrine of canon arising in Judaism following A.D. 70 have upon the doctrine of canon in the church?"

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1980:138).

Kittel (1980:4) toon aan dat Childs se definisie van kanon die verskille wat daar bestaan in die konsepte *writings, scripture* en *canon* ophef. Dit kan nie gedoen word nie omdat elkeen van hierdie konsepte 'n eie betekenis het. Mays (1980:162) het ook 'n probleem met die feit dat Childs soms *scripture* en kanon as sinonieme gebruik. Hy vra die vraag of die twee begrippe die analitiese inhoud wat Childs aan hulle gee, kan dra. Sanders (1980:187) stel 'n konsep van kanon voor wat nie so rigied is as dié een van Childs nie, maar meer aanpasbaar.

Daar is 'n spanning teenwoordig in sekere van die konsepte wat deur Childs gebruik word. Kittel (1980:7-9) toon aan dat daar by Childs nie konsekwentheid is wat die gebruik van sy konsepte betref nie. So word daar na die finale vorm van die teks verwys as die literêr finale vorm en op ander plekke na die tekstueel finale vorm. Oorspronklike betekenis en kanoniese vorm het soms by Childs dieselfde betekenis. Ook Rodd (1987:99) het die probleem dat Childs nie altyd konsekwent is met die gebruik van sy terminologie nie. Vir hom is veral Childs se gebruik van kanoniese vorming vaag. Soms het dit die bedoeling van die finale vorm van die teks. Ander kere is dit die vorm van die teks tydens verskeie vlakke van sy ontwikkeling. Deist (1988b:199;201) het juis die probleem dat vir Childs die kanon 'n teks is. Die gevolge daarvan is dat sowel Judaïsme as die Christendom boek godsdienste word. Dit sou nie 'n goeie historiese weergawe wees van die antieke Christendom en Judaïsme nie. In vroeë Christelike gemeenskappe het die Bybel nie bestaan uit die Hebreeuse geskrifte plus die Nuwe Testament nie. Om hierdie rede stel Deist (1988b) voor dat as daar gekies word vir 'n kanoniese benadering tot die teologie, kanon gedefinieer moet word langs historiese lyne. 'n Teks kan nie 'n kanon in die sin van 'n normatiewe voorskrif wees nie. Wat wel kanonies kan word, is 'n tradisie van kennis wat deur 'n gemeenskap as normatief aanvaar word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tate (1981:175) lewer kritiek op die benadering van Childs in die sin dat Childs gebruik maak van 'n 'two-canon'. Volgens dié benadering het die vroeë kerk 'n geslote kanon van die Ou Testament gehad waarby die Nuwe Testament as aparte kanon gevoeg is. Tate meen egter dat die vroeë kerk geen kanon van die Judaïsme ontvang het nie, bloot omdat die Judaïsme nie 'n kanon gehad het nie. Judaïsme het wel op dié stadium 'n repertoire geskrifte gehad wat in 'n proses was om kanon te word. Dit skep vir Tate deurgaans 'n probleem, maar veral in die definiëring van die begrip kanoniese vorm. Die idee van 'n kanon wat die hele tradisie bevat, is vir die kerk voor die Reformasie 'n vreemde konsep. Dit was eers met die ortodokse interpretasie van *sola scriptura* dat die Skrif bestaan het uit 'n spesifieke teks. Luther het byvoorbeeld nie gewerk met 'n geslote kanon nie en hy het ook nie alle boeke in hulle finale vorm aanvaar nie (Deist 1992:42).

Dit is 'n ironie, aldus Barr (1980:12), dat Childs die aspekte wat by hom nie veel gewig dra nie, byvoorbeeld die geskiedenis van die historiese kritiek, goed hanteer, terwyl belangrike aspekte soos die kanon swak hanteer word.

### 6.2.2 Samevatting

Ten opsigte van Childs se hantering van die begrip kanon word heelwat kritiek uitgespreek. Kritiek word uitgespreek oor die teologiese aanwending van die begrip. Daarbenewens is die vae omlyning van die begrip deur Childs ook 'n probleem. Heelwat betekenismoontlikhede word deur Childs aan die begrip toegeken. Dit gee daartoe aanleiding dat Childs met 'n geweldig breë begrip werk. Childs gee nie genoeg aandag, in vergelyking met ander aspekte van sy benadering, aan die begrip kanon nie. Dit het verreikende implikasies vir sy benadering omdat die begrip kanon so sentraal staan in sy hele benadering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.2.3 Kritiek op die klem wat Childs op die finale vorm van die teks plaas

'n Faset wat 'n baie belangrike rol in die kanoniese benadering van Childs speel, is die finale vorm van die teks.

Heelwat kritiek word teen Childs uitgespreek as gevolg van die klem wat hy op die *finale vorm van die teks plaas.* Barr (1983:67) bevraagteken die gesag van die finale vorm in die interpretasie van 'n boek. Daar is geen rede volgens hom waarom die laaste lees van die teks belangriker moet wees as die vroeëre teks nie. Oeming (1985:201) sluit hom in dié verband by Barr aan. Aan die finale teks kan nie al die gesag gegee word nie. Daarmee wil hy ook nie sê dat die oorspronklike teks die normatiewe een is nie. Dit sal van teks tot teks verskil. Ook Dunn (1982:20) toon aan dat die geskrifte op elke vlak van hulle voorgeskiedenis as gesaghebbend aanvaar is deur die gemeenskappe waarin hulle funksioneer het. Dit is juis om hierdie rede dat die Bybelskrywers hierdie tekste gebruik het. Hulle is in meer as een gemeenskap as gesaghebbend aanvaar. Kanoniese gesag is nie aan hulle toegeken by Jamne of deur hulle gebruik van die Nuwe Testament nie. Die gebruik van hierdie tradisies deur Bybelskrywers het ook nie aan hulle 'n gesag toegeken nie. Dit was juis omdat hulle reeds gesaghebbend funksioneer het dat Bybelskrywers hulle gebruik het.

Barr (1983:90) beskou dit as 'n ironie dat Childs soveel gesag plaas op die finale vorm omdat 'n kanoniese lees van die Bybel juis in die teenoorgestelde rigting lei: "It heavily stresses the role of the originator". Hy *meen dat die finale vorm van die teks* onafhanklik funksioneer van die definisie van kanon as 'n lys boeke. Om die kanon *te sien as 'n lys van boeke aan die een kant* en as die finale vorm van die teks aan die ander kant is onversoenbaar. Twee verskillende prosesse gaan die twee sienings vooraf. Die een is 'n teologiese proses, die ander literêr. Dit is twee prosesse wat in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kontras met mekaar staan (Barr 1983:80).

HØgenhaven (1988:72) argumenteer dat daar 'n te hoë premie aan die finale vorm van die teks gegee word. Dit lei daartoe dat die moontlikheid uitgesluit word dat die redakteurs die oorspronklike betekenis van die teks kon misverstaan. Volgens HØgenhaven lei dit tot onoordeelkundige eksegetiese en historiese benaderings. Die feit van die saak is dat oud-Israel self nie die finale vorm van die teks gebruik het nie.

Brett (1991:153) het die probleem dat die kanoniese benadering nie die bewyse verskaf om Childs se argument vir die finale vorm van die teks te steun nie. Die kanoniese benadering kan bitter min inligting gee oor die motiewe van die kanoniese redakteurs. Dit is egter juis Childs se teologiese verstaan van die kanoniese bewerkers wat sy fokus op die finale vorm van die teks legitimeer. Hierdie kritiek word later weer hanteer wanneer die rol van die gemeenskap in die kanoniese benadering ter sprake kom[2].

Die vraag word deur Birch (1980:122) gevra: "Just how does the final form of the text discharge its normative role?" Laurin (1977:272) meen dat dit baie duidelik is uit die kanonproses dat elke fase van die ontwikkeling van die kanon gesaghebbend is. Dit beteken egter nie dat elke fase, die finale een ingesluit, gesaghebbend vir ons moet wees nie. Geen fase, nie eens die Nuwe Testament, is die finale gesaghebbende fase nie. Elke geslag moet opnuut die Woord van God in hulle eie situasie hoor. Die vasstelling van die kanon is maar 'n fase in die proses van tradisiebou, wat geen belangriker rol speel ten opsigte van die pre-kanoniese en post-kanoniese fase nie.

[2] Kyk onder 6.2.13.

McEvenue (1981:236-237) skaar hom by Laurin dat daar geen finale vorm in die proses van tradisiebou is nie. Ook Gese (1977:304) toon aan dat die kanonisering die finale resultaat in die vorming van 'n tradisie is. Daarmee impliseer hy dat daar geen kwalitatiewe verskille tussen tradisie en kanon is nie. Tussen die gesag van die tradisie in die pre-kanoniese staat en die finale kanoniese vorm van die teks is daar geen statusverskil nie. Ackroyd (1977:171-172) meen dat die vlakke van kanonisiteit nie beperk moet word nie. Die gesag van die Skrif is nie 'n saak van 'n direkte woord wat van God af kom nie, dit is ook nie die aanvaarding van die finale kanoniese vorm nie.

Knight (1980:131) is van mening dat die hele tradisiebouproses dieselfde gesag dra. Daar kan nie aan die finale vorm van die teks meer gesag toegeken word nie. Gladson (1982:78) sluit in dié verband by Knight aan as hy vra: "Does not Childs's canon principle further widen the chasm between us and the pre-canonical period?" Görg (1978:143) is net so onvleiend in sy kritiek dat Childs "einer euphorischen Beurteilung eines textlichen endstadiums" voorstel. Hayes (1985:272) vra dat daar nie net geargumenteer moet word vir die inspirasie en gesag van die finale vorm nie, maar ook vir die proses waardeur die finale vorm tot stand gekom het. Die kanon hanteer nie tekste asof hulle eers gesag gekry het die oomblik toe 'n stolling van tradisies plaasgevind het nie. Die apostels het nie 'n versameling wat as kanon kon dien in die oog gehad nie. Die geskrifte het dus alreeds gesag gehad voordat hulle deel van die kanoniese korpus geword het. Die siening dat die Skrif gesag gekry het met die finale insluiting by die kanon, berus op 'n teorie van 'n laat verbinding van die Ou en die Nuwe Testament.

Zimmerli (1981:240) het die probleem met die klem op die finale vorm van die teks, dat dit lei tot 'n kanon binne 'n kanon. Hy toon dit aan in die manier waarop Childs in die boek Job die Elihurede ondergeskik maak aan die Godsrede. Dit waarvan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Childs vir Zimmerli en Wright beskuldig, word dus ook voor sy eie deur gelê. Die beskuldiging dat Childs met 'n kanon-binne-'n-kanon-konsep werk kom ook ter sprake in kritiek teen sy keuse vir die Masoretiese teks en kritiek teen sy harmonisering van die kanon[3].

Met die klem wat Childs op die finale vorm van die teks plaas, het Knight (1980:136) onder die invloed van von Rad, die probleem dat die teologiese waarde van vroeë lae verlore raak. Vir Knight dra die hele tradisiebouproses dieselfde gesag. Daar kan nie aan die finale vorm van die teks meer gesag gegee word nie.

Bosman (1990:142-143) toon aan dat Childs se fokus op die finale vorm van die teks nie die pluraliteit van teologieë binne die kanon verdiskonteer nie.

Met sy klem op die finale vorm verloor Childs uit die oog dat die kanon van die Ou Testament eintlik uit drie kanonversamelings bestaan wat op verskillende tye tot stand gekom het. In die proses van kanonisering was daar 'n fase waartydens die Torah reeds afgehandelde kanon was en is dit in die groeiende profetekanon geherinterpreteer (Venter 1987:761).

Die probleem wat Noble (1995:48) het is dat Childs die finale vorm van die teks verhef tot 'n algemene hermeneutiese beginsel. Dit is vir hom onaanvaarbaar in gevalle waar dit duidelik is dat faktore wat te doen het met die historiese konteks van die teks baie belangrik is vir die betekenis van die teks.

---

[3] Kyk onder 6.2.7 Die keuse van die Masoretiese teks as die kanon waarmee gewerk word, en 6.2.9 Kritiek teen Childs se harmonisering van verskille binne die kanon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.2.4 Samevatting

Childs se klem op die finale vorm van die teks bied die probleem dat al die vorige fases van die teks geïgnoreer word. Die dinamiese proses van tradisievorming wat so belangrik is vir die betekenis van 'n teks gaan hierdeur verlore. Betekenis word nie uit 'n bepaalde lugleegte gebore nie, maar uit 'n bepaalde konteks. Om hierdie rede bestaan die gevaar dat Childs 'n een-dimensionele teologie ontwikkel waar die geheel van die Bybelse materiaal op een vlak gelees word. Hierdeur gaan die diversiteit wat so eie is aan die Ou Testament, verlore. Volgens sy kritici verskaf Childs te min redes en inligting waarom die keuse op die finale vorm van die teks moet val. Te veel gesag word aan die finale vorm van die teks gegee.

### 6.2.5 Kritiek op Childs se hantering van die kanon as hermeneutiese konsep om 'n Bybelse teologie te skryf

Die basiese fout wat Childs maak is volgens die kritici dat hy die kanon verhef tot hermeneutiese sleutel. Die begrip kanon word gedefinieer langs dogmatiese lyne (Hesse 1961:316) of historiese lyne (Jacob 1974:122; Cazelles 1980:31; McCann 1985:16).

Met die fokus op die hermeneutiese aspek van die kanon het Barr probleme. Barr (1983:67; 96-99) meen dat die kanon nie die antwoord bied op die vraag of die sinoptiese evangelies in die lig van Johannes gesien moet word of andersom nie. Dit is juis die geval by Childs dat die teologiese lees van gedeeltes deur ander gedeeltes bepaal word. McEvenue (1981:237) sluit hierby aan. As Childs korrek is dat die konteks vir Bybelse teologie die hele kanon is, dan beteken dit volgens McEvenue dat die Bybel 'n organiese eenheid vorm. Die aanname is betekenisloos vir sowel die eksegese as die teologie. So 'n holistiese benadering is teologies

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



irrelevant. Indien Childs 'n holistiese lees van die teks binne die parameters van die kanon voorstel, word hy gekritiseer dat hy nie daarmee suksesvol is nie. Kritiek teen Childs se harmonisering van die kanon word ook onder 'n ander opskrif hanteer[4].

Die eenheid van die Skrif kan nie gefundeer word op die kanon nie. In dié verband word daar deur Anderson (1971:325-326) opgemerk: "...to appeal to the canon as the guarantor of the unity of the Bible, in the face of the complexities which Biblical theologians have been wrestling with, resolves the problem by a kind of *tour de force*".

In welke mate Childs, met die kanon as fokus, 'n holistiese benadering volg is ook vir Scobie (1991:49) 'n vraag. Volgens hom het Childs in sy benadering dit nie reggekry om 'n Bybelse teologie te skryf nie. Ten spyte daarvan dat sekere Ou-Testamentiese temas met die Nuwe Testament verbind word, is die benadering van Childs basies 'n Ou-Testamentiese teologie binne die konteks van die Ou-Testamentiese kanon, in plaas van 'n Ou-Testamentiese teologie in die konteks van die Bybelse kanon. Dit is dan ook die kritiek van Barr (1983:152)[5] teen Childs se *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c), dat die Nuwe Testament nie veel van 'n rol speel nie. Die Ou Testament word nie as Christelik geïnterpreteer nie. Dit is 'n vraag of daar vakmanne is wat reg sal kan laat geskied aan 'n holistiese benadering wat die Ou en die Nuwe Testament insluit (Oeming 1985:194). Is dit nie blote wensdenkery om 'n Bybelse teologie op die basis te skryf soos wat Childs dit voorstel nie? Die hermeneutiese sleutels van hoe 'n teks geïnterpreteer moet word, kom nie vanuit die kanon nie, maar van buite af.

---

[4] Kyk onder 6.2.15 Kritiek op Childs se siening van die kanoniese vorming.

[5] Dit is interessant om daarop te let dat Childs ook deur ander kritici daarvan beskuldig word dat sy werk christologies is.

McEvenue (1981:236) het die probleem dat vir Childs die enigste konteks vir die beoefening van die teologie die kanon is. Dit is vir hom 'n onaanvaarbare feit dat skrifgedeeltes as die enigste kriteria vir gesag kan dien, sonder kriteria van buite af. In dié verband word daar weer eens deur McEvenue by Barr aangesluit. Childs gaan eklekties te werk in sy toesegging van gesag slegs aan die kanoniese teks of die finale vorm van die teks.

Dit wil voorkom asof Childs meer gesag toeken aan sekere dele van die kanon as aan ander. Sekere gedeeltes word dan die hermeneutiese sleutel waarmee ander gedeeltes gelees word. Childs is meer afhanklik van die Torah en die historiese verhale as van die wysheidsliteratuur. Die historiese verhale en die wysheidsliteratuur word dan in die lig van die Torah gelees. 'n Rede hiervoor is die feit dat Childs die Masoretiese teks verkies, wat in effek klem lê op die Torah[6]. Die logiese afleiding wat dan deur Carroll (1980b:218-219), soos ook deur Oeming (1985:96), gemaak word is dat Childs werk met 'n kanon binne 'n kanon. Hierdie kritiek teen Childs kom telkens ter sprake[7]. Childs verabsoluteer sy holistiese benadering op so 'n wyse dat die geheel groter is as die som van die dele. 'n Boek soos Job moet byvoorbeeld gelees word as 'n korreksie op Spreuke. Dit is onaanvaarbaar om die Bybel aan die hand van 'n hermeneutiese sentrum uit te lê. Daardeur word die verskeidenheid en diversiteit van die Ou Testament ontken. Die boodskap van die Skrif word dan oor die boeg van een prinsiep gegooi.

Dit wil voorkom asof die kanoniese beweging in die algemeen 'n geneigdheid het tot

---

[6] Dit is ironies dat Childs hierdie klem op die Torah ten koste van ander boeke met niemand anders as Wright deel wat die doyen van die Biblical Theology Movement was. Wright aanvaar egter die beginsel van 'n kanon binne 'n kanon terwyl Childs (1979c:44) dit in geen onsekere taal verwerp.

[7] Kyk onder 6.2.9 Kritiek teen Childs se harmonisering van verskille binne die kanon en 6.2.7 Die keuse van die Masoretiese teks as die kanon waarmee gewerk word.

die keuse van 'n bepaalde sentrum. In die benadering van Sanders is dit die Torah wat as sentrum funksioneer. Sheppard (1980) ken 'n buitengewone plek toe aan die wysheid in sy benadering. Sanders (1972:1-53) erken, Childs (1973:90; 1984b:30-31) ontken dit. Pelser (1988:390) toon aan dat verskeie pogings om 'n kanon binne die kanon te identifiseer nie net onaanvaarbaar is nie, maar ook utopiese wensdenkery is.

Barton (1984b:174) vra die vraag of die kanoniese benadering in staat is om die eksegeet terug te vat na die teks self. Volgens Childs is die kanoniese benadering teksgesentreerd. Prediker het byvoorbeeld 'n ander betekenis in die Hebreeuse kanon as wat dit sou gehad het as dit deel was van die wysheidsliteratuur. Volgens Childs bepaal die kanoniese konteks die betekenis van 'n teks. Dieselfde teks kan verskillende betekenisse in verskillende kontekste hê. As die kanon waarbinne 'n teks funksioneer onbekend is, is dit nie moontlik om die ware betekenis van 'n teks te determineer nie. Barton (1984b) het dan 'n probleem met die feit dat die kanoniese benadering klem lê op die feit dat daar teruggegaan word na die teks, as die betekenis van die teks afhang van die konteks waarbinne dit staan. Dit bring die vraag na die konteks en die belang daarvan vir die verstaan van 'n teks na vore. Barton konkludeer dan dat 'n teks nie 'n intrinsieke betekenis het nie, maar gesien moet word in sy konteks. Volgens Barton oortuig die benadering van Childs nie wat dié aspek betref nie.

Barr (1980:16) het die probleem dat die benadering van Childs net klem lê op die intrinsieke betekenis van 'n teks. Volgens hom is daar ekstrinsieke faktore waarna die teks self verwys wat ook in berekening gebring moet word. Deur kanonisering word die teks gesien as goddelik geïnspireerd tot in sy kleinste onderdele. Teologiese argumente kan nou gevoer word oor gedeeltes los van hulle literêre konteks. Die literêre genre van elke individuele boek word grootliks hierdeur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geïgnoreer. Dit alles lei tot 'n massale dekontekstualisering (Barr 1983:80). Vroeë stadiums in die teks is net so legitiem as die finale vorm. Die latere stadiums van die Ou en die Nuwe Testament word gekenmerk deur 'n proses van verrotting, dit is daarom baie riskant volgens Barr (1983:87) om 'n sekere gesag aan die mense van die kanoniseringsperiode toe te ken. Landes (1980:36) ondersteun Barr in 'n mate wat sy argument betref. Murphy (1980:44) argumenteer dat 'n teks meervoudige betekenisvlakke kan hê. Dit is die taak van die eksegese om al hierdie vlakke te ontgin en nie net gebonde te wees aan een enkele vlak nie. Tekste moet nie net kanonies gelees word nie. Die kanon kan nie die enigste sleutel wees vir die lees van 'n teks nie. Ook Dunn (1982:25) toon aan dat 'n teks meer as een vlak van betekenis kan hê en dat elke vlak gesaghebbend is. Soms gaan die betekenis verder terug as die teks in sy kanoniese konteks en soms strek die betekenis vooruit baie verder as die kanoniese konteks.

Dit is 'n vraag of daar werklik soveel gesag aan die kanon gegee moet word. Die begrip kanon was vir die vroeë kerk 'n baie losser kategorie as wat dit vandag is. Barton (1984a:29-30) argumenteer dat Childs te veel gesag gee aan die kanonbegrip van die vroeë kerk. Die vroeë Christene het nie so 'n hoë premie geplaas op die geïnspireerdheid van die Skrif nie. Enige boek wat volgens hulle outentiek en waardig was, was vir hulle net so gesaghebbend as boeke wat nou deel van die Bybel is. Hy sluit by Barr aan dat kanon bloot 'n aanduiding van 'n lys van boeke is. Barton (1984b) meen daarom dat ons hier met 'n anachronisme te doen het deurdat gesag net aan die kanon toegedig word. Childs ken aan die vroeë kerk 'n veel groter rol toe betreffende die vasstelling van die kanon en die gesag van sy inhoud, as wat die Hervormers bereid was om te doen (Henry 1990:85). Henry (1990:92-93) meen dat Childs op geen ander plek so obskuur is as juis in sy modifikasie van die histories-Christelike verstaan van die openbaring van die Skrif en die gesag van die kanon nie. Die kanon kan nie die middelpuntvlietende faktor wees wat die betekenis

van elke teks bepaal nie.

Die gesag van die kanon is redelik belangrik in die hele betoog van Childs. Blenkinsopp (1977:142-143) argumenteer dat die Bybelse kanon nie as absoluut aanvaar kan word in die sin van 'n *regula fidei* nie. Die kanon het ontstaan uit 'n behoefte om duidelikheid te kry te midde van 'n stryd om godsdienstige gesag. Die oplossing was nie in die vorm van 'n finale oplossing nie. Hy voeg by dat die taal wat deur die profete gebruik is om die aard en handelinge van God te beskryf, die moontlikheid van die bestaan van 'n kanon soos algemeen aanvaar word, negeer.

Laurin (1977:261) maak 'n onderskeid tussen wat hy 'canonizing' en 'canonization' noem. Die eerste term word deur hom gebruik om die proses aan te dui soos die kanon ontwikkel het. Die tweede term dui volgens Laurin "an illegitimate closure of that process by the community at one moment in its history" aan. Daar kan nie veel gesag volgens hom aan hierdie proses toegeken word nie. Kanonisering word ook deur Hahn (1980:456-466) gesien as 'n sekondêre gebeure.

Barr (1983:83) lewer kritiek op Childs se kanoniese proses wat agter die Ou Testament in werking was. Die term 'kanonisering' is afkomstig uit die geskiedenis van die Christelike kerk. Barr (1983) bevraagteken dit of dit enigsins relevant vir die geskiedenis van die Ou-Testamentiese geskrifte is. Dit is onmoontlik om aan te toon dat daar op enige tydstip 'n onderskeid tussen kanoniese en nie-kanoniese geskrifte gemaak is tydens die ontwikkeling van die Ou Testament. Die vraag word gevra of die kanonisering werklik so 'n belangrike gebeurtenis was. Dit wil voorkom asof die vroeë kerk vir 'n redelike tydperk sonder 'n kanon klaargekom het. Die finale lys van die Ou-Testamentiese boeke is eers by Hippo (393 n.C.) en Karthago (397 en 497 n.C.) vasgestel. Selfs sonder dat hulle gekanoniseer is, is werke as gesaghebbend aanvaar (Hayes 1985:271).

### 6.2.6 Samevatting

Die kritici van Childs is dit eens dat die hermeneutiese sleutels vir die interpretasie van 'n teks nie inherent deel is van die teks nie, maar van buite die kanon kom. Uit die reaksie op Childs se benadering is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid is oor die sukses van sy holistiese aanslag nie. Childs ken aan sekere gedeeltes van die kanon meer gesag toe as aan ander gedeeltes. Die buitengewone gesag wat Childs aan die kanon gee, lei daartoe dat die kanon deur hom verabsoluteer word. Die vraag word verder gevra of die kanon werklik so 'n belangrike konsep is. Is daar genoeg rede om dit tot 'n hermeneutiese sleutel te verhef? Die begrip kanon, word geargumenteer, het nie so 'n besondere status in die vroeë kerk gehad nie.

### 6.2.7 Die keuse van die Masoretiese teks as die kanon waarmee gewerk word

'n Belangrike argument wat deur Barton (1984b:92) geopper word, is watter kanon gebruik moet word. Childs gee voorkeur aan die Masoretiese teks van die Ou Testament. Die rede hiervoor is dat Jode en Christene dit gemeenskaplik as kanon aanvaar het.

Barton (1984b:93) toon egter aan dat op 'n tydstip toe daar onderskeid gemaak is tussen kanoniese en nie-kanoniese boeke, die Jode en Christene verskillende kanons aanvaar het. Dit maak die argument van Childs in die keuse van sy kanon ongeldig. Vir Sanders (1980:187) is dit 'n probleem dat daar net op een teks, naamlik die Masoretiese teks gefokus word. Die gevolg daarvan is dat daar in die kanoniese geskiedenis 'n post-Christelike rabbynse vorm van die teks ingelees word - 'n teks wat geen verband met die Christelike gemeenskap gehad het tot op 'n laat stadium nie. Die klem op die Masoretiese tekste laat in 'n groot mate die Nuwe Testament, wat op die Septuaginta gesteun het, buite rekening. Vir Oeming (1985:187) is dit 'n

probleem dat soveel klem op die Masoretiese teks geplaas word ten koste van die Septuaginta en die Vulgaat. Zimmerli (1981:238) skaar hom hierby. Hy toon aan dat die Septuaginta 'n waardevolle teks is om talle probleemsituasies op te klaar. Vir die Nuwe-Testamentiese leser van die Ou Testament was die Septuaginta die deurslaggewende teks. Moet daar werklik soveel voorrang aan die Masoretiese teks verleen word? "Kan man wirklich so unbedingt auf den Hebräischen Text pochen, weil er allein von der Synagoge als kanonisch rezipiert worden ist?"

Barr (1980:22) vind dit onbegryplik dat Childs soveel klem lê op die Masoretiese teks. Die argument wat deur Childs aangebied word, is die feit dat die Hebreeuse kanon Judaïsme en die Christendom aan mekaar verbind. Die realiteit volgens Barr is egter dat die Hebreeuse kanon eerder 'n krag is wat verdeel as verenig. As Christelike teologiese eksegese gebaseer moet word op die kanon alleen, dan beteken dit die kanon van die ganse Christelike Bybel. Dan is daar ook nog die Aleksandrynse kanon, die Samaritaanse Pentateug en die tekste wat by Qumran ontdek is. Vir hierdie geskrifte was 'n verskeidenheid van groepe verantwoordelik, nie 'n gemeenskap van geloof nie (Oeming 1987:298). Loader (1986:140) vind ook die keuse van die Masoretiese teks onbegryplik. Die Masoretiese teks was heel moontlik anti-christelik in teenstelling met die Septuaginta wat deur die outeurs van die Nuwe Testament gebruik is. Loader vra die vraag waarom ons die keuse van die kanon aanvaar, maar nie die allegoriese en tipologiese metodes wat dit gebruik het nie. Childs se keuse van die kanon maak hom weerloos teen fundamentalisme en hulle gebruik van die tipologiese en allegoriese metodes.

Christelike interpretasies van die Ou Testament was meestal gebaseer op tekste wat non-Masoreties van aard was. Die Masoretiese teks was 'n faktor, maar nie so oorheersend dat dit 'n eksklusiewe status moes kry nie. Childs se keuse van 'n spesifieke teks hang saam met 'n literêre teorie dat die teks 'n *deposit* van betekenis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is wat deur 'n eksegetiese proses ontgin moet word. So beskou, word die teks iets apart van sy lesers en interpreteerders (Deist 1988b:200). Polemiek teen die Christendom en die apokaliptiek as sodanig en teen die kerk as 'n 'sekte' van die verkondiging van Jesus Christus, is 'n belangrike tema in die Hebreeuse kanon. Daarby vertoon 'n vergelyking tussen die Hebreeuse en Christelike Bybels wesentlike verskille ten opsigte van die manier waarop hulle eindig (Carroll 1980a:76).

Volgens Brett (1991:112) is dit 'n probleem om met die Masoretiese teks te werk asof dit verteenwoordigend is van Bybelse Hebreeus. As die duur van die kanoniese proses in gedagte gehou word, is dit duidelik dat die Masoretiese korpus meer as een sisteem Hebreeus verteenwoordig. Die Hebreeus van die kanon is nie identies aan die Hebreeus wat gepraat is in die laat fase van die eerste eeu voor Christus nie. Die Hebreeus van die kanon is nooit deur 'n spesifieke gemeenskap gepraat nie. Dit maak 'n sinkroniese studie van die taal baie moeilik. So 'n studie sal moet aandag gee aan die historiese konteks van 'n gerekonstrueerde taal wat sekere kenmerke met Misna-Hebreeus deel. Childs gee egter nie hieraan aandag nie. Dit is tog interessant om daarop te let dat wanneer daar definitiewe probleme met die Masoretiese teks is, Childs terugval op die langer teks van die Septuaginta (Lipinski 1976:378).

Die Nuwe-Testamentiese gebruik van die Ou Testament is nie net beperk tot die gebruik van die Masoretiese teks nie. Dunn (1982:24) het die probleem dat die keuse van die Masoretiese teks die interpreteerder verbind tot 'n Jamniese of 'n post-Jamniese teologie van die Griekse en Latynse vaders. Dit is juis as gevolg van die feit dat Childs so baie van die Masoretiese teks maak dat die Torah so 'n belangrike plek in die benadering van Childs inneem. 'n Verdere punt van kritiek teen Childs is dat hy die Torah en die finale vorm van die teks sien as sentrum van die Ou

Testament. Oeming (1987:297) toon aan dat die Masoretiese teks Torah-gesentreerd is. Keer op keer sal daar deur die hantering van die kritiek teen Childs gevind word dat hy daarvan beskuldig word dat hy met 'n kanon binne 'n kanon werk[8].

Murphy het 'n probleem met die wyse waarop Childs die bydrae van tekskritiek in 1 Samuel negeer. Hy hou by die Masoretiese teks ondanks die feit dat die Griekse teks en Qumran 'n beter teks voorstel. Murphy (1980:40) vra dan die vraag of kanoniese gesag aan die Masoretiese teks toegeken moet word as dit net 'n "vehicle" is vir die vasstelling van die kanoniese teks. Wat ooglopend lyk na 'n fout in die teks behoort nie so 'n hoë status te hê nie. Ook Lipinski (1976:379) toon verskeie voorbeelde in Childs se kommentaar aan waar daar beter lesings was veral deur die Samaritaanse teks, wat deur Childs geïgnoreer word. Daar is redelike ooreenstemming dat indien die Masoretiese teks van die Samaritaanse Pentateug verskil, laasgenoemde die beste teks is.

Brueggemann (1989:317) meen dat dit die een vraag is wat aan die hart van die benadering van Childs lê wat hy moet beantwoord. Die vraag is watter kanon? Word die antwoord bepaal deur 'n belydenis deur 'n kerk of 'n sinagoge? Wat maak een kanoniese proses of produk meer legitiem as 'n ander een? Childs beantwoord nie hierdie vrae nie.

Vir Blenkinsopp (1977:15) is die grootste probleem die feit dat Childs die Hebreeuse geskrifte hanteer as maar net 'n komponent van die Christelike kanon. Die probleem word daardeur gereduseer tot die verhouding tussen die twee Testamente. Alhoewel dit so is dat die boeke van die Ou Testament dieselfde vir die Protestante en die Jode is, moet daar in gedagte gehou word dat die kanoniese konteks verskil. Die

---

[8] Sien onder 6.2.9 Kritiek teen Childs se harmonisering van verskille binne die kanon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Protestante het 'n verskillende kanoniese konteks omdat die Nuwe Testament opereer as konteks vir die Ou Testament (Brueggemann 1989:317).

Dit is ironies dat terwyl Childs poog om deur sy keuse van die Masoretiese teks die Christene en Jode nader aan mekaar te bring, hy nie juis goeie reaksie van die Joodse teoloë kry nie. Zevit (1988:192) skryf dat dit nie net Katolieke is wat deur Childs se benadering uitgesluit word nie, maar ook die beoefenaars van Judaïsme. Dit word ook deur Lemke (1989:69) voorgehou as 'n punt van kritiek teen Childs.

Barton (1984b:94-100) gaan verder om aan te dui dat die kanoniese benadering nie kan help om te bepaal watter van die vele kanoniese kontekste waarin 'n teks funksioneer die mees korrekte een is nie. Baie min aandag word deur Childs gegee aan die feit dat 'n verskeidenheid van kerke verskillende kanons gebruik. Geen aanvaarbare rede word deur hom aangebied om die keuse van een spesifieke versameling boeke te regverdig nie (Moberly 1988:109). Om hierdie rede maak Barr (1980:22) die opmerking dat as die kanon as basis vir die geloof geneem word, dit óf die Joodse kanon van die Hebreeuse Bybel moet wees, óf die Christelike kanon van die Ou en die Nuwe Testament. As Christelike teologiese eksegese streng gebaseer moet word op die kanon as basis, dan beteken dit dat die kanoniese vorm van die hele Christelike Bybel gebruik moet word.

Deist (1989:19) lewer kritiese kommentaar op die keuse ten gunste van die Masoretiese teks. Hy meen dat die groot vraag wat gevra moet word is of die Masoretiese teks die Ou Testament is. Die ontdekking van die Qumranrolle en die Samaritaanse Pentateug het dit duidelik gemaak dat die Masoretiese tradisie een stroom van die Hebreeuse tekstradisies resensionisties gekontinueer het en dat dit foutiewelik tot die Hebreeuse teks van die Ou Testament verhef is. Die Masoretiese teks is in wese 'n laat Farisese teks. Die tradisie wat in die teks weerspieël word,

verteenwoordig daarom 'n Farisese tradisie en nie 'n Ou-Testamentiese tradisie nie. Die vroeë kerk het juis nie in die Farisese tradisie gestaan nie. Hierteenoor verteenwoordig die Septuaginta grotendeels die Hebreeuse tekstradisies. Die vroeë Christendom het mettertyd al meer van die Septuaginta gebruik gemaak as enige ander Hebreeuse teks.

Die vraag is dan waarom daar so 'n prominente plek aan die Farisese tekstradisie gegee moet word. Wat maak die latere ontwikkeling in die tradisie van die Masoretiese teks beter as dié in die Hebreeuse tekste waarin die Septuaginta-tradisie ingebed is? Waarom word die een tradisie as kanoniek verklaar en die ander een nie? Dit terwyl die Christelike kerk juis die Septuaginta as kanoniek gehou het. 'n Ander belangrike argument wat deur Deist (1989) gevoer word, is dat die Ou Testament 'n teologiese konsep is en nie 'n teks nie. Wanneer Nuwe-Testamentiese skrywers en vroeë kerkvaders na die ou verbond verwys, is hulle met teologie besig en nie met tekste nie. Op grond waarvan word die teologiese konsep Ou Testament geïdentifiseer met die Masoretiese teks? Weerspieël die teks alles wat die vroeë kerk onder die "ou verbond" verstaan het? As Childs dan aandring op kanoniese eksegese, waarom dan die Masoretiese kanon en nie die kanon van die vroeë kerk nie? Dit lei tot vele vrae wat nie deur Childs beantwoord word nie.

### 6.2.8 Samevatting

Childs se voorkeur ten gunste van die Masoretiese teks lok heelwat kritiek uit. Die keuse vir die Masoretiese teks wat 'n post-Christelike rabbynse teks is, is onverstaanbaar. In die proses word die Nuwe Testament wat 'n belangrike plek binne die kanoniese benadering inneem buite rekening gelaat. Die Nuwe Testament steun hoofsaaklik op die Septuaginta. Indien die Septuaginta 'n beter lesing bied as die Masoretiese teks word dit soms deur Childs geïgnoreer, ander kere nie. Deur die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fokus op die Masoretiese teks word die ander tekstradisies deur Childs buite rekening gelaat. Vir Childs is die Masoretiese teks gelyk aan die Ou Testament. Hy gee nie werklike goeie redes waarom die keuse op die Masoretiese teks moet val nie. Die indruk wat Childs skep deur sy keuse van die Masoretiese teks is dat dit nie werklik 'n deurdagte bydrae lewer tot die kanoniese benadering nie.

### 6.2.9 Kritiek teen Childs se harmonisering van verskille binne die kanon

Nog 'n probleem met die benadering van Childs is dat hy nie altyd tred hou met die verskeidenheid binne die kanon nie. Dit wil voorkom asof Childs met 'n dogmatiese beginsel werk en dan met sy holistiese benadering die eenheid en verskeidenheid in die Nuwe en Ou Testament onder een beginsel wil saambring (Voight 1991:569). Dit is een van die redes waarom Childs daarvan beskuldig word dat hy met 'n kanon-binne-in-'n-kanon-konsep werk. Barton (1984b:95) het dit ook teen die feit dat die kanoniese benadering tot harmonisering lei. Dit is volgens hom ongereformeerd dat Bybelse tekste uit een mond moet praat alhoewel hulle uit verskillende kontekste kom. Die gesag van 'n teks kom dus van buite af en is nie inherent aan elke teks self nie. Die interpreteerder van 'n teks is dus onder die verpligting om 'n teks te interpreteer ooreenkomstig die wyse wat vir sy gemeenskap aanvaarbaar is.

Oeming (1987:205;299) se probleem met die harmonisering van 'n teks is dat die selfstandige betekenis van die teks uitgebalanseer en gerelativeer word, dat dit gesien word binne die groot geheel. Verskille tussen tekste word dan oorgesien ter wille van 'n kanonharmonie. Daardeur verdwyn die bydrae wat individuele outeurs gelewer het. Spanninge wat daar moontlik tussen tekste bestaan, word deur die harmonisering gerelativeer en geëlimineer. Die kanon vorm volgens Childs dan 'n inhoudelike eenheid. Daar bestaan egter nie so 'n harmonie binne die kanon nie. Die Bybel het 'n groot verskeidenheid teologieë. Von Rad (1962) het reeds 'n aanduiding

gegee van die pluraliteit ten opsigte van die teologiese inhoud van die Bybel. Hy het gesuggereer dat daar aandag gegee moet word aan byvoorbeeld 'n teologie van die Psalms of 'n teologie van Jesaja. Die probleem met die benadering van Childs is dat dit nie so 'n ondersoek moontlik maak nie. Dit sou onmoontlik wees om die verskeidenheid van teologieë met mekaar te harmoniseer, sonder om die eie aard en karakter van elkeen in te boet. Vir Childs is daar so 'n harmonie binne die kanon. Dit vorm 'n inhoudelike geheel. So 'n harmonie bestaan egter nie.

Die probleem is dat Childs deur so 'n harmonie spanninge wat klaarblyklik in die kanon bestaan, elimineer (Oeming 1987:299). Die proses waardeur beide die Hebreeuse en Christelike kanon ontstaan het, is juis gekenmerk deur 'n vloeibaarheid en pluralisme. Daar was nooit 'n enkele ortodokse perspektief waarom die kanon gevorm is nie. Gepaardgaande hiermee is daar dan die probleem dat dit wil voorkom asof Childs meer gesag toeken aan sekere dele van die kanon as aan ander. Soos reeds genoem is Childs meer afhanklik van die Torah en die historiese verhale as van die wysheidsliteratuur. Die historiese verhale en die wysheidsliteratuur word dan in die lig van die Torah gelees. 'n Rede hiervoor is die feit dat Childs die Masoretiese teks verkies, wat in effek klem lê op die Torah.

Die logiese afleiding wat dan deur Carroll (1980b:218-219), soos ook deur Oeming (1987) en Zimmerli (1981), gemaak word is dat Childs werk met 'n kanon binne 'n kanon. Die kanon word volgens hulle geharmoniseer as gevolg van die fokus wat Childs op die finale vorm van die teks plaas. Dit wil voorkom asof Childs sy holistiese benadering verabsoluteer op so 'n wyse dat die geheel groter is as die som van die dele. Daardeur word die verskeidenheid en diversiteit van die Ou Testament ontken. Kaiser (1981:82) het dieselfde probleem: "It is a mark of eisegesis, not exegesis, to borrow freight that appears chronological later in the text and to transport it back and unload it on an earlier passage simply because both or all the passages involved

share the same canon". Die boodskap van die Skrif word in dié geval oor die boeg van een beginsel gegooi.

Dit is 'n vraag of dit 'n kenmerk is van die Skrif dat daar totaal en al harmonie aanwesig is en geen spanning nie. Op hierdie vraag moet daar negatief geantwoord word. Die proses waardeur die Hebreeuse en Christelike kanon ontstaan het, is juis gekenmerk deur vloeibaarheid en pluralisme. Daar was nooit 'n enkele ortodokse perspektief waarom die kanon gevorm is nie. Inteendeel, daar was 'n verskeidenheid perspektiewe wat bestaan het en langs mekaar ontwikkel het. Nie alleen was daar diversiteit in die lyste van boeke wat gebruik is nie, maar ook 'n diversiteit wat die inhoud van hierdie boeke betref. Marcion is reeds verwerp deur die vroeë kerk omdat hy die Bybel uit een mond wou laat praat (Keegan 1985:138).

Kritiek word dus teen Childs gelewer dat die kanoniese benadering die ryke verskeidenheid en diversiteit van veral die Ou Testament ignoreer. Hiermee sou ook saamhang die feit dat Childs daarvan beskuldig word dat hy in navolging van Barth 'n christologiese lees van die Ou Testament voorstaan. Dit is veral in sy mees resente werk (1992) baie duidelik. Childs gebruik die Pauliniese versoeningskonsep op so 'n wyse dat dit ook sy beskouing rondom die Ou-Testamentiese begrip van versoening beïnvloed. Barth is juis ook deur kritici daarvan beskuldig dat hy ook 'n kanon binne die kanon voorstel as gevolg van sy christologiese lees van die teks. Hierdie leemte word ook deur kritiek op sy metodologie[9] uitgewys.

### 6.2.10 Samevatting

Childs se benadering bied nie 'n oplossing vir een van die groot kwessies van die

[9]Kyk onder 6.2.21 Kritiek teen Childs se metodologie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ou-Testamentiese teologie nie. Dit wil voorkom asof hyself nie aan die probleem ontkom om vir 'n hermeneutiese sentrum te kies nie. Hierdie punt van kritiek word deurgaans deur sy kritici geopper. Dit is ook hanteer onder die kritiek teen Childs se gebruik van die kanon as 'n hermeneutiese sleutel, asook sy keuse vir die Masoretiese teks en die klem wat hy plaas op die finale vorm van die teks. Die probleem is die feit dat dit wil voorkom asof Childs vir meer as een sentrum kies. Die Nuwe Testament het Christus as die dogmatiese sentrum en die Ou Testament die Torah. Dit ignoreer die pluralisme en diversiteit van die Skrif. Hierdie skynbare sentrums van beide kanons het negatiewe implikasies vir die skryf van 'n Bybelse teologie, een van Childs se groot ideale.

### 6.2.11 Childs se datum vir die finalisering van die kanon

Childs werk op 'n datum van 100 n.C. as die datum vir die finalisering van die kanon. Hierdie datum ontlok kritiek van alle kante af (Tate 1981:183). Daar is nie deurslaggewende bewyse om die finale vorm van die Ou-Testamentiese teks te verbind met Jamnia nie. Resente studies stel 'n meer konserwatiewe vroeër datering voor. Henry (1990:90) dui aan dat die Nuwe-Testamentiese kerk van die begin af die gesag van die Ou Testament aanvaar het. Die Ou Testament is gesien as gesaghebbend en Christus as die vervulling daarvan. Henry meen dat dit ongewoon sou wees as die kerk die Hebreeuse kanon aanvaar het net nadat dit met die Judaïsme gebreek het. Daar is geen getuienis van 'n Nuwe-Testamentiese gemeenskap wat sekere hersieningsbyvoegings op 'n kanoniese basis sou doen nie. Die vraag wat dan deur Henry (1990:91) gevra word, is of die finale vorm van die teks nie eerder dui op 'n apostoliese gesag, die apostels wat Christus geproklameer het as die opgestane een, as 'n gemeenskap wat betrokke sou wees in die vorming van die kanon nie: "Professor Childs concedes an almost lack of information regarding the history of canonization".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Childs handhaaf 'n pre-eksiliese aanvangsdatum vir die kanon wat post-eksilies al hoe sterker geword het. Knight (1980:138) toon egter aan dat die meeste teoloë die aktiwiteit van die sesde en vyfde eeu voor Christus sien as 'n tyd van intense literêre aktiwiteit en nie 'n tyd van kanoniese vorming nie. Childs maak hom skuldig daaraan dat hy die geskiedenis van Israel se literêre aktiwiteit gelykstel aan die proses van kanoniese vorming. Childs ken meer gesag toe aan post-apostoliese redakteurs as aan die apostels self. Die benadering van Childs lê klem op die een fase van die tradisieproses ten koste van die ander fases.

Omdat kanonisering in die tyd van die kerkvaders plaasgevind het, beklemtoon Childs hierdie fase. Dit is egter 'n nie-Bybelse fase, wat 'n hoër status geniet as die Bybelse fases. Hayes (1985:270) vra daarom die vraag waarom die einde van 'n proses belangriker is as die vroeë fases.

### 6.2.12 Samevatting

Childs gee nie veel aandag aan die historiese gebeure rondom die kanonisering nie. Dit is 'n leemte in 'n benadering wat soveel van die kanon maak. Die historiese prosesse wat as katalisators meegehelp het tot kanonisering kan nie uit die oog verloor word nie. So ook die datum van die finalisering van die teks. Childs besluit op 'n datum sonder om die problematiek van sy keuse in gedagte te hou. Indien Childs meer aandag gegee het aan die hele historiese proses rondom kanonisering, sou die kanonies-hermeneutiese motiewe van die kanoniseerders dalk nie so 'n groot rol gespeel het nie.

### 6.2.13 Kritiek teen die rol van die geloofsgemeenskap in die kanoniese benadering

Die geloofsgemeenskap speel 'n belangrike rol in die benadering van Childs. Heelwat gesag word deur Childs aan die gemeenskappe toegeken. Die belang van gemeenskappe word deur die kritici bevraagteken. Barr (1983:91) lewer kritiek daarop dat te veel gesag aan geslagte van redakteurs en kanoniseerders gegee word. Dit terwyl Childs self toegee dat ons nie veel van hierdie mense weet nie. Inligting rondom hulle aktiwiteite kan alleenlik verkry word deur 'n proses soortgelyk aan tradisionele Bybelse kritiek. Die probleem volgens Barr (1983:140) is dat Childs sy eie hermeneutiese sentimente inlees in die bydraes van die redakteurs en die kanoniseerders.

Te veel gesag word toegeken aan geslagte redakteurs en kanoniseerders. Gesag word gekonsentreer in die kanoniese teks en die mense en gebeure waaruit die teks tot stand kom word geïgnoreer. Dit is dan 'n goeie vraag of die moontlikheid bestaan dat die redakteurs nie dalk foute kon maak nie. Is dit nie 'n waagstuk om soveel mag aan hulle toe te ken nie? Is dit nie byvoorbeeld moontlik dat Jesaja drie verskillende boeke is soos Joël en Maleagi nie (Barr 1980:16-18)? Die vraag word ook deur Rodd (1979:131) gevra: "It is difficult to see what part, if any, the community played in the final form of a single book or what interpretation is to be placed upon the idea of canonical activity in the development of individual books". Sanders (1980:188) sluit hierby aan deur te toon dat wat Childs verstaan onder kanoniese konteks as konsep eers tydens die Reformasie begin funksioneer het en nie voor die tyd nie. Het die kanoniseerders byvoorbeeld die bedoeling gehad om 'n geskrif tot stand te bring? Om hierdie rede bevraagteken Knight (1980:142) die aanname van Childs dat daar 'n kanoniese bedoeling aanwesig was tydens die redaksionele fase van die teks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Landes (1980:36) vra die vraag hoe die historiese situasie waarin die kanoniese redakteurs hulle werk gedoen het, hulle taak van kanonvorming geaffekteer het. Childs se gegewens hieroor is skraps.

*Childs konsentreer eksklusief op die godsdienstige faktore wat 'n rol gespeel het in* die vorming van die kanon. Die invloed wat politieke, sosiale en ekonomiese faktore gelewer het, word misken. Die teologiese aspekte van die literatuur word oorbeklemtoon ten koste van die godsdienstige praktyke wat gelei het tot die totstandkoming daarvan (Knight 1980:141). Carroll (1980a:76) toon inderdaad aan dat in teenstelling met die feit dat Childs die historiese en sosiologiese omstandighede van die kanonisering verwerp, kanoniese geskrifte al die tekens daarvan dra. Daar is heelwat tekens van verskille en polemiek tussen gemeenskappe. Die kanoniese geskrifte is *per se* polemies. Om die kanoniese geskrifte te kan verstaan, vereis dat daar geluister word na die tyd en omstandighede waarin hulle tot stand gekom het. Meer inligting is daarom nodig van die gemeenskappe waarbinne die teks sy status verkry het. Die siening van Childs rondom die kanon is om hierdie rede ondialekties. Omdat Childs se gegewens oor die ontstaan van die kanon so skraps is, gee hy ook min inligting oor die gemeenskappe wat 'n groot rol gespeel het in die vorming van die kanon.

Sekere onhistoriese aannames word deur Childs gemaak oor hierdie groepe, maar niks word gesê oor *hulle identiteit nie. Vir Sanders (1980) is dit 'n anomalie in die* hele hipotese van Childs dat hy so baie doen om die funksionering van die teks in *die gemeenskap te ondersoek, maar* aan die ander kant geen aandag wil gee aan die historiese bestaan van hierdie gemeenskappe nie. Sanders (1980:190-192) meen as Childs die gemeenskappe ernstig wil neem, hy histories-krities elke fase van vorming deur die gemeenskap moet ondersoek: "How available to future generations of believers is Scripture when the historicity of the ones which gave it to

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



us is denied". Gegewens rondom die gemeenskappe is te vaag om enigsins so 'n groot rol aan hulle toe te ken. Wat was die aard van hierdie gemeenskappe? Is daar enige sprake van kontinuïteit tussen die geloofsgemeenskappe van vandag en toe? Kan dit nie moontlik wees dat 'n kanoniese waarheid wat vir hulle belangrik was vir 'n kontemporêre gemeenskap fataal sal wees nie? In watter gemeenskap en hoe is die teks vasgestel? Waar en wanneer het 'n omvangryke gemeenskap ontstaan aan wie die finale vorm toegedig moet word. Watter getuienis is daar dat die Nuwe Testament die byvoegings en veranderings van 'n gemeenskap akkommodeer? Die werk van Childs het 'n totale gebrek aan inligting rondom die geskiedenis van kanonisering (Henry 1990:90). Daar is 'n algemene gebrek aan gegewens aan data rondom die redes waarom vroeë gemeenskappe kanoniese betekenisse aan sekere tekste gegee het. Ons het geen gegewens oor wat die bedoeling van die kanoniseerders kon gewees het nie.

Henry (1990:89) het ook verder 'n probleem met die siening van Childs oor die groei van die kanon. Volgens Henry hou Childs nie rekening met die siening dat die kanon bestaan uit goddelik geïnspireerde geskrifte nie. Childs praat wel van 'n *authoritative Word*, maar die betekenis hiervan word nie deur hom duidelik gemaak nie. Die inspirasie word deur Childs ondergeskik gestel aan die proses van seleksie, oorlewering en interpretering waarvoor die geloofsgemeenskap verantwoordelik is. Die bedoeling van die oorspronklike outeur word ondergeskik gestel aan die kanoniese bedoeling. In plaas daarvan dat die geïnspireerde kanoniese geskrifte die kerk koester, meen Childs dat dit net andersom werk. 'n Situasie word geskep waar die dogter geboorte aan die moeder gee. Die gemeenskap definieer die rol wat die geskrifte speel en die gesag daarvan. Childs stel hier 'n nuwe tradisiekritiek voor, naamlik gemeenskapskritiek.

Knight (1980:140) vra vrae oor die gesag van die geskrifte. Dit is vir hom onduidelik

waar die oorsprong van die gesag is. Lê dit in die literatuur self as gevolg van sekere karaktereienskappe, of is die bron daarvan die gemeenskap waarbinne die literatuur funksioneer? Childs is vaag oor hoe die gesag uitgeoefen word. Is dit deur sekere institusies, sosiale faktore, rituele, kultus of tradisie? Knight het ook nie die sekerheid of dit vir Childs die vorm van die teks is wat normatief is of die interpretasie wat aan die teks gegee is deur die kanoniseerders, wat normatief is nie.

### 6.2.14 Samevatting

Die gesag wat Childs aan die geloofsgemeenskappe toeken word deur sy kritici bevraagteken. Dit skep die probleem dat die redakteurs dalk foute kon gemaak het. Kan daar met sekerheid gesê word dat daar by die gemeenskappe 'n kanoniese bedoeling was? Baie min inligting word deur Childs gegee rondom die identiteit van hierdie gemeenskappe. Die vraag word dan gevra wie die meeste gesag het: die teks of die kanoniseerders. Daar is in Childs se benadering 'n totale gebrek aan inligting oor die politieke, sosiale en ekonomiese faktore wat 'n rol gespeel het in die geloofsgemeenskap. Dit is alles faktore wat 'n rol kon gespeel het in hulle teologiese denke.

### 6.2.15 Kritiek op Childs se siening van die kanoniese vorming

Whybray (1981:31) toon aan dat dit 'n probleem by Childs is dat alhoewel hy 'n hoë premie plaas op die proses van kanoniese vorming daar baie min gegewens oor hierdie proses in sy werk is. Hierdie kritiek kom ook telkens ter sprake wanneer kritici[10] Childs se eklektiese gebruik van die histories-kritiese metode kritiseer. Dit maak die benadering van Childs net so weerloos teenoor subjektiwiteit as die

[10] Kyk onder 6.2.17 Kritiek teen Childs se standpunt ten opsigte van die historiese kritiek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



metodes waarteen hy polemiseer. Mays (1980:161) toon aan dat 'n kanoniese analise van die teks net fokus op die kenmerke van die teks tydens die een periode toe die boeke redaksioneel verwerk en voltooi is. Mays reken dat dit nie reg laat geskied aan die trans-historiese karakter van die materiaal nie.

Sanders(1980) en Blenkinsopp (1977) is versigtig om die term kanon in verband te bring met gebeure rondom die eksiliese periode. Hulle sien hier die begin van 'n groeiende kanoniese proses. Dit is 'n proses wat uiteindelik in 'n kanon sou eindig. Childs beskou egter hierdie vroeë redaksionele stappe as ten volle kanonies van aard. Vir Childs is die kanon nie 'n post-apostoliese fase in die kanoniese proses nie (Knight 1980:139). Die kanon hanteer nie geskrifte asof hulle gesag afhang van die kreatiewe ingrype van 'n geloofsgemeenskap nie. "The canonical process therefore includes a recognition of scriptural authority prior to the inspired tradition's final canonical form" (Henry 1990:92).

Oeming (1985:203) vra of daar met Childs saamgestem kan word as hy sê dat reeds die hele kanon vir hierdie gemeenskappe normatief was. Daar is geen getuienis hiervoor nie. Hy het verder 'n probleem met die feit dat die gesag wat die geloofsgemeenskappe aan die kanon toegeken het sou geld vir opeenvolgende geslagte. Terwyl dit 'n menslike proses was, hoe kan dit normatief gemaak word vir opeenvolgende geslagte? Dit sien hy as die invloed van Barth se dogmatiek.

Sanders (1980:190) het 'n probleem met die feit dat Childs 'n teks losmaak van sy historiese konteks asof die finale kanoniese redaksie 'n tydlose teologie in gedagte gehad het vir alle generasies. Die geskiedenis van die vroeë kerk bevraagteken die betekenis van kanonisering as 'n teologiese verskynsel. Daar is geen bewyse dat die vroeë Christene gedink het aan 'n rol vir die Bybel vir opeenvolgende geslagte nie (McEvenue 1981:238).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Smend (1980:47-48) bevraagteken die rede waarom gesag aan die kanon as hermeneutiese prinsipe toegeken moet word. Die besluite waarvolgens die kanon tot stand gekom het was hoogs kontroversieel. Kriteria wat gebruik is om boeke soos Obadja en Ester in die kanon toe te laat maar 1 Makkabeërs uit te laat, is volgens Smend onaanvaarbaar. Die kanon is nie so onfeilbaar as wat Childs graag sou wou gehad het nie. Smend stel dan voor dat die gesag van die kanon gerelativeer word. Hy het 'n verdere probleem met die feit dat dit gemeenskappe is wat aan 'n teks gesag toeken. Gedeeltes soos byvoorbeeld die Psalms, die Wet en die lied van Debora is gerig op die enkeling. Die vraag wat Smend vra is of hierdie gedeeltes dan onafhanklik van 'n gemeenskap kan funksioneer en nog gesaghebbend kan wees. Soortgelyke kritiek is reeds aan die orde gestel[11].

Die manier waarop Childs die leer oor die inspirasie hanteer is vaag, juis omdat die gemeenskap van die gelowiges en hulle rol in die vorming van die kanon so sentraal staan (Schnabel 1990:122). Vir Oswalt (1987:322) is dit ook onaanvaarbaar dat die benadering van Childs impliseer dat die gemeenskap van gelowiges betrokke was by die inspirasie en nie 'n outeur nie. Ons het geen verwysing na geïnspireerde gemeenskappe nie, dit is altyd individue wat ter sprake is. Die status wat toegedig word aan die finale outeur van 'n teks grens aan die ondersteuning van 'n verbale inspirasieteorie. Dit plaas Childs nie in 'n beter posisie as diegene wat hy repudieer nie omrede hulle voorstel dat vroeë tekste meer gesag dra omdat God toe direk met die mens gespreek het (Hanson 1984:18).

Landes (1980:38) het dan ook die probleem om te bepaal wat tot die finale vorming deur die kanoniese redakteur behoort en wat die oorspronklike skrywer bygedra het.

---

11 Sien onder 6.2.5 Kritiek op Childs se hantering van die kanon as hermeneutiese konsep om 'n Bybelse teologie te skryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Childs gee nie 'n antwoord op hierdie vraag nie.

Gottwald (1985:316) meen dat Childs in 'n kanoniese fundamentalisme verval omdat die gesag wat hy aan die geloofsgemeenskap toedig, die geskiedenis en die gemeenskap transendeer. As die gemeenskap so 'n groot rol gespeel het in die vorming van die kanon deur sy interpretasie van die Woord vir komende geslagte, word die kanon nie vervang deur die geloofsgemeenskap as 'n ekwivalente gesag nie (Henry 1990:95)?

Childs ken 'n mate van gesag toe aan die finale redakteurs teenoor vroeë tradisiedraers op 'n wyse wat teruggaan na 'n a-historiese of pre-kritiese wetenskap en sekere vorme van fundamentalisme (Hanson 1984:19). Die probleem wat hier na vore kom is dat alhoewel Childs sterk klem lê op die gemeenskappe wat beslag gegee het aan die finale teks, hy hulle behoeftes ontken ten opsigte van die teks. Teologiese patrone en strukture is belangriker vir hom as die gebruik van God se Woord deur die gemeenskap. Dié indruk word geskep deur Childs se ignorering van die betekenis van die historiese situasie in die vorming van die finale vorm van die teks. Om te wil glo dat die redakteur geen belang gehad het by sy eie situasie nie en slegs gekonsentreer het op die kanoniese vorming is absurd. Die gevolg is dat 'n teologie bedryf word wat los staan van die lewens van mense tot wie die teologie gerig is (Morgan 1988:387). Die probleem is dat Childs die skrywers verwyder van enige historiese gebeure en bewegings en hulle naamloos en identiteitloos gelaat word (Harrelson 1981:102).

Sheppard (1985) stel voor dat nie net die vroeë gemeenskappe se kanon erken moet word nie, maar ook hulle hermeneutiek. Dit laat die vraag ontstaan of die Bybel gesaghebbend is bloot omdat dit kanonies is en of daar 'n ander basis van gesag is. McEvenue (1981:238) vind die betekenis wat 'n gemeenskap aan 'n teks heg

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



problematies. Die nuwe betekenis van die teks moet onderskei word van die betekenis wat deur die oorspronklike outeur aan die teks gegee is. Daar is 'n verskil tussen die oorspronklike betekenis en dié wat 'n gemeenskap daaraan toeken. Dit is veel gevra om te veronderstel dat tekste wat deur 'n gemeenskap versamel is en langs mekaar geplaas word, die korrekte betekenis van 'n teks is. Dit kan hoogstens deurgaan as 'n betekenis wat 'n gemeenskap daaraan geheg het en kan daadwerklik verskil van die Bybelse betekenis, wat 'n strukturele eenheid vorm met betekenis (Knight 1980:139).

Barr (1980:19) argumenteer ook dat daar by Childs nie die moontlikheid bestaan dat die kanoniseerders die teks verkeerd verstaan nie. Juis hiermee het Polk (1980:168) ook 'n probleem. Childs is onbeweeglik oor die feit dat die teks 'n sekere bedoeling het. Hy laat om hierdie rede nooit ruimte vir die moontlikheid dat daar 'n fout met die oordrag van die teks gekom het nie. Foute in die teks word deur hom gerasionaliseer deur daarna te verwys as spesifieke teologiese persepsies, byvoorbeeld in die geval met Habakuk. Ander kere verklaar hy dit as funksioneel om sekere spanninge te veroorsaak, byvoorbeeld in die geval van Job.

### 6.2.16 Samevatting

Weer eens is dit hier die geval dat Childs oor 'n belangrike aspek van sy benadering te min inligting gee. Om hierdie rede word daar heelwat vrae gevra deur sy kritici ten opsigte van sy siening van kanoniese vorming. As Childs dit as 'n menslike proses beskou, hoe kan dit as normatief aanvaar word vir opeenvolgende geslagte?

Die gesag wat Childs aan die kanon toeken word nie geregverdig deur sy siening van die wyse waarop die kanon gevorm is nie. Kritiek wat ook onder ander opskrifte gehanteer is kom weer hier ter sprake. Die rol wat die gemeenskap speel, die feit dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle gesag toegeken het aan tekste, die veronderstelling dat 'n hele gemeenskap geïspireer is, is kritiek wat ook ter sprake kom by Childs se uiteensetting van die kanoniese vorming.

### 6.2.17 Kritiek teen Childs se standpunt ten opsigte van die historiese kritiek

Childs se hantering van die historiese kritiek is naas die die inhoud wat hy aan die kanon gee, een van die belangrikste bronne van kritiek wat teen hom gelewer word. Uit verskeie oorde word die aanklag teen Childs gemaak dat sy benadering a-histories van aard is (Perdue 1980:247) en dat hy die bydrae van die histories-kritiese metode geringskat. Hierdie feit word onderstreep deur die feit dat Childs deurgaans weier om 'n begrip soos kanoniese kritiek te gebruik omdat hy daardeur die historiese kritiek sou impliseer. Die kanoniese benadering sou dan maar net nog 'n onderafdeling wees van die historiese kritiek.

Aan die ander kant word hy beskuldig dat alhoewel hy die histories-kritiese metode negeer, hy tog nog swaar leun op hierdie metode. Volgens Priest (1980:261) is die belangrikste vraag wat Childs moet beantwoord of dit moontlik is om die Ou Testament as kanoniese geskrif te verstaan en nog ten volle gebruik te maak van die histories-kritiese metode.

Barr (1980:15;17) toon aan dat Childs veel meer op die resultate van die historiese kritiek steun as wat hy wil toegee. Volgens Barr is die benadering van Childs in feite bi-polêr. Aan die een kant steun dit op 'n kanoniese lees van die teks en aan die ander kant op die resultate van die tradisiekritiek. Hoe meer Childs betrokke raak in die detailbespreking van 'n teks, hoe nader beweeg hy aan die spekulatiewe aard van die histories-kritiese metode. Volgens Childs moet daar in 'n teks gesoek word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir tekens wat dui op kanoniese vorming. Morgan (1986) toon aan dat dit baie moeilik vir Childs sou wees om hierdie tekens te identifiseer sonder om gebruik te maak van die histories-kritiese metode.

Vir Morgan (1988:387) is dit uiters ingewikkeld om die verskil tussen die kanoniese benadering en ander tradisionele metodes aan te toon en vol te hou. Hy stel voor dat die kanoniese benadering moontlik gesien moet word as die aanwending van tradisionele metodes op 'n holistiese wyse. Dit is die beswaar van Schnabel (1990:118) dat die benadering wat Childs volg niks nuuts is nie, maar 'n produk van die histories-kritiese metode bly. Dit is ook die waarneming van Gottwald (1985:310) dat Childs aan die een kant baie swaar leun op die histories-kritiese metode en aan die ander kant Childs die benadering negeer. Gottwald vind hier dat Childs homself in wese weerspreek, of dat daar 'n tekort aan kommunikasie in sy metode is. Gottwald meen dat die mees oorspronklike deel van sy werk juis die redaksiekritiek is. In die kritiek teen Childs is daar dus heeltyd 'n dualisme teenwoordig. Deur sommige kritici word hy beskuldig dat hy nog baie swaar op die historiese kritiek leun. Ander kritici raai hom aan om meer van die historiese kritiek te maak en 'n posisie in te neem wat nader is aan dié van Sanders wat meer van die historiese kritiek maak.

McComiskey (1980:88) dui aan dat as daar met die finale vorm van die teks gewerk word, die Ou-Testamentiese teks nie sy historisiteit verloor nie. Die histories-kritiese proses waarvan die finale vorm 'n getuie is word juis daardeur bevestig. Om hierdie rede moet daar veel meer deur Childs van die historiese kritiek en die resultate daarvan gemaak word. Teenoor hierdie stelling dui Sanders (1980:180) aan dat van Childs se groot bydraes juis sy gebruik van die tradisiekritiek is. Childs weet hoe om die histories-kritiese metode te gebruik. Gammie (1975:561) reken dat Childs se hantering van die voorgeskiedenis van die teks geniaal is. Priest (1980:268) sluit by

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie siening aan. Hy stel voor dat die kanoniese benadering van Childs nie die *primus inter pares* moet wees nie, maar dat dit saam met die ander dissiplines soos tradisie- en redaksiekritiek ingespan moet word. Dit is 'n benadering wat ook die goedkeuring van Sanders en Barr wegdra. Kittel (1980:6) vind dit interessant dat die benadering van Childs grootliks ooreenstem met literêre kritiek. Landes (1980:35) meen dat die indruk wat Childs probeer skep negatiewe gevolge kan hê op die bestudering van die Ou-Testamentiese teologie. Studente wat sou poog om die teks bloot kanonies te lees sonder die gebruik van die historiese kritiek, sal heelwat probleme ondervind. McEvenue (1981:236) toon ook aan dat dit ondenkbaar is om die waarheid te ontdek as net die Bybel of enige deel daarvan as die enigste kriterium gebruik word. Dit is fataal om net kriteria te gebruik wat deel is van die kanon.

Birch (1980:121) vra die vraag of die onderskeid tussen Skrif en tradisie wat Childs tref, korrek is. Is die identifisering van die historiese konteks waarbinne tradisies ontstaan het werklik so irrelevant vir die teologiese interpretasie van 'n teks? Mays (1980:160) vra die vraag of die kanoniese benadering werklik soveel meer moontlikhede open as wat die konvensionele metodes doen. McEvenue (1981:231-232) het 'n probleem met die feit dat die teologiese refleksie, wat 'n afdeling is van die metode van Childs, nie die teenswoordige kerk help om homself in die lig van byvoorbeeld Eksodus te verstaan nie, maar eerder in die lig van latere dokumente. Tweedens is McEvenue van mening dat die gedeeltes wat handel oor die geskiedenis van die eksegese en die Nuwe-Testament-konteks, die leser verwar en weglei van die teologie van Eksodus in plaas daarvan om hom dit te laat ontdek. Daar kan nie van die Nuwe Testament verwag word om meer lig te werp op die teologie van Eksodus nie. Brett (1991:41; 68) het ook hiermee probleme. Is dit moontlik dat die kanoniese benadering 'n eie styl van ondersoek kan monster as dit so afhanklik is van die resultate van die historiese kritiek? Hoe verskil dié resultate

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



byvoorbeeld van dié van redaksiekritiek? 'n Ander probleem wat Brett het is die feit dat dit lyk asof Childs inkonsekwent is in die deurlopende toepassing van sy metode. Childs is nie altyd eerlik in sy negering van die histories-kritiese metode nie, maar hy gebruik die resultate van die metode soos dit hom pas: "Childs is constantly swapping hermeneutical hats" (Polk 1980:170).

Loader (1986:140) plaas 'n vraagteken oor Childs se verset om die teologiese relevansie van die historiese betekenis van 'n teks te erken. So toon hy aan dat die skerp kritiese woorde van Prediker juis teologiese betekenis kry as dit los van die epiloog en die ortodokse verband van die kanon gelees word. Die kritici is dit eens dat Childs, nieteenstaande sy negatiewe houding teenoor die historiese kritiek, hy 'n kind van die kritiese beweging bly. Die aandag wat hy aan die resultate van die histories-kritiese metode gee is 'n bewys hiervan. Childs bewys self daardeur dat die histories-kritiese resultate selfs vir die betekenis van die finale vorm van die teks noodsaaklik is (Smend 1980:47).

Resensente van sy *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c) soos byvoorbeeld: Cazelles (1980), Polk (1980) en Perdue (1980) is dit eens dat Childs se uiteensetting van die resultate van die histories-kritiese metode sonder uitsondering indrukwekkend is. Wat die datering, die aktiwiteit van Bybelse outeurs, en die redaksieprosesse betref, bevind Childs hom in die hoofstroom van die historiese benadering. 'n Groot deel van die proses wat Childs kanoniese vorming deur die gemeenskap noem, word deur die historiese kritiek onder die opskrif redaksiekritiek hanteer (Knight 1980:137).

Deurdat Childs die finale vorm van die teks verabsoluteer, maak hy in der waarheid dieselfde fout as die beoefenaars van die historiese kritiek wat eensydig klem lê op net 'n sekere stadium van die teks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Brett (1991:46) suggereer dat Childs moontlik die fout maak om die agterdeur vir die histories-kritiese metode oop te los vir die kere wat 'n sinkroniese lees van die teks nie slaag nie. Dit is 'n wesenlike probleem dat Childs van die voorgeskiedenis van 'n teks gebruik maak om die finale vorm van die teks te lees. Brett toon egter verder dat Childs 'n stap verder gaan deurdat die voorgeskiedenis in die geval van Eksodus 20:4-6 só 'n prominente plek in sy interpretasie van die gedeelte inneem dat dit die sinkroniese lees van die teks heeltemal negeer. Dit waarvan Childs die historiese kritiek beskuldig, doen hy dus self. Daar is inderdaad 'n ambivalensie te bespeur in die benadering van Childs ten opsigte van die historiese studie, veral as hy oortuigend redeneer dat die voorgeskiedenis van 'n teks by tye relevant is vir die sinkroniese verstaan van die finale vorm van die teks.

Dit is 'n vraag of ander metodes en benaderings slegs relevansie het in die mate wat hulle lig werp op die finale vorm van die teks. Schnabel (1990:118) toon aan dat Childs die histories-kritiese metode komplementêr gebruik. Vir Schnabel veroorsaak dit 'n probleem omdat Childs aan die een kant die metode negeer, maar aan die ander kant swaar steun op die resultate daarvan.

Childs, in navolging van Barth, probeer differensieer tussen kanoniese gesag en historiese feitelikheid. Smith (1986:410) toon aan dat Childs weier om terug te gaan na 'n situasie voor die getuienis van die Evangelies om aandag te gee aan die historiese Jesus. Die probleem is egter dat gesag nie geskei kan word van geskiedenis nie. Jesus Christus is 'n historiese feit.

Cazelles (1980:29-31) argumenteer dat die wettiese materiaal nie afhanklik van die bronne geşien kan word nie. Die wettiese kodes in die Pentateug word 'n vrugtelose poging indien bronne J, E, D, P nie in konteks gesien word nie. Dit is duidelik dat Childs se onwilligheid om die godsdienstige kultuur van die Nabye Ooste in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanmerking te neem 'n demper plaas op sy resultate. Childs verwerp eenvoudig die beginsel van hoe skerper die historiese fokus is, hoe beter die interpretasie van die teks (Kelley 1975:508).

Die historiese problematiek kry by Childs nie die nodige aandag nie. Hy poog om die historiese probleme op te los deur 'n beroep op die transendentale te doen. Historiese probleme in die teks word geïgnoreer en deur die klem op die finale vorm van die teks kry dit 'n betekenis vir komende geslagte. In die verband laat Noble (1995:93) hom as volg uit: "Questions of 'what really happened' are often of considerable greater relevance to his own conception of theology than he has realized, and ought therefore to be given a more central role in his programme". Volgens Hanson (1984:17) is die onderbou van die benadering van Childs 'n a-historiese dogmatiese prinsipe. Dit het die gevolg dat dit die primêre fokus op die Bybelse teks vereng. Childs (1985:12) argumenteer dat alle pogings om agter die teks in te kom om te rekonstrueer wat werklik gebeur het, tot mislukking gedoem is omdat die *time-conditioned quality* van die teks geïgnoreer word. Die gevolg hiervan is 'n twee-dimensionele konteks waar waarheid en ervaring nie met mekaar in kontak kom nie. Volgens Oswalt (1987:319) het dit die effek om naby te kom aan Bultmann se konsep van *verbal reality*, 'n wêreld waar betekenis verwyderd is van feite. Dit laat in die eerste plek die vraag ontstaan watter interpretasie nie tydsgebonde is nie. Die benadering van Childs is self tydsgebonde. 'n Ander vraag is of daar enige metode is of sal wees wat die toets van die tyd sal deurstaan.

### 6.2.18 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die rol wat die histories-kritiese metode in die kanoniese benadering speel problematies is. Aan die een kant word Childs daarvan beskuldig dat hy absoluut hierdie metode negeer, aan die ander kant

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word daar gesê dat hy te veel op dié metode steun en nie eerlik is in sy negering van dié metode nie. Om hierdie rede is daar 'n duidelike ambivalensie in Childs se benadering te bespeur. Sy kritici vind dit moeilik om die onderskeid wat Childs tref tussen die tradisionele histories-kritiese metode en sy kanoniese benadering te sanksioneer. Dit laat die vraag ontstaan in watter mate Childs homself geëmansipeer het van die histories-kritiese metode. Andersyds skep dit 'n probleem rondom die geloofwaardigheid van Childs se pogings om 'n alternatiewe benadering voor te stel. Childs word daarvan beskuldig dat hy die belangrike voorgeskiedenis van die teks verwaarloos. Dit gaan saam met die mening van kritici dat Childs a-histories werk. Daar is heelwat spanning tussen die sinkroniese en die diakroniese aspekte van Childs se benadering.

### 6.2.19 Kritiek op Childs se hantering van die boek Jesaja

Vir baie van Childs se kritici is sy hantering van die boek Jesaja die spitspunt van sy probleem ten opsigte van die gebruik van die histories-kritiese metode. Vervolgens word gekyk na sy hantering van Jesaja en kritiek daarop.

Childs (1979c:335) meen dat die fragmentering van die Jesajaboek in talle bronne die boodskap van Jesaja belemmer. Dit maak die aktualisering van die boek vir die huidige geloofsgemeenskap moeilik. Childs gaan nie akkoord met die verdeling van die boek in drie dele, te wete Proto-Jesaja, Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja nie. Dit is sy mening dat Deutero-Jesaja en Trito-Jesaja gestroop is van hulle oorspronklike historiese konteks. Die doel daarvan is om 'n woord van hoop te wees teenoor die oordeel van hoofstukke 1-39. Om hierdie rede hou Childs vol dat die boek teologies gelees moet word, dit wil sê in sy geheel. Die teologiese betekenis van die teks is nie afhanklik van die historiese rekonstruksie van die teks nie. Die finale vorm van die teks bied 'n nuwe en 'n nie-historiese raamwerk vir die profetiese boodskap. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorspronklike historiese gebeure word so irrelevant, maar die boodskap word relevant gemaak vir komende geslagte. Hy het verder die probleem dat die boodskap van Deutero-Jesaja nie in vervulling gegaan het nie en om dié rede nie veel godsdienstige waarde het nie. Eers toe dit verbind is met Proto-Jesaja het dit teologiese waarde verkry (Childs 1979c:337). Childs se oplossing is dat nieteenstaande die feit dat verskeie van die elemente van die boek verskil, die boek Jesaja in sy kanoniese vorm 'n boodskap het wat ernstig opgeneem moet word.

Childs word telkens daarvan beskuldig dat hy nie die historiese feite ernstig genoeg neem nie. Anderson (1981:21) wys daarop dat Childs die boodskap van die profeet en daarom ook die relevansie van die boodskap vir komende geslagte bepaal deur die historiese situasie waarin die profeet sy woord gespreek het.

McEvenue (1981:234) stem saam dat die outeur van Deutero-Jesaja nie veel aandag gegee het aan die historiese konteks van Deutero-Jesaja nie. Hy wil egter nie soos Childs as gevolg daarvan 'n tydlose dimensie aan Deutero-Jesaja toedig nie. Die noem van Kores verhoed byvoorbeeld enige poging om Deutero-Jesaja tydloos te abstraheer.

Ook Zimmerli (1981:240) toon aan dat Deutero-Jesaja ryk is aan historiese merkers wat ongetwyfeld moet bydra tot die verstaan van die teks. Dit onderstreep die feit dat die eksegeet gedwing word om van die historiese *Umwelt* van Deutero-Jesaja kennis te neem vir die interpretasie daarvan.

Birch (1980:121) toon aan dat dit juis die klem is wat geplaas is op die historiese gegewenheid van die eksiliese literatuur, wat allerhande moontlikhede vir die kerk oopgemaak het. Selfs al is daar weinig historiese data is dit nogtans duidelik dat die historiese konteks van Deutero-Jesaja eksiliese kenmerke het. Indien dit die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedoeling van die redakteur was om hierdie gegewens deel van die teks te maak, kan dit nie geïgnoreer word wanneer daar na die betekenis van die teks gekyk word nie.

Schnabel (1990:121) skryf: "Wenn Jesaja 40 ursprünglich historisch keine vorexilische Prophetie war, dann ist es auch in einem kanonischen Kontext keine wahre Prophetie". Hoewel Brueggemann (1984:90) meen dat Childs 'n besondere bydrae gelewer het tot die studie van Jesaja, is hy krities dat Childs nie genoeg maak van die sosiale dinamika wat agter die teks teenwoordig is nie. In dié verband vind hy die bydrae van Gottwald meer positief.

Talle geleerdes is van mening dat Childs nie daarin slaag om die histories-kritiese metode en die teologiese gebruik van die Skrif met mekaar te integreer nie (McCarthy 1978:311-312). Childs erken dat die kanoniese vorm van sekere tekste heelwat historiese gegewens bevat, byvoorbeeld in die geval van Amos en Nahum. Childs (1980b:205) erken ook dat hy nie reg laat geskied in die geval van Deutero-Jesaja wat die historiese kenmerke van die sesde eeu betref nie. Dit doen egter geensins afbreuk aan Childs se negering van die relevansie van die historiese gegewens wat in 'n teks teenwoordig is nie. Sakenfeld (1974:275-278) toon aan dat dit wil voorkom asof dit vir Childs nie belangrik is of enige historiese gebeure wel plaasgevind het of nie. In sy onvermoë om woord en gebeure van mekaar te skei, moet die invloed van Barth gesien word.

### 6.2.20 Samevatting

Dit is veral ten opsigte van sy hantering van die Jesajaboek dat Childs daarvan beskuldig word dat hy die resultate van die historiese kritiek negeer. Childs hou nie rekening met die belangrike voorgeskiedenis van die boek nie. Belangrike historiese

data wat deur die redakteur van Jesaja self gegee word, word deur Childs buite rekening gelaat. Om hierdie rede bestaan die gevaar dat Childs die boek eendimensioneel kan interpreteer.

### 6.2.21 Kritiek teen Childs se metodologie

Dit is nie so eenvoudig om die metodologie van Childs uiteen te sit nie[12]. Die vraag is of die kanoniese benadering deel uitmaak van die historiese kritiek en of dit langs dié metode geplaas moet word. Moet dit gesien word op dieselfde wyse as vorm- en tradisiekritiek? Is daar verskillende stappe onderskeibaar, is daar enige kontrole in die metode ingebou? Baie van sy kritici voel dat Childs nie altyd konsekwent is ten opsigte van die gebruik van sy metode nie.

In hoofstuk 3 is daar gepoog om 'n uiteensetting te gee van die metodologie van Childs aan die hand van Eksodus 3:1-4:17. Die hoofmomente van sy metode is die gebruik van die histories-kritiese metode, die lees van 'n spesifieke teks soos dit figureer binne die Ou en Nuwe Testament, die geskiedenis van eksegese en die teologiese evaluering daarvan. Childs verduur kritiek vir elke faset van sy metodologie.

McEvenue (1981:234) dui 'n gebrek aan presisie aan in die metodologie van Childs. Soos reeds aangetoon, is daar ook nie altyd konsensus met wat hy bedoel met sekere van die kernkonsepte en begrippe van sy metode nie. Dit veroorsaak allerlei spanninge binne die metode van Childs. Brett (1991:4) toon aan dat daar 'n spanning tussen die kanoniese benadering en die diakroniese vraagstukke is wat Childs nooit

[12] Die gebrek aan duidelike metodologiese riglyne ten opsigte van die kanoniese benadering lei daartoe dat Morgan (1986:83) 'n artikel skryf met die opskrif: "Canon and criticism: method or madness?".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevredigend opgehef kry nie. Childs praat byvoorbeeld gereeld oor redaksionele vorming in plaas van vorm. Redaksionele vorming is 'n term wat verband hou met die redaksionele aktiwiteit wat plaasgevind het voor die teks sy finale vorm bereik het. Daarbenewens is daar ook nie baie kontroles ingebou in die metode nie. Riglyne en kontroles is baie vaag. Gebruikers van die metode moet gewoonlik gebruik maak van kontroles wat deur ander metodes gebied word en meer spesifiek die histories-kritiese metode (Morgan 1986:90). Dit skep 'n verdere probleem omdat die werk van Childs soveel op die vormkritiek steun. Dit is juis die vormkritiek wat die moeilikste kontroleerbaar is. Dit maak die kanoniese benadering van Childs veel meer spekulatief as die historiese kritiek. Uit die aard van die saak is dit juis hierdie leemte in die kanoniese benadering wat Childs weerloos maak teen die misbruik deur fundamentaliste (Schnabel 1990:119).

'n Aspek van die metode van Childs is die kanoniese lees van 'n teks in albei Testamente. Daar is reeds aangetoon hoe Childs Nuwe-Testamentiese aanhalings van 'n Ou-Testamentiese teks gebruik om 'n teks te verklaar. Dit is 'n pertinente fase van sy metodologie. Dit bring die wyse waarop hy die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament hanteer ter sprake.

Childs word daarvoor gekritiseer dat hy 'n Ou-Testamentiese betekenis in 'n Nuwe-Testamentiese teks inlees. Hierdie kritiek sluit aan by die kritiek wat teen hom gelewer word, soos reeds aangedui, betreffende die wyse waarop hy tekste harmoniseer[13]. Barr toon aan dat daar maar min sprake is van die Nuwe Testament in sy *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c). Die Ou Testament word nie geïnterpreteer as 'n Christelike geskrif nie (Barr 1983:152).

13 Kyk onder 6.2.9 Kritiek teen Childs se harmonisering van verskille binne die kanon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Childs word natuurlik ook van die teenoorgestelde beskuldig. Dit is die siening van Brett (1991:60) dat die Nuwe Testament geen rol speel in die interpretasie van die finale vorm van die Ou Testament in sowel Childs se kommentaar op Eksodus asook sy inleiding tot die Ou Testament. Kritiek word egter ook gelewer teen die feit dat Childs die Ou Testament degradeer omrede hy dit vanuit 'n Nuwe-Testamentiese perspektief interpreteer. Die Ou Testament kry dan net relevansie in soverre dit in die Nuwe Testament aangehaal word. Die kanon van die Ou Testament word nie volgens sy inherente geslaagdheid verstaan nie, maar in sy geheel op een vlak gelees as 'n geskrif wat in sy geheel deur die Nuwe Testament gekontekstualiseer is. Hierdeur word die oorspronklike Ou-Testamentiese betekenis en diversiteit opgeoffer ter wille van die kanoniese konteks (Prinsloo 1987:37).

Reeds so vroeg as 1960 sê Childs (1960:380) dat die nuwe Israel teologies die nuwe realiteit is van die Ou Testament wat sy vervulling vind in die Nuwe Testament. Hierdie siening van hom word ook verteenwoordig in 'n artikel as hy 'n christosentriese interpretasie aan Psalm 8 gee (Childs 1969b:20-31). Osswald (1977a:875-878) deel haar kritiek met Hasel (1972a:182-183) in die sin dat die gevaar bestaan dat die Nuwe Testament dominant is in die lees van die teks deur die kanoniese benadering. Hierdie kritiek laat die kanon-binne-'n-kanon-spook weer oor die onderdeur loer. Dit bring die vraag van Morgan (1986:357) aan die orde of dit moontlik is om 'n kanoniese teologie te skryf en of Childs werklik daarin slaag om dit reg te kry. Childs wil wesenlik werk met die finale kanonisering en die Christelike kontekstualisering van die afgehandelde kanon in die Nuwe Testament. Daardeur verloor hy uit die oog dat die kanon van die Ou Testament eintlik uit drie kanonversamelings bestaan wat op verskillende tye tot afhandeling gekom het. In die proses van kanonisering was daar byvoorbeeld tye waarop die Torah reeds afgehandelde kanon was en is dit in die groeiende profetekanon geherinterpreteer (Venter 1987:761). Om dieselfde rede vra Petersen (1988:186) of daar 'n merkbare

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskil sou gewees het indien 'n Moslem of 'n Jood die teologie van Childs sou geskryf het, omdat die Ou Testament nie as 'n Christelike geskrif geïnterpreteer word nie.

Die kanon het nie altyd 'n duidelik identifiseerbare Christelike benadering tot die teks nie. Brett (1992) opper die probleem dat Childs nie die moontlikheid oop laat dat die Hebreeuse geskrifte nie 'n teologiese waarde op hulle eie het nie. Die finale kriterium vir teologiese waarde is die Christelike geloofsbelydenis. Die Ou Testament is daarom teologies irrelevant as dit apart van die Nuwe Testament gesien word. Die feit dat Childs van beide kante af gekritiseer word dat hy beide Testamente nie bevredigend hanteer nie, laat die vraag ontstaan of Childs slaag met sy holistiese benadering.

Smick (1983:146) toon aan dat Childs meer aandag moet gee aan die Nuwe Testament as 'n instrument om die proses van kanoniese vorming te verstaan. Soos reeds genoem, is literêre kritiek weer eens prominent in die analisering van die gedeelte in sy kanoniese vorm (Kittel 1980:6). Volgens Barr (1980:16) is die basiese fout wat Childs maak dat hy sy eie hermeneutiese belangstelling inlees in die werk van die redakteurs en kanoniseerders. Hy vra die vraag of Childs werklik daarin geslaag het om 'n suksesvolle studie van die kanoniese vorm te maak.

Childs gebruik nie tekskritiek om die oorspronklike teks te rekonstrueer nie, maar wel die gestandaardiseerde kanoniese teks, in sy geval dan die Masoretiese teks. Henry (1990:94-95) meen dat die prys wat Childs daarvoor betaal 'n verlies van 'n Goddelik geïnspireerde oorspronklike teks is. Die gevaar bestaan nou dat die betekenis van die teks verskuif word en vasgevang word in die betekenis wat die vroeë kerk aan 'n teks gegee het. As die bedoeling van die oorspronklike skrywer vervang word met kanoniese bedoeling, is daar dan nie 'n verskuiwing na gemeenskapredaksie nie?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskil sou gewees het indien 'n Moslem of 'n Jood die teologie van Childs sou geskryf het, omdat die Ou Testament nie as 'n Christelike geskrif geïnterpreteer word nie.

Die kanon het nie altyd 'n duidelik identifiseerbare Christelike benadering tot die teks nie. Brett (1992) opper die probleem dat Childs nie die moontlikheid oop laat dat die Hebreeuse geskrifte nie 'n teologiese waarde op hulle eie het nie. Die finale kriterium vir teologiese waarde is die Christelike geloofsbelydenis. Die Ou Testament is daarom teologies irrelevant as dit apart van die Nuwe Testament gesien word. Die feit dat Childs van beide kante af gekritiseer word dat hy beide Testamente nie bevredigend hanteer nie, laat die vraag ontstaan of Childs slaag met sy holistiese benadering.

Smick (1983:146) toon aan dat Childs meer aandag moet gee aan die Nuwe Testament as 'n instrument om die proses van kanoniese vorming te verstaan. Soos reeds genoem, is literêre kritiek weer eens prominent in die analisering van die gedeelte in sy kanoniese vorm (Kittel 1980:6). Volgens Barr (1980:16) is die basiese fout wat Childs maak dat hy sy eie hermeneutiese belangstelling inlees in die werk van die redakteurs en kanoniseerders. Hy vra die vraag of Childs werklik daarin geslaag het om 'n suksesvolle studie van die kanoniese vorm te maak.

Childs gebruik nie tekskritiek om die oorspronklike teks te rekonstrueer nie, maar wel die gestandaardiseerde kanoniese teks, in sy geval dan die Masoretiese teks. Henry (1990:94-95) meen dat die prys wat Childs daarvoor betaal 'n verlies van 'n Goddelik geïnspireerde oorspronklike teks is. Die gevaar bestaan nou dat die betekenis van die teks verskuif word en vasgevang word in die betekenis wat die vroeë kerk aan 'n teks gegee het. As die bedoeling van die oorspronklike skrywer vervang word met kanoniese bedoeling, is daar dan nie 'n verskuiwing na gemeenskapredaksie nie?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Brett (1991:55) kritiseer Childs se gebruik van die geskiedenis van eksegese as deel van sy metode. Wat hy vreemd vind, is dat Childs impliseer dat dit 'n bydrae maak om die teks beter te verstaan. Die probleem is dat dit 'n poging tot eksegetiese akkuraatheid in die weegskaal plaas. In beide gevalle is daar konsensus onder geleerdes, met goeie rede, dat daar sekere benaderings is wat net nie legitiem is nie. Dit is dan ook baie duidelik dat die geskiedenis van die pre-kritiese eksegese selde Childs se resultate beïnvloed. Nog 'n probleem is die wyse waarop die geskiedenis van eksegese deur Childs aangewend word. Childs is nie altyd konsekwent in die gebruik daarvan nie. Soms laat hy die gebruik van hierdie stap uit, terwyl daar definitiewe uitsprake oor die teksgedeelte deur die kerkvaders gemaak is.

Carroll (1980c:288) het die probleem dat Childs se akkommodering van die geskiedenis van eksegese aanleiding gee tot 'n leser-georiënteerde interpretasie van die Skrif. Dit is in konflik met die klem wat hy plaas op die finale vorm van die teks.

Die indruk wat gewek word, is dat Childs foute sien as 'n integrale deel van die kanon, daarom sien hy nie die sin daarvan in om die oorspronklike *autographa* te identifiseer nie (Henry 1990:105). Dit laat 'n paar vrae ontstaan, soos byvoorbeeld watter eksegetiese metode gebruik moet word om die onfeilbaarheid van die kanon te ondersoek. Wat moet gedoen word met die skynbare foute in die teks (Schnabel 1990:122)? McEvenue (1981:232) toon ook aan dat dié afdeling van die eksegese van Childs verwarrend is. In Eksodus toon hy aan dat Calvyn die plae in verband met die uitverkiesing bring (Childs 1974a:166-167). Hy vra egter nie die vraag of dit wel legitiem is om dit te doen nie. Calvyn word geensins deur Childs gekorrigeer in dié verband nie. Childs is nie in staat om aan te dui wat die invloed daarvan is vir die huidige geslag en die huidige eksegetiese tradisie waarin ons staan nie. Die keuse van 'n teks het 'n invloed op eksegese. Hierdie feit moet deur Childs in gedagte gehou word. Latynse, Siriese en die Hebreeuse tekste wat deur die kommentatore

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik is, het 'n invloed op hulle eksegese gehad, wat nie buite rekening gelaat moet word nie (Lipinski 1976:379).

Die metode wat Childs volg hanteer die teks as 'n outonome eenheid. Dit is soos 'n kunstenaar wat 'n werk skep wat dan onafhanklik van hom bestaan. Die teks word dan die status gegee van die enigste weg na realiteit. Hierdeur verabsoluteer Childs die kanoniese vorm en konteks van 'n teks in plaas van om ook aandag te gee aan die inspirasie. Die Bybel is nie meer die Woord van God nie en bevat ook nie die woorde van God nie. Dit spreek slegs met die gesag van God wanneer ons dit lees asof dit die Woord van God is (Brueggemann 1989:326).

Die vraag wat gevra moet word, is of Childs nie metodologies arrogant is nie. Kan hy sonder huiwering aanvaar dat sy benadering sonder meer die antwoord is op al die probleme? Henry (1990:105) antwoord die vraag só: "Critical interpretation of post-apostolic canonical process has led to contradictory conclusions no less extensive than has critical interpretation of supposed pre-critical sources and the pre-canonical process". Fowl (1985:176) vra die baie belangrike vraag of Childs kan volhou om 'n metode te volg wat gebou is op 'n paradigma wat hy juis wil negeer.

Whybray (1981:30) het die probleem dat terwyl die benadering van Childs reageer teen die valse objektiwiteit soos deur die histories-kritiese metode voorgestel word, hyself nie so neutraal en wetenskaplik is as wat hy voorgee nie. Die feit dat slegs die finale vorm van die teks gesien word as vertrekpunt van die Ou Testamentiese teologie, is 'n ontkenning van die outonomiteit van die Ou-Testamentiese wetenskap. Selfs 'n getroue navolger van Childs, Scalise (1987:203), meen dat die benadering van Childs daarby kan baat indien hy meer maak van die bydrae van die histories-kritiese en ander benaderings soos byvoorbeeld die sosiologiese en die psigologiese.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die feit dat Childs se metode te veel maak van die kreatiewe ingryping van die eksegeet is problematies. Dit maak die gevaar van subjektiwiteit altyd 'n moontlikheid. Daar is reeds melding gemaak dat daar in die benadering van Childs min kontrole ingebou is. Die onus rus dus swaar op die kreatiewe vermoë van die eksegeet in die keuses wat hy moet maak (Voight 1991:567). Volgens Goldingay (1975:48-49) is die benadering van Childs aan die een kant te breed en aan die *ander kant te beperkend. Dit is in 'n sekere sin te eng om die kanoniese konteks van* 'n teks te beperk tot ander gedeeltes waar dit aangehaal word. Die teks se kanoniese konteks is egter veel breër as dit. Die probleem is met tekste wat nie in die Nuwe Testament aangehaal word nie. Juis om hierdie rede kan Childs nie 'n teologiese refleksie bied op hoofstukke 15 en 17 van sy Eksoduskommentaar nie. Aan die ander kant is die benadering van Childs te breed in die sin dat dit te veel klem plaas op buite-Bybelse interpretasie, sowel as binne die kanon. 'n Gedeelte het dus meer as een betekenis, dit kan verskillende betekenisse hê op verskillende tye.

Sheppard (1985:214) meen ook dat die metode van Childs te veel klem plaas op die breë grense waarbinne 'n teks geïnterpreteer moet word. Al die klem word gelê op die betekenis wat die teks het binne die groter kanon. So 'n benadering het net belang by die kontinuïteit en die harmonie wat die teks geniet binne 'n breër opset. Hayes (1985:272) vra die vraag of die metode van Childs werklik die moontlikheid bied om tussen Jesaja 2:4 en Joël 3:9-10 te onderskei. Hoe kan daar geoordeel word oor die waarde van die twee tekste binne die kanon. Childs bied geen riglyne nie.

### 6.2.22 *Samevatting*

Die metodologie van Childs is geweldig vaag. Dit maak 'n metodologiese evaluering van die kanoniese benadering moeilik. Die onderskeibare fasette van Childs se metodologie lok egter kritiek uit. Hy is nie baie duidelik oor sekere kernkonsepte van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy metode nie. Die wyse waarop Childs die verhouding Ou en Nuwe Testament hanteer as raamwerk waarbinne sy kanoniese benadering funksioneer skep probleme. Dit wil voorkom asof die Nuwe Testament 'n belangriker rol by Childs speel. Die wyse waarop Childs die geskiedenis van eksegese as onderdeel van sy benadering hanteer skep probleme. Childs lewer kritiek op die eksegetiese metodes van die kerkvaders, maar maak tog gebruik van die resultate van hulle benaderings. Wanneer Childs aan die histories-kritiese lees van die teks 'n ondergeskikte rol toeken is daar 'n gebrek aan die nodige kontroles in sy metode. Kritiek teen Childs se metodologie het ook onder ander opskrifte aan die orde gekom.

### 6.2.23 Kritiek op Childs se hantering van 'n Ou-Testamentiese inleiding

Nadat daar baie goeie kommentaar gelewer is op Childs se Eksoduskommentaar is daar uit verskeie oorde na 'n inleiding van Childs uitgesien. As daar in hierdie bespreking gehandel word oor sy inleiding, word spesifiek verwys na die inleiding tot die Ou Testament met die titel *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c). In die eerste gedeelte van hierdie werk neem Childs inleiding as tradisionele teologiese genre onder die loep. Hy lewer kritiek teen standaard inleidings soos dié van Eissfeldt (1964), Fohrer (1972) en andere. Sy kritiek is primêr dat hierdie standaardwerke nie die kanon ernstig genoeg opgeneem het nie. In sy reaksie verabsoluteer Childs egter dan die kanon.

Die kanon word 'n sentrale beginsel waarom hy alles bou. Morgan (1982:386-387) meen dat dit nie gepas is om hierdie werk van Childs 'n inleiding te noem nie. Dit is nie 'n kritiese inleiding in die tegniese sin van die woord nie. Daar word geen poging deur Childs aangewend om die kritiese vrae wat uit die teks ontstaan, aan te spreek nie. Dit sou meer korrek wees om dit te sien as 'n inleiding tot die doen van kanoniese eksegese. Smend (1980:47) meen dat Childs in sy kritiek teen die

standaard inleidings onregverdig is. Hy vra die vraag of hulle bydrae werklik so gering was as wat Childs dit wil hê. 'n Voorstel vir 'n nuwe benadering ten opsigte van 'n inleiding word deur Childs gemaak, naamlik 'n inleiding wat die resultate van kritiese ondersoek binne 'n breër konteks hanteer. Blenkinsopp (1980:24) meen dat Childs die standaard inleidingsgenre komplementeer eerder as om 'n nuwe rigting in te slaan. Die standaard inleidings het ook aandag aan die kanon gegee. Childs voeg slegs 'n nuwe dimensie by, naamlik die kanoniese vorming wat 'n teks ondergaan in die gemeenskap van geloof.

Childs se hantering van gedeeltes van boeke hoort meer tuis by 'n teologie as by 'n inleiding van die Ou Testament. Dit kan eerder geargumenteer word dat hy besig is om 'n nuwe benadering tot die skryf van 'n Ou Testamentiese teologie te beredeneer. Blenkinsopp (1980:24) het sy bedenkinge of dit moontlik is om die histories-kritiese en die kanoniese dimensies van die Ou Testament binne die bestek van 'n inleiding te akkommodeer. In die aanbieding van sy inleiding val Childs in dieselfde slaggate as dié waarvan hy Eissfeldt, Fohrer en ander beskuldig. Wanneer Childs hulle beskuldig dat hulle nie genoeg maak van die kanoniese vorming van die literatuur nie, dan maak hy op sy beurt nie genoeg van die pre-kanoniese vorming van die tradisies nie. As hy ander inleidings kritiseer omdat hulle te veel aandag gee aan die politieke, sosiale en ekonomiese faktore in die vorming van die literatuur, dan gee hy net aandag aan die godsdienstige faktore wat 'n rol gespeel het. Dit veroorsaak dat die inleiding van Childs nie 'n gebalanseerde weergawe van die genre inleiding is nie. Childs se inleiding het te veel van 'n polemiese karakter (Knight 1980:133).

### 6.2.24 Samevatting

Childs se kritici is dit eens dat sy inleiding nie baie geslaagd is nie. Sy poging om 'n inleiding te skryf is nie werklik binne die raamwerk van die genre inleiding nie. Dit is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerder teologies van aard of 'n inleiding tot die eksegese.

### 6.2.25 Kritiek op Childs se hantering van 'n Ou-Testamentiese teologie

As verwys word na die teologie van Brevard Childs is dit in die eerste plek sy werk *Old Testament theology in a canonical context* (1985), wat ter sprake kom. Dit is veral ten opsigte van sy gevestigde uitgangspunte wat Childs weer eens straf verduur van sy kritici. Die kanon kom nie veel tereg in die teologie van Childs nie. Die struktuur van die kanon en die volgorde daarvan funksioneer glad nie in sy teologie nie. Childs misluk dus daarin om by sy uitgangspunte te bly (Rodd 1986:227). 'n Teologie soos dié van Westermann (1978) maak byvoorbeeld veel meer van die kanon wat die struktuur en indeling van sy teologie betref. Dit is die uitgangspunt van Childs om 'n Ou-Testamentiese teologie aan die orde te laat kom binne die grense van die kanon. Brett (1991:71) vra die vraag of dit dan nie meer korrek sou gewees het om die titel van die werk *Theology of the Hebrew scriptures* te maak nie.

In dié werk laat Childs hom eerder lei deur kontemporêre onderwerpe as deur kanoniese belange. 'n Voorbeeld hiervan is die hantering van 'n hoofstuk soos *Male and female as a theological problem*. Heel moontlik moet dit gesien word as 'n reaksie teen die *Biblical Theological Movement* wat volgens Childs nie by die etiese kwessies uitgekom het nie. Alhoewel dit waarskynlik nie Childs se bedoeling is om sistematies te werk nie, merk Morgan (1986:356) op dat Childs met 'n sentrale begrip, naamlik verlossing, in sy teologie werk. Tekste word deur Childs verdeel in dié wat op God se handelinge en Israel se respons daarop onderskeidelik fokus.

Geen nuwe ontwikkelinge ten opsigte van sy benadering vind in hierdie werk van Childs plaas nie. Waar sy Eksoduskommentaar wye reaksie uitgelok het, asook sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inleiding, is daar deur resensente maar net terloops kennis geneem van die teologie van Childs (Murphy 1987:139; Jackson 1987:72). Dit wil voorkom asof die teologie van Childs gebou is op sy inleiding. In die meeste gevalle is die resensies dit eens dat Childs nie nuwe grond gebreek het nie.

Die resente werk van Childs, *Biblical theology of the Old and the New Testament* (1992), is eweneens nie met groot entoesiasme ontvang nie. In hierdie omvangryke werk voeg Childs basies sy twee inleidings wat hy geskryf het saam in een bundel. In hierdie werk is daar egter sekere klemverskille ten opsigte van sy vorige werke.

Kritiek wat geopper word teen hierdie werk is dat Childs nie werklik sterk genoeg 'n Bybelse teologie uitwerk nie (Adam 1994:92). 'n Ander probleem wat in hierdie werk na vore kom, is die feit dat die indruk gewek word dat die Nuwe Testament die Ou Testament domineer. In sekere opsigte word die Nuwe-Testamentiese teks die finale vorm van die teks. Die sentrum waarom Childs (1992:91) sy teologie uitwerk is nie die kanon nie: "The unity of the Bible cannot be found in the canon itself, we discover it only in the extra-textual reality of Christ ". In hierdie verband volg Childs weer sy mentor Barth na. Alhoewel dit nie gesê kan word dat Childs 'n christologiese lees van die teks voorstaan nie, skep hierdie siening probleme. Aan die teks van die Nuwe Testament word veel meer gesag gegee as aan byvoorbeeld 'n teks in die Ou Testament wat oor dieselfde tema handel. Soos reeds genoem word die probleem duidelik in Childs se hantering van die begrip versoening. Die Pauliniese begrip rondom versoening domineer Childs se hantering van hierdie begrip (Childs 1992:522). Dit skep weer eens die probleem dat dit die diversiteit van die Skrif in gevaar stel.

Dieselfde probleem word ondervind met stellings van Childs (1992:175) soos die volgende: "The prophets for example, represent a 'deeper' plunge into the reality of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



God". Die finale vorm van die teks verteenwoordig in dié geval 'n ander vlak van geloof as die historiese ontwikkeling van die teks.

In sy twee teologieë is die sentrale tema die feit dat die Ou Testament getuienis bied ten opsigte van Jesus Christus. Hy gee egter te min inligting om sy benadering te substansieer. Hy gee ook te min aandag aan hoe die Ou Testament in sy eie reg moet funksioneer.

### 6.2.26 Samevatting

As die kritiek teen Childs se teologie as maatstaf geneem word, moet die afleiding gemaak word dat hy nie daarin geslaag het om 'n Bybelse teologie te skryf nie. Die kanon funksioneer nie so sterk in sy teologie as wat verwag is nie. In plaas daarvan dat die kanon sy struktuur bepaal, is sy aanpak baie meer sistematies. Die probleem wat genoem is dat die Nuwe Testament die Ou Testament domineer kom ook in sy teologie voor. Ander aspekte waarvoor Childs kritiek verduur word weer in sy teologie herhaal. Childs (1992:453) dui aan dat hy hoofsaaklik Eichrodt en ander volg wat sy teologie betref. In dié opsig kan die vraag gevra word in hoe 'n mate Childs oorspronklik is?

### 6.2.27 Samevatting van die negatiewe kritiek teen Childs

Childs verduur skerp kritiek vir die wyse waarop hy die sleutelkonsep van sy benadering hanteer. Uit die bespreking van die kritiek teen Childs het dit duidelik geword hoe breed hy die term kanon gebruik. Die betekenismoontlikhede van dié begrip vloei in mekaar en daarom is kritiek ten opsigte van die kanon onder verskeie opskrifte hanteer.

Dit is baie duidelik uit die kritiek teen die kanoniese benadering dat Childs nie daarin slaag om weg te kom van die histories-kritiese metode nie. Dit is inderdaad waar dat die histories-kritiese metode aanvanklik redelik afgeskaal in die benadering van Childs funksioneer. Childs maak egter nog daarvan gebruik op sy eiesoortige wyse soos dit deur die teks bepaal word in 'n vroeë fase van sy eksegese. Dit lei daartoe dat 'n besondere hoë premie geplaas word op die kreatiewe ingryping van die eksegeet. Die kanoniese benadering is afhanklik van die histories-kritiese metode vir sy kontroles en dit skep allerlei probleme veral wanneer kleiner eenhede in die groter kanoniese verband geïnterpreteer word.

Childs lê te veel klem op die finale vorm van die teks ten koste van die dinamiese voor-tekstuele tradisieproses. Inligting oor hierdie proses is ook vir die kanoniese benadering belangrik. Childs se benadering vertoon leemtes ten opsigte van inligting oor die kanoniese vorming en die identiteit van die redakteurs.

Childs verduur kritiek vir die rol wat hy toeken aan die geloofsgemeenskap. Hy laat die vraag wie die meeste gesag het, die teks of die geloofsgemeenskap, onbeantwoord.

Dit is 'n vraag of Childs korrek is om die harmonisering van tekste so te hanteer dat Psalm 8 en Hebreërs 2 groot ooreenkomste het ten opsigte van hulle betekenismoontlikhede, terwyl hulle unieke kontekstuele betekenismoontlikhede geïgnoreer word.

Alhoewel Childs dit ontken, wil dit tog voorkom asof hy met 'n kanon-in-'n-kanon werk. Deur sommige word hy daarvan beskuldig dat die Torah die sentrum van sy benadering is, ander dui aan dat die Christusgebeure die sentrum van die kanoniese benadering is. Die konsekwensies van laasgenoemde is dat die Ou Testament

gedegradeer word en in die Nuwe Testament opgaan. Dit is baie duidelik in die wyse waarop Childs (1992) die begrip versoening hanteer. Paulus se verstaan van versoening domineer sy bespreking van hierdie begrip. Hierdie kritiek teen Childs het onder 'n verskeidenheid van opskrifte aan die orde gekom.

Childs se keuse ten gunste van die Masoretiese teks lewer allerhande probleme op. Daar bestaan werklik min goeie redes waarom Childs aan hierdie teks voorkeur moet gee. Hy volhard dikwels met dié teks al bied die Septuaginta byvoorbeeld 'n beter lesing.

Childs se pogings ten opsigte van 'n Ou-Testamentiese inleiding en teologie is nie positief ontvang nie. Hy word gekritiseer dat hy nie werklik 'n bydrae tot die onderskeie dissiplines gemaak het nie. Childs ontkom nie aan die slaggate waarin vorige pogings beland het nie. Alhoewel hy krities staan teenoor die wyse waarop die dissiplines gehanteer word, bied hy nie betekenisvolle alternatiewe nie.

Die metodologie van Childs is vaag en ongesistematiseerd. Om hierdie rede is dit 'n probleem om sy metodologie te evalueer. Kernfasette van sy metode is nie oortuigend nie. Die wyse waarop Childs die verhouding Ou en Nuwe Testament hanteer asook die geskiedenis van eksegese stel sy kritici teleur.

## 6.3 Positiewe kritiek op Childs se kanoniese benadering

### 6.3.1 Inleidend

In vele opsigte is die teologie verryk deur die kanoniese benadering. In die volgende gedeelte gaan daar aan hierdie positiewe bydraes aandag gegee word.

Na aanleiding van die diskussie ten opsigte van die kritiek teen Childs kan die indruk gewek word dat die bydrae wat hy gemaak het tot die teologiese debat gering is. So 'n aanname is 'n ernstige mistasting. Uit die aard van die saak het Childs hom blootgestel aan felle kritiek omdat hy 'n verskuiwing weg van die ortodokse benadering tot die verstaan van 'n teks voorgestel het. As gevolg van die feit dat sy kritiek en reaksie teen die misbruik van die historiese kritiek omvattend is, is dit te verstane dat hy heelwat reaksie uitlok. Tog is die respek wat die benadering van Childs uitlok, ook van sy felste kritici, oorweldigend. Dit is die oorwoë mening van Childs se kritici dat sy bydrae monumentaal is (Cazelles 1980:28; Moberly 1988:104; Smend 1980:45; Zimmerli 1981:244; Reventlow 1987:243; Brett 1992:286; Noble: 1995:370).

Die benadering van Childs het nie net 'n groot invloed op sy studente gehad nie, maar ook op talle gevestigde Ou-Testamentici. Die beste voorbeelde hiervan is seker Hasel en Rendtorff. In sy resensie van *Biblical teology in crisis* is Hasel (1972a:182-183) ietwat skepties oor die werk van Childs. Uit die werke van Hasel (1982:61-93; 1985b:31-53) wat volg, is dit egter duidelik dat hy 'n groot ondersteuner van die werk van Childs geword het.

In 'n sekere sin was *Biblical theology in crisis* (1970a) 'n waterskeiding ten opsigte van die teologiese wetenskap. Daarmee het Childs 'n paradigmaverskuiwing voorgestel wat heelwat belangstelling uitgelok het (Ward 1977:371). Childs het 'n debat geaktiveer waarvan die laaste woord nog nie gespreek is nie. Uit die aard van die saak sal daar as gevolg van die bydrae van Childs net nie meer dieselfde oor die begrip kanon gedink kan word nie. Enige diskussie oor die kanon en Ou Testamentiese teologie sal onvolledig wees as Childs nie deel van die debat is nie.

Vervolgens word daar gekyk na die positiewe kritiek ten opsigte van die kanoniese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



benadering. Kritiek is gewoonlik onderhewig aan sekere voorveronderstellings. Kritici staan in 'n sekere tradisie wat Skrifbeskouing en benadering betref. Die negatiewe kritiek wat reeds bespreek is, asook die positiewe kritiek moet in dié lig beskou word. Die feit dat in hierdie studie die negatiewe kritiek meer ruimte beslaan as die positiewe kritiek, beteken nie dat Childs se benadering oorwegend onaanvaarbaar is nie. Dit is 'n feit dat daar 'n kompeterende gees heers in die wetenskap, en dat baie meer moeite met kritiek teen 'n standpunt gedoen word, as met die winspunte van 'n benadering. Gemeet aan enige standaarde is die bydrae van Childs monumentaal.

### 6.3.2 Positiewe kritiek op Childs se hantering van die historiese kritiek

Die opskrif van hierdie onderafdeling lees vreemd veral omdat dit bespreek word onder die positiewe bydrae van Childs. Dit moet egter gesê word dat Childs se hantering van die histories-kritiese metode ook positiewe kritiek uitlok[14]. Die bydrae wat Childs gemaak het deur aan te toon dat die histories-kritiese metode nie die alfa en die omega is nie, was baanbrekerswerk in 'n tyd toe die legitimiteit van hierdie benadering in die algemeen nie bevraagteken is nie. Childs se gebruikmaking van die histories-kritiese metode in sy eie benadering het nuwe moontlikhede geskep vir die gebruik van hierdie metode. Childs hanteer die historiese kritiek nie as 'n doel op sigself nie, maar dit speel 'n ondersteunende rol deurdat dit fokus op die finale vorm van die teks.

Childs gebruik nie die historiese kritiek op dieselfde wyse as die ortodokse eksponente van die metode nie. Childs het 'n eiesoortige gebruik van dié metode.

---

[14] In dié verband kan na Gammie (1975:561), Kittel (1980:6), Priest (1980:268) en Sanders (1980:180) gekyk word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy herstel die oorspronklike doel van diė metode deur dit so te gebruik dat dit fokus op die finale vorm van die teks. Die historiese kritiek word deur Childs in 'n ondersteunende rol gebruik om tot 'n beter kanoniese lees van die teks te kom. Op hierdie wyse toon Childs die moontlikheid aan om die teks op 'n pluralistiese wyse te benader. Dit moet gesien word as 'n winspunt en word later weer bespreek.

Birch (1980:114) is van mening dat daar min eksegete is wat die historiese kritiek met soveel welslae kan hanteer as Childs. Dit is onwaar dat Childs nie van die histories-kritiese metode gebruik maak nie. Smith (1986:407) som dit korrek op as hy die volgende sê: "As in the case of the Old Testament introduction, it is entirely clear that by application of a canonical approach Childs does not intend to reject the historical-critical method but to give it a free reign. Childs questions not its legitimacy or results but its status and role".

### 6.3.3 Samevatting

Childs word deur sommige beskou as een van die beste eksponente van die histories-kritiese metode. Sy gebruikmaking van hierdie metode en die rol wat hy daaraan toeken verleen 'n nuwe dimensie daaraan. Childs gebruik die metode op 'n unieke wyse en korrigeer daarmee die misbruik daarvan.

### 6.3.4 Childs maak die teologie relevant vir die kerk

Childs verdien erkenning daarvoor dat hy die hermeneutiek weer herinner het aan sy oorspronklike taak. Die taak van die eksegese is om die gelowige in staat te stel om na die Bybel as kanoniese geskrif van die kerk te kan luister (Childs 1964:443). Die plek wat die kerk en die gemeenskap van gelowiges in die benadering van Childs inneem, is prysenswaardig. So dui Tyler (1979:253) aan dat die totale

kanoniese konteks waarmee Childs werk veral vir die kerk 'n groot winspunt is. Sy waarneming dat eksegese nie 'n objektiewe, deskriptiewe saak is nie, maar dat dit binne 'n geloofsraamwerk plaasvind, moet beaam word (Prinsloo 1987:36). Kerklike tradisie, geloof, inspirasie en die Heilige Gees is faktore wat Childs weer aan die orde bring om 'n belangrike rol te laat speel in die eksegese. Die volgende uitlating van Childs (1992:87) is een waarmee die kerk homself kan identifiseer: "The Christian doctrine of the role of the Holy Spirit is not a hermeneutical principle, but that divine reality itself who makes understanding of God possible".

Childs gaan van 'n inspirasiebegrip uit wat getipeer kan word as binne die kragveld van die Heilige Gees. Hierdie idee staan volgens Voight (1991:570) in noue verband met Childs se siening van die Skrif as normatiewe objektivering van die kanoniese Christelike werklikheid wat juis teenoor subjektiwiteit staan en wat by implikasie op die teopneustie-gedagte neerkom.

Kanoniese teologie bevestig die primêre gesag van die kanoniese teks. Die Skrif word bevestig as enigste legitieme konteks vir teologiese refleksie (Childs 1970a:104). Vir lank was daar die beskouing dat die teologiese dimensie van die eksegese sekondêr is. Die feit is geïgnoreer dat die Bybel vir die gemeenskap van gelowiges 'n heilige Skrif is, 'n medium van God se openbaring. Die stelling van Childs (1970a:102) dat die doel van die eksegese is om die Woord van God te hoor, kan net onderstreep word. In die hele argumentasie rondom hierdie punt leun Childs swaar op die benadering van Barth.

Die benadering van Childs is 'n stap weg van die starre wetenskapsbeoefening van die positivisme. Dit was juis die positivisme wat daartoe aanleiding gegee het dat die kerk en die teologie al hoe verder verwyderd van mekaar geraak het. Childs het nie net die moed gehad om te wys op die ernstige misbruike van die histories-kritiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



metode nie, maar hy het ook 'n alternatief gestel (Blenkinsopp 1977:14). In sy kritiek op die histories-kritiese metode het Childs 'n bydrae gelewer om sekere tekortkominge van die metode aan die kaak te stel. Hy dui egter ook op sekere winspunte van die benadering. Sy alternatief bied die moontlikheid dat die lees van die teks meer teologies van aard kan wees. Die kanon is vir Childs 'n teologiese konsep. Sy benadering werk die verhouding tussen verlossingsgeskiedenis en die Bybelse teks in die hand. 'n Bybelse betekenis is die doelwit van die benadering eerder as die beskrywing van historiese gebeure (Henry 1990:107).

Die kanoniese benadering bevry die Skrif uit sy gevangeneskap van historiese rekonstruksie en spekulasie oor die voorgeskiedenis van die teks (Oeming 1985:115). Die Skrif word weer die vertrekpunt van die eksegese. Vir Childs is daar geen objektiewe vertrekpunt buite die Bybel nie. Die kloof wat ontstaan het as gevolg van die historiese kritiek tussen die lidmaat of prediker en die teoloog word deur die benadering van Childs oorbrug. Dit is juis in hierdie verband dat Markus Barth (1971:354) die volgende opmerk: "In some sense every serious Bible reader is converted into a theologian". In dié verband moet Childs die erkenning kry dat hy weer die eksegetiese wetenskap se aandag gevestig het op sy oorspronklike doel. Die Skrif funksioneer nie geïsoleerd van die geloofsgemeenskap nie. Dit is juis nie 'n onafhanklike boek van waarheid los van die kerk nie. Die rol wat die geloofsgemeenskap deurgaans in die benadering van Childs speel, maak dit relevant vir die kerk. Die kerk is deurgaans in die werke van Childs sy teikengehoor. Dit word veral beklemtoon in die mees resente werk van Childs (1992).

Hierdie werk van Childs lewer 'n groot bydrae om die unieke karakter van die Skrif aan te dui, asook die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. Hy beskou die Nuwe Testament nie as 'n finale hoofstuk of die klimaks van 'n verhaal wat in die Ou Testament begin het nie. Die Ou Testament moet nie net gesien word as 'n *sui*

*generis* soewereine gedeelte, of 'n gedeelte wat maar net historiese of literêre waarde het nie. Die korrekte lees van die Ou Testament moet ook reflekteer binne kanoniese verband op Jesus Christus. Childs se siening van Bybelse teologie is dat albei Testamente interafhanklik moet reflekteer op Jesus Christus. Altwee dien dus as 'n getuie van dieselfde God, alhoewel op verskillende wyses. Die taak van die kerk is om die Ou Testament te hoor in die lig van die Nuwe Testament en andersom. In hierdie verband lewer Childs se benadering 'n geweldige diens wat die interdissiplinêre verhouding tussen die twee Testamente betref. Uit 'n Christelike hoek gesien beteken kanon die Ou sowel as die Nuwe Testament. Vir Childs verwys die term kanonies na die Christelike Bybel, bestaande uit altwee Testamente.

Die Bybel is dus die boek van die kerk volgens Childs. Die konteks waarbinne die Bybel funksioneer is dié van die geloofsgemeenskap vir wie dit normatiewe waarde het. Die verstaanshorison van die gelowige word volledig deur Childs verreken. Dit gaan dus om 'n spesifieke konteks waarbinne die Bybel funksioneer, 'n geloofskonteks.

### 6.3.5 Samevatting

Die huidige tydsfeer is een wat 'n nadenke oor die mees basiese vrae noodsaak. Childs vra basiese vrae oor die rol wat die Bybel in die kerk moet speel. Childs stimuleer nie net nadenke oor hierdie vrae nie, maar hy kom ook met inisiatiewe en oplossings wat 'n impetus vir die teologiese wetenskap is. Die werke van Childs lewer 'n groot bydrae tot die debat oor die verhouding tussen die gelowige en die bestudering van die Bybel.

### 6.3.6 Childs se holistiese aanpak

Childs se kanoniese benadering het die winspunte van 'n holistiese benadering onderstreep. Die teologiese wetenskap het hom te lank daarmee besig gehou om die Ou en die Nuwe Testament as twee outonome dissiplines te bestudeer. Vir te lank is die feit geïgnoreer dat die Christelike kanon beide Testamente bevat en dat daar ook gemeenskaplikhede is. Soos wat daar sprake is van diskontinuïteit is daar ook sprake van kontinuïteit. Vir te lank het die teologiese wetenskap nie sinvol probeer om juis die dilemma van die kerk in dié verband aan te spreek nie. Childs het in bogenoemde verband 'n groot rol gespeel.

Die kanon word deur Childs gebruik as 'n kontrole om die skopus van literatuur wat ondersoek word, te definieer. Die skopus van ondersoek van die kanoniese benadering is baie breër as dié van die tradisionele metodes. Die eenheid van die Skrif word daarmee bevestig en eksegese word gedoen binne die konteks van die hele kanon. Om hierdie rede sien Rendtdorff (1988:302) die holistiese klem wat uit die kanoniese benadering na vore kom as 'n winspunt. Dit is een van die belangrikste fasette van die kanoniese benadering dat dit met groter eenhede en dan selfs met die kanon as geheel werk. Vir 'n lang tyd het net die kleiner onderdele van 'n teks aandag geniet. Die gevolg was dat die bestudering van 'n teks binne sy grotere eenhede agterweë gelaat is.

In 'n ander verband het die kanoniese benadering van Childs ook 'n bydrae gelewer, sonder dat dit sy bedoeling was. Die wyse waarop Childs van verskillende eksegetiese metodes gebruik maak, het die weg aangedui vir 'n holistiese benaderingswyse. Childs wys deur sy benadering dat daar met vrug van verskeie metodes gebruik gemaak kan word. Die kanoniese benadering fokus op 'n konteks en perspektief vir interpretasie, waar alle bestaande metodes en benaderings met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vrug gebruik kan word. Indien Childs hom in 'n eksegetiese doodloopstraat bevind. maak hy byvoorbeeld met vrug van die histories-kritiese metode gebruik. Dit is egter nie net hierdie metode waarvan Childs gebruik maak nie, maar ook van kontemporêre literêre kritiek en narratiewe teologie. Dit maak die weg oop vir 'n pluralistiese lees van die teks. Childs sal egter die laaste wees om juis so 'n benadering te ondersteun.

### 6.3.7 Samevatting

Childs se benadering is 'n poging om die Christelike kanon bestaande uit die twee verskillende Testamente as eenheid aan te spreek. Dit is positief, gesien in die lig van die groot klem wat gelê is op die diskontinuïteit tussen die twee Testamente. Daar is sprake van 'n intertekstualiteit tussen die Testamente, Childs se kanoniese benadering gee hieraan aandag. Childs se benadering dui verder die weg aan vir 'n pluralistiese lees van die teks. Hy maak van 'n verskeidenheid metodes gebruik en demonstreer daardeur hoe daar holisties na 'n teks gekyk kan word.

### 6.3.8 Die kanoniese benadering lewer 'n ekumeniese bydrae

Die pogings van Childs om ook die ekumeniese kloof wat daar tussen Joodse en Christelike gelowe bestaan, te oorbrug, is 'n winspunt. In die debat tussen Joodse en Christen-teoloë, het die bydrae van Childs 'n vertrekpunt geword (Neusner 1976:91). Harrelson (1981:99) swaai Childs die lof toe dat sy werk die basiese betekenis van die Hebreeuse geskrifte nie net deurgee aan die Christelike gemeenskappe nie, maar ook aan die Joodse gemeenskappe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.3.9 Die kanoniese benadering wys op die belangrikheid van die finale vorm van die teks

Die kanoniese benadering het die legitimiteit en gesag van die kanoniese teks weer aan die orde gestel. Dit is 'n belangrike bydrae, veral omdat daar die populêre siening was dat die enigste en eintlike betekenis van 'n teks die sogenaamde 'oorspronklike' betekenis was. Die klem op die finale vorm van die teks bring dus 'n nuwe betekenisdimensie na vore. Vir te lank is daar geredeneer dat die vroegste historiese en literêre vlakke van 'n teks die mees teologies gesaghebbende fases van 'n teks is.

Vir die klem op die finale vorm van die teks is Childs uit talle oorde lof toegeswaai (Peacock 1975:360-361)[15]. Rendtdorff (1983:7) meen ook dat die verskil tussen Childs en ander teoloë ten opsigte van die finale vorm van die teks nie geleë is in die eksegetiese sfeer nie, maar dat dit eerder 'n dogmatiese kwessie is. Die legitimiteit van die gebruik van die finale vorm van die teks word wyd erken (Morgan 1980:83-94). Hierin het die werk van Childs 'n belangrike rol gespeel. Die doel van die kanoniese benadering is dan juis om hierdie betekenisvlak te ontgin. 'n Teks het dus meer as een betekenisvlak. Dit maak 'n multi-dimensionele lees van die teks moontlik. Dit is dan ook die siening van Kelley (1975:507) dat die benadering van Childs 'n ryker, meer gebalanseerde perspektief op die teks gee. Ook vir die prediker het die klem wat Childs op die finale vorm van die teks lê allerhande moontlikhede. Janzen (1980:412) merk die volgende op: "This self-referential character, achieved as it is through many phases of re-actualization, gives the final form of the text a peculiar quality of hermeneutical availability to the modern reader".

---

[15] In dié verband kan daar ook gekyk word na Landes (1971:286) en Carroll (1980c:288) wat in ander opsigte redelik krities teenoor Childs is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



McComiskey (1980:88) is oortuig daarvan dat die klem wat Childs op die finale vorm van die teks plaas, nie veroorsaak dat die teks sy historiese dimensie verloor nie. Inteendeel sê hy "[it] is aiming at the historical-critical process to which the finalized form of the canon witnesses".

Volgens Schnabel (1990:116) moet Childs se klem op die finale vorm van die teks as 'n belangrike korrektief gesien word op die gerekonstrueerde atomistiese eksegese. Die benadering van Childs het, nadat dit vir 'n lang tyd deur die teologie agterweë gelaat is, die klem geplaas op die eenheid van die Skrif bestaande uit die Ou Testament en die Nuwe Testament. Childs se poging om weer eenheid in die diversiteit te skep, moet verwelkom word. Die belangstelling in die kanon sou met die bydraes van Childs 'n ongekende hoogtepunt bereik.

### 6.3.10 Samevatting van die positiewe reaksie op die benadering van Childs

Die positiewe bydrae wat deur Childs gemaak is, oorskadu by verre die negatiewe reaksie op sy benadering, nieteenstaande die feit dat daar in die studie veel meer aandag gegee is aan die negatiewe kritiek teen die benadering van Childs. In hierdie opsig volg nou 'n paar opmerkings.

Dat die Bybel die boek van die kerk is, is 'n belangrike aksent wat deur Childs geplaas word. Die geloofsraamwerk van die leser word deur Childs verreken. Childs plaas die fokus op die dinamiese interaksie wat daar plaasvind tussen die teks en die leser. Die uitdaging aan die teologie om met die moderne mens in gesprek te tree word deur Childs aanvaar. Childs lewer in dié verband 'n belangrike bydrae tot Skrifgesag en Skrifinterpretasie. Childs beklemtoon weer eens die noodsaaklikheid dat interpretasie net kan plaasvind vanuit 'n sekere tradisie. Die kerk ervaar die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kanon as sy tradisie, om hierdie rede is die kanon as hermeneutiese sleutel vir die kerk belangrik.

Die fokus wat hy op die kanon geplaas het, was 'n geweldige stimulasie vir navorsing in dié verband. Die aandag wat hy gevestig het op die teologiese waarde van die kanon was 'n vars bries in die Ou Testamentiese teologie. Verskeie fasette van die kanoniese benadering het aanleiding gegee tot nuwe bydraes. Childs (1992) se mees resente werk staan ook in die teken hiervan. Vir die eerste keer word 'n teologie van die Ou en die Nuwe Testament in een band uitgegee. Vir die eerste keer is daar 'n omvattende werk wat ook die bydraes van die sistematiese teologie, die kerkgeskiedenis en die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek interdissiplinêr ter sprake bring. Die feit dat Childs hierdie werk laat verskyn, spreek van sy belesenheid[16]. Geen teoloog voor Childs kon dit hom nadoen met dieselfde finesse en gesaghebbendheid nie.

Die verabsolutering van die oorspronklike historiese konteks word deur hom aan die kaak gestel. Die alternatief wat Childs bied maak die gaping tussen kateder en kansel kleiner. Die wyse waarop die histories-kritiese metode deur Childs hanteer word moet nie net negatief gesien word nie. Dit bied die moontlikheid vir 'n vars hantering van hierdie metode. Childs volg die raamwerk en metodes van die tradisiekritiek, alhoewel met 'n klemverskil. Die verbande wat daar bestaan tussen 'n tradisie en een spesifieke konteks word gerelativeer sodat die materiaal na 'n volgende leserskring oorgedra kan word. Vormkritiek word deur hom gebruik om op die noue verband tussen teks en gemeenskap te wys. Redaksiekritiek word ook in

[16] In 'n artikel het Deist (1981:10) die volgende opmerking gemaak: "'n Ou Testamentikus wat nie ook grondige kennis het van kerkgeskiedenis en dogmageskiedenis en sistematiese teologie en die tyd waarin hy leef nie, kan kwalik 'n gemotiveerde en verdedigbare interpretasie van die Ou Testament staanmaak". Childs maak 'n bydrae om hierdie behoefte te vervul.

'n gewysigde vorm deur hom gebruik. Hiermeë open Childs die moontlikheid vir 'n pluralistiese lees van 'n teks.

# 7. 'n Beoordeling van die reaksie op B.S. Childs

## 7.1 Inleidend

In die gedeelte wat volg, word 'n poging aangewend om die kritiek teen Childs in perspektief te stel. Dit sal my eie perspektief wees en ek verwys ook na ander referente wat my standpunt ondersteun. Alhoewel dit waar is dat die bydrae van Childs monumentaal is, is dit ook waar dat daar heelwat swak plekke in die mondering van Childs is. In vele opsigte het die benadering van Childs egter nuwe moontlikhede vir die teologiese wetenskap geopen. In ander gevalle het hy perspektiewe gestimuleer wat tot nuwe horisonne kan lei.

Myns insiens is van die kritiek op Childs se benadering geregverdig. Uit die aard van die saak het elke metode sy achilleshiel. Dit is egter ook so dat baie van die kritici nie 'n bydrae lewer om die werk van Childs in perspektief te sien nie. Hierdie kritiek bewys nie die Ou-Testamentiese wetenskap 'n guns nie. Die probleem is dat teoloë dikwels so vasgevang word deur hul eie tradisie en metodologie dat dit hulle strem in die ontginning van nuwe moontlikhede. Hulle verknogtheid aan 'n spesifieke metode verhinder hulle om kreatief ook na ander metodes te kyk. Die feit word dikwels geïllustreer deur kritiek wat teen Childs geopper word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die kritiek wat Childs verduur vir sy houding teenoor die histories-kritiese metode.

## 7.2 Childs en die histories-kritiese metode

Die kritici van Childs het dit in die eerste plek oor die wyse waarop hy die konsep kanon hanteer. Oor die plek wat die historiese kritiek in sy benadering inneem,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verduur hy net soveel kritiek. Aan die eenkant word Childs daarvan beskuldig dat hy die resultate van die histories-kritiese metode ontken, aan die anderkant word hy geprys vir sy gebruik van dié metode (Smend 1980:49). Die aanvanklike houding van Childs, veral in sy beginjare, maak so 'n aanname verstaanbaar. Gedurende hierdie fase van Childs se benadering reageer hy skerp teenoor die historiese kritiek[1]. Juis in sy kritiek wat hy uitspreek, wil hy sy eie kanoniese benadering legitimeer. Om egter te sê dat Childs a-histories werk, is nie korrek nie. Dit is nie 'n getroue weergawe van sy benadering nie.

Vir Childs (1984b:48) vervul die histories-kritiese metode 'n belangrike taak in sy eie eksegetiese benadering. Oor die rol en die plek wat die histories-kritiese metode in die lees van 'n teks speel, het hy egter sy eie standpunt. Von Rad gebruik die historiese kritiek om by 'n teologiese lees van die finale vorm van die teks uit te kom. Hy poog om die spanning wat in *Biblical theology in crisis* (1970a) ontstaan het tussen die oorspronklike konteks en die kanoniese konteks te oorbrug. Dit doen von Rad deur die voorgeskiedenis van die teks aan die orde te stel ten einde by die betekenis van die finale vorm van die teks uit te kom. Van die begin tot die einde van sy eksegese bestudeer Childs (1974a:61-87) die kanoniese vorm van die teks met onder andere sy historiese en literêre vorming in die oog. Reeds voor die publikasie van die Eksoduskommentaar (1974) merk Vawter (1971:569) die volgende op: "Childs is not at all out to abandon the historic-critical method, he only wants it to be extended to all Scripture through the dialectical process of interpretation made possible by the concept of a canon".

Childs gebruik juis die voorgeskiedenis van die teks om die kanoniese teks beter te verstaan. Ten diepste het die benadering van Childs sy wortels in die vormkritiek

[1] Ten opsigte van sy hantering van die historiese kritiek het daar vanaf 1974 'n wending in die perspektief van Childs gekom. In sy Eksoduskommentaar gee hy meer erkenning aan dié metode as vroeër.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



asook in die tradisiekritiek, veral geskoei op die lees van von Rad. Die vormkritiese beweging het van die begin af klem gelê op die verhouding tussen die teks en die gemeenskap. Die kanoniese benadering volg dit hierin na. Eksponente van die kanoniese benadering is dit eens dat die geskrifte van die Hebreeuse en Christelike geloof integraal in verband staan met geloofsgemeenskappe. Die term wat deur die vormkritiek gebruik word om hierdie verhouding aan te dui, is *sitz im leben*. Gunkel het reeds klem gelê op die rol wat deur geloofsgemeenskappe gespeel is (Reid 1985:2).

Childs (1970a:106) het dit van die begin af duidelik gestel dat die gebruik van die kanon nie die eksegeet beperk tot die gebruik van een enkele metode nie. Vir hom is daar die moontlikheid van die gebruik van 'n breë spektrum van metodes (Childs 1985:15). Dit is 'n baie belangrike stelling wat deur Childs gemaak word wat beslis meer aandag moet geniet.

Die argumente van Barr en Barton is dus nie geldig as hulle beweer dat Childs die teks lees op 'n vlak wat die vorige historiese konteks ignoreer nie. Hierdie swak plek in sy benadering sou hom dan die prooi van fundamentaliste[2] maak. Dit is 'n feit dat die kanoniese benadering oop is vir misverstand. In dié opsig kan dit dan die benaderings van fundamentaliste soos 'n handskoen pas. Childs se klem op die finale vorm van die teks word deur fundamentaliste as 'n alibi gebruik om nie aandag aan die sosio-historiese aspekte van die teks te gee nie. Uit die skerp onderskeid wat deur Childs (1979c:95) gemaak word tussen die literêre en tekstuele fases van die kanon word verkeerdelik die afleiding gemaak dat daar nie aan die literêre prosesse van die teks aandag gegee hoef te word nie. Wanneer Childs (1979c:78)

[2] In hierdie verband word daar deur Brueggemann opgemerk:"....as Barth has been used by pre-critical people who have not sensed the danger of his evangelical faith, so Childs's program may be misunderstood by pre-critical interpretation" (Brueggemann 1981:112).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die volgende uitspraak maak: "Israel defined itself in terms of a book" word daar deur konserwatiewe teoloë aanvaar dat hier 'n verwysing is na 'n spesifieke teks as *sola scripture*. Veral konserwatiewe teoloë verstaan die *sola scripture* beginsel as 'n verwysing na 'n spesifieke teks. Sekere uitsprake wat Childs maak, kan die indruk skep dat die kanoniese en die histories-kritiese metodes reg teenoor mekaar staan (Deist 1992:37-47).

Die feit dat Childs positief deur fundamentaliste geëvalueer word, beteken nie dat hy homself skuldig maak aan fundamentalisme nie. Sheppard (1983:3) maak byvoorbeeld die stelling dat Barr nie self agter die deur van fundamentalisme moet staan en dan vir Childs daar soek nie. Fundamentaliste sal net so verbaas wees as Childs self om te sien dat Barr hulle oor een kam skeer. Dit sou 'n oorvereenvoudiging wees van die benadering van Childs om hom van fundamentalisme te beskuldig. In dié verband word die volgende deur Carroll (1980c:287) opgemerk in sy resensie van Childs (1979c) se *Introduction to the Old Testament as scripture:* "So neither radical nor fundamentalist will get any joy from this book unless they are prepared to rethink their positions and engage with the Bible seriously and dialectically". Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat die kanoniese benadering nie 'n a-historiese of 'n onwetenskaplike benadering van die lees van die Bybel voorstel nie.

Rendtorff (1994:4) maak die stelling dat navolgers van die kanoniese benadering, Childs inkluis, almal goed onderrig is in die histories-kritiese metode en dat hulle nie die breë raamwerk van hierdie metode verlaat nie. Dit is juis die teologiese element in die benadering van Childs wat sy benadering 'n dieptedimensie gee en hom daarvan weerhou om 'n slagoffer van biblisisme te word. Dit is interessant dat Childs ook die ander kant van die fundamentalistiese pool van die spektrum teleurstel. Die liberale teologie is eweneens skepties oor die gesagvolle rol wat die Ou en die Nuwe

Testament as getuies van God speel. In ooreenstemming met Barth beklemtoon Childs juis hierdie aspek in sy werk.

In antwoord op die metodologie wat Gottwald (1979) voorstel, het Childs (1984b:24-26) juis nie die geldigheid of die gebruik van sy sosiologiese benadering bevraagteken nie. *Hy lewer slegs kritiek op Gottwald se poging om 'n teologie voor te stel wat gebaseer is op 'n sosiologiese rekonstruksie.* Childs (1970a:112) stel dit dat om 'n teks te kan verstaan, moet dit van die begin af in sy spesifieke periode van geskiedenis gehoor word. Die voorgeskiedenis van 'n teks het vir Childs meriete. Dit maak hy duidelik in sy kritiek teen Ricoeur. Ricoeur (1976) gaan van die standpunt uit dat die Bybel 'n bron van metafore is wat die krag het om die kontemporêre te interpreteer en te orden. Childs (1979c:77) lewer kritiek in die sin dat Ricoeur net aandag gee aan dit wat voor die teks is, en nie agter die teks nie. Om hierdie rede is die metafore nie geanker in die historiese Israel nie en is hulle metafore wat in 'n lugleegte ronddryf. Alhoewel die oorspronklike historiese konteks nie meer die konteks van eksegese vir Childs is nie, speel dit die belangrike rol dat dit help om vas te stel hoe die teks gevorm is deur die geloofsgemeenskap. Om dit vas te stel, moet die verskillende tradisies wat die finale vorm van die teks gevorm het, bestudeer word en daarvoor gebruik hy die histories-kritiese metode. 'n Goeie voorbeeld van die aanwending van die vorm- en tradisiekritiek kan gesien word in sy Eksoduskommentaar[3] (Childs 1974a:53-56). *Soos reeds aangetoon, het Childs se gebruik van die histories-kritiese metode lof ontvang uit verskeie oorde.*

Eksegete wat vir Childs in sy metode navolg, gee ook besondere aandag aan die histories-kritiese metode in hulle benadering. Hier kan gekyk word na die werk van Sheppard (1985:193-216) en Sikler-Giesler (1974:3-17). Die historiese kritiek word

[3] In sy kommentaar op Childs se Eksoduskommentaar merk MacRae (1974:326) op dat Childs "....is not led by theological concerns to neglect history, language, literary and form criticism and the like, but rather to subordinate them".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur Childs gebruik, maar dan in 'n vroeë fase van sy eksegese. Eksegese binne 'n kanoniese konteks gaan egter vir Childs verder as die historiese kritiek, omdat dit sy doel is om by 'n Bybelse teologie uit te kom. Verder lewer Childs (1974a:IX) die groot bydrae dat hy die aandag vestig op die feit dat die finale vorm van die teks 'n legitieme betekenisvlak is wat ontgin moet word. Jolley (1987:14) toon aan hoe Childs die histories-kritiese metode in sy benadering gebruik.

Dit sou dus nie 'n korrekte oordeel wees om te wil argumenteer dat die benadering van Childs a-histories is nie. Deist (1988b:199) gee Childs heelwat krediet vir sy gebruik van tekskritiek. Die wyse waarop Childs tekskritiek hanteer, het die winspunt dat 'n spesifieke teks gerekonstrueer word, dit het verder ook 'n definitiewe interpretatiewe aspek. Deist (1988b:200) vind verder ook dat die rol wat die geloofsgemeenskap speel 'n winspunt is.

Die nuutste werk van Childs (1992) verteenwoordig 'n klemverskuiwing in sy houding ten opsigte van die histories-kritiese metode. Daar is nie in hierdie werk veel te sien van byvoorbeeld die negatiewe retoriek wat so eie was aan sy werk *Biblical theology in crisis* (1970a) nie. Inteendeel word in redelik vleiende taal na die histories-kritiese metode verwys. So is daar byvoorbeeld die volgende opmerking in hierdie werk: "it remains an undeniable contribution of the historical critical method that it has greatly aided in discerning this special witness..." (Childs 1992:185). Childs bevestig dit weer eens dat hy van mening is dat die historiese en kritiese vrae 'n belangrike rol speel in die verstaan van 'n teks. Childs (1992:100) ontken dit dat die kanoniese benadering nie veel maak van die diakroniese dimensie van die teks nie[4]. "Nothing could be further from the truth!" (Childs 1992:104). Hy dui aan dat sy kritiek teen die kritiese skool se siening van die historiese ontwikkeling van die teks, gemik is teen

[4] Dit is veral Anderson (1980), Brueggemann (1981) en Hanson (1984) wat hierdie kritiek lewer.

die gebruik om die Bybel as bron te lees, eerder as getuie. Childs skroom nie om in sy nuutste werk die historiese kritiek krediet te gee vir die bydraes wat dit maak tot 'n beter verstaan van die teks nie. Sowel vormkritiek as redaksiekritiek lewer resultate wat tot 'n beter verstaan van die teks kan kom (Childs 1992:352). Hy toon aan dat die historiese dieptedimensie om vier redes van uiterste belang vir die kanoniese benadering is:

> In die eerste plek kan die finale vorm van die teks beter verstaan word, as die agtergrond waarteen dit gevorm is, beter verstaan word.
>
> Tweedens kan die verhouding tussen die verskillende getuies beter verstaan word as daar gekyk word na die verskillende fases van historiese groei van hierdie getuies.
>
> In die derde plek is dit belangrik om te sien tot watter mate vroeë stadiums van die tradisie normatief vir sekere groepe was.
>
> In die laaste plek reflekteer tekste uit verskillende stadiums tog nog 'n dimensie van hulle oorspronklike situasie. Childs (1992:105, 224, 231) maak die belangrike opmerking: "The potential for a multilayered reading of a Biblical text has not been obliterated by its final canonical form, but rather placed within certain canonical restrictions".

Dit is duidelik dat die histories-kritiese metodes en meer spesifiek die tradisie-historiese metode essensieel is om die finale vorm van die teks te bestudeer. In feite kan die kanoniese benadering nie anders as om van die resultate van die historiese kritiek gebruik te maak nie. In hierdie opsig kan ek my vereenselwig met wat Noble (1995:143) sê:"The kerygma cannot detach itself from the history without undermining its own theological value...."

Die kanoniese benadering kan nie klaarkom sonder die interne kontrole wat veral deur die histories-kritiese metodes gebied word nie[5]. Hierdie metodes stel Childs in staat om op die finale vorm van die teks te fokus. Sonder dié metodes staan die kanoniese benadering op net drie bene. Childs sien die belang van hierdie metodes in en wend hulle as sodanig aan.

In die verband word net een voorbeeld genoem. Dit is die geval met sy bespreking van die Godsnaam in Eksodus 6:3 (Childs 1974a:114). Deur gebruik te maak van die resultate van die *Religionsgeschichte* van hierdie gedeelte, kon Childs tot 'n meer aanvaarbare oplossing van die Godsnaam in hierdie gedeelte gekom het. Die resultate is telkens beter as Childs histories-krities werk, soos hy sedert sy Eksoduskommentaar meer en meer doen. Sy werkswyse kan op talle plekke net sowel deel gewees het van 'n kommentaar wat gebruik maak van die histories-kritiese metode. 'n Enkele voorbeeld hiervan word genoem.

In sy eksegese van die tweede gebod in Eksodus 20:4-6, vind Childs dat die historiese dimensie van die teks kardinaal is in die interpretasie van die finale vorm van die teks. Die interessante in hierdie geval is dat Childs op so 'n wyse van die resultate van die historiese kritiek gebruik maak dat daar nie veel kom van 'n sinkroniese lees van die teks nie (Childs 1974a:406). Wanneer daar deur Childs eksegeties gewerk word, steun hy deurgaans op die resultate van die histories-kritiese metode. Childs gee mettertyd, veral in sy laaste werke, die nodige erkenning aan die histories-kritiese metode. Dit was egter nie in sy vroeë publikasies die geval nie. Gedurende hierdie tydperk is die werk van Childs gekenmerk deur sterk polemiek teen die histories-kritiese metode.

[5] Die volgende opmerking word deur Landers (1980:35) in die verband gemaak: "To the careful reader of his presentation, it is obvious that he cannot and does not engage in canonical criticism without using historical-critical tools".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Sterk argument word daarvoor uitgemaak dat Childs 'n standpunt moet inneem nader aan dié van byvoorbeeld Sanders as gevolg van die plek wat die historiese kritiek in sy benadering inneem. Daar is egter ook na my oordeel 'n ander saak wat dit noodsaak. Die kanoniese benadering vertel ons baie min van die motiewe van die kanoniese redaktors, terwyl dit juis Childs se teologiese verstaan van die kanoniese bewerkers is wat sy fokus op die finale vorm van die teks laat val. Childs voer aan dat oorspronklike sosio-historiese verskille 'n ondergeskikte rol speel in teologiese aspekte van die teks. Daar kan egter nie tot hierdie konklusie gekom word deur bloot net die finale vorm van die teks te lees nie.

Die resultate van 'n histories-kritiese analise moet nooit 'n doel op sigself wees nie, maar wel die teologiese interpretasie van die finale vorm van die teks. Dit is ironies dat terwyl die histories-kritiese metode se aanvanklike doel die verklaring van die finale vorm van die teks was, dit juis hierdie betekenisvlak verberg het. Die fout het nooit by die histories-kritiese metodes as sodanig gelê nie, maar by diegene wat hierdie metode foutiewelik hanteer het. 'n Metode is per slot van sake net 'n instrument in die hande van die eksegeet. Gebruikers van die historiese kritiek het die neiging om nie soseer op die teks te fokus nie, as om deur die teks te kyk na die voorgeskiedenis daarvan. Die persepsie is dat alleen die oorspronklike vorm van die tradisie gesagvol is. Childs bring 'n vars alternatief tot die gebruik van dié metode. Die histories-kritiese metode word in 'n vroeë fase deur hom gebruik om tot 'n beter verstaan van die finale vorm van die teks te kom. Childs poog om die histories-kritiese metode te oriënteer om 'n bydrae te maak tot die teologiese lees van 'n teks. Dit word nie altyd deur die kritici van Childs gesnap nie.

Die benadering van Childs gee dus wel aandag aan die diakroniese momente van 'n teks. Dit moet egter gesê word dat die sinkroniese dimensie by Childs die swaarste weeg. Die feit dat Childs meer krediet gee aan die histories-kritiese metode in sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



resente werke, moet verwelkom word aangesien die ideaal 'n balans tussen die sinkroniese en die diakroniese dimensies van 'n teks is[6].

Dit is my mening dat daar 'n karikatuur van Childs geteken word oor sy verhouding met die historiese kritiek.

## 7.3 Beoordeling van die kritiek teen Childs se gebruik van die term kanon

Childs se benadering het sinoniem geword met die studie oor die kanon en die rol wat die kanon binne 'n hermeneutiese model moet speel. Die kritici het veral op hierdie faset van die benadering van Childs geweldig baie kritiek gelewer.

Daar moet toegegee word dat die begrip soos dit by Childs funksioneer problematies is. Dit is egter ook waar dat kritici in hulle poging om standpunt in te neem, soms van die mees ekstreme uitsprake van Childs gebruik maak om hul eie perspektief tuis te bring. Kritici maak dikwels in hulle beoordeling van modelle gebruik wat nie werklik van toepassing is op die kanoniese benadering nie. In sy kritiek teenoor Childs gebruik Tate (1981:183) byvoorbeeld basies die model van Sundberg wat handel oor die historiese rekonstruksie van die kanonisering. Sundberg (1968:147) se argumentasie gaan om 'n skerp teenstelling tussen Skrif en kanon. Kanon verwys volgens hom alleenlik na 'n geslote versameling van boeke. Sundberg beywer hom verder ook vir die insluiting van die apokriewe boeke in die Protestantse kanon. Dit is my oordeel dat die kritiek van Tate nie die belangrike punt raaksien dat Childs se perspektief op die kanon 'n post-kritiese een is. Klem word gelê op die vorming van die Bybelse tradisies deur die geloofsgemeenskappe, eerder as om dit te sien as 'n historiese rekonstruksie.

[6] Sternberg (1985:17-23) sien die diakroniese en sinkroniese elemente van 'n teks as komplementêr.

Die pogings van McEvenue (1981:231) om die benadering van Childs met die hulp van die twee-dimensionele model van Lonergan te hersien misluk. Hiervolgens sou Childs 'n kumulatiewe teorie van progressiewe openbaring voorstel. Dit lei tot 'n stereotipering van Childs deur 'n verouderde model van wetenskaplike ontwikkeling[7].

Childs word deur Carroll (1980a:76) gekritiseer vir 'n *flat en undialectical* verstaan van die kanon. Die rede wat hy aanvoer is die feit dat as gevolg van die gebrek aan 'n historiese lees van die teks, daar nie aandag gegee word aan die dieptedimensie van die teks nie. Carroll stel dan 'n konsep van die kanon voor, wat meer maak van die historiese ontwikkeling van die kanonproses. In dié verband sluit Carroll baie nou by Sanders aan. Die fout na my mening word deur hom gemaak om die post-kritiese hermeneutiese konteks waarbinne Childs wil werk, te ignoreer. Dit sou onbillik wees om te oordeel dat Childs 'n *flat* perspektief op die vorming van die kanon het, net omdat hy nie die historiese proses as 'n doel op sigself sien nie. Childs, soos genoem, beskou die historiese ontwikkeling van die kanoniese proses as ondergeskik aan die finale vorm van die teks binne hermeneutiese verband. Dit is egter nie korrek om te wil suggereer dat die kanoniese benadering a-histories is nie. In hierdie verband sou Childs (1992:534) hierdie beskuldiging teen hom antwoord met die volgende opmerking: "From a theological perspective, the historical critical method continues to serve as a check against a flat, rationalistic reading of the Biblical text".

Die kritiek wat deur Anderson (1971:325-326) gelewer word, handel oor die eenheid van die Skrif binne dieselfde kanon. In sy kritiek ignoreer hy volgens my geheel en al die groot rol wat die geloofsgemeenskappe in die benadering van Childs in dié verband speel. Heelwat van die kritiek hou nie die teologiese klem in gedagte wat

---

[7] So 'n benadering word juis deur Thomas Kuhn (1962) afgewys.

Childs aan die kanon koppel nie. Dit is waar van die kritiek wat Gottwald (1985:314) teenoor Childs se kanonbegrip lewer. Die spesifieke teologiese fokus wat Childs op die kanon plaas, gaan by Gottwald verlore as gevolg van sy soeke na 'n sosiologiese matriks.

Die probleem met baie van die kritiek teen Childs is dat hy nie gekritiseer word vir dit wat hy wil wees nie. Vreemde kategorieë en modelle wat min met die pretensies van Childs te doen het, word gebruik om hom te beoordeel. Hierdie modelle word kritiekloos gebruik om Childs te beoordeel sonder om die meriete daarvan te bepaal. In sy antwoord op sy kritici wys Childs telkens daarop dat daar heelwat misverstande bestaan ten opsigte van die verstaan van die kanoniese benadering. Childs toon byvoorbeeld aan dat heelwat kritiek op sy *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c) juis veroorsaak is deur die feit dat sy breë kanonbegrip vervang is met 'n veel enger een. Die gevolg is dat die belangrike stelling wat hy maak, geïgnoreer word (Childs 1980c:53).

'n Ander goeie voorbeeld is die artikel van Whybray (1981:29-35) waarin hy sukkel om die korrekte terminologie te gebruik om die benadering van Childs te beskryf[8]. Dit is ook waar van Barr (1983:67) se kritiek teen Childs (1979c) se *Introduction to the Old Testament as scripture* wat hy uitspreek in sy boek *Holy scripture: canon, authority, criticism.* Childs (1980c:53) beklemtoon dit by herhaling dat die doel van sy benadering nie dieselfde is as dié van die historiese kritiek nie. Om dié rede distansieer hy hom van 'n term soos kanonkritiek. Waarom dit gaan in die benadering van Childs is teologiese, kanoniese en literêre kwessies eerder as historiese kwessies.

[8] In teenstelling met die feit dat Childs hom telkens distansieer van die term kanonkritiek maak Whybray (1981:30) steeds die volgende opmerking: "....according to him (Childs) the only valid form of Old Testament canonical criticism is against a flat, rationalistic reading of the Biblical text".

Dit is opvallend dat daar nie tred gehou word met die ontwikkeling wat sedert 1970 in Childs se benadering plaasgevind het nie. Hy word dikwels gekritiseer asof hy nog steeds sekere standpunte handhaaf. Dit is veral waar van die artikel van Tate (1981:183). Sonder om erkenning te gee aan die ontwikkeling binne die kanoniese benadering, veral ten opsigte van die historiese kritiek, resenseer hy sowel *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c) van Childs, asook sy Eksoduskommentaar (1974a) en *Biblical theology in crisis* (1970a), in een artikel asof daar geen groei in die benadering van Childs plaasgevind het nie. Dit is in hierdie studie aangetoon dat daar definitiewe groei in die benadering van Childs plaasgevind het[9]. Dit sou onregverdig teenoor Childs wees om nie van hierdie ontwikkeling in sy benadering kennis te neem nie. Dikwels word hy gekritiseer vir standpunte wat hy nie meer huldig nie.

Die uitspraak van Childs (1984b:30) dat hy nie met 'n kanon- binne- die- kanon gedagte werk nie, is volgens my nie baie oortuigend nie. Die probleem word ook op ander plekke in hierdie studie bespreek. Dit wil voorkom asof die sentrum vir Childs in die Christusgebeure lê. Childs (1984b:30) dui aan dat die verskeidenheid van die kanon verstaan moet word in die lig van die eenheid in Christus. Die feit dat hy die Masoretiese teks kies veroorsaak dat die Torah dikwels die sentrum van sy Ou-Testamentiese gedeeltes vorm. Wanneer hy kanonies werk gaan alles op in die Christusgebeure. Die gevaar hiervan is dat Childs met 'n dogmatiese beginsel werk. Die hele kanon word dan vir hom onder een regulerende beginsel tuisgebring. Childs oortree hier in die sin dat die ryke verskeidenheid binne die kanon nie met so 'n keuse verdiskonteer word nie.

Dit moet toegegee word dat Childs nie die begrip kanon goed genoeg nuanseer nie.

[9] In 'n vorige gedeelte is daar breedvoerig aandag gegee aan die groei wat daar binne die benadering van Childs plaasgevind het.

Kanon word deur Childs as 'n breë begrip gebruik waarbinne interpretasie moet plaasvind. Dit word deur Childs gebruik as perspektief op die inhoud van die teks wat rigtinggewend is vir die geloofsgemeenskap in sy verstaan van die teks. Ek sou graag aan Childs die voorstel wil maak om byvoorbeeld ander terme te kry vir sekere betekenismoontlikhede wat hy onder die begrip kanon plaas. Hy sou byvoorbeeld dan die keuse moet maak om die term kanon of vir norm te gebruik of vir lys. Daar moet 'n duidelike skeiding tussen terme wees om 'n vervaging van betekenismoontlikhede te voorkom.

## 7.4 'n Beoordeling van die kritiek van Barr en Barton

Die kritiek van dié twee teoloë word onafhanklik van die ander kritiek bespreek wat teen Childs geopper word. Die rede hiervoor is dat die kritiek wat die twee uitspreek, myns insiens, vir Childs gekategoriseer het. Daar word kritiekloos op die rug van Barr en Barton gery in die standpuntinname teen Childs. Alhoewel Barton ook oorspronklike kritiek lewer, is hy in sekere opsigte ook afhanklik van Barr. Dit lei tot die stereotipering van die kritiek teen Childs (Coggings 1985:252). Ander kritici[10] volg hulle slaafs na met die gevolg dat die persepsie oor Childs 'n gevangene word van laasgenoemde twee se evaluering van sy kanoniese benadering. Dit veroorsaak dat daar nie ander oorspronklike kritiek geopper word, wat die benadering van Childs in perspektief kan stel nie.

Barton gebruik strukturalistiese kategorieë om die werk van Childs mee te beskryf. Hiervolgens is daar groot ooreenkomste tussen die kanoniese benadering en die sogenaamde *New Critics*-beweging soos dit veral funksioneer in die Engelse letterkunde (Barton 1984b:133). Voortdurend word daar deur Barton gepoog om

[10] In dié verband kan daar gekyk word na die kritiek wat deur Rodd (1979:129-131) asook Barstad (1984:86) gelewer word op die benadering van Childs.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



parallelle te trek tussen die kanoniese benadering en die *New Critics:* "New Criticism and canon criticism stand or fall together: they are children of the same literary culture, even if they have never met " (Barton 1984b:158). Dit lei daartoe dat Barton volgens my mening nie die rol wat die historiese kritiek binne die kanoniese benadering speel korrek evalueer nie. Hierdie siening word deur Noble (1995:51) gedeel: "Childs has a much more positive attitude towards critical studies than Barton realises".

Dieselfde fout word deur Brett (1988) gemaak in aansluiting by Barton. Die rol wat die historiese kritiek in die kanoniese benadering van Childs speel word onderwaardeer. Brett maak 'n onderskeid tussen *emic* en *etic* om verskillende interpretasiemoontlikhede aan te dui. Volgens hom val Childs binne die *emic*-kategorie terwyl dit eintlik die *etic*-perspektief is wat hom besig hou met histories-kritiese vrae.

Dit is waar dat die kanoniese en die strukturalistiese benaderings beide teksimmanente benaderings is en dat beide op 'n holistiese lees van die teks fokus in plaas van 'n fragmentering daarvan. Om egter sonder meer strukturalistiese kategorieë op die werk van Childs van toepassing te maak, is volgens my nie sonder probleme nie. Childs (1985:6,148) reageer soos volg hierop: "To identify the canonical approach with structuralism, as J Barton suggests .... is very far from the truth". Die *New Critics*-beweging en die kanoniese benadering is nie in dieselfde vaarwater nie. Uit 'n bespreking van Brown (1993:481-490) blyk dit dat Barton nie eers die *New Critics*-beweging korrek omskryf in sy vergelyking daarvan met die kanoniese benadering nie. Dit is soos om appels en pere met mekaar te vergelyk. In die breë gesien is daar ooreenkomste, maar hoe meer detail ter sprake kom, hoe duideliker raak die verskille tussen hierdie twee benaderings. Dit is korrek dat beide benaderings aandui dat hulle die teks as outonoom sien. Daar is by beide 'n gebrek

aan belangstelling wat die bedoeling van die oorspronklike skrywer is. Beide verwys na 'n betrokke kanon. Dit is waar die ooreenkomste tussen die twee benaderings stop.

Letterkundige werke werk gewoonlik met net een spesifieke teks. Tekskritiek is dus nie so essensieel soos byvoorbeeld by die kanoniese benadering waar daar met meer as een teks gewerk moet word nie. Die eksponente van die *New Critics*-beweging argumenteer nooit teen die bedoeling van outeurs in literêre tekste nie. Die veronderstelling is dat dit tot die beskikking van elke leser van die teks is. Hulle erken bloot die moontlikheid van 'n bykomende betekenis wat die teks op sy eie het. Childs beskou die bedoeling van die outeur egter as van belang, alhoewel dit net gedeeltelik beskikbaar gemaak kan word deur kritiese metodes. Childs is egter net so geïnteresseerd in die redaksionele bedoeling van die teks. Die *New Critics* en die kanoniese benadering het dieselfde persepsie ten opsigte van die verhouding tussen vroeë en latere tekste.

Volgens Brown (1993:483) bestudeer die *New Critics* tekste in interaksie met tekste in die verlede wat nie noodwendig ooreenkom wat teks en inhoud betref nie. Tekste hoef dus nie tot dieselfde kanon te behoort nie. Die kanoniese benadering bestudeer die proses wat nie net tussen 'n enkele skrywer en latere lesers plaasgevind het nie, maar ook latere redaksies en die gemeenskappe wat dit as normatief ervaar het. Die studie word egter gedoen binne die grense van dieselfde kanon. Daarbenewens verskil die definisies ten opsigte van die begrip kanon. Brown (1993:485) dui aan dat die *New Critics* alle tekste wat beskou word as uitstekende literatuur reken as behorende tot 'n kanon. Die kanoniese benadering klassifiseer tekste wat normatief is, ongeag hulle letterkundige waarde, as behorende tot die kanon. Barton (1984b) lewer kritiek op die benadering van Childs asof hy belangstel in die literêre kanon,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met ander woorde om die Skrif te sien as doodgewone literatuur[11]. Op hierdie stadium van die studie moet dit baie duidelik wees dat Childs se fokus op die kanon teologies van aard is.

Die stelling van Barr (1983) dat Childs 'n poging aanwend om terug te keer na die situasie voor die Verligting is van alle waarheid ontbloot. Hiervolgens sou Childs dan 'n pre-kritiese lees van die teks voorstel. As gevolg hiervan het die kanoniese benadering soos dit by Childs funksioneer geen dieptedimensie nie. Fel kritiek wat teen Childs uitgespreek word juis omdat hy nog sterk op die histories-kritiese metode steun, plaas 'n vraagteken agter Barr se aanname[12]. Die wyse waarop Childs (1992), in sy meer resente werke, die historiese kritiek hanteer, is 'n bewys hiervan. Dit is na my mening nie geregverdig om Childs daarvan te beskuldig dat hy terugkeer na 'n situasie wat bestaan het voor daar begin is met die bestudering van die bronne, vorm en mondelinge tradisies nie. Die heftige reaksie van die kant van Barr op die benadering van Childs noop iemand soos Sanders (1982:3) byvoorbeeld om te vra of Barr werklik verstaan waaroor dit in die kanoniese beweging gaan.

Sanders (1984:501-502) toon byvoorbeeld aan dat Barr op sekere plekke in sy argument die benadering van Childs met sy eie (Sanders se) standpunte verwar. Dit wil voorkom asof Barr in *Holy scripture: canon, authority, criticism* (1983) daarop uit is om Childs in so 'n negatiewe lig te plaas dat hy in 'n sekere mate geloofwaardigheid inboet (Gilchrist 1985:125). Sheppard, ook 'n eksponent van die kanoniese benadering, het die aanvoeling dat die kritiek wat Barr teen Childs opper persoonlik van aard is. Barr sien in Childs die groot reus wat doodgemaak moet word (Sheppard 1983:3). Hierdie siening word ook deur Noble (1995:3) gedeel: "Although

---

[11] Barton word in die verband nagevolg deur Ellingsen (1983:394-413).

[12] Landes (1980:32-39) lewer onder andere kritiek teen Childs se gebruik van die histories-kritiese metode.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Barr is highly critical of Childs, he shows little comprehension of the structure and goals of Childs' programme; on the contrary, his expositions of Childs often descends into caricature and misrepresentation".

Dit kom ook vreemd voor dat Barr veel kritiek lewer ten opsigte van Childs se hantering van die histories-kritiese metode. Barr het nog nooit bekend gestaan as 'n besondere apologeet vir hierdie metode nie. Trouens hy erken self: "I was never much of a historical-critical scholar. I do not know that I ever detected a gloss, identified a source, proposed an emendation or assigned a date " (Sheppard 1974:3). Daar kan gevra word of die inhoud wat Barr aan die term kanon in sy kritiek op Childs gee aan alle vereistes voldoen. As daar kritiek teen Childs ingebring word dat hy met 'n te breë kanonbegrip werk, kan kritiek teen Barr uitgespreek word dat hy met 'n te eng definisie van kanon werk (Dunn 1985:443).

Childs (1984a:67-69) het die probleem met die kritiek van Barr dat daar by Barr 'n oënskynlike misverstaan van sy benadering is. Kernkonsepte van die kanoniese benadering word nie deur Barr korrek hanteer nie. Barr maak byvoorbeeld die fout om die term kanoniese vorming te interpreteer as die finale fase van kanonisering. Ek vind dit ook onverstaanbaar dat Barr die kanoniese benadering as 'n voortsetting van die *Biblical Theology Movement* beskou. Dit terwyl Smart (1979), Anderson(1980), Terrien (1985) en Harrelson (1981)[13] van Childs se belangrikste kritici is.

Barr (1983:83) se siening is dat kanon bloot verwys na 'n lys van boeke. Kanon is 'n konsep wat nie inherent Bybels is nie, maar dit is 'n term wat deur post-Bybelse gemeenskappe afgeforseer is. Kanon en die kanoniese proses is dus volgens Barr

---

[13] Hulle staan bekend as van die belangrikste eksponente van die *Biblical Theology Movement*

begrippe wat vreemd is aan die Bybel. Childs (1980c:53) toon aan dat alhoewel Barr drie gebruike vir sy hantering van die kanonbegrip isoleer, Barr die belangrikste gebruik van die kanonbegrip mis. Childs gebruik kanon om die belangrike proses van religieuse interpretasie deur 'n geloofsgemeenskap aan te dui wat sy merk gelaat het op die literêre teks en wat uiteindelik normatief geword het vir die gemeenskap. Kanon is vir Childs (1984b:68) eksklusief die kanon van die kerk. Kanon is dalk nie 'n Bybelse term nie, maar die feit dat daar 'n kanoniese proses aan die gang was, kan nie ontken word nie.

Sanders (1980:176) toon aan dat hierdie proses met behulp van redaksiekritiek bestudeer kan word. Selfs Barr (1983:83) gee toe dat daar 'n prinsipe van kanon aan die werk was gedurende die Bybelse periode so ver terug as die Dawidiese periode. Die verskil in benadering tot die kanon tussen Childs en Barr getuig daarvan dat Barr en Childs verskillende kanonbegrippe aanhang. Die kanonbeskouing van Barr gaan gepaard met 'n siening van die kanon as outoritêr, argaïes en beperkend. Die status daarvan moet teruggevoer word na historiese of ideologiese betekenisse wat daaraan geheg is. Die kanon is 'n mite wat verbreek moet word ten einde by die bedoeling van die oorspronklike skrywer uit te kom. Dit is die sleutel tot die verstaan van die teks. Om hierdie rede maak Barr (1983:63) 'n stelling soos: "Scripture is essential, but canon is not". Kritiek wat teen Barr uitgespreek word, as sou hy nie 'n verskil maak tussen kanoniese en nie-kanoniese geskrifte nie, moet na my mening teen hierdie agtergrond gesien word.

Dit bring die vraag na vore wat Barr se opvatting oor die gesag van die Skrif is. Hieroor is hy nie baie duidelik nie. Die gesag van die Bybel lê in sy struktuur. Die Bybel moet nie gesien word as "a true book which contains true information about God and about various other persons and past events" (Barr 1983:53). Die doel van die Bybel is eerder om die verhouding tussen God en mens te fasiliteer. In hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verband moet die gesag van die Bybel verstaan word. Die basis van die gesag van die Skrif ".......in the faith relation between man and God" (Barr 1983:54). Barr bly vaag oor die betekenis hiervan. Die probleem is dat as Barr nie die Bybel beskou as deel van die Goddelike openbaring nie, daar nie volgens hom grond is om die Bybel as gesagvol te beskou nie. Childs en Barr verskil dus van mekaar wat hulle kanonbeskouing betref, maar ook wat hulle Skrifbeskouings en Skrifgesagbeskouings betref.

Barr se siening oor die kanon moet gesien word as verteenwoordigend van die histories-kritiese tradisie. Volgens hom kan die begrippe Skrif en kanon nie gelyk gestel word aan mekaar nie. Die rede hiervoor is dat die vorm van die kanon geheel en al 'n menslike poging is. Dit hang nou saam met sy siening van die Bybel as Woord van God. Volgens Barr is die mens verantwoordelik vir die Bybelse tradisies en die vorming daarvan tot 'n kanon. Om hierdie rede moet daar nie na die Bybel verwys word as Woord van God nie. 'n Term soos Woord van Israel, is meer gepas (Barr 1983:120). Om hierdie rede is dit die kerk se prerogatief om die kanon te benader soos hy wil. Barr het dus 'n probleem met enige verwysing na Goddelike gesag of openbaring van God se kant af. Die kanon is vir Barr 'n idee wat eers later sy beslag gekry het en daarom nie so 'n belangrike konsep vir die Christendom is nie.

Childs daarenteen, is 'n voorstander van 'n intrinsieke kanonbeskouing. Sy aandrang op die normatiewe konteks van die finale vorm van die teks verleen 'n intrinsieke gesag aan die Bybel as geskrif van die geloofsgemeenskap. Die geskrifte het *per se* gesag en verkry dit nie deur die sanksionering van enige instelling of ideologie van buite af nie. Ek is van mening dat Barr se kritiek op Childs se kanonbegrip teen hierdie agtergrond gesien moet word.

Dit is 'n vraag of hierdie twee standpunte teenoor mekaar gestel moet word. 'n Ander benadering sou wees dat dit alles deel uitmaak van die eienskappe van die kanon en daarom nie teenoor mekaar staan nie. Venter (1987:755-768) toon aan dat die vorm van die kanon wat uit die geskiedenis afkomstig is en die status wat die versameling in die hede geniet, gesien moet word as twee eienskappe van die kanon. Vir Childs is daar wat die kanon betref 'n hegte eenheid tussen die teologiese en die historiese. Wat die historiese betref, maak hy die onderskeid tussen die geskiedenis van Israel en die geskiedenis van die Ou-Testamentiese boeke as Skrif. Childs beskou nie die inhoud van die Ou Testament as 'n boodskap oor die dade van God in die geskiedenis nie, maar dat dit gaan oor die krag van die Woord van God. Die teologiese aard van die kanon is vir Childs nou verweefd met die vraag na die gesag van die Woord. Ten diepste gaan dit ook in die debat tussen Childs en Barr daarom of die kanon as teologiese konsep binne die eksegese kan funksioneer en of dit bloot in 'n historiese opsig funksioneer. Childs (1974a:300) is baie duidelik daaroor dat die kanon 'n teologiese konsep is. Die kanon is 'n teologiese belydenis wat gebaseer is op die getuienis van die apostels en profete. Hierin word Childs veral deur Hasel (1985b:44) gevolg.

Dit is na my mening veral Barton (1984b) wat hierdie dimensie van die kanonbegrip van Childs verkeerd verstaan. Vir Childs verwys die kanon nie eksklusief na die geslagte van Jode en Christene wat die grense van die Skrif bepaal het nie. Dit is eerder vir Childs 'n religieuse vorming van die literatuur wat plaasgevind het in die totstandkoming van die literatuur. Barton ignoreer die rol van die gemeenskap in die vorming van hierdie literatuur. Die kerk het nie maar net die kanon gegee soos Barton beweer nie (Scalise 1987:135). Vir Childs is die Ou Testament nie 'n boodskap van die Goddelike ingrype in die geskiedenis nie, maar dit gaan eerder vir hom om die krag van die Woord van God (Klein 1980:60). Childs gee egter ook aandag aan die historiese aspek van die kanon. Hy lê veral klem op die geskiedenis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Ou-Testamentiese boeke in hul deel word van die kanon.

Dit is ooglopend dat van Childs se kritici die sentrale rol ignoreer wat die geloofsgemeenskappe in die vorming van die kanon speel. Dit is veral belangrik aangesien die rol wat die gemeenskappe gespeel het teologies van aard was[14]. Dit is egter ook waar dat daar 'n gebrek aan duidelikheid is ten opsigte van die teologiese metodologie van Childs. McEvenue (1980:537) dui tereg daarop dat Childs as eksegeet baie presies is oor die literêre en historiese aspekte van sy metodologie. Om vir Childs daarvan te beskuldig dat hy terugkeer na 'n pre-kritiese interpretasie van die teks is nie heeltemal waar nie (Barton 1984b:97). Ek is van mening dat Barton hier fouteer om die kanoniese benadering tot 'n vorm van patristiese eksegese te relativeer. Hy sien na my oordeel nie die feit in dat Childs, in navolging van Barth, poog om kontinuiteit te probeer bewerkstellig tussen die pre-kritiese lees van die kerkvaders en 'n post-kritiese lees deur die kanoniese benadering nie. Dit is om hierdie rede verstaanbaar dat Childs deur een groep kritici geëtiketteer kan word dat hy pre-krities is en deur 'n ander groep dat hy post-krities is. Die feit dat hy nog sterk op die resultate van die histories-kritiese metode steun, bevestig dat hy nie pre-krities werk nie.

Childs lê veel klem op die feit dat dit bloot op grond van hulle kanoniese vorm is dat Bybelse tekste nie net tot hulle gemeenskappe spreek nie, maar ook tot ons vandag. Die kerk het dit bloot erken en het nie self kanoniese gesag toegeken nie. Die Skrif funksioneer by Childs as 'n *norma normans* en nie 'n *norma normata* wat deur kerk vasgestel is nie.

Childs se poging om sowel die kanoniese proses as die finale vorm van die teks as

[14] Dit is veral waar van die kritiek wat Anderson (1971:325-328) in die verband teen Childs lewer.

kanon onder dieselfde term te hanteer, is 'n probleem. Dit wil tog voorkom asof Childs te veel fasette onder die term kanon wil verenig. Childs besef dit en aanvaar die kritiek wat veral deur Barr (1980:13) in dié verband teen hom geopper word. Dit is egter volgens hom die enigste uitweg om aan te toon dat 'n godsdienstige lees van die tradisies reeds vroeg begin het en volgehou is tot die teks sy finale vorm verkry het. 'n Verdere probleem is dat Childs nie altyd baie duidelik aandui wat hy met 'n kanoniese teks bedoel nie. Dit is een van Barr (1983) se sterkste argumente dat Childs hom hier aan 'n anachronisme skuldig maak. Ter verdediging van Childs moet egter gesê word dat hy nie beide take gelyktydig aan die orde laat kom nie. Die probleem doen egter geensins afbreuk aan die legitimiteit van die finale vorm van die teks as 'n belangrike vlak van betekenis nie. Dit moet beskou word as een van Childs se waardevolste bydraes. 'n Belangrike vraag wat Childs egter nie bevredigend beantwoord nie, is waarom die proses moet stol met die gekanoniseerde teks. Is daar dan nie ook 'n post-kanoniese betekenis van 'n teks soos daar 'n pre-kanoniese betekenis is nie? Indien hy soveel aandag kan gee aan die pre-kritiese bydrae van die Reformasie, waarom dan nie ook aan die kritiese fase, en post-kritiese nie? Die kanoniese benadering gee aandag aan een betekenisvlak, dit maak egter nie al die ander betekenisvlakke ongeldig nie. In die lig van sy klem op die finale vorm van die teks kan dit egter verstaan word.

Die benadering van Childs bied 'n oplossing op die vraag watter teks geïnterpreteer moet word. Die histories-kritiese metode hou hom besig met die lees van die gerekonstrueerde teks. Allerhande probleme duik egter op. Hier kan slegs na die bronneteorie verwys word. Daar moet onderskei word wat sekondêr binne 'n teks is, wat 'n glosse en wat 'n latere redaksionele byvoeging is. Die teks word gefragmenteer en dit is 'n probleem om 'n beslissing te maak oor watter deel van die teks gelees moet word. Is dit wat dan sogenaamd sekondêr tot die teks is dan nie ook 'n integrale deel van die teks nie? Daar word met groot ywer gesoek na die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorspronklike teks. Die bronne word aangedui as dat hulle die oorspronklike teks bevat. As daar egter sprake van redaktors is, in watter terme kan gepraat word van 'n oorspronklike teks? Dit is alles vrae wat die gebruik van die historiese kritiek na vore bring en nie bevredigend beantwoord nie.

Childs vra die vraag waarom die teks nie gelees kan word soos ons dit het nie. Dit is dan juis wat die kanoniese benadering poog om te doen. Die teks word gelees in sy gegewe vorm, al skep dit probleme en al is daar allerhande spanninge binne die teks self. Childs meen dat ook die spanninge binne 'n teks 'n sekere rol speel. Waarom het die finale redaktors van 'n teks juis nie die spanninge in 'n teks verwyder nie? Moet 'n teks noodwendig sonder enige kontradiksies wees om 'n ideale teks te wees?

Daar kan geargumenteer word oor die stelling dat die kanoniese benadering 'n oorvereenvoudiging is in vergelyking met die histories-kritiese metode[15]. Ek sou dieselfde vraag wou vra betreffende die histories-kritiese lees van die teks. Is hierdie benadering nie ook skuldig aan presies dieselfde probleem nie. Met die histories-kritiese lees van die teks is daar ook 'n element van vereenvoudiging van die teks aanwesig. Die interpreteerder kan dit vermy om met sekere spanninge in die teks te werk deur probleemgedeeltes van die teks as onversoenbaar of korrup te beskou. Vanuit 'n kanoniese perspektief word geen onderdele van 'n teks as onversoenbaar beskou nie. Die teks is 'n *Gestalt* en word heeltyd binne sy geheel gesien, nieteenstaande sekere spanninge en teenstellings wat in die teks aanwesig is. 'n Kanoniese benadering tot die teks probeer juis om die sin van sekere spanninge in die teks te identifiseer. Die vraag word deur so 'n benadering aan die orde gestel of die spanning nie doelbewus geskep is om daarmee 'n bepaalde doel te bereik nie.

---

[15] In hierdie verband is die opmerking van Kelley (1975:507) in sy resensie van Childs se Eksoduskommentaar betekenisvol dat sy benadering lei tot 'n "richer more balanced view of the meaning of the text".

Dit is dus nie die doel van die kanoniese benadering om te vra: hoe kan 'n teks gerekonstrueer word nie? Die relevante vraag is: hoe kan die teks verstaan word in sy finale vorm? Alles in ag genome oordeel ek dat die argument dat die kanoniese benadering 'n eenvoudige lees van die teks voorstel nie korrek is nie. Veral nie as dit kritiek is wat geopper word deur ondersteuners van die histories-kritiese metode nie.

Die kanoniese benadering is 'n welkome alternatief op die atomistiese aard van die histories-kritiese metode. Teksmateriaal is soms gehanteer asof dit van geen nut was vir die geloofsgemeenskap waarbinne dit gefunksioneer het nie. Gedeeltes van 'n teks is soms beklemtoon sonder dat daar aandag gegee is aan die teks in sy geheel. So is 1 Samuel dikwels, met 'n paar uitsonderings, geanaliseer in die pro-koning gedeelte en die anti-koning gedeelte sonder om aandag te gee aan die geheel. Die kanoniese benadering gee aandag aan 'n teks in sy geheel soos dit binne 'n spesifieke geloofsgemeenskap funksioneer (Childs 1979c).

Dit is my mening dat die kanoniese benadering ons nader bring aan 'n oplossing vir belangrike vrae wat nie bevredigend deur ander metodes hanteer kan word nie. Soos reeds uit die studie geblyk het, is daar egter ook allerhande vrae te vra oor die benadering van Childs.

In die lig van die voorafgaande bespreking is dit my indruk dat die kritiek wat deur Barton en Barr teen Childs genoem word in baie opsigte beperkinge vertoon. Die probleem is egter dat kritici juis kritiek deur dié twee teen Childs klakkeloos navolg. Om hierdie rede is daar heelwat aandag gegee aan die kritiek wat hulle teen Childs lewer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 7.5 'n Beoordeling van die kritiek op die metodologie van Childs

Dit is waar dat die benadering van Childs nie sy metodologie duidelik omskryf nie. Ek is van mening dat die rede hiervoor is dat Childs (1984b:xvii) nie probeer om 'n nuwe eksegetiese metode daar te stel nie, maar eerder 'n nuwe perspektief op die teks waaruit interpretasie kan plaasvind.

Om Childs daarvan te beskuldig dat sy benadering basies maar dieselfde is as redaksiekritiek, is egter nie korrek nie. McCann (1985:254) noem byvoorbeeld in dié verband dat indien Childs die verskil tussen die literêr-kritiese lees van 'n teks en die teologiese evaluasie van die teks sou insien, hy sou moet toegee dat sy kanoniese benadering en die aanwending van redaksiekritiek identies is. Hy stel ook voor dat Childs baat sou vind daarby om meer van die pre-kritiese lees van die teks te maak.

Die benadering van von Rad stel nie uitsluitlik belang in die bedoelings of die historiese posisie van die finale outeurs nie. Childs is geïnteresseerd in die betekenis van die teks self, ongeag enige outeur of skrywer se bedoeling op enige stadium van die teks se ontwikkeling. Dit is nie dieselfde as 'n redaksiegeskiedenis-benadering met 'n kanoniese status wat aan die laaste redaksie toegeken word nie. Die kanoniese benadering beweeg nie soos bronnekritiek (wat agter die teks na die bronne en tradisies gaan kyk), of soos vormkritiek (wat gaan kyk na die verskillende vorme wat die teks in 'n gemeenskap aangeneem het), of soos redaksiekritiek (wat gaan kyk na die outeurs se redaksionele aktiwiteit) agter die teks in nie, maar is geïnteresseerd in die stadium toe die teks as kanon aanvaar is deur die geloofsgemeenskap[16]. Die kanoniese benadering fokus dus meer op die teks wat aanvaar is as kanon, as dit wat agter die teks lê. "it focuses on the evangelists' intent

[16] In die verband word daar deur Keegan (1985:30) die volgende gesê:" What is most important is the text which is accepted by the church as canonical. This canonical accepted text is the starting point of all Biblical exegesis".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in order to see the effect of this layering on the final form of the text " (Childs 1992:642).

Dit is egter vir my 'n vraag of die benadering van Childs beskou moet word as 'n nuwe selfstandige metode. Daar is heelwat gemeenskaplike raakpunte van die kanoniese benadering met die vormkritiek asook met die tradisie- en redaksiekritiek. 'n Sterker argument sou aangevoer kon word oor die groot ooreenkomste wat daar is tussen die kanoniese benadering soos dit deur Sanders bedryf word en die redaksiekritiek.

Dit is waar dat die benadering van Childs metodologies nie altyd voor die hand liggend is nie. Hy gee nêrens 'n klinkklare uiteensetting van sy metode nie. Na aanleiding van 'n resensie deur Morgan (1987:175) wil dit voorkom asof dit 'n tekortkoming is van eksponente van die kanoniese beweging in die algemeen. Hy wys presies dieselfde probleem uit in Sanders (1984) se werk *Canon and community. A guide to canonical criticism.*

Dit is tans nie 'n vreemde verskynsel dat sowel sinkroniese as diakroniese elemente van die eksegese gelyktydig hanteer word nie. Voorbeelde hiervan is die werk van Talstra, Mulder en Loretz (Prinsloo 1990:145-52). Dit is my mening dat Childs heeltyd bewus is van hierdie spanning in sy metode. Daar is 'n gedurige spanning tussen die sinkroniese en die diakroniese elemente wat hy probeer opgehef kry. In sy Eksoduskommentaar (1974a) word die twee elemente in aparte afdelings hanteer. Childs verwys soms na die finale vorm as sinkronies om dit daarmee te onderskei van die diakroniese eksegese wat hy ook in 'n mate hanteer. In sy *Introduction to the Old Testament as scripture* (1979c) kom hierdie spanning tussen die sinkroniese en die diakroniese elemente die duidelikste na vore. Childs probeer die spanning oplos deur te sê dat 'n kanoniese benadering gemaklik is ten opsigte van sulke tipe

spanninge in die teks. Dit is egter 'n leemte in die benadering van Childs, juis omdat hy beide elemente so goed kan hanteer.

Childs (1979c) lewer in dié werk kritiek teen die historiese kritiek. Hoewel beide die sinkroniese lees as die diakroniese lees van die teks by Childs aan die orde kom, kan die afleiding gemaak word dat Childs 'n sinkroniese lees van die teks voorstaan. Dit wil voorkom asof sy benadering sinkronies is in soverre sy kanoniese benadering nie afhanklik is van die rekonstruksie van die historiese ontwikkeling van 'n teks nie.

Dit is egter 'n vraag of dit moontlik is om net sinkronies of net diakronies te werk. My vraag is of Childs so oorbewus moet wees van hierdie spanning. Kritiek wat teen Childs uitgespreek word gaan van die veronderstelling uit dat dit wel die geval is. Childs se benadering is 'n uitstekende voorbeeld dat die sinkroniese en diakroniese elemente nie van mekaar geskei kan word nie. Childs se gebruikmaking van die historiese kritiek wys dit juis uit. In hierdie opsig sal daar weer gekyk moet word na die onderskeiding wat de Saussure in hierdie verband maak.

In 'n artikel met die titel "On synchronic and diachronic: wie es eigentlich gewesen" stel Deist (1995:37-48) hierdie vraag aan die orde. Hy argumenteer dat 'n eksakte sinkroniese lees van die teks 'n metodologies onmoontlike onderneming is. Die onderskeid tussen sinkronies en diakronies moet gesien word binne die konteks waarteen de Saussure dit geformuleer het. Deist dui aan dat de Saussure nie so negatief reageer teenoor die historiese linguistiek, as teoloë wat van sy onderskeid gebruik gemaak het om 'n diakroniese benadering af te wys nie. Sinkronies is nie bloot gelyk aan a-kronies nie. 'n Sinkroniese benadering tot die finale teks van die Ou Testament moet ook die teks hanteer as 'n teks wat die produk is van sy tyd en wat die taalreëls van daardie era reflekteer. 'n Sinkroniese benadering kan nooit die verskoning bied om nie 'n spesifieke teks te dateer of nie die sosiale konteks ter

sprake te bring nie. Die sinkroniese lees van 'n teks bring ook die historiese interteks van die tyd en kultuur van die eerste outeurs ter sprake. Diakroniese en sinkroniese fasette van 'n teks kan dus nie waterdig van mekaar geskei word nie, hulle staan in 'n sekere verhouding met mekaar. Om hierdie rede hoef daar dan nie spanning tussen die twee elemente in die lees van 'n teks te wees nie. In feite komplimenteer hierdie twee fasette mekaar. Volgens Beuken (1995:26) is daar al hoe meer konsensus dat die een naas die ander kan staan: "...both paradigms are considered to be irreducible either to each other or to a higher parameter".

In die benadering van Childs is die diakroniese dimensie van die teks alreeds deel van die sinchroniese. Die voorgeskiedenis van die teks is alreeds deel van die finale vorm. Daar is egter gevalle waar die diakroniese dimensie van die teks vra om ondersoek te word ten einde 'n beter perspektief op die finale vorm te gee.

Von Rad is nie altyd konsekwent in sy hantering van die bruikbaarheid van ander metodes nie. Soms is hy geheel en al outoritêr in die sin dat hy die bydrae van veral die historiese kritiek negeer, terwyl hy in ander gevalle baie meer simpatiek is ten opsigte van die bydrae wat deur dieselfde metode gemaak word. Dit is ook reeds genoem dat hy ook nie konsekwent is met die gebruikmaking van die geskiedenis van eksegese nie. Hy gebruik ook net Nuwe-Testamentiese aanhalings van 'n Ou-Testamentiese teks soos dit hom pas. Dit wil voorkom asof Childs nie altyd konsekwent is met die kernfasette van sy metode nie. My persepsie is dat Childs sy metode sien as die antwoord op alle probleme, veelsydig genoeg om 'n omvattende oplossing te kan bied. Dit sou 'n winspunt wees as hy in sy vroeë werke reeds meer dikwels erkenning kon gee aan veral die resultate van die histories-kritiese metode, wat 'n belangrike onderdeel van sy benadering is.

Die indruk word geskep dat Childs sy polemiek teen die histories-kritiese metode

soms dalk 'n stap te ver voer. Dit is veral waar van Childs se vroegste werke. Indien hy geheel en al sonder die metode se resultate kon klaarkom was hierdie kritiek meer aanvaarbaar. Childs maak egter deurgaans van die resultate van die histories-kritiese metode gebruik. In Childs (1992:379) se resente publikasies tref hy die onderskeid tussen kerugmatiese en nie-kerugmatiese vlakke van historiese rekonstruksie. Childs dui aan dat 'n *multi-level* lees van 'n teks soms noodsaaklik is, afhangende van die konteks van die teks. Childs is eerlik in dié publikasie as hy die historiese kritiek erkenning gee vir relevante bydraes.

Childs is dus nie a-histories nie, doodgewoon omdat hy nog in 'n groot mate steun op die resultate van die histories-kritiese metode[17]. Dit is ietwat van 'n *contradictio* in sy metode. Die feit dat Childs aanvanklik van 'n a-historiese uitgangspunt uitgaan, maar tog nog histories werk, verdien kritiek. Dit is veral waar van sy eerste publikasies. Childs sien homself as post-krities wat ten volle die histories-kritiese resultate wil benut maar wat ook verder wil gaan.

Dit is my mening dat Childs wat sy metode betref nie 'n bevredigende oplossing bied vir die verhouding Ou en Nuwe Testament nie. In die opsig is die metode wat Childs volg om 'n Bybelse teologie te skryf nie 'n verbetering op ander voorstelle nie. Childs slaag nie daarin om die eie unieke boodskap van die Ou Testament aan die orde te stel nie. Dit is in teenstelling met Childs (1992:13-14) se poging om van tipologie gebruik te maak wat die integriteit van die Ou Testament ten volle erken. Die Ou-Testamentiese gedeeltes wat Childs (1992:452-484) hanteer rondom die verhouding Ou en Nuwe Testament in sy resente en vroeëre werke voldoen nie aan die verwagtinge nie. Hy gee basies in een bladsy sy mening oor die wyse waarop die Ou

---

[17] In hierdie verband merk McComiskey (1980:88) die volgende op: "The scholar who works with the final form of the Old Testament text is not losing the historical dimension, but is using the historical-critical process to which the finalized form of the canon witnesses".

Testament getuienis bied ten opsigte van Jesus Christus, terwyl dit die wigpunt van sy model rondom die verhouding Ou en Nuwe Testament is. Die belangrike vraag of dit 'n legitieme lees van die Ou Testament is word nie deur hom beantwoord nie.

## 7.6 'n Beoordeling van die kritiek ten opsigte van die rol wat die Masoretiese teks in die kanoniese benadering van Childs speel

Childs verduur heelwat kritiek vir die feit dat hy die finale vorm van die Masoretiese teks verkies. Om meer spesifiek te wees die Leningrad MS. B 19A teks. In dié verband merk Morgan (1986:87) op dat die keuse van 'n bepaalde teks nie so belangrik is nie. Twee faktore moet egter deur die eksegeet in gedagte gehou word. In die eerste plek sal die keuse afhang van ekstrinsieke faktore in die teks self teenwoordig. In die tweede plek moet die eksegeet daarvan bewus wees dat dieselfde ondersoek in 'n ander kanon, byvoorbeeld die Septuaginta, ander resultate sal oplewer.

Om te suggereer dat een teks in een kanon as normatief beskou moet word, is om die multi-dimensionele aard van die kanon in die gemeenskappe waar hulle funksioneer, te ontken. Dié twee voorwaardes word na my mening nie deur Childs nagekom nie. In gevalle waar die Septuaginta 'n beter lesing as die van die Masoretiese teks bied, word dit deur Childs geïgnoreer. Childs (1979c:105) erken byvoorbeeld dat in die geval van 1 Samuel 1:24 die Qumran en Sepuaginta-teks 'n beter lesing gee, maar hy volhard nogtans met die Masoretiese teks. 'n Uitsondering is Eksodus 22:4 waar Childs (1974a:444,449) 'n keuse maak ten gunste van die langer Septuaginta en Samaritaanse teks.

Die multivalente karakter van spesifieke boeke binne dieselfde kanon of in verskillende kanons is 'n belangrike onderwerp vir studie. Die kanoniese benadering

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is 'n instrument om so 'n studie aan te pak. Childs se motivering ten gunste van die Masoretiese teks is nie bevredigend nie. Childs kan dit nie regverdig om sonder meer die status van voertuig van die kanoniese teks aan die Masoretiese teks toe te ken nie. Ander tekste kan in sekere gevalle beter die kanoniese teks weergee as die Masoretiese teks. Uiteraard het die keuse van die teks ook 'n invloed op die eksegese. Om hierdie rede oordeel ek die kritiek teen Childs in dié opsig as geregverdig.

## 7.7 Samevatting

Kritiek het altyd die voordeel dat dit help om 'n benadering in perspektief te stel. Dit het die verdere voordeel dat dit die groei van 'n benadering kan stimuleer. In hierdie verband het ek egter 'n probleem met Childs se hantering van sy kritici. Childs reageer nie bevredigend genoeg op sy kritici nie. Heelwat fundamentele kritiek is al oor die jare teen die benadering van Childs uitgespreek. Dit is veral ook in sy resente werk (1992) duidelik dat hy hom nie veel steur aan sy kritici nie. In hierdie lywige werk, reageer hy net op die kritiek van Walter Brueggemann. Dit word kortliks gedoen wanneer Childs uitwys dat Brueggemann 'n paar belangrike sake nie in ag neem nie.

Op die keper beskou het Brevard Childs 'n reuse bydrae gelewer. Kritiek wat uit verskillende oorde teen hom uitgespreek word doen geensins afbreek aan die reuse bydrae wat deur hom gemaak is nie. Hierdie kritiek teen Childs moet altyd in perspektief gesien word. Die vorige gedeelte was 'n poging van my kant af om juis dit te doen. Die naam Brevard Childs verdien volgens my 'n plek tussen al die groot teoloë van ons tyd. Hierdie lof kan hom toegeswaai word ongeag die kritiek wat hy verdien.

Is die kanoniese benadering 'n verdere uitbouing en versterking van kontemporêre metodes, of het Childs 'n paradigmaskuif gemaak. Ek probeer hierdie vraag beantwoord in die volgende hoofstuk wanneer ek Childs ook onder andere evalueer.

# 8. Konklusie: 'n Evaluering van die bydrae van B.S. Childs

## 8.1 Inleidend

'n Belangrike vraag wat deur die studie aan die orde gekom het is of die benadering van Childs 'n paradigmaskuif verteenwoordig. Dit is veral Childs se verhouding tot die histories-kritiese metode wat hierdie vraag noodsaak. Childs word deur Barr (1980:14-15) en Hanson (1984:17) daarvan beskuldig dat hy a-histories werk. Die stelling word ook gemaak dat Childs onder die strukturalistiese benadering tuishoort. Soos reeds aangetoon, het Barton (1984b) probeer aantoon dat die benadering van Childs in dieselfde tradisie as die *New Critics* hoort. Childs sien homself binne 'n post-kritiese raamwerk. In die volgende gedeelte word daar aandag gegee aan hierdie vrae.

Daar het die afgelope jare heelwat verskuiwings op die gebied van die Ou-Testamentiese wetenskap plaasgevind. Die navorsing is die afgelope eeu hoofsaaklik deur die histories-kritiese benadering oorheers. Tans is dit egter nie vreemd om in die vakliteratuur sosiologiese, psigologiese, literêre en ander interpretasies van die Ou Testament raak te loop nie.

Daar het egter ook 'n geweldige kultuurverskuiwing wat dié wetenskap betref, plaasgevind. Om hierdie rede is dit moontlik om die benaderings in die kategorieë pre-krities, krities en post-krities in te deel. Die post-kritiese of post-liberale terminologie korrespondeer met 'n soortgelyke skema van moderne en post-moderne fases in die geskiedenis en die wetenskapsfilosofie. Gewoonlik word hierdie terminologie met die voorvoegsel "post" gebruik om die een of ander paradigmaverskuiwing aan te dui. Die vraag wat in hierdie afdeling aan die orde kom, is waar Childs tuishoort.

## 8.2 Verteenwoordig die benadering van Childs 'n paradigmaskuif?

### 8.2.1 Is die kanoniese benadering pre-krities?

Childs word deur sommige getipeer as pre-krities. Ander is van mening dat Childs meer onder 'n post-kritiese vaandel tuishoort. Barr (1980:22) en 'n aantal teoloë noem die moontlikheid dat Childs se kanoniese benadering deur fundamentaliste misbruik kan word om daarmee die gebruik van die histories-kritiese metode te negeer. Childs sou dan as pre-krities geëtiketteer kon word. Zimmerli (1981:239) vereenselwig hom ook met so 'n kategorisering van Childs. 'n Misbruik van Childs se benadering deur konserwatiewe teoloë word inderdaad deur Scalise (1987:214-218) aangetoon. Dit wek die indruk dat Childs 'n pre-kritiese benadering het. Pre-krities verwys gewoonlik na die tyd voor die invloed van die Verligting op die beoefening van die Ou-Testamentiese wetenskap.

'n Pre-kritiese model word deur Childs (1979c:523) afgewys as naïef en arrogant. Childs stel na my mening nie 'n benadering voor wat terugkeer na 'n pre-kritiese posisie nie. Hy neem nie die eksegese terug na 'n kanon wat bestudeer is deur geleerdes voordat dit gedissekteer is deur bronne, vorm en tradisiekritiek nie. Dit gaan nie vir hom om krities te wees of nie te wees nie. Hy is eerder op soek na 'n kritiese verstaan wat in diens van die kerk kan wees (Fowl 1985:173).

Soos reeds in die studie aangetoon is, maak die eksegetiese benadering van Childs wel gebruik van kritiese metodes alhoewel hy die resultate binne 'n ander konteks aanwend. Childs se wegbreek van die konvensionele gebruik van die histories-kritiese metode beteken egter geensins dat hy dit ignoreer nie. Childs het soos aangetoon 'n eiesoortige gebruik van die histories-kritiese metode. Dit kom baie duidelik na vore in hierdie studie. In die verband word die volgende deur Noble (1995:40) opgemerk: "Childs describes his approach as post-critical, in that it fully

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



accepts the critical results but, through building upon them, tries to pass beyond'.

Die kategorisering van Childs dat hy pre-krities is, gaan saam met die kritiek dat hy fundamentalisties is. Alhoewel daar 'n element van harmonisering in die benadering van Childs teenwoordig is, kan daar nie gesê word dat hy 'n fundamentalistiese benadering onderskryf nie. Barton (1984b) maak die bewering dat daar sekere analogieë tussen Childs en die fundamentaliste is. Die klassieke gebruik van allegorie en tipologie as metodes, soos deur fundamentaliste gebruik, word deur Childs afgewys. Die fundamentalistiese siening dat die Skrif deur een outeur geskryf is word nie deur Childs ondersteun nie. Childs is in teenstelling met fundamentaliste, bewus van die diversiteit wat eie aan die Skrif is (Barton 1984b:86). 'n Fundamentalis wat die benadering van Childs as 'n konserwatiewe alternatief vir die histories-kritiese metode sien, maak 'n wesenlike fout (Barton 1984b:154). Priest (1980:260) meen dat Childs geen ondersteuning bied aan 'n pre-kritiese lees van die teks nie.

Childs (1980c:58) is baie duidelik daaroor dat sy benadering nie net maar 'n gematigde konserwatiewe perspektief is nie, maar 'n benadering wat antiteties teenoor fundamentalisme staan. Ook Sanders (1984:24) stel dit baie duidelik dat fundamentaliste nie valslik gerus moet wees as hulle die benadering van Childs vertolk as die einde van die kritiese benadering nie. Dit is 'n fundamentele aspek van die hermeneutiek van Childs dat die kontemporêre hermeneutiek gesien moet word as binne die spektrum van die post-kritiese fase. Die post-kritiese fase is vir Childs (1979c:177;359) van groot belang vir die kerk. Om hierdie rede word die benadering van Childs deur fundamentaliste misbruik. Childs se poging om post-krities te werk word deur die fundamentaliste aangegryp om op die a-historiese wa te klim (McKim 1986:179).

Dit gaan in die kanoniese benadering om 'n interpretasie van die vorm van die teks soos dit gegee is deur Israel aan die eenkant, maar dit gaan ook om die interpretasie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die moderne leser van die antieke teks. Die teks moet deur elke geslag opnuut gehoor word. In die lig hiervan is die kanoniese benadering volgens Childs post-krities van aard (Childs 1984b:69). By Childs is daar 'n oorbeklemtoning van die sinkroniese in terme van die teksimmanente teenwoordig. Dit hou ook verband met sy klem wat hy lê op die finale vorm van die teks.

### 8.2.2 Is die kanoniese benadering strukturalisties?

Childs se benadering is 'n voorbeeld van hoe om 'n teks te lees, met die klem op die teks en die betekenis van die teks. As sodanig vorm die benadering van Childs dan 'n onderdeel van die strukturalisme, aldus Loader (1986). Loader (1986:139) toon aan dat die werk van Childs demonstreer watter verrassende implikasies 'n immanente lesing van die teks kan hê. Childs maak dit moontlik om die Ou Testament so te lees dat afsonderlike tekste onderdele word van 'n verweefde netwerk van interne relasies. Daar is dus sprake van 'n intertekstualiteit by Childs.

Barton (1984b:133) reken dat die kanoniese benadering van Childs gekategoriseer kan word onder die strukturalistiese metode. Daar is heelwat ooreenkomste tussen eksponente van die strukturalistiese metode en die kanoniese benadering, soos reeds aangetoon is, en die *New Critics* asook ander metodes. Childs volstaan, soos die strukturalisme, met die lees van die teks self. Die feit dat dit kanonies gelees moet word verwyder historiese vrae. Vir Childs het die teks 'n outonome bestaan wat 'n teksimmanente eksegese vereis. Na my mening is die strukturalistiese metode egter meer geïnteresseerd in die teks en die leser en dit is juis dit wat dit onderskei van die kanoniese benadering. Kanoniese kritiek, soos deur Childs verteenwoordig, moet liewer gesien word as 'n verskuiwing van Bybelse kritiek, wat altyd historiese belange gehad het, na 'n meer literêre benadering. Die kanoniese benadering moet dan gesien word as 'n natuurlike opvolger van redaksie-kritiek binne 'n literêre klimaat wat deur die *New Critics* geskep is. Barton (1984b) maak die voorstel dat 'n

meer literêre benadering deur Childs sy metode kan komplementeer. Die rede is dat daar 'n verlies aan betekenis is as gevolg van die feit dat die historiese betekenis en die bedoeling van die outeur nie in berekening gebring word nie.

Wat Childs doen, is om vir ons 'n teorie van die lees van die teks te gee. Hy wil die kerk 'n model gee hoe om die Ou Testament as kanon te lees (Barton 1984b:203-204,208). Ook Morgan (1986:90) meen dat die benadering van Childs nie sonder meer gereken word tot die strukturalistiese metodes nie, alhoewel daar baie ooreenkomste is. My siening is dat sy gebruik van die tradisionele kritiese metodes Childs van so 'n kategorisering weerhou. Daar is nie genoegsame ooreenkomste met die strukturalisme om Childs as 'n eksponent van die benadering te identifiseer nie.

### 8.2.3 Childs se benadering verteenwoordig nie 'n paradigmaskuif nie

Alhoewel daar probleme aan verbonde is om Childs se benadering te klassifiseer as post-krities, vind Childs dit gemaklik om homself binne hierdie kategorie van die hermeneutiese spektrum te sien. Die vraag is of Childs dit werklik regkry om in sy benadering sonder voorbehoud post-krities te wees. Is die benadering werklik 'n selfstandige benadering wat outonoom kan funksioneer? Het Childs inderdaad 'n paradigmaskuif gemaak? Kan die benadering van Childs werklik onafhanklik van die resultate van die histories-kritiese metode opereer?

Post-krities verwys na die periode na die tyd waarin die histories-kritiese metodes die wetenskap oorheers het. 'Krities' staan nie hier teenoor 'onkrities' nie maar wel as 'n nuwe vorm van kritiese wetenskap.

Die tipering van Childs wat die minste probleme veroorsaak, is na my mening dat hy 'n basiese teksimmanente lees van die teks voorstaan. Volgens die teorie van 'n immanente lees van die teks is die interpretasie van die teks nie gebonde aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



identifisering van die bedoeling van outeurs nie. In die geheel gesien is die benadering van Childs met sekere voorbehoude daarop gemik om sowel die voorgeskiedenis as die nageskiedenis van die Hebreeuse teks te relativeer.

Ten diepste is die kanoniese benadering van Childs na my mening nie 'n nuwe metode nie. Childs se benadering kan nie beskryf word as 'n verskuiwing van 'n kritiese na 'n post-kritiese paradigma nie. Alhoewel Childs poog om post-krities te werk slaag hy nie daarin nie. Sy benadering is nie a-histories nie. Die kanoniese benadering het nie net sy wortels in die vormkritiek en die tradisiegeskiedenis nie, maar ook in die eksegetiese styl van die Reformasie. Van die begin van die vormkritiese beweging is daar 'n verband aangedui tussen die teks en die gemeenskap. Eksponente van die kanoniese benadering lê klem op die feit dat daar 'n integrale verhouding bestaan tussen die kanon en geloofsgemeenskappe. Soos reeds aangetoon, het die kanoniese benadering baie duidelike wortels in die tradisiekritiek veral soos deur von Rad geformuleer. 'n Ander betekenisvlak van die teks word egter deur die kanoniese benadering ontgin. Dit is 'n vraag of daar gepraat moet word van 'n paradigmaverskuiwing en of die kanoniese-benadering slegs 'n klemverskuiwing verteenwoordig. Om hierdie vraag te beantwoord, moet daar gekyk word na wat die betekenis van paradigma is ten einde te kan beoordeel of daar in die geval van Childs werklik 'n paradigmaverskuiwing plaasgevind het.

In dié verband moet Kuhn (1962) aan die woord gestel word. Kuhn word gereken as die mees prominente en opsienbare wetenskapteoretiese denker van ons tyd. In sy bekendste werk *The structure of scientific revolutions* (1962) gee hy heelwat aandag aan die rol wat paradigmas speel.

Die primêre betekenis van 'n paradigma kan volgens Kuhn omskryf word as die van 'n eksemplaar of probleemoplossingsmodel waardeur die wetenskaplike die deel van die werklikheid wat hom interesseer, benader. So 'n paradigma kan ook gesien word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as 'n verwysingsraamwerk, 'n navorsingstradisie wat op duidelike en bepaalde implisiete voorveronderstellings berus. Die ontwikkeling van 'n wetenskaplike denkklimaat volg altyd 'n bepaalde patroon. In die eerste plek is daar 'n sogenaamde pre-paradigmatiese fase. Hierdie fase gaan oor in 'n periode van normale wetenskapbeoefening, wat gekenmerk word deur stabiliteit en ooreenstemming en die gebruik van 'n bepaalde paradigma. Hierdie fase kan in een of ander krisis kom. Dit kan lei tot 'n revolusie of 'n breuk wat net deur die koms van 'n alternatiewe paradigma herstel kan word. So 'n revolusionêre fase in die wetenskapsgeskiedenis word gekenmerk deur die oorboord gooi van vertroude teorieë, die raaksien en bestudering van nuwe probleme, die aanvaarding van nuwe kriteria in die toetsingsproses en die totale herinterpretasie van bestaande gegewens (van Huyssteen 1986:63-72). In hierdie verband is die woorde van Kuhn (1962:23) betekenisvol: "Paradigms gain their status because they are more successful than their competitors in solving a few problems that the group of practitioners have come to recognize as acute". In die lig van hierdie definisie is dit na my mening te betwyfel of daar by Childs werklik sprake is van 'n paradigmaverskuiwing.

Dit sou grootliks afhang in watter mate die benadering van Childs in staat is om beter resultate te lewer as die histories-kritiese metode. Daar is nie konsensus of die kanoniese benadering as alternatief vir die histories-kritiese metode gesien moet word nie. 'n Beduidende aantal kritici is dit eens dat dit nie die geval is nie (Ollenburger 1985:37). 'n Ander opmerking wat egter deur Kuhn (1962:19) gemaak word is: "The new paradigm implies a new and more rigid definition of the field". Hiermee word die vraag aan die orde gestel of die werk van Childs geheel en al oorspronklik is. Dit wil tog lyk asof die benadering van Childs in 'n groot mate nog steun op die resultate van die histories-kritiese metode. Childs slaag inderdaad nie daarin om 'n nuwe metode op 'n nuwe fondament te bou nie. Hy slaag nie daarin om a-histories te werk nie. Die benadering van Childs moet na my mening gesien word as behorende tot dieselfde omgewing as die tradisionele historiese dissiplines. Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskil nie in metode nie, maar wel in skopus. Volgens die definisie van Kuhn sou dit dan onvanpas wees om die werk van Childs as 'n paradigmaverskuiwing voor te stel. Dit is self nog in die vaarwater van die normale wetenskapsbeoefening. Daar is nog nie genoeg rede om te kan oordeel dat die benadering van Childs so ingrypend is dat dit op 'n paradigmaskuif neerkom nie. Daar kan dus nie met die aanname van Oeming (1985:192) saamgestem word dat Childs 'n paradigmaskuif gemaak het nie.

Ten slotte kan gesê word dat die paradigma waarbinne Ou-Testamentiese teologie vir meer as 'n eeu tuisgevind het naamlik die *Literarkritik*, vir baie teoloë sy aanvaarbaarheid verloor het. Dit is nie meer moontlik om te sê dat daar net by hierdie metodologiese prinsipes gebly moet word ten einde 'n waardevolle bydrae te maak tot die Ou-Testamentiese studies nie. Die studie van die Ou Testament is in 'n oorgangsfase en die vraag is of dit in die toekoms oorheers gaan word deur 'n nuwe paradigma, of deur 'n pluralisme van metodes en benaderings. Uit die aard van die gevolgtrekkings wat sover gemaak is in hierdie studie wil dit voorkom asof laasgenoemde moontlikheid die geval moet wees. Dit is egter duidelik dat die benadering van Childs nie 'n paradigmaskuif teweeg gebring het nie. Childs is nog deel van die histories-kritiese paradigma. Sy afhanklikheid van hierdie metode en sy hantering van dié metode is in hierdie studie uitgewys. Childs se doel is om teologies te werk. In die opsig maak hy van verskeie metodes gebruik om 'n teks teologies te lees.

## 8.3. Childs se relevansie vir die toekomstige debat

### 8.3.1 Inleidend

Die navorsing oor die Bybel is die afgelope aantal jare gekenmerk deur konflik rondom watter metode die geskikste sou wees. Die situasie kan kortweg beskryf word as een van metodologiese chaos. Groot papieroorloë is gevoer in die een

veldslag na die ander. Die groot aantal nuwe hermeneutiese modelle wat geïmplementeer is, het die intensiteit van die debat verhoog. Heelwat nuwe moontlikhede is geskep deur navorsingsresultate van ander dissiplines. Metodologiese opsies is in die verband in baie opsigte uitgebrei. Die vestiging van nuwe metodes gaan gewoonlik gepaard met grootskaalse kritiek teen ortodokse metodes.

Baie tyd en energie is spandeer om die volmaakte metode te kry. Elke metode maak aanspraak op absolute eksklusiwiteit. Elke metode het die pretensie dat dit die enigste en betroubaarste is om die "een" ware betekenis van 'n teks te ontgin. Die gevolg hiervan is dat daar 'n eendimensionele eksegetiese praktyk ontstaan het. Hierdie praktyk het die feit dat daar meer as een betekenismoontlikheid van 'n teks kan wees grootliks ontken.

Die vraag wat egter al hoe meer gevra word is of dit werklik nodig is. Kan daar nie eerder 'n klimaat van sinergisme geskep word nie. Dit sou in vele opsigte voordelig wees indien daar 'n groter samewerking tussen eksegete op 'n formele vlak is. Daar is weliswaar heelwat gemeenskaplikhede tussen verskillende metodes. Eksegete leen van ander metodes of die resultate van ander metodes om hulle eie resultate substansie te gee.

Het Childs in die verband nog 'n rol te speel? Barr (1983:169-170) voorspel 'n pro-konserwatiewe rol vir die kanoniese benadering vorentoe. Hy voeg egter by dat die kanoniese benadering wel 'n toekomstige rol het as Childs bereid is om met al die ander metodes saam te werk. Gottwald (1985:313-321) is van mening dat die toekoms van die kanoniese benadering belowend is indien dit bereid is om sinkroniese en diakroniese betekenismoontlikhede te verdiskonteer.

Ek is van mening dat dit nie net vir Childs nie, maar ook vir die hele Ou-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Testamentiese eksegese 'n winspunt sou wees as daar meer komplementêr gewerk sou word by die lees van 'n teks. Met komplementêr word 'n multi-dimensionele benadering ten opsigte van metodes bedoel. 'n Enkele metode kan slegs bepaalde betekenisvlakke van 'n teks ontgin. Metodes moet nie polemies teen mekaar ingespan word nie, maar eerder komplementêr gebruik word om die betekenis van 'n teks in sy geheel aan te spreek. In 'n sekere sin het Childs al belangrike grondwerk in die verband gedoen. Sy stelling dat daar van verskillende metodes gebruik gemaak kan word, asook die klem wat hy lê op die finale vorm van die teks as 'n legitieme betekenisvlak, is belangrike bydraes indien daar in die rigting gewerk word. Die kanoniese benadering van Childs het soos enige ander metode egter sy swak punte. Dit het 'n beperkte skopus en is geensins die finale metode nie.

Die kanoniese benadering lewer 'n groot bydrae omdat dit die aandag vestig op vlakke van betekenis wat andersins geïgnoreer is (Murphy 1987:139). Die histories-kritiese metodes het nie net die doel gehad om te wil sê "wat die Bybel sê" nie, maar ook om die meervoudige betekenisvlak van dieselfde teks te negeer. Die benadering van Childs het indirek weer opnuut die klem laat val op die feit dat 'n teks meer as een vlak van betekenis het. Meer spesifiek het Childs die instrument verskaf om die betekenis van die finale vorm van die teks te ontgin. In hierdie verband kan daar by Beuken (1994:26) aangesluit word : "...a plurality of methods seems no longer to be an embarrassing situation; it is in fact the very consequence of a lack of final criteria for determining ultimate truths".

### 8.3.2 'n Teks het meer as een betekenisvlak

In die debat rondom 'n pluralistiese lees van die teks, is die argument dat 'n teks meer as een betekenisvlak het, baie belangrik.

Die mening word deur sommige gehuldig dat 'n teks net een definitiewe betekenis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het en dit is die een wat die oorspronklike outeur aan die teks geheg het. So 'n siening word verdedig deur Hirsch (1967). Aan die anderkant van die spektrum is daar diegene wat argumenteer dat 'n teks meer as een betekenis kan hê. Fish (1980) argumenteer byvoorbeeld dat betekenis 'n funksie is van die leser van die teks en nie die skrywer daarvan nie. Betekenis word nie deur die outeur bepaal nie, maar word na die teks toe gebring deur die leser van die teks. Dit gaan nie daaroor dat 'n teks gemanipuleer word deur te sê wat die leser wil nie, maar 'n teks kan meer as een betekenis hê. Die somtotaal van 'n teks se betekenis is meer as wat die oorspronklike outeur daarmee bedoel het. Ons sien reeds iets hiervan in die wyse waarop die Nuwe-Testamentiese skrywers tekste uit die Ou Testament aanwend.

Wat die verskillende betekenisvlakke van 'n teks betref is daar waardevolle bydraes gemaak. Die bekendste bydrae is die een van Abrams (1953) in *The mirror and the lamp.* Klein (1993:119-133) het byvoorbeeld aangetoon dat deur die gebruik van byvoorbeeld tipologie, Midras en Peshermetodes betekenisvlakke ontgin kan word wat nie oorspronklik deel van die outeur se bedoeling was nie. Brett (1991:357-377) toon aan dat 'n teks tot soveel as vyf verskillende betekenisvlakke kan hê.

Dit is my mening dat daar in die gesprek rondom metodes altyd seker gemaak moet word van die spesifieke doel van 'n metode. Elke metode het 'n sekere invalshoek op 'n teks en hierdie interpretatiewe belang van 'n metode by 'n teks moet verstrek word. Wanneer hierdie taak verrig is, is dit duidelik dat daar 'n veelheid van metodes is, elkeen met 'n belang by die teks. 'n Keuse kan nou gemaak word tussen metodes of selfs meer as een metode kan gebruik word in tandem om 'n sekere betekenisvlak van 'n teks te bestudeer.

Sekere tekste kan net sinkronies gelees word as gevolg van die feit dat daar geen aanduidings van 'n voorgeskiedenis is nie. Daar moet egter heeltyd van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n teks meer as een vlak van betekenis het.

Gesien in die lig daarvan dat daar verskillende betekenisvlakke in 'n teks bestaan, moet die metode gebruik word wat die beste toegerus is om 'n spesifieke vlak te bestudeer. Om hierdie rede is ek van mening dat die kanoniese benadering nie gebruik moet word vir kritiek teen die historiese kritiek nie. Die kanoniese benadering het 'n ander belang by die teks as die historiese kritiek. So het die sosiologiese benadering 'n ander belang by die teks as maar net sy finale vorm[1]. Dit sou meer gewens wees om al die metodes toe te laat om hulle eie eksegetiese belange te verwesenlik, terwyl die kanoniese benadering sy eie doelwitte nastreef. Elke metode moet gerespekteer word vir die spesifieke bydrae wat dit kan lewer.

Dit alles maak gesprek tussen metodes, en sinergisme tussen metodes 'n noodsaaklikheid. Selfs metodes so verwyderd van mekaar as die historiese kritiek en teksimmanente benaderings hoef mekaar nie uit te sluit nie. 'n Struktuuranalitiese benadering sluit nie noodwendig diakroniese gesigspunte uit nie. Daar kan bloot aan metodologiese prioriteite aandag gegee word met die oog op die doelwitte wat met die teks bereik wil word. Dit is nog altyd van nut, soos Childs dit aantoon, om die ontstaan van 'n teks te verstaan.

Op hierdie stadium is dit duidelik dat die kanoniese benadering 'n groot rol te speel het om 'n bydrae te maak tot 'n pluralistiese lees van die teks. Childs fokus op 'n betekenisvlak wat nie andersins aandag gekry het nie. Hierdie uitganspunt kan daartoe lei dat daar tot 'n ryker verstaan van die teks gekom word.

### 8.3.3 Die noodsaak van 'n pluralistiese lees van die teks

In hierdie gedeelte wil ek die moontlikheid voorstel dat eksegetiese metodes binne 'n pluralistiese verband saam aangewend kan word. Dit kan lei tot 'n beter

[1] Brueggemann (1985:28-46), Gottwald (1985) en Rendtorff (1994) het pogings aangewend om 'n kanoniese en sosiale lees van 'n teks te kombineer.

perspektief van die teks. Dit is dan juis in hierdie verband dat ek van mening is dat die benadering van Childs 'n groot rol kan speel. 'n Belangrike argument in die verband is dat 'n teks meer as een betekenismoontlikheid het. Dit is 'n moontlikheid wat volgens Rendtorff (1994:4) alreeds deur iemand soos Mowinckel genoem is. Hy het aangedui dat alle fases van 'n tradisie ernstig opgeneem moet word, ook die finale vorm van die teks.

'n Pluralistiese lees van die teks is egter slegs moontlik indien daar sprake kan wees dat 'n teks meer as een betekenisvlak kan hê. Dit moet gemeld word dat 'n pluraliteit ten opsigte van die betekenis van 'n teks nie iets nuuts in Bybelse teologie is nie. So ver terug as die vyfde eeu is daar vier vlakke van betekenis onderskei. Alhoewel daar nie saamgegaan kan word met die reformatoriese gebruik van die metodes nie, het hulle al meer as een vlak van betekenis onderskei. Sedert die Reformasie het die letterlike en allegoriese betekenisvlakke van die teks nie so sterk gefunksioneer nie. In die huidige teologiese klimaat kry die allegoriese sowel as die tipologiese betekenisse van 'n teks egter al hoe meer aandag (Ricoeur 1975:77) alhoewel binne 'n ander konteks. Die navorsing rondom die lesersgeoriënteerde lees van die teks het gelei tot 'n groter bewuswording van die meerduidigheid van 'n teks.

Spesifieke eksegetiese metodes fokus net op sekere betekenisvlakke. Die lees van 'n teks word bepaal deur die spesifieke eksegetiese metode wat gebruik word, asook die perspektief van die leser van die teks. Die eksegeet wat die teks lees vanuit 'n *Redaktionsgeschichtliche* perspektief sal fokus op die bedoeling van die redaktors en die manier waarop hulle die tradisies hanteer. 'n Lees van die teks uit 'n *Vormgeschichtliche* perspektief of vanuit 'n sosiologiese perspektief sal uiteraard, ander vlakke van betekenis ontgin. Dit moet egter aanvaar word dat elkeen van hierdie betekenisvlakke legitiem is en dat elkeen bydra tot die verstaan van die teks. Die gesamentlike resultate van al die metodes kan na my mening bydra tot 'n ryker en beter verstaan van die teks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ek is van mening dat Childs 'n rol kan speel binne 'n meer pluralistiese benadering. Dit is 'n benadering wat nie vreemd aan sy tyd is nie, omdat ons onsself in die kultuurgewrig van die post-modernisme bevind. Die post-modernisme is juis 'n reaksie op die starre positivisme van die moderne tyd (Martin 1987:373). Dit is so dat die post-modernisme daarby ook nog 'n holistiese aanslag wil bevorder.

Die talle raakvlakke tussen metodes kan na my mening ontgin word om 'n positiewe bydrae te lewer. In hierdie verband kan die benadering van Childs 'n groot bydrae te maak. Die belang van die finale vorm van die teks is vir 'n lang tyd as gevolg van die histories-kritiese metode genegeer. Die finale vorm van die teks is net so 'n legitieme betekenisvlak as enige van die ander vlakke van 'n teks. Dit is dan juis dié benadering van Childs wat die belangstelling in die finale vorm van die teks aangewakker het. Die gevaar bestaan wel dat Childs die kanoniese benadering kan verabsoluteer. 'n Groter erkenning van sy kant af ten opsigte van die resultate van die histories-kritiese metode in sy resente werk (1992), is egter 'n positiewe wending.

'n Pluralistiese benadering verwar nie die doelwit wat deur interpretasie van die finale vorm bereik wil word, met die onderskeie doelwitte van die histories-kritiese metode, nie. Alhoewel die kanoniese benadering en die historiese kritiek nie dieselfde belange het nie, kan die resultate van elkeen relevant vir die ander wees. Daar sou 'n oorvleueling van belange kon wees tussen verskillende metodes. In hierdie studie het ek verskeie vlakke van oorvleueling tussen die kanoniese benadering en die historiese kritiek en selfs taalfilosofiese benaderings aangetoon.

In die proses van kruisbestuiwing kan aspekte van metodes wat probleme bied met die hulp van ander dissiplines of metodes versterk word. Daar word alreeds al hoe meer gebruik gemaak van dissiplines soos die sosiologie, die linguistiek en semiotiek, die filosofie en die psigo-analise. In 'n mate is daar alreeds die moontlikheid van aanpasbaarheid by Childs aanwesig. Die plek wat die historiese

kritiek in sy metode inneem bewys dit. Indien Childs met sy eie benadering in 'n doodloopstraat beland, neem hy vrymoedigheid om ook van die resultate van die historiese kritiek gebruik te maak.

Daar moet 'n benadering wees van 'n metode saam met al die ander metodes en nie die een metode bo al die ander nie. Dit sou 'n ernstige mistasting wees om te dink daar is 'n enkele metode wat klinkklaar die een en volmaakte oplossing het. So 'n persepsie sou lei tot 'n verskraling van die resultate wat 'n meer pluralistiese benadering kon oplewer.

In hierdie opsig het die bydraes van Karl Popper (1972) 'n belangrike woord te spreek. Die kritiese rasionalisme van Popper (1972:82) het vir ons getoon dat die ideaal van die logiese positivisme 'n leë droom was. Al die hipoteses en teorieë het hoogstens die status van vermoedens en sal dit as sodanig altyd behou[2]. Die wetenskaplike behoort daarom in sy arbeid wel na die een of ander waarheid te soek, maar hy moet oppas om in die proses nie die een of ander finale sekerheid na te streef nie. Vir Popper is dit duidelik dat geen aantal identiese waarnemings, hoe talryk ook al, sonder meer tot die konklusie van 'n algemene wet, as geldige vir alle soortgelyke ervarings, hoef te lei nie. Die hoofbeswaar van Popper (1972:113-114, 147) is dié teen die logies-positivistiese verifieerbaarheidskriterium wat volgens hom onhoudbaar is vir die ontwikkeling van wetenskaplike kennis. Die taak van die wetenskaplike is om binne die konteks van 'n interdissiplinêre gesprek te probeer aantoon hoe dat 'n mens deur 'n spesifieke metode kennis kan verbeter (van Huyssteen 1986:37-46). Dit is onrealisties om dus te probeer voorstel dat een metode die oplossing kan bied. Die antwoord is eerder geleë in 'n benadering van 'n gemeenskaplike soeke na die veelheid van betekenismoontlikhede wat 'n teks wil

---

[2] In die verband sou Kelley (1975:508) die volgende opmerk in haar resensie van Childs se Eksoduskommentaar:" The truth of the matter is that no method is able to speak the final word about the meaning of scripture. All the voices need to be heard and even then the half has not been told".

deurgee.

Childs (1970a:104) ontken nie die moontlikheid van die gebruik van meer as een metode nie. Popper (1972:183-190) lê byvoorbeeld klem op die outonomiteit van tekste teenoor die bedoeling van die oorspronklike skrywers. Childs deel hierdie sentiment met hom. Dit gaan egter nie net om die feit van die legitimiteit van 'n veelheid van metodes, wat elkeen besig is met 'n stukkie van die waarheid nie. Pluralisme wil nie relativisme in die hand werk nie. Meer as een metode is noodsaaklik omdat 'n teks meer as een vlak van betekenis kan hê. 'n Metode hou hom gewoonlik net besig met 'n bepaalde vlak of 'n bepaalde invalshoek op die teks. Pluralisme hou in dat daar werklik krities na die teks gekyk word. 'n Eendimensionele eksegetiese praktyk is juis onkrities, omdat dit nie 'n getroue weergawe is van wat die teks sê nie omdat dit die ander dimensies van die teks wegsteek (Jonker 1991:556).

Bybelse tekste is multivalent van aard, daar is nie 'n enkele ideale interpretasie van 'n teks is nie. Om hierdie rede blyk dit dat 'n teks dinamies van aard is in die sin dat dit vir geloofsgemeenskappe, waarvan kontekste voortdurend verander, toeganklik bly. 'n Betekenisvlak van die teks is in sommige gevalle meer relevant vir 'n gemeenskap as ander kere. Die spesifieke omstandighede van 'n gemeenskap speel hier 'n belangrike rol.

### 8.3.4 Childs se bydrae tot 'n pluralistiese lees van 'n teks

Indien Childs dan nie 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie, wat is sy relevansie vir die toekomstige debat? In die volgende paragrawe word daar gekyk na die moontlikheid van Childs en 'n pluralistiese lees van die teks[3].

[3] Reid (1985:2-5) stel 'n pluralistiese benadering voor bestaande uit 'n interaksie tussen die Amerikaanse pragmatisme en die kritiese teorie van die Frankfurt Schule.

Alhoewel hy formeel te kenne gee dat sy metode en eksegetiese prosesse monisties is, dat daar net een legitieme lees van die teks is, wys die praktyk uit dat Childs se benadering veel meer pluralisties van aard is. Hierdie feit word herhaaldelik onderstreep deur sy werkswyse in veral sy Eksoduskommentaar (1974a). Dit kan ook afgelei word uit die baie goeie kommentaar wat hy uitlok deur sy gebruikmaking van die histories-kritiese metode. Telkens word probleme in die teks deur Childs opgelos deur die gebruik van historiese rekonstruksies. Wanneer hy verkies om nie die historiese ontwikkeling van 'n teks in ag te neem nie, gaan sy interpretasie heel dikwels mank aan diepte.

Die realiteit is, soos reeds verskeie kere aangetoon, dat Childs baie van die historiese kritiek gebruik maak. In 'n informele gesprek met Professor Jörg Jeremias het hy die mening gehuldig dat Childs baie nader aan die historiese kritiek staan as wat oor die algemeen die persepsie is. Dit is veral te wyte aan sy navolgers dat daar 'n opvatting is dat hy die metode totaal en al negeer. Hierby kan egter nog bygevoeg word dat Barton (1984b) en Barr (1983) tot hierdie siening bygedra het. In die praktyk is daar dus reeds by Childs 'n pluralisme te bespeur.

Daarbenewens toon die kanoniese benadering nog talle raakvlakke met ander metodes. Soos reeds aangetoon is daar by hom ooreenkomste te vind met die linguistiek en die taalfilosofiese benaderings van byvoorbeeld Gadamer. Die mees resente werk van Childs (1992) is 'n bewys van hoe daar interdissiplinêr ten opsigte van die sistematiese teologie gewerk kan word. Dit is juis uitsprake in bogenoemde werk wat die hoop laat opvlam vir 'n pluralistiese lees van die teks. In die verband word die volgende deur Childs (1992:89, 565) opgemerk: "Clearly what is now required is fruitful cooperation, not only between these two fields (Teologie en Dogmatiek), but among a whole variety of other disciplines which impinge on the study of the Bible, such as philosophical, literary, and historical scholarship."

Dit is my mening dat Childs 'n bydrae lewer tot 'n pluralistiese lees van die teks. Die feit dat hy ook nog gebruik maak van die geskiedenis van eksegese maak hom meer veelsydig. Wat belangrik is, is die feit dat Childs poog om kontinuïteit te bewerkstellig tussen 'n pre-kritiese en 'n post-kritiese lees van die teks. Childs se potensiaal om binne 'n pluralistiese konteks te funksioneer word verder verhoog deur die feit dat daar soveel ooreenkomste en raakpunte tussen hom en die literêre kritiek is. Soos reeds aangetoon is daar heelwat raakvlakke tussen hom en uiteenlopende benaderings soos die van Ricoeur, Gadamer en Jauss. In Childs (1992:144) se resente werk is daar 'n openheid ten opsigte van ander benaderings: "it is certainly not my intention to dismiss these various literary, historical, and sosiological reconstructions as worthless". Childs (1992:170,326) verwys gereeld na die *multi-layered* samestelling van die teks wat met literêre kritiek en redaksiekritiese ondersoek blootgelê kan word. Dit is vir hom noodsaaklik om die verskillende Bybelse getuies van 'n teks elkeen in sy eie reg aan die orde stel. Om dit moontlik te maak moet 'n teks geïnterpreteer word binne sy historiese, literêre en kanoniese konteks. Childs sien egter nog 'n betekenisvlak wat ondersoek moet word. Volgens hom staan hierdie vlak nie teenoor 'n literêr/historiese lees van die teks nie, maar eerder aanvullend daartoe. Die lees van die teks op hierdie vlak ontgin die strukturele ooreenkomste en verskille tussen die getuies van beide Testamente. Dit gaan oor die verhouding tussen die twee Testamente.

Childs dui aan dat dit 'n verhouding is wat as tipologies omskryf kan word alhoewel hy versigtig is om die term te gebruik. Die lees van die teks op hierdie vlak hou nie in dat een getuie deur 'n ander een geabsorbeer word of dat 'n versmelting tussen hulle plaasvind nie. In die laaste plek gaan dit oor die lees van die teks binne sy kanoniese konteks. Dit word gedoen volgens Childs op die basis dat die God wat hom openbaar in die Ou Testament ook die Vader is van Jesus Christus. 'n Teks word gelees binne die konteks van die volle openbaring. Childs (1992:381,416) merk ten opsigte van hierdie lees van die teks die volgende op: "I think that it is important

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in analysing such a level of interpretation to recognize that it does not function as a rival to the historical study of the Biblical text". Childs maak in sy resente werk gereeld opmerkings soos hierdie om die betekenis van die historiese kritiek te erken. Hierdie opmerkings dui op 'n hartverandering wat by Childs plaasgevind het. Hy wys selfs op die gevaar om die historiese konteks te negeer tot nadeel van die teologiese konteks van die teks (Childs 1992:379-382).

Sy voorbehoud is dat 'n teks nie net langs historiese of literêre lyne gelees moet word nie, die interpretasie daarvan moet in die eerste plek teologies wees. Hierdie twee take van die hermeneut moet duidelik onderskei word en nie met mekaar verwar word nie.

Hierdie bespreking toon aan dat daar met groter aandag gekyk moet word na 'n meer pluralistiese lees van 'n teks. In so 'n ondersoek kan die kanoniese benadering van Childs 'n groot rol speel. In hierdie studie is daar reeds aangetoon in watter mate Childs van die vorm- en tradisiekritiek gebruik maak. Die wyse waarop hy gebruik maak van die resultate van die histories-kritiese metode maak van Childs 'n belangrike gespreksgenoot as dit kom by 'n pluralistiese lees van die teks. Die kanoniese benadering is uiters veelsydig en kan met uiteenlopende benaderings gekombineer word. Daarbenewens het hy die groot bydrae gelewer om die betekenis van die finale vorm van die teks te beklemtoon, en 'n metode aangebied om hierdie betekenisvlak te ontgin. Dit is te betwyfel of die kanoniese benadering op sy eie 'n toekoms het. In dié sin is die verwysing van Barr (1983:169;170) profeties dat Childs die toekoms van sy benadering moet soek saam met al die ander metodes en nie daarteen nie.

In watter mate 'n pluralistiese lees van die teks aangepak kan word, asook watter metodes deel van so 'n holistiese aanslag moet wees, kan 'n interessante onderwerp vir 'n volgende studie wees.

## 8.4 Samevatting

Die afgelope jare is gekenmerk deur oproepe om die Bybelteks binne die breë raamwerk van die kanon te lees. Die vraag of die betekenis van 'n teks sonder meer gelykgestel moet word met die resultate van die historiese kritiek is met groter dringendheid gevra. Alternatiewe is gesoek wat nie eensydig op die voorgeskiedenis van die teks fokus nie. 'n Opname van resente publikasies toon dat die gesprek rondom die kanon in die opsig al hoe meer relevant geword het. Die kanoniese beweging stel homself ten doel om die Bybel te lees vanuit die perspektief van die kanon. 'n Verskeidenheid van strome en aksente kan onderskei word binne hierdie beweging. Dit is egter die naam van Childs wat uitstaan.

In hierdie studie het ek gepoog om die bydrae wat Childs vir bykans veertig jaar gelewer het, in perspektief te stel. Dit kan onomwonde gestel word dat Childs 'n besondere bydrae gelewer het. Hy het sy invloed deeglik laat geld binne die kanoniese beweging self en die teologie in die algemeen. Dit blyk nie net uit sy talle publikasies nie, maar ook uit die talle navolgers van Childs en die invloed wat hy op bekende teoloë uitgeoefen het.

Childs gaan van die uitgangspunt uit dat die kanon van die Christelike kerk die enigste konteks is waarbinne 'n Bybelse teologie kan funksioneer. Die Bybel moet gelees en verstaan word binne die raamwerk van die hele kanon. Om hierdie rede is die beslissende vraag vir Childs hoe die finale vorm van die teks deur die geloofsgemeenskap of die latere redaktors verstaan is. Childs se benadering ken dan normatiewe gesag toe aan die finale vorm van die teks. Kanoniese konteks beteken dus vir Childs eerstens die teologie van die finale teks, maar ook die breëre verband van 'n boek. Die plek wat hy aan die historiese kritiek toeken is nie in ooreenstemming met die tradisionele histories-kritiese gebruik van die benadering nie. Die historiese kritiek word in 'n vroeë fase van sy eksegese deur Childs gebruik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eksegese binne 'n kanoniese konteks gaan volgens Childs verder as bloot maar net die toepassing van historiese kritiek. Childs se uiteindelik doel is om by 'n Bybelse teologie uit te kom. Childs se eiesoortige hantering van die historiese kritiek het tot gevolg dat hy heelwat kritiek verduur.

Die benadering van Childs het 'n geweldige bydrae gelewer tot die Ou-Testamentiese wetenskap. Uit verskeie oorde het Childs lof ontvang vir die moontlikhede wat sy benadering geopen het. Sy voorstelle het 'n kreatiewe proses geaktiveer waarvan die laaste woord nog nie gehoor is nie. Dit moet egter duidelik gemaak word dat Childs se bydrae nie 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie. Ek kan myself identifiseer met die positiewe kritiek wat op Childs gelewer is. Na my mening het Childs egter veral op die volgende terreine 'n besondere bydrae gelewer:

### 8.4.1 Childs maak die teologie meer kerkvriendelik

Childs het die geweldige kloof wat daar ontstaan het tussen die kerk en teologie probeer vernou. As gevolg van die verabsolutering van die historiese kritiek het die teologie in 'n sekere opsig kerkvreemd geword. Die atomistiese wyse waarop die teks hanteer word asook die positivistiese perspektief van die historiese kritiek het 'n nadelige invloed op die kerk gehad. Teologie is bedryf in klaskamers en nie op preekstoele nie. In 'n sekere sin is die betekenis van die Skrif verarm deur die eensydige klem op die voorgeskiedenis van die teks.

Childs se benadering probeer versoening tussen teologie en die kerk bewerk. Hy lê klem op die vraag hoe die teks in die geloofsgemeenskap funksioneer. Die verstaan van 'n teks kan net plaasvind binne 'n bepaalde geloofsraamwerk en hierdie konteks is vir Childs die kanon. Childs poog om 'n geheeloorsig te bied van die Ou en die Nuwe Testament. Hy hef die waterdigte skeiding tussen die twee Testamente op. Die Ou-Testamentiese teologie is 'n Christelike dissipline. Die Bybel bestaande uit die

Ou en Nuwe Testament is die een boek van die Christelike kerk. Die Skrif moet gesien word as religieuse literatuur vir die geloofsgemeenskap. Om hierdie rede moet teologie volgens Childs binne die konteks van die kerk bedryf word deur die verligting van die Heilige Gees. Konsepte soos die gesag van die Skrif en die inspirasie daarvan verkry weer nuwe aktualiteit in die benadering van Childs. Hy verstaan die inspirasie van die Skrif in dialogiese sin. Childs poog om die Bybel relevant te maak vir die moderne mens. Dit verklaar sy soms sistematiese aanpak veral in sy *Old Testament theology in a canonical context* (1985). In hierdie werk hanteer hy kontensieuse onderwerpe soos byvoorbeeld *Male and female as a theological problem*.

### 8.4.2 Childs se klem op die finale vorm van die teks

Na al die kritiek wat Childs verduur het ten opsigte van sy klem op die finale vorm van die teks, is ek van mening dat hy in die opsig 'n bydrae lewer. Childs herinner die eksegese aan sy oorspronklike doel, naamlik die verklaring van die finale vorm van die teks. Childs vestig weer die aandag daarop dat die finale vorm van die teks 'n legitieme betekenisvlak is. In die lig daarvan dat hierdie betekenisvlak vir lank verwaarloos is, maak dit Childs se bydrae waardevol. Hiermee word die feit onderstreep dat 'n teks meer as een betekenisvlak het. Die klem op die finale vorm van die teks lei tot 'n beter verstaan van die teks in sy totaliteit. Deurdat daar op die finale vorm van die teks klem gelê word, herstel Childs die verhouding tussen leser en teks ten koste van die klem op die oorspronklike outeur. Die teks soos dit deur die leser ontvang word, word in die middelpunt geplaas. Binne die breë raamwerk van eksegetiese metodes is dit 'n positiewe bydrae wat die kanoniese benadering lewer.

### 8.4.3 Childs herinner die historiese kritiek aan sy oorspronklike taak

Die kritiek wat Childs teen die historiese kritiek lewer moet as positief gesien word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy lewer kritiek teen die verabsolutering van hierdie metode. Childs het dit teen die eensydige klem op die verlede as die spekulatiewe en positivistiese aard van die historiese kritiek. Dit is legitieme kritiek teen hierdie metode. Hy bly egter nie net by kritiek nie, maar doen positiewe voorstelle aan die hand om leemtes in die metode uit te skakel. Die historiese kritiek word deur hom gebruik om te fokus op die finale vorm van die teks. Die metode word dus deur hom gebruik in terme van relevansie en toepaslikheid in 'n ondersteunende rol. Childs is in geen opsig 'n voorstander van 'n a-kritiese benadering nie. Wanneer Childs van die historiese kritiek gebruikmaak, kwyt hy hom uitstekend van sy taak. Om hierdie rede kan daar nie gesê word dat die benadering van Childs 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie. By Childs is daar na my oordeel nie werklik 'n beweging vanaf 'n kritiese na 'n post-kritiese benadering nie. Die tradisiekritiek word deur hom in aangepaste vorm gebruik. Die vormkritiek word deur hom gebruik deur te wys op die verhouding tussen teks en gemeenskap. Die redaksiekritiek word deur hom aangewend om die effek te ondersoek wat die tradisie gehad het op die hergeformuleerde teks. Childs hanteer die historiese kritiek binne 'n ander perspektief in 'n vroeë fase van sy eksegese. Die kritici van Childs hou nie altyd tred met sy eiesoortige gebruik van die historiese kritiek nie. Daarbenewens hou sy kritici nie altyd tred met die ontwikkeling wat daar ten opsigte van die historiese kritiek binne die kanoniese benadering plaasgevind het nie.

### 8.4.4 Childs se gebruikmaking van die konsep kanon skep nuwe moontlikhede

Ten spyte van die kritiek wat Childs ontvang vir sy verstaan van die kanon maak hy 'n bydrae deur sy gebruikmaking van die konsep. Childs handhaaf in sy benadering die onskeibare verhouding tussen die kanon as lys van boeke en die kanon as norm. Dit is na my mening 'n persepsie wat nie altyd deur sy kritici waargeneem word nie. Hy word verwyt asof hy die een of die ander negeer. Die feit dat die kanon as gesaghebbend deur die geloofsgemeenskappe ervaar is, onderstreep die beginsel

dat die Skrif sy eie gesagsdraer is. Van die begin af het die teks gesag gehad, die geloofsgemeenskappe het dit so aanvaar en as kanon erken. Daar is dus 'n organiese groei van gesag uit die teks self.

Childs se gebruik van die term kanon bring verder 'n element van intertekstualiteit na vore. Tekste word gelees na aanleiding van die plek wat hulle binne die kanon inneem. Die kanon is die teologiese konteks waarbinne 'n teks gelees moet word. Dit is juis binne hierdie teologiese konteks waarbinne die kerk die teks wil lees. Dit maak 'n ryker verstaan van 'n bepaalde teks moontlik.

### 8.4.5 Childs lewer 'n bydrae tot 'n pluralistiese lees van die teks

Een van die groot winspunte van Childs se kanoniese benadering is die bydrae wat hierdie metode kan lewer tot 'n pluralistiese lees van die teks. Childs vestig die aandag op betekenisvlakke van die teks wat soms geïgnoreer word. Hy maak gebruik van meer as een metode binne sy eksegetiese raamwerk. Childs se benadering het raakvlakke met lesersgeoriënteerde metodes en ander benaderings. Die kanoniese benadering is om hierdie rede 'n veelsydige benadering. Dit maak van Childs 'n belangrike rolspeler wanneer 'n pluralistiese lees van die teks aangepak word. Ek is van oortuiging dat Childs juis op hierdie vlak 'n groot rol in die toekoms gaan speel. Aan hierdie aspek is daar deeglik in hierdie studie aandag gegee.

### 8.4.6 Childs se gebruikmaking van die konsep kanon is nie goed gedefinieerd nie

In hierdie studie het dit egter baie duidelik geword dat daar heelwat leemtes in die benadering van Childs is. In die gedeelte wat handel oor die negatiewe kritiek wat teen Childs geopper is, het ek telkens ook my eie mening gegee. In die gedeelte wat volg bespreek ek na my mening die belangrikste leemtes in die benadering van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Childs.

Childs se ongenuanseerde hantering van die konsep kanon is na my mening een van die groot leemtes in sy benadering. In dié opsig is die kritiek wat teen hom geopper word regverdig. Dit is soms moeilik om uit die konteks agter te kom met watter betekenis van die woord kanon Childs werk. Wanneer gebruik hy dit in terme van lys, wanneer in terme van norm en wanneer is dit 'n aanduiding van die kanoniese vorm van 'n boek? My grootste probleem met Childs se gebruik van die term kanon is dat hy dit verabsoluteer. Childs se ontkenning van 'n kanon binne 'n kanon is om hierdie rede na my mening nie oortuigend nie. Hy ontkom nie daaraan om met die kanon as sentrum te werk nie. Meer gedifferensieerd werk hy in die Ou Testament met die Torah as kanon en in die Nuwe Testament met Christus as sentrum. Wanneer hy egter poog om 'n Bybelse teologie te skryf moet die verskeidenheid van die kanon in die lig van die eenheid in Christus gesien word. Die diversiteit van die Skrif word daardeur skade aangedoen. Dit bring die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament in gedrang. Die Ou Testament word geïnterpreteer vanuit die Nuwe Testament. Ou-Testamentiese gedeeltes verkry meer relevansie indien dit ook in die Nuwe Testament aangehaal word. Alhoewel die kanon so 'n pertinente plek in Childs se benadering inneem, gee hy min inligting ten opsigte van die prosesse en gemeenskappe wat betrokke is. Dit is onverstaanbaar gesien in die lig van die gewig wat Childs aan die kanon toeken.

### 8.4.7 Childs verwaarloos die voorstadium van die teks

Childs se gebruikmaking van die historiese kritiek veroorsaak dat die voorstadium van die teks gerelativeer word ter wille van die kanoniese konteks. Dit veroorsaak dat die kanoniese benadering net so eensydig is as waarvan Childs die historiese kritiek beskuldig. Childs verabsoluteer die finale vorm van die teks. Childs probeer die teologiese relevansie van 'n teks skei van die historiese waarde wat dit mag hê.

Aan die dinamiese proses wat die teks voorafgaan gee Childs nie voldoende aandag nie.

Dit is duidelik dat die pre- en post-eksiliese gemeenskappe wat volgens Childs se siening verantwoordelik was vir die kanoniese vorming, redelik heterogeen was. Verskillende faksies het verskillende vorms van Jahwisme verteenwoordig. Die vraag is wie was verantwoordelik vir die kanoniese vorming? Die finale vorm van die teks is in die meeste gevalle 'n kunstige literêre skepping. Kan dit die werk wees van 'n hele gemeenskap of moet daar eerder gedink word aan 'n kleiner groepie skrywers of selfs 'n individu?

Childs gaan van die voorveronderstelling uit dat die tradisie deur godsdienstige motiewe gevorm is. Daar is egter talle gevalle waar ander faktore 'n rol gespeel het byvoorbeeld politieke en sosiale faktore wat 'n invloed uitgeoefen het op die finale vorm van die teks. Die bestudering van die voorgeskiedenis van 'n teks kan beter antwoorde bied op die leemtes in Childs se benadering. Die proses is essensieel in die navorsing van die betekenismoontlikhede van 'n teks. Indien daar 'n mindere rol aan die proses gegee word, hoe kan die betekenis van 'n teks gekontroleer word? Die betekenis van 'n teks kan tog nie net deur die kanoniese konteks bepaal word nie. 'n Teks op sigself het nie net betekenis as gevolg van die kombinasie woorde waaruit dit bestaan nie. Childs se inkonsekwente gebruik van die historiese kritiek lei soms tot 'n verskraling van die ryke betekenis van 'n teks. Hy maak met wisselende intensiteit van die resultate van die historiese kritiek gebruik. Die vraag *what really happened* het dikwels meer relevansie vir die kanoniese benadering as wat Childs wil toegee.

### 8.4.8 Childs se keuse ten gunste van die Masoretiese teks verswak sy benadering

Childs se keuse van die Masoretiese teks lewer nie werklik 'n bydrae tot sy benadering nie. Childs is nie oortuigend in sy keuse ten gunste van die Masoretiese teks nie. Terwyl dit voorkom asof Childs aan die Nuwe Testament prominensie gee, is dit vreemd dat hy die Masoretiese teks kies ten koste van die Septuaginta. Die rede wat hy gee om die band tussen Judaïsme en die Christendom te behou kan bevraagteken word. 'n Keuse moet gemaak word tussen die Joodse kanon van die Hebreeuse Bybel of die Christelike kanon bestaande uit die Ou en die Nuwe Testament as basis vir die geloof. Die Ou Testament as Christelike dissipline moet gesien word in sy verhouding met die Nuwe Testament. Om hierdie rede het Bybelse teologie 'n ander betekenis vir Jode en Christene.

### 8.4.9 Childs se metodologie is vaag omskryf

Dit is inderdaad waar dat Childs sy eie metodologie nie duidelik genoeg uitspel nie. Om hierdie rede is dit moeilik om sy metodologie te evalueer. Ten opsigte van Childs se metodologie pla die inkonsekwentheid daarvan. Childs besluit telkens oor die relevansie en die toepaslikheid om byvoorbeeld van die histories-kritiese metode gebruik te maak. Dit is ook die geval met sy gebruikmaking van die geskiedenis van eksegese as aspek van sy metodologie. Dikwels is daar gedeeltes waaroor die kerkvaders kommentaar lewer, maar dan word dit deur Childs geïgnoreer. Childs doen dit ook ten opsigte van Nuwe-Testamentiese aanhalings van Ou-Testamentiese gedeeltes. Hy gee nie duidelike redes vir sy keuses of ignorering van opsies nie. Duidelike riglyne vir die implementering van sy metode word deurentyd gemis. Die wyse waarop hy die verhouding Ou en Nuwe Testament hanteer is 'n probleem. Dit is my mening dat Childs se hantering van die geskiedenis van eksegese nie werklik 'n bydrae lewer tot die beter verstaan van 'n teks nie. Childs wys die metodologie van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kerkvaders af. maar maak van hulle eksegetiese resultate gebruik. Na my mening slaag Childs nie daarin om sy metodologie pragmaties aan die orde te laat kom nie. Hy bly nie altyd by sy eie metodologiese voorveronderstellings nie.

### 8.4.10 Childs maak nie erns met kritiek teen hom nie

Childs se reaksie op kritiek teen hom is teleurstellend. Hy neem nie werklik die kritiek teen hom ernstig op nie. Om hierdie rede het daar nie werklik groei plaasgevind ten opsigte van sy hantering van die begrip kanon nie. Hy bevestig telkens sy standpunt en ignoreer die eintlike knelpunte. In dié sin het Childs 'n outoritêre houding ten opsigte van kritiek wat teen hom uitgespreek word.

In die geheel gesien is die bydrae van Childs prysenswaardig. Daar is heelwat leemtes in die kanoniese benadering. Die tekortkominge van die kanoniese benadering oorskadu egter nie die pluspunte daarvan nie. Die Ou-Testamentiese teologie is in vele opsigte verryk deur die bydrae van Childs. Dit kan egter nie na my mening van Childs gesê word dat sy benadering 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie. Childs bevind homself nog in die normale wetenskapsbeoefeninge[4] van die historiese kritiek. Dit moet toegegee word dat dat hy die resultate van die historiese kritiek wil onderspeel. Childs is van mening dat die voorgeskiedenis van 'n teks nie teologiese waarde kan hê nie[5]. Die realiteit is egter dat Childs nie hierin slaag nie. Childs maak nog steeds van die historiese kritiek gebruik alhoewel op 'n eiesoortige wyse. Die feit is dat hy wel daarvan gebruik maak en dat dit nog 'n pertinente plek inneem in sy eksegese, alhoewel dan net in 'n vroeë fase. Om hierdie rede het ek aangetoon dat Childs nie 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie omdat hy homself nog binne die leefwêreld van die histories-kritiese metode bevind.

---

[4] Sien die hele bespreking oor Kuhn (1962) oor wat tot 'n paradigmaskuif hoort p202-204.

[5] In hierdie opsig verskil Childs van Pannenberg (1970) wat die historiese ondersoek van 'n teks as inherent teologies beskou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deur hierdie studie het ek dus deurgaans probeer aantoon dat daar nie positief aan die aanvanklike probleemstelling wat gestel is toegegee kan word nie. Childs werk nie a-histories nie. Die rede is baie duidelik gemaak in die hipotese waarmee in hierdie studie gewerk is. Childs bevind hom nog in die hoofstroom van die histories-kritiese metode. Dit vorm nog 'n pertinente deel van sy benadering. Childs gebruik dit egter op 'n unieke wyse. Om hierdie rede maak hy nie 'n paradigmaskuif nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING

## Die kanoniese benadering van B.S. Childs
deur

**GUSTAV FREDRICH CLAASSEN**
**Promotor: Professor W.S. Prinsloo**
**Departement Ou Testament**
**Fakulteit Teologie (Afdeling B)**
**Universiteit van Pretoria**

**DOCTOR DIVINITATIS**

Dit is meer as dertig jaar gelede dat Childs (1964) sy belangrike artikel *Interpretation in Faith* gepubliseer het. Dit het die begin ingelei van 'n nuwe fase in die Ou-Testamentiese navorsing. Talle verdere publikasies van Childs het die lig gesien. Sy publikasies het baie reaksie uitgelok. Die kanoniese benadering van Childs sou tot 'n debat lei wat steeds nie uitgewoed is nie.

Hierdie studie poog om 'n evaluering van die benadering van B. S. Childs te maak. As 'n hipotese word gestel dat die kanoniese benadering van Childs hom nog steeds in die hoofstroom van die historiese kritiek bevind. Childs maak nog steeds van die resultate van die histories-kritiese metode gebruik. Dit word gedoen teenoor aannames dat Childs a-histories werk en sy eie siening dat die kanoniese benadering 'n paradigmaskuif verteenwoordig.

Die hipotese word uitgewerk aan die hand van die volgende werkswyse: Na inleidende opmerkings volg 'n bespreking van die plek wat Childs inneem in die navorsing oor die kanon. Dit word gevolg deur 'n gedeelte wat aandag gee aan outobiografiese gegewens oor Childs, sy belangrikste publikasies en die ontwikkeling van sy kanoniese benadering. 'n Uiteensetting van Childs se benadering gegee aan die hand van kernkonsepte volg hierna. Om Childs as 'n kind van sy tyd te sien word daar gekyk na die invloed wat sy

mentors op hom gehad het asook ooreenkomste wat hy met ander teoloë en nie-teoloë het. Ten einde Childs in perspektief te sien word reaksie op sy benadering vervolgens aan die orde gestel. Reaksie op die benadering van Childs word geëvalueer in die daaropvolgende deel. Indien Childs nie 'n paradigmaskuif verteenwoordig nie, wat is dan sy relevansie vir die toekomstige debat? Die laaste hoofstuk is 'n konklusie wat die bydrae van Childs evalueer en die moontlike implikasies van die kanoniese benadering vir die toekoms bespreek.

Die studie bevestig die feit dat die kanoniese benadering hom nog steeds binne dieselfde kader as die historiese kritiek bevind. Childs is in die implementering van sy benadering afhanklik van die resultate van die histories-kritiese metode. Om hierdie rede kan Childs nie geëtiketteer word dat hy a-histories werk nie. Die aanspraak wat gemaak word dat hy 'n paradigmaskuif bewerkstellig het, gaan ook nie op nie. Dit neem egter niks weg van die feit dat B. S. Childs 'n monumentale bydrae tot die Ou-Testamentiese wetenskap gemaak het nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

**The canonical approach of B.S. Childs**

**by**

**Gustav Fredrich Claassen**

**Promotor: Professor W.S. Prinsloo**

**Old Testament Department**

**Theology Faculty (B)**

**University of Pretoria**

**DOCTOR DIVINITAS**

It is more than thirty years ago since Childs (1964) published his important article *Interpretation in Faith*. This article introduced the start of a new phase in Old-Testamentical research. A number of other publications by Childs have since seen the light. His publications have elicited wide reaction. The canonical approach of Childs would lead to a debate that has still not abated.

This study attempts to evaluate B.S. Childs' approach. It is hypothesised that the canonical approach by Childs still finds itself in the mainstream of historical criticism. Childs still uses the results of the historical critical method. This is done in contrast to the suppositions that Childs operates a-historically and to his own view that the canonical approach represents a paradigm move.

The above hypothesis was developed using the following methodology: Introductory comments followed by a discussion of Childs' place in canonical research. Subsequently, autobiographical data on Childs, his most important publications and the development of his canonical approach are presented. It is followed by a discussion of his approach in view of fundamental concepts. To view Childs as a child of his time, regard must be had to the influence of his mentors on him and the similarities he

shared with theologians and non-theologians. To place Childs' approach into perspective, reaction to the approach is discussed and evaluated. If Childs does not represent a paradigm move, what then is his relevance for future debate? The final chapter is a conclusion of the study where Childs' contribution is evaluated and possible implications of the canonical approach for the future are discussed.

The study confirms the fact that the canonical approach still finds itself in the same cadre as the historical criticism. Childs depends on the result of the historical critical method for the implementation of his approach. He can therefore not be labelled as a-historical. Furthermore, claims that he accomplished a paradigm move can not be sustained. However, the fact that Childs made a monumental contribution to Old-Testamentical scholarship can never be negated.

# Bibliografie

Abrams, M.H. 1953. *The mirror and the lamp. Romantic theory and the critical tradition.* New York: Oxford University Press.

Ackroyd, P.R. 1963. The Old Testament in the Christian church. *Theology,* 66:46-52.

Ackroyd, P.R. 1977. Original text and canonical text. *Union Seminary Quarterly Review.* 32:166-173.

Adam, A.K.M. 1994. Review of *Biblical theology of the Old and the New Testament. Theological reflection on the Christian Bible,* by B.S. Childs. *Biblical Theological Bulletin,* 24:92.

Aland, K. 1962. Das Problem des Neutestamentliches kanons. *Neue Zeitschrift für systematische Theologie,* 4:220-242.

Anderson, B.W. 1971. The crisis in Biblical theology. *Theology Today,* 28:321-327.

Anderson, B.W. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture,* by B.S. Childs. *Theology Today,* 37:100-108.

Anderson, B.W. 1981. Tradition and scripture in the community of faith. *Journal of Biblical Literature,* 100:5-21.

Appel, N. 1964. *Kanon und Krise: Die Kanonkrise im heutigen Protestantismus als kontroverstheologisches Problem.* Herausgegeben von J.A. Möhler. Paderborn: Bonifacius Druckerei.

Baker, D.L. 1976. *Two Testaments, one Bible. A study of some modern solutions to the theological problem of the relationship between the Old Testament and the New Testament.* Leicester: Inter-Varsity Press.

Barr, J. 1961. *The semantics of Biblical language.* Oxford: Oxford University Press.

Barr, J. 1963. Revelation through history in the Old Testament and in modern theology. *Interpretation,* 17:193-205.

Barr, J. 1966. *Old and New in Interpretation: a study of the two Testaments.* London: SCM.

Barr, J. 1974. Trends and prospects in Biblical theology. *Journal of Theological Studies,* 25:265-282.

Barr, J. 1980. Childs' Introduction to the Old Testament as scripture. *Journal for the Study of the Old Testament,* 16:12-23.

Barr, J. 1982. Jowett and the reading of the Bible like any other book. *Horizons in Biblical Theology,* 4(1):1-44.

Barr, J. 1983. *Holy scripture: canon, authority, criticism.* Oxford: Clarendon Press.

Barstad, H.M. 1984. Le canon comme principe exégétique: autour de la contribution de Brevard S. Childs à une herméneutique de l' Ancien Testament. *Studia Theologica.* 38(2):77-91.

Barth, K. 1939. *Die Lehre von Wort Gottes.* Zollikon: Verlag der Evangelischen Buchhandlung. Die Kirchliche Dogmatik, erster halbband.

Barth, K. 1942. *Die Lehre von Gott.* Zollikon: Verlag der Evangelischen Buchhandlung. Die Kirchliche Dogmatik, zweiter halbband.

Barth, K. 1963. *Evangelical theology: an introduction.* Translated by G. Foley. London: Weidenfeld & Nicolson.

Barth, M. 1971. Review of *Biblical theology in crisis,* by B.S. Childs. *Interpretation,* 25:350-354.

Barton, J. 1984a. Classifying Biblical criticism. *Journal for the Study of the Old Testament,* 29:19-35.

Barton, J. 1984b. *Reading the Old Testament: Method in Biblical study.* London: Darton, Longman and Todd.

Barton, J. 1986. *Oracles of God: perceptions of ancient prophecy in Israel after the exile.* London: Darton, Longman and Todd.

Beckwith, R.T. 1985. *The Old Testament canon of the New Testament church and its background in early Judaism.* London: SPCK.

Beuken, W.A.M. 1994. The present state of Old Testament studies in Europe and foreseeable directions for the future. *Old Testament Essays,* 7:25-32.

Birch, B.C. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture,* by B.S. Childs. *Horizons in Biblical Theology,* 2:113-125.

Birch, B.C. 1984. Biblical hermeneutics in recent discussion: Old Testament. *Religious Studies Review*, 10:1-7.

Blenkinsopp, J. 1977. *Prophecy and canon: a contribution to the study of Jewish origins.* Notre Dame, Ind: University of Notre Dame Press.

Blenkinsopp, J. 1980. A new kind of introduction: Professor Childs' *Introduction to the Old Testament as scripture. Journal for the Study of the Old Testament,* 16:24-27.

Bosman, H.L. 1990. The validity of Biblical theology. Historical description or hermeneutical "Childs" play? *Old Testament Essays,* 3:133-146.

Brett, M.G. 1991. *Biblical criticism in crisis? The impact of the canonical approach on Old Testament studies.* Cambridge: Cambridge University Press.

Brett, M.G. 1992. *Against the grain: Brevard Childs' Biblical theology of the Old Testament.* Minneapolis: Fortress Press.

Brown, J.D. 1993. Barton, Brooks and Childs: a comparison of the New Criticism and canonical criticism. *Journal of the Evangelical Theological Society,* 36:481-490.

Brueggemann, D.A. 1989. Brevard Childs' canon criticism: an example of post-critical naiveté. *Journal of the Evangelical and Theological Society,* 32:311-326.

Brueggemann, W. 1980. Canon and dialectic. In *God and His temple: reflections on Professor Samuel Terrien's The Elusive Presence: toward a new Biblical theology.* Edited by Lawrence E. Frizzell. South Orange: Seton Hall University.

Brueggemann, W. 1981. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture,* by B.S. Childs. *Word and World,* 1:105-115.

Brueggemann, W. 1982. *The creative word: canon as a model for Biblical education.* Philadelphia: Fortress Press.

Brueggemann, W. 1984. Unity and dynamic in the Isaiah tradition. *Journal for the Study of the Old Testament,* 29: 89-107.

Brueggemann, W. 1985. A shape for Old Testament theology I: structure legitimation. *Catholic Biblical Quarterly,* 47:28-46.

Carroll, R.P. 1980a. Canonical criticism: a recent trend in Biblical studies? *The Expository Times,* 92:73-78.

Carroll, R.P. 1980b. Childs and canon. *Irish Biblical Studies*, 4:211-236.

Carroll, R.P. 1980c. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Scottish Journal of Theology*, 33(3):285-291.

Carson, D.A. 1986. *Hermeneutics, authority and canon.* Edited by D.A. Carson and J. D. Woodbridge. Leicester: Inter-Varsity Press.

Cazelles, H. 1980. The canonical approach to the Torah and Prophets. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Journal for the Study of the Old Testament*, 16:28-31.

Chang, A.D. 1985. *Crisis of Biblical authority: a critical examination of Biblical authority in contemporary theology with special reference to functionalism.* Unpublished D.Th-dissertation. Dallas Theological Seminary.

Childs, B.S. 1953. *Der Mythos als theologisches Problem im Alten Testament.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Basel.

Childs, B.S. 1958a. Jonah: a study in Old Testament hermeneutics. *Scottish Journal of Theology*, 11:53-61.

Childs, B.S. 1958b. Prophecy and fulfilment: a study in contemparary hermeneutics. *Interpretation*, 12:260-271.

Childs, B.S. 1959. The enemy from the north and the chaos tradition. *Journal of Biblical Literature*, 78:187-198.

Childs, B.S. 1960. *Myth and reality in the Old Testament.* Napierville, Ill.: Alec R. Allenson. Studies in Biblical theology volume 27.

Childs, B.S. 1961. Review of *The semantics of Biblical language*, by James Barr. *Journal of Biblical Literature*, 80:374-377.

Childs, B.S. 1962. *Memory and tradition in Israel.* London: SCM. Studies in Biblical theology volume 37.

Childs, B.S. 1963. A study of the formulae "Until this day". *Journal of Biblical Literature*, 82:279-292.

Childs, B.S. 1964. Interpretations in faith: the theological responsibility of an Old Testament commentary. *Interpretation*, 18:432-449.

Childs, B.S. 1965. The birth of Moses. *Journal of Biblical Literature*, 84:109-122.

Childs, B.S. 1966. Review of *Old Testament theology, volume II. Theology of the prophetic traditions of Israel*, by Gerhard von Rad. Translated by D.M.G. Stalker. *Theology Today*, 23: 575-578.

Childs, B.S. 1967a. *Deuteronomic formulae of the Exodus traditions*. Leiden: Brill. Supplement to Vetus Testamentum, volume 16.

Childs, B.S. 1967b. *Isaiah and the Assyrian crisis*. Napierville, Ill.: Alec R Allenson. Studies in Biblical Theology, second series, volume 3.

Childs, B.S. 1969a. Karl Barth as interpreter of scripture. In *Karl Barth and the future of theology: a memorial colloquim*. Edited by David L. Dickerman. New Haven, Conn.: Yale Divinity School Association.

Childs, B.S. 1969b. Psalm 8 in the context of the Christian canon. *Interpretation*, 23:20-31.

Childs, B.S. 1970a. *Biblical theology in crisis*. Philadelphia: Westminster Press.

Childs, B.S. 1970b. A traditio-historical study of the reed sea tradition. *Vetus Testamentum*, 20:406-418.

Childs, B.S. 1971. Psalm titles and midrashic exegesis. *Journal of Semitic Studies*, 16:137-150.

Childs, B.S. 1972a. Midrash and the Old Testament. In *Understanding the sacred text. Essays in Honor of Morton S. Enslin on the Hebrew Bible and Christian beginnings.* Edited by J. Reumann. Valley Forge: Judson Press.

Childs, B.S. 1972b. The Old Testament as scripture of the church. *Concordia Theological Monthly*, 43:709-722.

Childs, B.S. 1972c. Review of *Die Biblische Theologie: Ihre geschichte und problematik*, by H.J. Kraus. *Interpretation*, 26:20-29.

Childs, B.S. 1973. A call to canonical criticism. Review of *Torah and Canon*, by James Sanders. *Interpretation*, 27:88-91.

Childs, B.S. 1974a. *The book of Exodus: a critical theological commentary*. Philadelphia: Westminster Press.

Childs, B.S. 1974b. The etiological tale re-examined. *Vetus Testamentum*, 24:387-397.

Childs, B.S. 1974c. Review of *Genesis: a commentary*, by Gerhard von Rad. Translated by J.E. Marks. *Religious Studies*, 10:360-362.

Childs, B.S. 1976. The search for Biblical authority today. *Andover Newton Quarterly*, 16:199-206.

Childs, B.S. 1977a. *The exegetical significance of canon for the study of the Old Testament*. International Organization for the Study of the Old Testament, Ninth *Congress volume*, Göttingen. Herausgegeben von J.A. Emerton, et al. Leiden: Brill. Supplement to Vetus Testamentum, volume 29.

Childs, B.S. 1977b. *Old Testament books for pastor and teacher*. Philadelphia: Westminster Press.

Childs, B.S. 1977c. Review of *The Old Testament and the world*, by Walther Zimmerli. Translated by J.J. Scullion. *Theology Today*, 34:130-132.

Childs, B.S. 1977d. The sensus literalis of Scripture: an ancient and modern problem. Im *Beiträge zur alttestamentlichen Theologie: Festschrift für Walther Zimmerli zum 70 Geburtstag*. Herausgegeben von H. Donner, R. Hanhart, and R. Smend. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Childs, B.S. 1978a. The canonical shape of the book of Jonah. In *Biblical and near Eastern studies: Essays in honor of William Sanford Lasor*. Edited by G.A. Tuttle. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Childs, B.S. 1978b. The canonical shape of the prophetic literature. *Interpretation*, 32:46-55.

Childs, B.S. 1979a. Review of *The elusive presence: toward a new Biblical theology*, by Samuel Terrien. *Journal of the American Academy of Religion*, 47:441-442.

Childs, B.S. 1979b. Review of *The early history of Israel to the Exodus and covenant of Sinai*, by R.de Vaux. *Interpretation*, 33:193-195.

Childs, B.S. 1979c. *Introduction to the Old Testament as scripture*. Philadelphia: Fortress Press, London: SCM.

Childs, B.S. 1979d. More light on Job. Review of the *Book of Job*, by R. Gordis. *Judaism*, 28:248-249.

Childs, B.S. 1980a. On reading the Elijah narratives. *Interpretation*, 34:128-137.

Childs, B.S. 1980b. A respons. *Horizons in Biblical Theology*, 2:199-211.

Childs, B.S. 1980c. Response to reviewers of *Introduction to the Old Testament as scripture. Journal for the Study of the Old Testament*, 16:52-60.

Childs, B.S. 1981a. Review of *Die Vorfahren Israels in Ägypten*, by H. Engel. *Journal of Biblical Literature*, 100:269.

Childs, B.S. 1981b. Review of *The past, present, and future of Biblical theology*, by James Smart. *Journal of Biblical Literature*, 100:252-253.

Childs, B.S. 1982a. Some reflections on the search for a Biblical theology. *Horizons in Biblical Theology*, 4:1-12.

Childs, B.S. 1982b. Wellhausen in English. *Semeia*, 25:83-88.

Childs, B.S. 1984a. Review of *Holy scripture: Canon, authority, criticism*, by J. Barr. *Interpretation*, 38:66-70.

Childs, B.S. 1984b. *The New Testament as canon: an introduction*. Philadelphia: Fortress Press.

Childs, B.S. 1985. *Old Testament theology in a canonical context*. Philadelphia: Fortress Press.

Childs, B.S. 1986. Gerhard von Rad in American dress. In *The hermeneutical quest*. Edited by D.M. Miller. Allison Park: Pickwick Publications.

Childs, B.S. 1992. *Biblical theology of the Old and New Testament. Theological reflection on the Christian Bible*. Philadelphia: Fortress Press.

Childs, B.S. 1994. Old Testament in Germany 1920-1940. The search for a new paradigm. In *Altes Testament Forschung und Wirkung. Festschrift für Henning Graf Reventlow*. Herausgegeben von P. Mommer, W. Thiel. Frankfurt ain Main; Berlin; Bern; New York; Paris; Wien: Lang.

Clements, R.E. 1975. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Book List, The Society for Old Testament Study*, 4:43-44.

Clements, R.E. 1978. *A century of Old Testament study*. London: SCM.

Clements, R.E. 1984. Monotheism and the canonical process. *Theology*, 87:336-343.

Clines, D.J.A. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Book List, The Society for Old Testament Study*, 65.

Clines, D.J.A. 1990. *The Bible in three dimensions: essays in celebration of forty years of Biblical studies in the University of Sheffield.* Sheffield: Sheffield Academic Press. JSOT Supplement Series 87.

Coats, G.W. 1976. Review of *Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Journal of the American Academy of Religion*, 44:167.

Coats, G.W. 1977. *Canon and authority: essays on Old Testament religion and theology.* Philadelphia: Fortress Press.

Coats, G.W. 1979. A review of *The sea tradition in the wilderness theme*, by B.S. Childs. *Journal for the Study of the Old Testament*, 12:2-8.

Coggings, R.J. 1985. Review of *Reading the Old Testament: method in Biblical study*, by J. Barton. *Religious Studies*, 21:252-254.

Cullmann, O. 1966. Die Problematik der exegetischen Methode K. Barths. In *Vorträge und Aufsätze, 1925-62*. Herausgegeben von K. Fröhlich. Tübingen: Mohr.

Deist, F.E. 1981. Hoeveel betekenisse het die Bybel dan? Bybelinterpretasie in 'n heterogene gemeenskap. *Theologia Evangelica*, 14:2-11

Deist, F.E. 1988a. Gekontroleerde eksegese en/of kreatiewe uitleg. *Hervormde Teologiese Studies*, 44:39-54.

Deist F.E. 1988b. *Witnesses to the Old Testament.* Pretoria: NG Kerkboekhandel. The literature of the Old Testament, volume 5.

Deist, F.E. 1989. Is die Masoretiese teks die Ou Testament? *Skrif en Kerk*, 10:9-19.

Deist, F.E. 1992. Canonical criticism: reformed theology and developement in the textual criticism of the First Testament. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 18:37-48.

Deist, F.E. 1995. On 'synchronic' and 'diachronic': wie es eigentlich gewesen? *Journal of Northwest Semitic Languages*, 21(1):37-48.

Dunn, J.D.G. 1982. Levels of canonical authority. *Horizons in Biblical Theology*, 4(1):13-60.

Dunn, J.D.G. 1985. Review of *Holy scripture: canon, authority, criticism*, by J. Barr. *Religious Studies*, 21:442-443.

Eissfeldt, O. 1964. *Einleitung in das Alte Testament*. Tübingen: Mohr.

Ellingsen, M. 1983. Luther as narrative exegete. *Journal of Religion*, 63:394-413.

Fish, S. 1980. *Is there a text in this class? The authority of interpretive communities*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Fohrer, G. 1972. *Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments*. Berlin: De Gruyter.

Fowl, S. 1985. The canonical approach of Brevard Childs. *The Expository Times*, 96:173-176.

Frankemölle, H. 1982. Kommunikatives Handeln in Gleichnissen Jesu: historisch-kritische und pragmatische Exegese: eine kritische Sichtung. *New Testament Studies*, 28:61-90.

Frei, H.W. 1974. *The eclipse of Biblical narrative: a study in eighteenth and nineteenth century hermeneutics*. New Haven, Conn.: Yale University Press.

Frei, H.W. 1986. The literal reading of Biblical narrative in the Christian tradition: does it stretch or will it break. In *The Bible and the narrative tradition*. Edited by F. McConell. New York: Oxford University Press.

Gadamer, H. 1965. *Wahrheit und Methode: Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik*, second edition. Tübingen: Mohr.

Gadamer, H. 1977. *Philosophical hermeneutics*. Berkeley: California University Press.

Gammie, J.G. 1975. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Catholic Biblical Quarterly*, 37:561-562.

Gese, H. 1974. *Vom Sinai zum Zion: Alttestamentliche Beiträge zur Biblischen Theologie*. München: Kaiser Verlag.

Gese, H. 1977. Tradition and Biblical theology. In *Tradition and theology in the Old Testament*. Edited by D.A. Knight. Philadelphia: Fortress Press.

Gese, H. 1987. Der auszulegende Texte. *Theologische Quartalschrift*, 167(4):252-265.

Gilchrist, M.O. 1985. Review of *Holy scripture: canon, authority, criticism*, by J. Barr. *Horizons in Biblical Theology*, 7:124-128.

Gilkey, L. 1961. Cosmology, ontology and the travail of Biblical language. *Journal of Religion*, 41:194-205.

Gladson, J.A. 1982. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Andrews University Seminary Studies*, 20:75-78.

Goldingay, J. 1975. The study of Old Testament theology: its aim and purpose. *Tyndale Bulletin*, 26:34-52.

Görg, M. 1978. Review of *Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Biblische Zeitschrift*, 22(1):142-143.

Gottwald, N.K. 1979. *The tribes of Yahweh: a sociology of the religion of liberated Israel, 1250-1050 B.C.E.* London: SCM.

Gottwald, N.K. 1985. Social matrix and canonical shape. *Theology Today*, 42:307-321.

Grove, R. 1983. *Canon and community. Authority in the history of religions.* Ph.D dissertation. Santa Barbara: University of California.

Hahn, F. 1980. Die Heilige Schrift als älteste christliche Tradition und als Kanon. *Evangelische Theologie*, 40:456-466.

Hanson, P.D. 1982. *The diversity of scripture: a theological interpretation.* Philadelphia: Fortress Press.

Hanson, P.D. 1984. The future of Biblical theology. *Horizons in Biblical Theology*, 6(1):13-24.

Harrelson, W. 1981. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Journal of Biblical Literature*, 100:99-103.

Hasel, G.F. 1972a. Review of *Biblical theology in crisis*, by B.S. Childs. *Andrews University Seminary Studies*, 10:179-183.

Hasel, G.F. 1972b. *Old Testament theology: basic issues in the current debate.* Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Hasel, G.F. 1982. Biblical theology: then, now, and tomorrow. *Horizons in Biblical Theology*, 4(1):61-93.

Hasel, G.F. 1985a. *Biblical interpretation today: an analysis of modern methods of Biblical interpretation and proposals for the interpretation of the Bible as the Word of God.* Nebraska: College View Printers.

Hasel, G.F. 1985b. Major recent issues in Old Testament theology, 1978-1983. *Journal for the Study of the Old Testament,* 31:31-53.

Hayes, J.H. 1985. *Old Testament theology: its history and development.* Edited by J.H. Hayes, and F. Prussner. London: SCM.

Henry, C.F.H. 1990. Canonical theology: an evangelical appraisal. *Scottish Bulletin of Evangelical Theology,* 8(2):76-108.

Hesse, F. 1961. Das Alte Testament als kanon. *Neue Zeitschrift für Systematische Theologie und Religionsphilosophie,* 3(3):315-327.

Hirsch, E.D. 1967. *Validity in interpretation.* New Haven: Yale University Press.

HØgenhaven, J. 1988. *Problems and prospects of Old Testament theology.* Sheffield: JSOT Press.

Iser, W. 1974. *The implied reader. Patterns of communication in prose fiction from Bunyan to Beckett.* Baltimore: John Hopkins University Press.

Iser, W. 1978. *The act of reading: a theory of aesthetic response.* Baltimore: John Hopkins University Press.

Jacob, E. 1974. *Principe canonique et formation de l' Ancien Testament.* International organization of Old Testament Scholars, eighth *Congress Volume, Edinburgh.* Leiden: Brill, 101-122. Supplement to Vetus Testamentum, volume 28.

Jackson, J.J. 1987. Review of *Old Testament theology in a canonical context,* by B.S. Childs. *Horizons in Biblical Theology,* 9:71-72.

Janse van Rensburg, N.A. 1988. 'n Samevatting en kritiese evaluasie van B.S. Childs se kanoniese benadering. *Skrif en Kerk,* 9(1):22-32

Janzen, J.G. 1980. The canonical context of Old Testament introduction. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture. Interpretation,* 34:411-414.

Jauss, H.R. 1967. *Literaturgeschichte als Provokation der Literaturwissenschaft.* Tübingen: Mohr.

Jauss, H.R. 1982a. *Aesthetic experience and literary hermeneutics.* Translated by M. Shaw. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Jauss, H.R 1982b. *Toward an aesthetic of reception.* Translation by T. Bahti. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Jepsen, A. 1949. Kanon und Text des Alten Testaments. *Theologische Literatur Zeitung.* 74:65-74.

Jolley, M.A. 1987. *Canonical context. In the recent exegesis of Brevard Childs.* M.Th-dissertation. Michigan: Southern Baptist Theological Seminary.

Jonker, L.C. 1991. Eksegese sonder grense? Gedagtes rondom meerdimensionele skrifuitleg. *Nederduitse Gereformeerde Tydskrif,* 32:552-560.

Juel, D.H. 1994. Brevard Childs and the truth of the Bible. *Dialog,* 33:94-98.

Kaiser W.C. 1981. *Toward an exegetical theology: Biblical exegesis for preaching and teaching.* Grand Rapids: Baker Book House.

Käsemann, E. 1970. *Das Neue Testament als Kanon: Dokumentation und kritische Analyse zur gegenwärtigen Diskussion.* Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Keegan, T.O. 1985. *Interpreting the Bible: a popular introduction to Biblical hermeneutics.* New York: Paulist Press.

Kelley, P.H. 1975. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary,* by B.S. Childs. *Review and Expositor,* 72:507-508.

Kelsey, D.H. 1975. *The uses of scripture in recent theology.* Philadelphia: Fortress Press.

Kelsey, D.H. 1980. The Bible and Christian theology. *Journal of the American Academy of Religion,* 48:385-402.

Kermode, F. 1986. The arguments about canons. In *The Bible and the narrative tradition.* Edited by F. McConell. New York: Oxford University Press.

Kittel, B. 1980. Brevard Childs's developement of the canonical approach. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture,* by B.S. Childs. *Journal for the Study of the Old-Testament,* 16:2-11.

Kittel, R. 1933. *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament.* Stuttgart: Kohlhammer Verlag.

Klein, W.W. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Currents in Theology and Mission*, 7:57-63.

Klein, W.W. 1993. *Introduction to Biblical interpretation.* Irving,Tex.: Word Publishing.

Knierim, R.P. 1984. The task of Old Testament theology. *Horizons in Biblical Theology*, 6(1):25-58.

Knight, D.A. 1980. Canon and the history of tradition: a critique of Brevard S. Childs' *Introduction to the Old Testament as scripture. Horizons in Biblical Theology*, 2:127-149.

Kraus, H.J. 1970. *Die Biblische Theologie: Ihre Geschichte und Problematik.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Krüger, H. 1994. The canon critical approach as a means of understanding the Old Testament. *Old Testament Essays*, 7:181-197.

Kuhn, T.S. 1962. *The structure of scientific revolutions.* Chigaco: University of Chicago Press.

Kung, H. 1974. *Christ sein.* München: Kaiser Verlag.

Landes, G.M. 1961. Review of *Myth and reality in the Old Testament*, by B.S. Childs. *Union Seminary Quarterly Review*, 17:82-86.

Landes, G.M. 1971. Biblical exegesis in crisis: what is the exegetical task in a theological context? *Union Seminary Quarterly Review*, 26:273-298.

Landes, G.M. 1980. The canonical approach to introducing the Old Testament: prodigy and problems. Review of *Introduction to the Old Testament as scnpture*, by B.S. Childs. *Journal for the Study of the Old Testament*, 16:32-39.

Laurin, R.B. 1967. The problem of the canon in the contemporary church. *Foundations*, 10:314-330.

Laurin, R.B. 1977. Tradition and canon. In *Tradition and theology in the Old Testament.* Edited by D. A. Knight. Philadelphia: Fortress Press.

Leiman, S.Z. 1976. *The canonization of Hebrew scripture: the Talmudic and Midrashic evidence.* Handen, Conn.: Archon Books.

Lemke, W. 1989. Is Old Testament theology an essentially Christian discipline? *Horizons in Biblical Theology*, 11:59-71.

Lindbeck, G. 1984. *The Nature of doctrine: religion and theology in a postliberal age.* Philadelphia: Westminster Press.

Lipinski, E. 1976. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary. Vetus Testamentum*, 26:378-383.

Loader, J.A. 1986. De strucktuuranalytische methoden. In *Inleiding tot de studie van het Oude Testament.* Redakteur A.S. van der Woude. Kampen: Kok.

Lull, T.F. 1994. Why does Childs matter? *Dialog*, 33:85-88.

Macek, P. 1987. The Prague school of the Old Testament research on the canonical approach to the scripture. *Communio Viatorum*, 30:89-97.

MacRae, G.W. 1974. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary.* by B.S. Childs. *American*, 131:324-326.

Maier, G. 1974. *Das Ende der historisch-kritischen Methode.* Wuppertal: Theologischer Verlag Rolf Brockhaus.

Martin, J.P. 1987. Towards a post-critical paradigm. *New Testament Studies*, 33. Cambridge: Cambridge University Press.

Mays, J.L. 1976. Historical and canonical: recent discussion about the Old Testament and Christian faith. Magnalia Dei. In *The mighty acts of God. Essays in the Bible and archaeology in memory of G.E Wright.* Edited by F.M. Cross, W.E. Lemke, and P.D. Miller, Garden City New Yersey: Doubleday.

Mays, J.L. 1980. What is written: a response to Brevard Childs' *Introduction to the Old Testament as scripture. Horizons in Biblical Theology*, 2:151-163.

McCann, J.C. 1985. *Psalm 73: an interpretation emphasizing rhetorical and canonical criticism.* Ph. D dissertation. Duke University.

McCarthy, D.J. 1978. Exodus 3:14: history, philology and hermeneutics. *Catholic Biblical Quarterly*, 40:311-322.

McComiskey, T.E. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Trinity Journal New Series*, 1:88-91.

McDonald, L.M. 1988. *The formation of the Christian Biblical canon.* Nashville: Abingdon Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

McEvenue, S.E. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Catholic Biblical Quarterly*, 42:535-537.

McEvenue, S.E. 1981. The Old Testament, scripture or theology? *Interpretation*, 35:229-242.

McKenzie, J.L. 1960. Review of *Myth and reality in the Old Testament*, by B.S. Childs. *Catholic Biblical Quarterly*, 22:337-338.

McKim, D.K. 1986. *A guide to contemporary hermeneutics: major trends in Biblical interpretations.* Grand Rapids: Eerdmans.

Miller, P.D. 1971. Review of *Biblical theology in crisis*, by B.S. Childs. *Journal of Biblical Literature*, 90:209-210.

Miskotte, K.H. 1976. Een geschil over de uitleg van het Oude Testament. *Kerk en Teologie*, 27:89-101.

Moberly, R.W.L. 1988. The church's use of the Bible: the work of Brevard Childs. *Expository Times*, 99:104-109.

Montague, G.T. 1979. Hermeneutics and the teaching of scripture. *Catholic Biblical Quarterly*, 41:1-17.

Morgan, D.F. 1982. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Anglican Theological Rerview*, 68(4):383-392.

Morgan, D.F. 1986. Canon and criticism: method or madness? *Anglican Theological Review*, 68(4):356-357.

Morgan, D.F. 1990. *Between text and community. The "Writings" in canonical interpretation.* Minneapolis: Fortress Press.

Morgan, R. 1988. *Biblical interpretation.* Edited by R. Morgan, J. Barton. Oxford: Oxford University Press.

Murphy, R.E. 1966. The Old Testament canon in the Catholic church. *Catholic Biblical Quarterly*, 28:189-193.

Murphy, R.E. 1980. The Old Testament as scripture. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Journal for the Study of the Old Testament*, 16:40-44.

Murphy, R.E. 1987. Review of *Old Testament in a canonical context*, by B.S. Childs. *Journal of the American Academy of Religion*, 55(1):138-139.

Neusner, J. 1976. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Journal of Jewish Studies*, 27(1):91.

Niebuhr, H.R. 1960. *Radical monotheism and western culture. Supplementary essays.* New York: Harper and Row.

Noble, P.R. 1995. *The canonical approach: a critical reconstruction of the hermeneutics of Brevard Childs.* Leiden: Brill.

Noth, M. 1962. *Exodus, a commentary.* Translation by J. Bowden. Philadelphia: Westminster Press.

Oeming, M. 1985. *Gesamtbiblische Theologien der Gegenwart: Die Verhaltnis von Alten Testament und Neue Testament in die hermeneutische Diskussion seit Gerhard von Rad.* Mainz: Kohlhammer Verlag.

Oeming, M. 1987. Gerichts Gottes und Geschichte der Völker nach Zefanja 3:1-13. *Theologische Quartalschrift*, 167(4):289-300.

Ollenburg, B.C. 1985. Biblical theology: situating the discipline. In *Understanding the Word.* Edited by J.T. Butler. Sheffield: JSOT Press.

Ollenburg, B.C. 1986. What Krister Stendahl meant: a normative critique of descriptive Biblical theology. *Horizons of Biblical Theology*, 8:61-98.

Ollenburg, B.C. 1992. *The flowering of Old Testament theology: a reader in twentieth-century Old Testament theology, 1930-1990.* Edited by B.C. Ollenburg, E.A. Martens, G. Hasel. Winona Lake, Ind.: Eisenbrauns.

Osswald, E.P. 1977a. Review of *Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Theologische Literaturzeitung*, 102:875-878.

Osswald, E.P. 1977b. Zum Problem der hermeneutischen Relevanz des Kanons für die Interpretation alttestamentlicher Texte. *Theologische Versuche*, 9:47-59.

Oswalt, J.N. 1987. Canonical criticism: a review from a conservative viewpoint. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 30:317-325.

Pannenberg, W. 1970. *Basic questions in Theology I*. Translation by D. Jones. London: SCM.

Peacock, H.F. 1975. Review of the *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *The Bible Translator*, 26:360-361.

Pelser, G.M.M. 1988. Die kanon in die kanon as hermeneuties-teologiese probleem. *Hervormde Teologiese Studies*, 44:388-403.

Perdue, L.G. 1980. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture. Restoration Quarterly*, 23:243-249.

Petersen, D.L. 1988. Construing the Old Testament as Christian scripture. *Interpretation*, 42:186-188.

Piper, J. 1976. The authority and meaning of the Christian canon: a response to Gerald Sheppard on canon criticism. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 19:87-96.

Polk, D.P. 1980. Brevard Childs' *Introduction to the Old Testament as scripture. Horizons in Biblical Theology*, 2:165-171.

Popper, K.R. 1972. *Objective knowledge: an evolutionary approach*. Oxford: Oxford University Press.

Porteous, N. 1967. *Living the mystery: collected essays*. Oxford: Oxford University Press.

Priest, J.F. 1980. Canon and criticism: review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Journal of the American Academy of Religion*, 48:259-271.

Prinsloo, W.S. 1987. Ou Testament teologie vandag. In *Ou Testament teologie: gister, vandag en môre*. Redakteurs W.S Prinsloo en W. Vosloo. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Prinsloo, W.S. 1990. Oor eksegetiese metodes en nog wat: 'n gesprek. *Hervormde Teologiese Studies*, 46:145-152.

Rahner, K. 1956. Über die Schriftinspiration. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 78:137-168.

Readings, B. 1989. Canon and on: from concept to figure. *Journal of the American Academy of Religion*, 57:149-172.

Rendtdorff, R. 1983. Zur Bedeutung des Kanons für eine Theologie des Alten Testaments. Im *Wenn nicht jetzt wann dann?* Herausgegeben von H.G. Geyer, et al. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Rendtdorff, R. 1988. Between historical criticism and holistic interpretation: new trends in Old Testament exegesis. *Vetus Testamentum*, 40:298-303.

Rendtdorff, R. 1991. *Kanon und Theologie: Vorarbeiten zu einer Theologie des Alten Testaments*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Rendtdorff, R. 1994. Canonical interpretation: a new approach to Biblical texts. *Studia Theologica*, 48(1):3-14.

Reid, S.B. 1985. An evangelical approach to scripture. *Theological Student's Fellowship Bulletin*, 8(4):2-5.

Reventlow, H.G. 1986. *Problems of Biblical theology in the twentieth century.* Translation by J. Bowden. Philadelphia: Fortress Press.

Reventlow, H.G. 1987. Zur Theologie des Alten Testaments. *Theologische Rundeschau*. 52(3):221-267.

Robinson, J.A.T. 1963. *Honest to God.* London: SCM.

Rodd, C.S. 1979. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *The Expository Times*, 91:129-131.

Rodd, C.S. 1986. Talking pionts from books. *Expository Times*, 97/98:226-227.

Rodd, C.S. 1987. Review of *The New Testament as canon: an introduction*, by B.S. Childs. *The Expository Times*, 97(4):97-100.

Ricoeur, P. 1969. The conflict of interpretations: *essays in hermeneutics.* Edited by D. Ihde. Northwestern University Press.

Ricoeur, P. 1975. Biblical hermeneutics. *Semeia*, 4:29-148.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human sciences.* Edited by J.B. Thompson. Cambridge: Cambridge University Press.

Ridderbos, H. 1958. *The canon of the New Testament. Revelation and the Bible.* Grand Rapids: Eerdmans.

Ringgren, H. 1979. Problem of the formation and function of a canon. In *Science of religion, studies in methodology.* Edited by L. Honko. Haag: Mouton.

Sailhammer, J.H. 1987. The canonical approach to the Old Testament: its effect on understanding prophecy. *Journal of the Evangelical and Theological Society*, 30:307-315.

Sakenfeld, K.D. 1974. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Theology Today*, 31:275-278.

Sanders, J.A. 1971. Review of *Biblical theology in crisis,* by B.S. Childs. *Union Seminary Quarterly Review*, 26:299-304.

Sanders, J.A. 1972. *Torah and canon.* Philadelphia: Fortress Press.

Sanders, J.A. 1976a. Adaptable for life: the nature and function of canon. Magnalia Dei. the mighty acts of God. In *Essays on the Bible and archeology in memory of G.E. Wright.* Edited by F.M. Cross. W.E. Lemke, and P.D. Miller. Garden City, New Yersey: Doubleday.

Sanders, J.A. 1976b. Hermeneutics. *The interpreter's Dictionary of the Bible, supplementary volume.* Edited by K. Crim. Nashville, Tenn.: Abingdon Press.

Sanders, J.A. 1976c. Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Journal of Biblical Literature*, 95:286-290.

Sanders, J.A. 1977a. Biblical criticism and the Bible as canon. *Union Seminary Quarterly Review*, 32:157-165.

Sanders, J.A. 1977b. Hermeneutics in true and false prophecy. In *Canon and authority: essays on Old Testament religion and theology.* Edited by G.W. Coats and B.O. Long. Philadelphia: Fortress Press.

Sanders, J.A. 1979. Text and canon: concepts and methods. *Journal of Biblical Literature,* 98:5-29.

Sanders, J.A. 1980. Canonical context and canonical criticism. Review of *Introduction to the Old Testament* as *scripture,* by B.S. Childs. *Horizons in Biblical Theology*, 2:173 -197.

Sanders, J.A. 1981. The Bible as canon. *Christian Century*, 98:1250-1255.

Sanders, J.A. 1984. *Canon and community: a guide to canonical criticism.* Philadelphia: Fortress Press.

Sanders, J.A. 1995. Scripture as canon for post-modern times. *Biblical Theology Bulletin*. 25:56-64.

Sandmel, S. 1966. On canon. *Catholic Biblical Quarterly*, 28:203-207.

Sawyer, J.F.A. 1982. A change of emphasis in the study of the prophets. In *Israel's prophetic tradition*. Edited by R.J. Coggins, and M. Knibb. Cambridge: University Press.

Scalise, C.H. 1987. *Canonical hermeneutics: the theological basis and implications of the thoughts of Brevard Childs*. Ph. D-dissertations. Michigan: Southern Baptist Theological Seminary.

Scalise, P.J. 1986. An exegesis of Zechariah 7:4-14 in its canonical context. *Faith and Mission*, 3(2):58-65.

Schmitt, J.J. 1978. Review of *Old Testament books for pastor and teachers*, by B.S. Childs. *Catholic Biblical Quarterly*, 40:235-236.

Schnabel, E. 1990. Die Entwurfe von B.S. Childs und H. Gese bezuglich des Kanons. In *Der Kanon der Bibel*. Herausgegeben von G. Maier. GrieBen: Brunnen Verlag.

Scobie, C.H.H. 1991. The challenge of Biblical theology. *Tyndale Bulletin*, 42:31-61.

Seitz, C.R. 1994. We are not prophets or apostels: the impact of Brevard Childs. *Dialog*. 33:89-93.

Sheppard, G.T. 1974. Canon criticism: the proposal of Brevard Childs and an assessment for evangelical hermeneutics. *Studia Biblica et Theologica*, 4:3-17.

Sheppard, G.T. 1980. *Wisdom as hermeneutical construct*. Berlin: De Gruyter.

Sheppard, G.T. 1982. Canonization: hearing the voice of the same God through historically dissimilar traditions. *Interpretation*, 36:21-33.

Sheppard, G.T. 1983. Barr on canon and Childs: can one read the Bible as scripture? *Theological Student's Fellowship Bulletin*, 7(2):2-4.

Sheppard, G.T. 1985. The anti-Assyrian redaction and the canonical context of Isaiah 1-39. *Journal of Biblical Literature*, 104:193-216.

Sikler-Giesler, J. 1981. The theology of the Sabbath in the Old Testament: a canonical approach. *Studia Biblica et Theologica*, 11:5-20.

Smart, J.D. 1979. *The past, present and future of Biblical theology.* Philadelphia: Westminster.

Smend, R. 1966. Nachkritische Schriftauslegung. In *Parrhesia: Karl Barth zum achtzigsten Geburtstag.* Herausgegeben von R. Smend. Zürich: EVZ Verlag.

Smend, R. 1980. Questions about the importance of the canon in an Old Testament introduction. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture*, by B.S. Childs. *Journal for the Study of the Old Testament*, 16:45-51.

Smick, E.B. 1983. Old Testament theology: the historic-genetic method. *Journal for Evangelical and Theological Society*, 26:145-155.

Smith, D.M. 1986. Why approaching the New Testament as canon matters. Review of *The New Testament as canon: an introduction*, by B.S. Childs. *Interpretation*, 40(4):407-411.

Spina, F.W. 1982. Canonical criticism: Childs versus Sanders. Interpreting God's Word for today. An Inquiry into *Hermeneutics from a Biblical Theological Perspective.* Edited by W. McCown and J. E. Massey. Anderson, Indiana: Warner Press. Wesleyan Theological Perspectives, volume 2.

Sternberg, M. 1985. *The poetics of Biblical narrative: ideological literature and the drama of reading.* Bloomington: Indiana University Press.

Sundberg, A.C. 1964. *The Old Testament of the early church.* Masschuettes: Harvard University Press. Harvard Theological Studies 20.

Sundberg, A.C. 1968. The Old Testament: a Christian canon. *Catholic Biblical Quarterly*, 30:143-155.

Sundberg, A.C. 1975. The Bible canon and the Christian doctrine of inspiration. *Interpretation*, 29:352-371.

Tate, M.E. 1968. The Old Testament apocrypha and the Old Testament canon. *Review and Expositor*, 65:339-356.

Tate, M.E. 1981. Promising paths toward Biblical theology. *Review and Expositor*, 78:169-185.

Tate, W.R. 1991. *Biblical interpretation: an integrated approach.* Peabody Mass.: Hendrickson Publishers.

Terrien, S. 1985. Biblical theology: The Old Testament (1970-1984). A decade and a half of spectacular growth. *Biblical Theology Bulletin*, 15:127-135.

Thiemann, R.F. 1985. *Revelation and theology: the gospel as narrated promise*. Notre Dame, Ind.: Notre Dame University Press.

Thiselton, A.C. 1980. *The two horizons: New Testament hermeneutics and philosophical description with special reference to Heidegger, Bultmann, Gadamer and Wittgenstein*. Grand Rapids, Mich.: Paternoster Press.

Tyler, R. 1979. Review of *Old Testament books for pastor and teacher*, by B.S. Childs. *Restoration Quarterly*, 22:253-255.

Van Huyssteen, J.W.V. 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording: teorievorming in die Sistematiese Teologie*. Pretoria: RGN.

Vawter, B. 1971. Review of *Biblical theology in crisis*, by B.S. Childs. *Biblica*, 52(4):567-570.

Venter, P.M. 1987a. Die kanonbegrip as Bybels-teologiese probleem. *Hervormde Teologiese Studies*, 43:755-768.

Venter, P.M. 1987b. *Die kanongeskiedenis van die Ou Testament. 'n Oorsig oor die ontstaan en wording van die Ou Testamentiese deel van die Bybel*. Pretoria: Kital.

Voight, P.H. 1991. 'n Kritiese evaluering van die kanoniese benadering van Brevard Childs. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 32:561-573.

Von Campenhausen, H.F. 1953. *Das Alte Testament als Bibel der Kirche vom Ausgang des Urchristentums bis zur Entstehung des Neues Testaments. Aus der Frühzeit des Christentums*. Tübingen: Mohr.

Von Harnack, A. 1928. Das Alte Testament in den Paulinischen Briefen und in den Paulinischen Gemeinden. In *Sitzungsberichte der Preussischen Akademie der Wissenschaften*. Herausgegeben von A. Von Harnack. Berlin: De Gruyter.

Von Rad, G. 1952. Typologische Auslegung des Alten Testaments. *Evangelische Theologie*, 2:6-33.

Von Rad, G. 1958. *Theologie des Alten Testaments: Die Theologie der geschichtlichen Überlieferungen Israels. Band I*. München: Kaiser Verlag.

Von Rad, G. 1961. *Theologie des Alten Testaments: Der Theologie der prophetischen Überlieferungen Israels. Band II*. München: Kaiser Verlag.

Voster, W. S. 1987. Op weg na 'n post-kritiese Nuwe-Testamentiese ondersoek. *Hervormde Teologiese Studies*, 43:374-394.

Voster, W.S. 1989. The incompatibility of methods and strategies in reading or interpreting the Old Testament. *Old Testament Essays*, 2:53-63.

Ward, W.E. 1977. Towards a Biblical theology. *Review and Expositor*, 74:371-387.

West, J.K. 1976. Rethinking the Old Testament canon. *Religion in Life*, 45:22-32.

Westermann, C. 1978. *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Wharton, J.A. 1972. Karl Barth as exegete and his influence on Biblical interpretation. *Union Seminary Quarterly Review*, 28:5-13.

Wharton, J.A. 1976. Splendid failure or flawed success? Review of *The book of Exodus: a critical theological commentary*, by B.S. Childs. *Interpretation*, 29:266-276.

Whybray, R.N. 1981. Reflections on canonical criticism. *Theology*, 84:29-35.

Wright, G.E. 1960. Modern issues in Biblical studies: history and the patriarchs. *Expository Times*, 71:292-296.

Wright, G.E. 1963. The importance of Israel's historical symbols for the Christian faith. *The Old Testament and Christian faith.* Edited by B.W. Anderson. London: SCM.

Wright, G.E. 1969. *The canon as a theological problem. The Old Testament and theology.* New York: Harper and Row.

Wright, G.E. 1970. Historical knowledge and revelation. In *Translating and understanding the Old Testament: essays in honor of Herbert Gordon May.* Edited by T. Frank and W.L. Reed. New York: Abington Press.

Zevit, Z. 1988. Review of *Old Testament theology in a canonical context,* by B.S. Childs. *Catholic Biblical Quarterly,* 50:491-493.

Zimmerli, W. 1981. Review of *Introduction to the Old Testament as scripture,* by B.S. Childs. *Vetus Testamentum,* 31:235-244.